

Boesman-Invloed op Afrikaanse Plekname

Peter E Raper





Boesman – invloed op Afrikaanse plekname

Peter E. Raper



UJ Press

Boesman-Invloed op Afrikaanse Plekname

Uitegee deur UJ Press
Universiteit van Johannesburg
Biblioteek
Aucklandpark Kingsway Kampus
Posbus 524
Aucklandpark
2006

<https://ujpress.uj.ac.za/>

Samestelling © Peter E. Raper 2024.

Hoofstukke © Outeur(s) 2024.

Gepubliseerde uitgawe © Peter E. Raper2024.

Eerste uitgawe 2024.

<https://doi.org/10.36615/9780906785164>

978-0-906785-15-7 (Sagteband)

978-0-906785-16-4 (PDF)

978-0-906785-17-1 (EPUB)

978-0-906785-18-8 (XML)

Hierdie publikasie is onderwerp aan 'n deeglike dubbelblinde eweknie-beoordelingsproses voor publikasie en alle aanbevelings deur die keurders is oorweeg en aangebring voor publikasie.

Taalversoring: Deanne Vorster

Omslagontwerp: Hester Roets, UJ Grafiese Ontwerpstudio

Getikset in 9/13pt Merriweather Light



Inhoud

Erkenning	i
1. Inleiding	1
1.1 Agtergrond	1
1.2 Etnonimiese terminologie	2
1.3 Kenmerke van plekname	6
1.4 Optekening van ongeskrewe tale	7
1.5 Bepaling van Boesman-invloed op Afrikaanse plekname	8
2. Boesmans	11
2.1 Die oudste Boesmantale	11
2.2 Boesman etniese groepe	12
2.3 Ortografie van die Boesmantale	14
3. Khoi-khoi	19
3.1 Aspekte van die Khoi-khoitale (Nama, Koranna, Griekwa)	19
3.2 Khoi-khoi-aanpassings met Afrikaanse vertalings	20
4. Zoeloe	195
4.1 Aspekte van die Zoeloetaal	195
4.2 Zoeloe-aanpassings van Boesman-plekname	198
5. Xhosa	215
5.1 Aspekte van die Xhosa-taal	215
5.2 Xhosa-plekname wat Boesman-invloed toon	217

6.	Suid-Sotho	249
6.1	Aspekte van die Suid-Sothotaal	249
6.2	Suid-Sotho-plekname wat Boesman-invloed toon	250
7.	Noord-Sotho	265
7.1	Aspekte van die Noord-Sotho-taal	265
7.2	Noord-Sotho-plekname wat Boesman-invloed toon	266
8.	Tswana	273
8.1	Tswana klasmerkers of prefikse	273
8.2	Tswana-plekname wat Boesman-invloed toon	274
9.	Bevindings en gevolgtrekkings	281
10.	Bibliografie	283
	Indeks	295

Erkenning

Die PUK-Kanselierstrust

Finansiële ondersteuning deur die PUK-Kanselierstrust
wat die publikasie van hierdie boek moontlik gemaak het,
word met dank erken.



1. Inleiding

1.1 Agtergrond

Die vroegste inwoners van die suidelike gedeelte van Afrika was die Boesmans (ook San of Saan genoem) en hulle voorouers, wat die gebied vir minstens 120 000 jaar bewoon het (Mountain 2003:18). Die Boesmans en die Khoi-khoi was volgens Parkington (2007:77) die enigste inwoners van die gebied, totdat die Bantoestamme omtrent 2 000 jaar gelede van Sentraal-Afrika suidwaarts begin migreer het (Krige 1975:595-596). Vanaf die einde van die 15e eeu het Portugese, Hollanders, Engelse, Franse, Duitsers en ander Europeërs die gebied begin besoek en mettertyd bewoon, en later het die Afrikaanse taal ontwikkel.

Biologiese en kulturele wisselwerking het tussen hierdie verskillende groepe plaasgevind, insluitende taalkontak en taalverskuiwing. Die Khoi-khoi en Boesmans het die tale van die 'kolonialiste' aangeleer, en baie van hulle het tweetalig geword. Mettertyd het hulle die tale van die inkomelinge as hulle taal van voorkeur aangeneem, en hulle het Hollands en later Afrikaans bo hulle moedertaal verkies (Nienaber & Raper 1977:18, 20). Die meeste Boesman- en Khoi-khoi-tale het in die Kaapprovinsie, die Vrystaat, KwaZulu-Natal en Lesotho uitgesterf of in onbruik geraak, terwyl oorlewende tale nog in suidwes-Botswana, die Gemsbokpark-gebied van die suidelike Kalahariwoestyn en in die omgewing van Lothair in Mpumalanga gepraat word (Traill 1978:143).

Teen die wending van die 20ste eeu was die verskuiwing na Afrikaans feitlik voltooi (Traill 2007:132). Nienaber (1963:96) verduidelik: "Uit die leksikologiese materiaal sal blyk hoe ... met die voorts kryding van die beskawing onder hulle, die samelewing van outogtone verbrokkel het en hulle sentrifugaal hulle taal prysgegee het sodat dit nog net aan die randgebiede deur belangstellendes gehoor is en opgeteken kon word. Aan die begin reflekteer die idiotica die taal, of segmente daarvan, rondom Tafelberg en in die Boland, maar hierdie keerpunt verdwyn geheel

en al en na 1750 is dit die taal daar buite aan die periferie wat vir ons bewaar word. Dit bemoeilik vergelyking deurdat dialektiese verskille sterk op die voorgrond kan tree.”

1.2 Etnonimiese terminologie

1.2.1 ‘Khoisan’ en ‘Khoi-khoi’

Die term *Khoisan* word gerieflikheidshalwe gebruik om na die Khoi-khoi (vroeër ‘Hottentotte’ genoem) en die Boesmans (San, Saan, Sān) en hulle tale te verwys. Hierdie term is saamgestel uit die lettergreep *Khoi*, deel van die etnoniem *Khoi-khoi*, en *San*, ’n alloniem vir *Boesman*. In die gestandaardiseerde ortografie van Nama word die term *Khoi-khoi* as *Khoekhoe* geskryf. Sommige skrywers gebruik die spelling *Khoekhoe* ook in Engels en Afrikaans, maar dit kan verwarrend wees. Die tweeklank *oe* word in Engels as /i:/ uitgespreek, soos in die name *Phoenix* en *Phoebe*, en in Afrikaans as /u/, soos in die woorde *boek* en *soek*. Daarbenewens sou die gebruik van *Khoekhoe* in Afrikaans (of Engels) vergelykbaar wees met die gebruik van *Deutsch* vir Duits of *German*, *Español* vir Spaans of *Spanish*, en *Eesti* vir Estlands of *Estonian*. Die tradisionele spelling van die naam in Engels, Afrikaans en Duits is *Khoikhoi*, ook *Khoi-khoi* geskryf, dus met ’n koppelteken.

1.2.2 ‘Boesman’ en ‘San’

Die etnoniem *San* (*Sān*, of *Saan*) word soms in plaas van *Boesman* en *Boesmans* gebruik. Gewoonlik word gemeen dat die naam ’n vertaling van die Hollandse *Bos(ch)jesman* is, van *bos(ch)*, waarvan die verkleiningsvorm *boschje* of *bosje* is (Nienaber 1989:207). Die vorm *Bossieman* kom in Van Riebeeck se Dagboek van 1685 voor; tot omstreeks 1750 as *boschjesmans*, *bosjesmans* *bossiemans* en *bossiesmans*; vanaf 1752 as *boesemans*, *boessemans* en *boessiemans*, en na 1783 kom die vorm *Boesmans* voor (Boshoff & Nienaber 1967:173). Die verskuiwing van die naam van *Bos-* na *Boes-*, dus met die tussen-konsonantale klinker as *-o-* na die vorm met *-oe-* is moeilik verklaarbaar. Die verklaring dat *Boesmans* van die Hollandse woord *boesman*, ‘kabouter’, afgelei is, word deur Boshoff en Nienaber (t.a.p.) as semanties onbevredigend beskou. Hulle

1. Inleiding

meen die uitspraak van *o* deur ‘gekleurdes’ as *oe* die progressie van *boss(i)emans* na *boess(i)mans*, en uitendelik tot *boesmans*, tot gevolg kon gehad het, en dat die uitspraak van Duitse koloniste van die naam as *Buschmänner*, later deur die Engelse uitspraak as *Bushmen*, tot die gebruik van die term *Boesmans* deur Hollandse sprekers kon gelei het.

’n Alternatiewe verklaring word voorgestel, naamlik dat die term *Boesman* aan Boesman-invloed toegeskryf kan word. Boesmanwoorde vir ‘bos’, soos die //N !ke (S2), ≠Khomani (S2a) en Ki /hazi (S4b) woord *Øbo*: en die Sesarwa (S5) woord *Ø’o:si* (Bleek 1956:682, 683), kan denkbaar ook as *Øbu*: en *Ø’u:si* uitgespreek word, aangesien “the *u* phoneme ... is variously heard as *u* (back close) or as *o* (back half-close)”; (“die *u*-foneem ... word verskillend gehoor as *u* (agter-geslote) of as *o* (agter-half-geslote).”) (Doke 1936:64 in Bleek 1956:246). Onder die invloed van Boesmans word *Bos(jes)mans* dan *Boesmans*.

1.2.3 Etimologieë van ‘Boesman’ en ‘San’

Verskeie verklarings van die betekenis van *Boesmans* is opgeteken, onder andere dat die mense so genoem is “from dwelling in woody or mountainous places”; (“omdat hulle in beboste of bergagtige plekke woon”) (Sparman 1 1785:197); “because, lurking in the cover of the shrubbery, they are said to shoot their poisoned arrows”; (“omdat daar gesê word dat hulle onder die beskutting van bosse en struikgewasse hulle giftige pyle skiet.”) (Barrow 1 1801:56); “from their country being almost destitute of trees, but much of it being covered with bushes; [and] from their method of assault, as they never attack man or beast openly, but from behind bushes”; (“omdat hulle landskap amper sonder bome is, maar baie daarvan met bossies oortrek is, [en] van hulle wyse van aanval, want hulle val nooit mens of dier openlik aan nie, maar van agter die bosse.”) (Campbell 1815:314).

Wat die naam *San* betref, verklaar Kroenlein (1889:293) dat dit afgelei is van die Khoi-khoi werkwoord *sā*, ‘*auflesen, aufraffen (vom Boden)*’; (‘bymeekaarmaak, optel (van die grond)’), plus die derde persoon gemeenskaplike meervoudsuitgang *-n*, ‘mense’. Vedder (1937:140) skryf: “Die woord Saan is afgelei van

die Nama-woord *saa*, wat dr. Th. Hahn vertaal met ‘nedersetters, mense wat uitrus’, en dit beskou hy as ’n bewys dat die Saan die oerbewoners van Suid-Afrika is, wat die eerstes was om hulle daar te vestig. Hy verloor egter daarby uit die oog dat *saa* alleen ‘rus’ beteken indien dit deur die neus uitgespreek word. Maar met die volksnaam Saan (-n is die gemeenskaplike vorm en behoort nie meer tot die stam van die woord nie) is dit nie die geval nie; die woord word vry van en sonder enige neusklank uitgespreek, sowel deur die Hottentotte as deur die Saan. Die werkwoord *saa* sonder neusklank beteken ‘uitsoek, insamel, kies’, sodat die Hottentotte wat hierdie naam gegee het, daardeur die groot verskil wat tussen hulle en die ander bestaan, juis vertolk: die Saan leef in teenstelling met die Hottentotte van veldkos, wat hulle insamel, terwyl die Hottentotte ... in die eerste plaas deur veeteelt in hulle behoeftes voorsien.” Daarenteen is Budack (1969:211) van mening dat die verklaring van die etnoniem *San* as ‘versamelaars’ nie aanvaarbaar is nie, op die grondslag van die tonale onderskeid tussen die werkwoord *sā* en die selfstandige naamwoord *sāb*, met die meervoudsvorm *sān*. Nienaber (1989:834-5) aanvaar Budack se taalkundige argument teen die betekenis van *San* as ‘versamelaars’, en verwerp ook ander verklarings soos dat die naam “pariahs, servants, subjugated ones”; (“uitgeworpenes, bediendes, verslaafdes”); “aborigines or settlers proper”; (“inboorlinge of egte setlaars:); “the original inhabitants”; (“die oorspronklike bewoners”); “those who sit and enjoy their leisure”; (“hulle wat sit en hulle ledige tyd geniet”), en so meer beteken (Nienaber 1989:831). Hy kom tot die gevolgtrekking: “Die eindresultaat is dat geen enkele van hierdie ‘taalassosiatiewe’ verklarings wetenskaplik oortuigend verantwoord is nie. Dit is die huidige stand van sake.” (Nienaber 1989:835). Wat aansluit by die verklaring dat *San* ‘versamelaars’ beteken, is die !O !kung (N3) woord *_sa:*, ‘to pick up from the ground’, (‘om van die grond op te tel’) (Bleek 1956:161).

In ’n stadium is “Boesman’ as ’n neerhalende naam beskou, en die term ‘Sa(a)n’ is verkies, maar onlangs het die etnoniem ‘Boesman’ aanvaarbaar geword, en ‘San’ word as ’n aanstootlike Khoi-khoi-naam beskou. ’n Soektog op die Internet toon die verskillende gesigspunte. Volgens Andries Steenkamp,

1. Inleiding

voorsitter van die South African San Council, word die naam 'Boesman' verkies, aangesien dit die mense se status as Eerste Nasie bevestig (ombud@mg.co.za). So lees ons ook: "The names San and Basarwa are sometimes used, but the people themselves dislike these names and prefer the name Bushmen"; ("Die name San en Basarwa word soms gebruik, maar die mense self hou nie van hierdie name nie en verkies die naam Boesman") (Kids.Net.Au-Encyclopedia>Kalahari Desert); "The name 'Bushmen' has only recently become acceptable to some speakers of Hei //om, Ju'/hoan, X/uu, Kxoe, Nharo and other groups"; ("Die naam 'Boesmans' het eers onlangs aanvaarbaar geword vir sommige sprekers van Hei //om, Ju'/hoan, X/uu, Kxoe, Nharo en ander groepe") (www.jstor.org/sici); "Although some consider the name Bushmen derogatory as well, it is less so than the term San"; ("Hoewel sommiges die naam Boesmans ook as neerhalend beskou, is dit minder so as die term San") (www.diversitysouthafrica.co.za/khoi.html); "The different tribes and clans started using the name Bushmen. But political correctness proclaimed this an insult and declared they should be referred to as San. Where Bushmen merely means they are people of the bush (or close to nature), San was a Khoi word meaning 'vagrants, people who have nothing'. And because of this misguided correctness we now use the more derogatory name for our first inhabitants"; ("Die verskillende stamme en groepe het die naam Boesmans begin gebruik. Maar potitiese korrektheid het bepaal dat dit 'n belediging is, en het verklaar dat na hulle as San verwys moet word. Waar 'Boesmans' slegs beteken dat hulle mense van die bos is (of na aan die natuur), was San 'n Khoiwoord wat 'rondlopers, swerwendes, mense wat niks besit nie' beteken. En as gevolg van hierdie misleidende korrektheid gebruik ons nou die verkleinerende naam vir ons eerste inwoners") (www.southafrica.com/forums/open-board/5901-whats-name.html).

Dit blyk dus dat daar nog geen eenstemmigheid is oor watter van die twee etniese verkieslik is nie, en vir die huidige sal beide 'San' en 'Boesman' in gebruik bly. Aangesien die meeste bronne egter die term 'Boesman' verkies, word dit in hierdie publikasie gebruik as algemene term, maar die naam van

die spesifieke taal word gebruik by die bespreking van spesifieke woorde. Dieselfde oorweging geld vir die naam 'Bantoe'; dit is die verafrikaansing van die inlandse woord *abaNtu*, 'mense'. Soms word na die Bantoetale verwys as "Afrikatale", maar hierdie term verwys ook o.a. na Afrikaans, wat nie 'n Bantoetaal is nie.

1.3 Kenmerke van plekname

Hoewel die tale van die Boesmans en Khoi-khoi binne die grense van Suid-Afrika feitlik uitgesterf het, het plekname uit hierdie tale oorleef. Plekname is onder die oudste woorde in alle tale, as gevolg van die behoefte van die mens om na spesifieke entiteite te kan verwys. Nicolaisen (1976:173) wys daarop dat die oudste plekname wat toegeken word, dié is wat na riviere, watergate, berge en ander natuurlike entiteite verwys, en dat die oudste plekname "should go back to the earliest 'stratum' of settlement and therefore also to the earliest language spoken"; ("behoort terug te dateer tot die vroegste 'stratum' van nedersetting, en daarom ook tot die oudste gesproke taal."). Kadmon (2002:4) beaam hierdie stelling: "Giving names ... is one of the oldest activities in all cultures."; ("Die toekenning van name is een van die oudste bedrywighede in alle kulture"). Dit is ook herhaaldelik bevestig dat plekname 'n oorlewingsvermoë het wat ander woorde in die taal nie het nie, en dat hulle voortbestaan lank nadat ander woorde in die taal, en selfs die taal self, uitgesterf het. Die rede daarvoor is dat wanneer 'n pleknaam sy verwysingsfunksie aanneem, naamlik om die entiteit te identifiseer en ondubbelsinnig daarna te verwys, die oorspronklike leksikale betekenis van die woord irrelevant raak, en kan dit vergete raak. Wanneer plekname van een taal na 'n ander taal oorgedra word, kan die onderliggende woordeboekbetekenis bewaar word as deel van die kulturele en mondelinge erfenis van die mense, om weer in vertaalde vorm te herleef, ten spyte van ortografiese en fonologiese aanpassings. In sommige streke waar die Boesmans in aanraking gekom het met Bantoevolke, kan die invloed bespeur word in Bantoetale soos Sotho, Tswana, Xhosa en Zoeloe (Bill 1974; Louw 1974; Argyle 1986; Traill 2007), dikwels met taalkundige aanpassings, hervertolking en volksetimologisering.

1. Inleiding

Kadmon (2000:4) wys daarop dat mense oral in die wêreld die eerste name gegee het aan entiteite wat na aan hulle woon- of jaggebiede was, wat vir alledaagse lewe belangrik was. Die plekname wat die Boesmans toegeken het, was dus in die eerste plek omgewingsgerig as gevolg van hulle leefstyl as jagters en versamelaars. Die oorheersende voorkoms van diersoorte, of 'n voorval met 'n dier; of die soort plantegroei in die omgewing, sou ook primêre benamingsmotiewe gewees het, gesien die jagter-versamelaars-leefstyl van hierdie mense. Kadmon (2000:5) wys daarop: "In general, early names were *primary* descriptive ones expressed in local terms and language"; ("Oor die algemeen is vroeë name *primêre* beskrywendes wat in plaaslike terme en tale uitgedruk is"), en Pettman (1931:10) stel dit dat: "Broadly speaking the place names of primitive peoples consist largely of word pictures descriptive of natural scenery and physical features"; ("Algemeen gesproke, bestaan die plekname van primitiewe mense grootliks uit woord-prente wat beskrywend is van natuurtonele en natuurlike entiteite."). Sulke beskrywings dui op aspekte van die entiteit soos die kleur, die vorm, die voorkoms, die grootte, en so meer.

1.4 Optekening van ongeskrewe tale

Die oudste plekname het hulle oorsprong in antieke tale, en dis in hierdie tale dat die verklarings van die name gesoek moet word. Die tale van die Boesmans en ander inheemse groepe was ongeskrewe, en dis onbekend hoe hierdie tale oor die millennia ontwikkel en mekaar beïnvloed het. Slegs vanaf die einde van die 16e eeu, met die koms van geletterde Europeërs, was dit moontlik om die inheemse tale op te teken. Die optekenaars is gekonfronteer met tale wat gekenmerk is deur klanke wat waarskynlik nog nooit voorheen deur hulle gehoor is nie: klap- en suigklanke, neweklanke, geperse klinkers, glottale afsluitings, en so meer. Toe die vroeë optekenaars probeer het om die woorde wat hulle gehoor het op te teken, het hulle gebruik gemaak van die taalstelsels van hulle eie tale. Die klapklanke is aanvanklik op verskeie maniere deur die verskillende optekenaars geskryf. Sommige skrywers het letters van die alfabet gebruik wat naastenby met die klanke wat hulle gehoor het, ooreengekom het, byvoorbeeld *t*, *k*, *tk*, *kp*, *kx*,

xg' , t' , k' , and so meer, soos in k' *omma*, 'huis'; t' *homme*, 'hemel' (Witsen 2 1691 in Godée Molsbergen 1 1916:220); k' *omma*, 'huis' (Kolbe 1 1727:108a), ensovoorts. Ander het spesifieke simbole vir elkeen van die klapklanke ontwerp. Lichtenstein (1928, 1930) het byvoorbeeld die simbool t'^1 vir die dentale klapklank / aangewend, t'^2 vir sowel die laterale // as die palatale klapklank \neq , en t'^3 vir die serebrale klapklank !. Le Vaillant (1790) het die simbole V vir die palatale klapklank \neq , \wedge vir die dentale klapklank /, en Δ vir die serebrale klapklank ! gebruik (Nienaber 1989:443).

1.5 Bepaling van Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

As 'n geografiese entiteit meer as een naam het waarvan een in 'n inlandse taal en die ander Afrikaans is, word die samestellende komponente van die naam vir ooreenkomstes in klank en betekenis getoets, met inagneming van die taalkundige aanpassings wat die naam in die proses van oornam kon ondergaan het. Dikwels word gevind dat die Afrikaanse (of Nederlandse of Duitse, soms Engelse) naam die Khoi-khoi- of Bantoenaam vertaal. In sommige gevalle bestaan die aangepaste Boesmannaam en sy vertaling nog, in ander slegs die vertaling. In talle gevalle is dit moontlik om uit die vertaalde naam vas te stel wat die oorspronklike leksikale betekenis van die naam was, en uit watter elemente die naam saamgestel is. Gedagtig aan die gevare van analogie en volksetimologisering, word meer bewyse van outentiekheid en sekerheid van die betekenis van die naam en naamkomponente gesoek as bloot die eendersheid in klank en betekenis. Sulke verifikasie is te vinde in die toepaslikheid van die naam op die benoemde entiteit, topografiese samehorigheid of ooreenstemming, waar verskillende entiteite (of dieselfde entiteit) sinonieme name in verskillende tale het, en ooreenkomste in klank en betekenis van die pleknaam en sy komponente met opgetekende Boesmanwoorde.

Etlke kategorieë van vertaling kan dus geïdentifiseer word, naamlik dié waar 'n Hollandse of Afrikaanse naam sowel as 'n inlandse naam voorkom; dié waar slegs die Europese naam voorkom maar die inlandse naam in historiese rekords behoue

1. Inleiding

is; dié waar die betekenis van die huidige inlandse naam in opgetekende allonime bewaar is, en so meer.

Oor die eeue het die Boesmans eers in aanraking gekom met die Khoi-khoi-groepe of -stamme, daarna met die Bantoestamme, en toe met Europeërs en ander aankomelinge. In die proses van taalbeïnvloeding en –vermenging is bestaande plekname in sommige gevalle oorgeneem, met die aanpassings om dit binne die taalsisteme van die ontvangers te laat inpas. Om die komponente van plekname in die verskillende tale met mekaar te kan vergelyk, is dit nodig om kennis te neem van die taalstelsels van die betrokke tale.

2. Boesmans

2.1 Die oudste Boesmantale

Wat die Boesmantale betref, is sistematiese studies vanaf die begin van die 19e eeu onderneem deur onder andere Lichtenstein (1812), WHI Bleek (1857), Kroenlein (1861), Lloyd (1870-1882), en ander. In 1934 het Dorothea Bleek op versoek van die beroemde Afrikataalkenner, prof. Diedrich Hermann Westermann (1875-1956), 'n aanvang gemaak met die samestelling van 'n omvattende woordeboek van Boesmans (Engelbrecht 1956 in Bleek 1956:[iv]). Dit was haar mikpunt om elke lys van Boesmanwoorde wat voorheen opgeteken is, in hierdie woordeboek in te sluit. Dit was “a most laborious undertaking, in that it meant scrutinizing whatever sources were known or presumed to have such lists. It further meant that larger vocabularies, representing different languages and dialects, had to be assembled. ... Most data are from Miss Bleek's own researches and from those of her two immediate predecessors; a small quantity is provided by contemporaries whose training and status entitle them to an honorary place”; (“... 'n veeleisende onderneming, want dit het geïmpliseer dat alle bronne wat sulke lyste bevat het, of wat geag is sulke lyste te bevat, deurgewerk moes word. Dit het ook beteken dat groter woordeskatte, wat verskillende tale en dialekte verteenwoordig het, ingesluit moes word. Die meeste data is van mej. Bleek se eie navorsing en van dié van haar onmiddellike voorgangers; 'n klein hoeveelheid is voorsien deur tydgenote wie se opleiding en status hulle 'n ereplek regverdig.”) (Engelbrecht 1956:[iv]). Bleek se *Comparative Vocabularies of Bushman Languages* is in 1929 deur die Cambridge University Press gepubliseer, en haar *A Bushman Dictionary* is in 1956 deur die American Oriental Society uitgegee. Laasgenoemde publikasie sluit die Boesmantale in wat ten tyde van die navorsing nog lewend was, soos duidelik blyk uit die *Index of References*. Hierdie werk sluit woorde van 29 Boesmantale en –dialekte in, sowel as sinne waarin hierdie woorde voorkom.

Soos hier bo vermeld, is Bleek se *Dictionary* gebaseer op woorde wat deur verskeie skrywers van die 19e en 20e eeu

opgeteken is, sowel as dié wat sy self tydens 'n aantal veldwerkreise in verskillende dele van die land opgeteken het. In elke geval gee Bleek die bron van die woord aan, sowel as die spesifieke spelling en skryfvorm van die woord soos deur die skrywer van daardie bron aangegee. Vir die doel van standaardisering het Bleek die spelling van die *International Phonetic Association* gebruik, behalwe vir die klapklanke, waarvoor sy die simbole gebruik het wat vir meer as sestig jaar deur skrywers oor Boesman- en Khoi-khoitale gebruik is. (Bleek 1929:12). Hierdie werk weerspieël die staat van die tale ten tyde van hulle optekening, die verspreiding van die tale in daardie stadium, en woorde wat nog in gebruik was op die tydstop wat hulle opgeteken is. Die meeste van die Boesmangroepe en -tale wat deur Bleek geïdentifiseer en geklassifiseer is, het uitgesterf, en 'n aantal moderne Boesmantale is geïdentifiseer (Brenzinger 2013). Woorde uit etlike van hierdie moderne tale is soms vir vergelykingsdoeleindes in die huidige boek by sommige plekname ingesluit. Bleek se *Bushman Dictionary* is die mees omvattende woordeboek van die ou Boesmantale, en sluit, soos hier bo verduidelik, die werk van voorgangers in. Afwykings, inkonsekwentheid, verskeidenheid in spellings, ens. in die vroeëre optekeninge is deur Bleek deur die toepassing van 'n eenvormige stelsel uit die weg geruim. Om hierdie rede is haar werk in hierdie publikasie as grondslag vir Boesman-ekwivalente van woorde in ander tale gebruik. Om dieselfde rede word Nienaber en Raper se *Toponymica Hottentotica* van drie boekdele as grondslag vir die bespreking van Khoi-khoi-plekname gebruik: dit sluit woorde in wat vanaf 1595 opgeteken is, sowel as die verwysing na plek- en ander name in die literatuur van die vorige 300 jaar.

2.2 Boesman etniese groepe

Op die grondslag van ooreenkomste en verskille in die verspreiding van klapklanke in die verskeie Boesmantale, en grammatikale apekte soos verandering van woordstam, verkleinings, genusaanduidings, naamvalle, getal, woordorde, en so meer, het Bleek die Boesmantaalsprekers in drie groepe ingedeel, naamlik die Noordelike, Sentrale en Suidelike groep, en simbole aan die individuele tale toegeken, soos N1, N1a, N2, N2a, N2b, C1, S1, S1a, S2, ens. Hierdie simbole is gerieflik om na die

betrokke tale te verwys, sowel as vir kartografiese doeleindes, en word derhalwe in die huidige publikasie aangegee. Om verwarring tussen hierdie simbole en aangehaalde woorde te vermy, word die simbole in die besprekings tussen hakies geplaas, bv. /Xam (S1), Kung (N2), Hei//kum (N2a), Hie (C1), en so meer.

Die volgende is die name van die Boesman etniese groepe en tale, en die streke wat die sprekers van hierdie tale bewoon het, of nog bewoon (Bleek 1929: [i]; 1956: [iii–iv]).

Suidelike Groep	Plek van voorkoms
S1: /Xam	Ou Kaapkolonie, suid van die Oranjerivier
S1a: //N	Oudtshoorn, Langeberge in Griekwaland-Wes en Suid-Gordonia
S2: //N !ke	Gordonia en Griekwaland-Wes
S2a: #Khomani	Noord-Gordonia
S2b: //Kxau	Naby Kimberley
S2c: //Ku //e	Naby Theunissen
S2d: Seroa	Suid-Vrystaat, naby Bethanie
S2e: !Gã !ne	Voormalige Transkei
S3: Batwa (//Xegwi)	Chrissiesmeer, Mpumalanga
S4: /Auni	Tussen die Nossob en Auob (Auhoup)
S4a: Khatia, Xatia	Oos van die Nossob, Suid-Kalahari
S4b: Ki /hazi	Wes van die Auob, Suid-Kalahari
S5: Masarwa, (Kakia)	Suid-Kalahari
S6: /Nu //en	Bolope van die Nossob en Auob
S6a: /Nusan	Suid van die Auob, Namibië
Sentrale Groep	Plek van voorkoms
C1: Hie, Hietšware	Naby Tati, Zimbabwe
C1a: Sehura	Suidwes van Ngami, Botswana
C1b: Mohissa	Oos van Ngami, Botswana
C2: Naron	Naby Sandfontein, Namibië-Botswana-grens, wes van Oas
C2a: Tsaukwe	Wes van Ngami en noordoos van die Naron, Botswana

C2b: Hukwe	Caprivistroom, noord van die Tsaukwe
C3: Hadza	By Eyassimeer, noord van Mkalama, Tanzanië
Noordelike Groep	Plek van voorkoms
N1: Auen	Noordelike Kalahari, Oas-Ngami pad tot 19° O
N1a: Nogau	Omuramba Epikuro en die Naukluft, Namibië
N2: !Kun, Kū, Kung	Ngami tot Grootfontein tot Okavango
N2a: Hei //kum, Heikum	Naby die Etoshapan, Namibië
N2b: 'n dialek	Naby Ukuambi, Ovamboland, Namibië
N2c: 'n dialek	Naby Ukualuthu, Namibië
N3: !O !kun	Oostelike helfte van Sentraal-Angola

2.3 Ortografie van die Boesmantale

2.3.1 Die alfabet

- a lae ongeronde voorklinker, uitgespreek soos *a* in 'man'.
- b gewone stemhebbende bilabiale okklusiewe medeklinker, uitgespreek soos *b* in 'bal'.
- d stemhebbende alveolêre okklusiewe medeklinker, uitgespreek soos *d* in 'dak'. Somtyds 'n variant van *t*; *dsh*, *dzh*, *dj*, *ds* is *dz*, aangesien Duitse *s* stemhebbend is.
- e half-geslote ongeronde voorklinker *e*, uitgespreek soos *e* in 'mens'.
- ε oop ongeronde voorklinker, uitgespreek soos *ê* in 'bêre'.
- f stemlose labio-dentale frikatief of glyklank, uitgespreek soos *f* in 'fout'.
- g stemhebbende velêre plofklank, uitgespreek soos *g* in die Engelse woord 'goose'. In die tweede lettergreep is *g* dikwels verwisselbaar met *k* en *t*.
- h glottale frikatief of glyklank, uitgespreek soos *h* in 'hoor'. Word veelvuldig gebruik as inisiële klank, na *k*, *t* en alle klapklanke.

- i geslote voorklinker, uitgespreek soos *ie* in 'iets'.
- j palatale glyklank of frikatief, meer soos 'n half-vokaal in die tweede lettergreep, uitgespreek soos *j* in 'ja'.
- k stemlose velêre plofklank, dikwels verwisselbaar met *t* en in slotlettergrepe met *g*, uitgespreek soos *k* in 'kalkoen'.
- kh stemlose geaspireerde velêre plofklank, uitgespreek as 'n klank tussen *k* en *x*.
- kx' ejektiewe velêre affrikaat.
- kʷ ejektiewe *k*, glottale skuurgeluid ('glottal croak').
- l stemhebbende laterale medeklinker, uitgespreek soos *l* in 'luister'.
- m bilabiale nasaal, uitgespreek soos *m* in 'moeder'. Wissel in die tweede lettergreep dikwels af met *b*.
- n & ŋ nasale klanke, uitgespreek soos *n* in 'niemand' en *ng* in 'sing' onderskeidelik; wissel mekaar dikwels af. Het sillabiese waarde en vorm sonder klinker 'n woord.
- o half-geslote agterklinker, uitgespreek soos *o* in 'botter'.
- o half-ooop gemengde agterklinker, uitgespreek soos *o* in Duits 'Sonne'.
- p stemlose bilabiale plofklank, uitgespreek soos *p* in 'pit'. Wissel onder Khoi-khoi-invloed in slotposisie af met *b*.
- r stemhebbende alveolêre medeklinker, soms sterk trillend, soms met 'n enkele trilling uitgespreek, soos die *r* in 'riem'.
- ɾ stemhebbende retrofleksiewe medeklinker, onder verskillende omstandighede uitgespreek soos *d*, *l* of *r*.
- l' geflapte laterale medeklinker, met 'n enkele slag van die tong uitgespreek, tussen gerolde *r* en likwiede *l*.
- ɹ nasale *r*, uitgespreek as 'n klank tussen *r* en *n*.
- s stemlose alveolêre frikatief of glyklank, uitgespreek soos *s* in 'slang'.

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

- f* stemlose prepalatale frikatief of glyklank, dikwels 'n variant van *s*, uitgespreek soos *sj* in 'sjokolade'.
- t* stemlose alveolêre of dentale plofklank, uitgespreek soos *t* in 'towenaar'; wissel dikwels af met *k*.
- th* stemlose geaspireerde alveolêre of dentale plofklank, uitgespreek soos in 'Thunberg'.
- ts* & *tʃ* alveolêre afrikaat, uitspreek soos *ts* in 'iets' of soos *tʃ* in 'Betsjoeana'.
- u* geslote agterklinker, verskillend gehoor as *oe* of half-geslote agterklinker, uitgespreek soos *oe* in 'poel'.
- uu* soos *oe* maar met ongeronde lippe uitgespreek.
- v* stemhebbende bilabiale of dentilabiale frikatief of glyklank, uitgespreek soos *w* in 'wawiel', gewoonlik in die tweede lettergreep aangetref, wissel af met *b*.
- w* half-vokaal, uitgespreek soos Engels *w*, wissel af met kort *o* of *u*, bv. *oasi*, *wasi*, 'almal'.
- x* stemlose velêre frikatief of glyklank, uitgespreek soos Duitse *ich*, Skotse *Loch*, verder vorentoe in die mond uitgespreek voor *i* en *e*, verder terug voor *a*, en ver agtertoe voor *o* en *u*.
- y* geslote agterklinker, uitgespreek soos *u* in Franse 'du', of in die Afrikaanse woord 'vlug'.
- z* stemhebbende alveolêre frikatief of glyklank, uitgespreek soos *z* in Engels 'zoo'.
- ʒ* of *ʒ̥* stemhebbende prepalatale frikatief of glyklank, uitgespreek soos *s* in Engels 'treasure'; kom na *d* voor as *dž*.

2.3.2 Klapklanke

Die Boesmantale word gekenmerk deur klapklanke, tongslae of suigkonsonante. Ses sulke klapklanke is geïdentifiseer, maar vyf is die meeste wat in enigen van die tale voorkom (Traill 1978:137). Die ses klapklanke is die volgende:

/ die dentale klapklank;

- ! die serebrale klapklank;
- ≠ die palatale klapklank;
- // die laterale klapklank;
- ⊙ die bilabiaale of lip-klapklank;
- !! die retroflekse klapklank.

2.3.3 Begeleidende klanke of neweklanke

Die klapklanke word in woordverband nie afsonderlik uitgespreek nie, maar gewoonlik saam met 'n begeleidende klank, of neweklank. 'n Nasale neweklank word aangedui met *n*, 'n stemhebbende neweklank met *g*, aspirasie met *h*, die frikatiewe neweklank met *x*, die ejektiewe neweklank met *k*, die glottale afsluiting met *ʔ*, ook vir die gerief met die apostrof ' , en so meer. Bleek (1956:512) verduidelik dat: "When used with a nasal, the click and the nasal are pronounced together, but for convenience in writing the click is placed first. In all other sound combinations than nasals, the click is uttered and heard first."; ("Wanneer die klapklank met 'n nasaal gebruik word, word die klapklank en die nasaal saam uitgespreek, maar vir gerieflikheid in skrif word die klapklank eerste geplaas.").

2.3.4 Ander simbole

Nasaliteit word aangedui deur 'n tilde bokant die klinker, bv. *ã*, *ẽ*, ens.;

'n 'geperste' klinker word gevolg deur die simbool *‡*;

'n 'lang' klinker word aangedui met 'n daaropvolgende dubbelpunt : soos by *a:*, *e:*, *i:*.

Die simbool *˘* bokant 'n letter dui aan dat dié letter apart uitgespreek word.

Die simbool *ʔ* of ' dui 'n glottale afsluiting aan.

'n Hoë toon word aangedui met die simbool *˥*, 'n lae toon met die simbool *˦*.

3. Khoi-khoi

3.1 Aspekte van die Khoi-khoitale (Nama, Koranna, Griekwa)

3.1.1 Klinkers

Klinkers wat in die Khoi-khoi-tale voorkom, is *a, e, i, o* en *u*; tweeklanke is *ae, ai, ei, ao, au* en *ou*; *oa, oe, oi*, en *ui*. Nasalering word deur Rust (1960) met 'n kappie \wedge aangedui, en deur Kroenlein (1889) met 'n tilde \sim .

3.1.2 Medeklinkers

Die medeklinkers in die alfabet is *b, χ, d, g, h, j, k, kh, m, n, p, r, s, t, w, ts*. Die konsonant *b* wissel dikwels met *w* af. Die simbool χ is die stemlose affrikaat soos in die Duitse woord *ma-che*; *kh* is 'n 'sterk-geaspireerde *k, t* het geen asem nie en klink soos 'n stemlose *d*; *ts* is 'n stemlose affrikaat en klink soos die Duitse *z* (*zahn*), ('tien') (Rust 1960:vii-ix).

3.1.3 Klapklanke

Die klapklanke in die Khoi-khoitale is die volgende:

- / die dentale klapklank;
- ≠ die palatale klapklank;
- ! die serebrale klapklank;
- // die laterale klapklank.

Die klapklanke word deur Büttner (in Kroenlein 1889:v) aangegee as: “den dentale Schnalz /, den lateralen //, den sog. Cerebralen ! und den palatalen Schnalz ≠”; (“Die dentale klapklank /, die laterale //, die sogenaamde serebrale ! en die palatale klapklank ≠”. Hy verduidelik: “Nach einiger Uebung der Zunge gelingen die Schnalze meist ziemlich leicht, so lange sie für sich allein ausgesprochen werden. Schwieriger ist es, sie gut mit dem nachfolgenden Vocal oder Consonanten zu verbinden. Es darf hier kein Hiatus zwischen dem

Schnalzlaut und den übrigen Lauten vorkommen, sondern alles muss völlig eine Silbe (in einem Athem) bilden.” (“Na heelwat oefening met die tong word die klapklanke makliker uitgespreek solank hulle op hulle eie uitgespreek word. Dit is egter moeiliker om hulle behoorlik saam met die daaropvolgende klinker of medeklinker uit te spreek. Geen breuk of onderbreking (hiatus) word tussen die klapklank en die ander klanke toegelaat nie, maar die geheel behoort ’n enkele lettergreep te vorm (in een asem)”).

3.1.4 Genusuitgange

Die Khoi-khoitale het die genusuitgange *-b* of *-p* vir die manlik enkelvoud, *-s* vir die vroulike enkelvoud, *-qua* vir die manlike meervoud, ensovoorts. In sommige van die ouer geskrifte, en in party tale en voorbeelde, wissel die stemlose bilabiale plofklank *-p* soms af met *-b*, en in genasaleerde woorde kan die nasale *-m* dieselfde funksie vervul as *-b* of *-p*. Die Boesmantale vertoon in die meeste gevalle nie sulke genussuffikse nie, wat een van die aanduiders kan wees van ’n Boesmanoorsprong van Khoi-khoi-plekname.

3.2 Khoi-khoi-aanpassings met Afrikaanse vertalings

Die Khoi-khoi (vroeër ‘Hottentotte’) genoem, was sover ons weet die eerste vreemdelinge wat die gebied ingekom het. Oor die eeue is bestaande Boesmanplekname deur die Khoi-khoi oorgeneem, maar tot die Khoi-khoi-taalstelsel aangepas, en in talle gevalle vertaal. Met die aanleer deur die Khoi-khoi van Hollands en later Afrikaans, is sommige van die plekname in hierdie tale vertaal.

3.2.1 Beskrywende plekname

Soos vroeër gemeld, wys Kadmon (2000:5) daarop: “In general, early names were *primary* descriptive ones expressed in local terms and language”; (“Oor die algemeen is vroeë name *primêre* beskrywendes wat in plaaslike terme en tale uitgedruk is”), en Pettman (1931:10) stel dit dat: “Broadly speaking the place names of primitive peoples consist largely of word pictures descriptive of natural scenery and physical features”; (“Algemeen gesproke,

bestaan die plekname van primitiewe mense grootliks uit woord-prente wat beskrywend is van natuurtonele en natuurlike entiteite.”). Sulke beskrywings dui op aspekte van die entiteit soos die kleur, die vorm, die voorkoms, die grootte, en so meer. In die voorbeelde wat volg, was dit hierdie eienskappe van die benoemde entiteit wat tot die spesifieke naam aanleiding gegee het. In hierdie gevalle het die beskrywende woord of sinsnede wat ’n soortnaam was, ’n evolusionêre proses ondergaan om die status van eienaam te bereik. Kortom, die soortnaam het eienaam geword, ’n proses wat volgens Van Langendonck (2010:2), “apparently constitutes the original process of name-giving in all cultures and languages”; (“klaarblyklik die oorspronklike proses van naamgewing in alle kulture en tale uitmaak.”)

(a) Voorkoms, vorm

Bleskop, Kaip, Nous

Etlike plekname verwys na die kaal voorkoms van die benoemde entiteit wat dui op ’n afwesigheid van bome of struik, of op die koue geaardheid van die omgewing. Die Topografiese reeks landkaart 1975 vel 2918 Pofadder toon *Nous se Poort* ten suide van *Bleskop* op die plaas *Kaip* aan. Nienaber en Raper (1980:654) sien die moontlikheid in dat die Afrikaanse naam *Bleskop* ’n vertaling van die inheemse naam *Nous* kan wees, en stel die lid *nou* in hierdie geval gelyk aan die Namawoord *#hou* [*#hau*], ‘*glatt*’; (‘glad’) (Rust 1960:27), waar die *n* en *h* mekaar kan afwissel, en verwys na die name *Groot Kau* en *Grootkou se Kop* (Nienaber & Raper 1980:370), waar *kou* en *kau* ook beskou kan word as verwant aan die Namawoord *#hou*, ‘*glatt*’, (‘glad’) (Rust 1960:27), waar die verwisselbaarheid van *k* en *h*, en van *n* and *h* uitgewys word. In hierdie verband kan ook gewys word op die Auen (N1) woord */kau*, ‘to be cold, bare’, (‘om koud, kaal te wees’), en in die voorbeeldsin */kau //eĩ*, ‘cold time, winter’, (‘koue tyd, winter’), wanneer alles kaal is (Bleek 1956:303). Hierdie voorbeeldsin skep ’n onverwagse verband tussen die kopnaam *Bleskop* en die plaasnaam *Kaip*, wat moontlik in verband staan met die Naron (C2) woorde *!kai*, ‘cold’, (‘koud’) (Bleek 1956:404) en *#xei*, ‘to be cold’, (‘om koud te wees’), en die ‘Hottentot’-woorde *!kei*, en *!keib*, ‘cold’. (‘koud,

koue’) (Bleek 1929:29), laasgenoemde wat presies ooreenstem met die plaasnaam *Kaip*.

Blinkklipkop, Gatkoppie

’n Ou naam wat vir *Blinkklipkop* opgeteken is, is *Gatkoppie*. Van Vreeden (1961:302) verduidelik dat *Blinkklipkop*, 3 myl (5 km) noordoos van Postmasburg, sy naam te danke het aan ’n dagsoom van hematietagtige erts, en dat *Gatkoppie* ’n volksnaam vir hierdie kop is. Ook Skead (1973:62) gee ‘Gatkop’ as sinoniem vir *Blinkklipkop* aan. Op grond daarvan dat Borchers (1861) *Goaypa* noem as een van die alternatiewe name vir hierdie koppie, het Nienaber en Raper (1977:392) vermoed “dat die lid Gat- nie Afrikaans is nie, maar wel Kora/Griekwa vir ‘blink’ waarvoor ons die ekwivalent in Nama het as *!gā(t)-*, adj. *!gātsi* = ‘hell, klar’; (‘helder, klaar’) (Kr.-R. 1969 NW 85).” Ook vergelykbaar met die lid *Ga-* is die /Xam (S1) woord *#ka:*, ‘to be light, bright, visible, near’, (‘om lig, helder, sigbaar, naby te wees’) (Bleek 1956:653). Die naam *Blinkklip* is reeds vroeg opgeteken. Borchers (1861:65) deel mee: “*Wij passeerden verder T’Goaypa of Blinkklipsrivier ...*”; (“Ons het verder *T’Goaypa of Blinkklipsrivier* verbygegaan”), en Stow (1905:290) skryf: “*T’Goay’pa*, afterwards called *Blink-klip*, the shining rock or stone.”; (“*T’Goay’pa*, later *Blink-klip*, die blink rots of klip genoem.”). Die naam word deur Van Vreeden (1965:31) opgegee as “Die Korannanaam vir *Blinkklip*, ongeveer drie myl van Postmasburg. Later word *Blinkklip* die naam van Postmasburg: */Haib-!ab* = ‘blinkklip-waterloop’.” Soos deur Nienaber en Raper verduidelik, stel die *T’* by Borchers en Stow die suigklap voor. Hulle skryf: “Oor die betekenis is daar geen twyfel nie. Nama */kôu [!khâu]* vir ‘*scheinen, strahlen, leuchten*’, (‘skyn, straal, verlig’) (Kr.-R. 1969 NW 242) vir die lid *t’goa*. Die *-yp* is, blykens die vertaalde vorm, soos Nama */ui-b* = ‘klip’, en die *-a* vir ‘rivier’ is soos Nama *!ā-b*. Dus letterlik: ‘Blink + klip + rivier.’” Ook Boesman-ekwivalente vir die naam is uit te wys. Die komponent *T’Goa-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!kwa*, ‘blink wit klip’ (Raper 2021:13), (waarvan *!kwa-!kwara*, die benadrukte vorm is), wat die wisseling van *g* en *k*, en van *o* en *w*, vertoon: *!kwa* > *!goa*. Die komponent *ypa* of *y’pa*, is blykbaar te vergelyk met die Hadza (C3) woord *//ape*,

van //a, -//a, 'stone, hill', ('klip, heuwel') (Bleek 1956:514). Dit is opmerklik dat Borcherds die betekenis van 'rivier' gee, en Van Vreeden 'waterloop'; die ander praat van 'Blinkklipkop', met 'Blinkklip' ook as naam van Postmasburg.

Blinkoog, Kaimus

Die plaas *Blinkoog* nr. 30, noordoostelik van Karasburg, dra ook die naam *Kaimus*. Soos mnr. J Rooi van Duurdrift dit tydens veldwerk in 1977 gestel het, "Blinkoog, dit is die plaas van mnr. Von Schauroth, sy Nama naam is ≠Kaimûs." Die inlandse naam was blykbaar in vroeë tye die naam van die lokaliteit daar, nou ook in vertaalde vorm op die plaas oorgedra. Die komponent *Kai* is soos Nama ≠*kei*, 'glänzen', ('blink, glinster') (Rust 1960:27), deur Nienaber en Raper (1980:447) gemoderniseer as ≠*khai*, en deur hulle verduidelik: "Die gedagte aan 'blink' kom waarskynlik van die droë soutpan op die plaas wat onder die son glinster." Die komponent *Kai* van die naam is ook vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /*kai*, /*kāi*, 'to light, shine', ('om te verlig, skyn'), wat ook in //N !*ke* (S2) voorkom (Bleek 1956:297). Die komponent *mus* is soos Nama *mûs*, 'Auge', ('oog') (Rust 1960:6), en soos die Ukuambi dialektiese (N2b) woord *mu*, *mui*, 'eye', ('oog') (Bleek 1956:139). Die woord vir 'oog' word dikwels gebruik vir 'n wateroog of fontein, soos by *Die Oog*, die Afrikaanse naam vir *Lattakoo*, ook opgeteken as *Takoon* ensovoorts. Die stam *takoo* is soos die /Xam (S1) woord *tsaxu*, *tsaxu*, 'eye', ('oog') (Bleek 1956:213). Die verwysing na 'n fontein of bronooog word ook weerspieël in die /Xamwoord !*khwa tsaxau*, 'fontein', letterlik 'wateroog' (Raper 2021:34). Dis waarskynlik dat die naam 'Blinkoog' na die fontein met glinsterende water verwys.

Kaalspruit, Nousies

Waar meer as een Afrikaanse naam naas die inlandse naam, of 'n aanpassing daarvan, voorkom, is dit soms moeilik om te bepaal watter van die Afrikaanse name die korrekte (of mees waarskynlike) verklaring of vertaling is. So 'n naam is *Nousies*, wat beide as *Rooidrif* en as *Kaalspruit* vertolk kan word. "*Kaalspruit and Nousies South*" word op die Topo-kadastrale Reeks 1967 vel 3018 Loeriesfontein aangedui as die naam van plaas nr. Clv. Q.

20-23. Ten noorde van *Kaalspruit and Nousies South* is *Rooiberg Drift*, en noordoos daarvan en aangrensend is die plaas *Rooiberg*: in die omgewing is ook *Rooibergdrif se Kop*, *Groot Rooiberg* en *Rooibergrivier*. Nienaber en Raper (1980:653-4) meen dus dat daar topografies en taalkundig gronde is om *Rooiberg* en *Nousies* met mekaar gelyk te stel. Die lid *Nou* van *Nousies* is in dié geval vergelykbaar met die Namawoord *!noub*, ‘Ockerstein’, (‘okerklip’) (Rust 1960:46). Dit lyk oortuigend, maar ’n ander moontlikheid doen hom ook voor. Aangesien *Kaalspruit* en *Nousies (South)* albei name vir dieselfde entiteit is, lyk dit asof die name sinoniem kan wees, met ander woorde dat die Afrikaanse naam *Kaalspruit* die inheemse naam *Nousies* vertaal. In so ’n geval sou die lid *Nou* vereenselwig kon word met die Namawoord *#hou* [*#hau*], ‘glatt’, (‘glad’) (Rust 1960:27) en met die Auen (N1) woord */kau*, ‘to be bare’, (‘om kaal te wees’) (Bleek 1956:303), waar die verwisselbaarheid van *n* en *h* en van *n* en *k* voorkom. Die lid *sie* is soos die /Xam (S1) woord *ʔi*: ‘om te vloei’ (Bleek 1956:292), wat meermale as fluviale suffiks voorkom; die stemlose dentale suigklank */* is fonologies soos die stemlose spirant *s*. *Kaalspruit* vertaal dus die naam *Nousies*.

Brandberg, Dāunas

Die massiewe *Brandberg*, die hoogste berg in Namibië, staan in die Damataal bekend as *Dāores*, en in die Namataal as *Dāunas* (Budack 1975 brief). Verskeie redes vir die naam word aangevoer, byvoorbeeld dat die berg en sy omgewing sonder gras of bome is en lyk asof dit afgebrand het (Vedder Quellen 2 1928:45), en dat “*Die Färbung des Gesteins sieht aus, als hätte hier jahrelang ein mächtiger Brand gelodert. Doch es sollen nur Ablagerungen von Mangan sein, die Aschenkruste vortäuschen*”; (“Die kleure van die gesteentes lyk asof hier ’n magtige brand gewoed het, maar dit sou net afskilferings van mangaan wees, wat soos ’n askors lyk”) (Meissner 1968:120). Die Afrikaanse naam *Brandberg* is ’n vertaling; die lid *Dau(n)* is soos die Nama woord *dāu*, ‘brennen’, (‘brand’) (Rust 1960:12), die Hie (C1) woord *dhau*, die Naron (C2) woord *ḏau*, en die ‘Hottentot’ woord *ḏao*, ‘burn (tr. v.)’, (‘brand’ (tr. ww.))’ (Bleek 1929:25); die komponent *-nas* van die naam *Dāunas* is vergelykbaar net die /Nu //en (S6) woord *!nau* en die

3. Khoi-khoi

Naron (C2) woord *!nauʃa*, ‘mountain’, (‘berg’), en die Hadza (C3) woorde *!a* en *//a*, ‘hill’, (‘heuvel, kop’) (Bleek 1929:59; 1956:369, 514), plus die bygevoegde Nama vroulike enkelvoud –s.

Brandberg, Kaiemoes

Kaiemoes is die ou naam van *Brandberg* in die Noord-Kaap, 658 m hoog, 32 km wes van Springbok en 50 km suidsuidwes van Steinkopf. *Brandberg* is ’n vertaling van *Kaiemoes*; die komponent *Kaie* is fonologies vergelykbaar met die Hie (C1) woord *ŋ//gai*, ‘to burn’, (‘om te brand’) (Bleek 1956:150), wat ook voorkom in die Hie (C1) sinsnede *gwii ŋ//gaie* ‘to burn charcoal’, (‘om houtskool te brand’) (Bleek 1956:53); en met die /Xam (S1) woord *//kei* ‘to burn, roast, kindle, light’, (‘om te brand, braai, aansteek’) (Bleek 1956:568). Die variasie in die klapklanke word opgemerk, soos ook die wisseling van *k* en *g*, en van *ai* en *ei*. Die tweede komponent *moes* van die naam *Kaiemoes* word gewoonlik beskou as ‘oog, sig’, soos die Hie (C1) woord *moe*, ‘to be visible’, (‘om sigbaar te wees’) (Bleek 1956:137). Nienaber en Raper (1977:609) noem die moontlikheid dat “dit wil sê dat iemand bo op ’n berg staan en sy ‘oog’ in die rondte gooi, ‘groot’ maak”. Soos Van Vreeden (1958:28 in Nienaber & Raper 1977:685) dit stel: “As ’n persoon op ’n kop staan, kyk hy oor groter afstande, sy oog dek ’n groter oppervlakte en dit is die groot oog.”. ’n Ander moontlikheid is dat die komponent *moes* ’n aanpassing is van ’n ouer woord vir ‘berg’. Indien *Kaiemoes* dieselfde betekenis het as *Brandberg*, en *Kaie* beteken ‘brand’, dan moet *moes* ‘berg’ beteken. In talle inheemse Khoi-khoi en Boesmantale word dieselfde woord vir beide ‘klip’ en ‘berg’ gebruik, soos die /Xam (S1) woorde *!kau* en *!kou*, die //N *!ke* (S2) woord *-!kau*, die (S5) woord */num*, die Auen (N1), Kung (N2) en !O *!kuŋ* (N3) woord *!num*, vir beide ‘mountain’, (‘berg’) en ‘stone’, (‘klip’) (Bleek 1929:59, 80); die Nama woord */uis*, ‘*der Stein*’, */uib*, ‘*der Berg*’, (‘berg’); en die Koranna woord */uib*, ‘*Stein*’, ‘rots’ en ‘berg’ (Nienaber 1963:340). Daar is Boesmanwoorde vir ‘klip’ wat ten dele met die woord *moe* ooreenstem wat die tweeklank *oe* betref, soos die //Khau (S2b) woord *goe*, ‘round grinding stone’, (‘ronde maalklip’), die Ki /hazi (S4b) woord *_!oe*, ‘stone’, en die /Xam (S1) woord *//o:e*, ‘round stone for grinding’, (‘ronde klip vir maal’) (Bleek 1956:48, 490, 625). Die skynbare

onversoenbare verskil in anlaut kan verduidelik word aan die hand van ander woorde waar 'n ouer lipklapklank na ander klapklanke verskuif het. Die woorde *_!oe* en *//o:e* en *moe* kan teruggevoer word na 'n ouer vorm *Ǿmoe*. Die nasale konsonant *m* van die woord *moes* is dus die oorblyfsel of aanpassing van 'n klapklank met nasale neweklank, *Ǿmoe*; die slot *-s* is die bygevoegde genusuitgang van die vroulike enkelvoud wat op 'n ronde berg dui. 'n Ander voorbeeld van hierdie verskuiwing is *Maleoskop* of *Maleeuwskop*, 'n Sotho-aanpassing van 'n Boesmannaam wat vertaal is as *Maagdeberg*. Die komponent *Maleo* of *Maleeuw* is semanties en fonologies vergelykbaar met die Sesarwa (S5) woord *Ǿpwa:lu*, 'meisies, maagde' (Bleek 1956:685; Raper 2021:53); die bilabiale medeklinker *M* van *Maleo* of *Maleeuw* is vergelykbaar met die lipklapklank met neweklank *Ǿp*, waar die meervoudsvorm *maagde*, *meisies* in die Afrikaanse naam *Maagdeberg* behoue is.

Moorivier, Guhes

Die *Moorivier*, 'n stroompie wat deur die plaas Ariams nr. 27, bokant Duurdrift-Noord in die distrik Karasburg loop, staan in Nama bekend as *Guhes* (Nienaber & Raper 1980:378). Tydens veldwerk in Namibië in 1977, het mnr. J Rooi, 'n plaasarbeider op die plaas Duurdrift, verklaar: "Moorivier noem ons /Guhes. Dit meen 'n ding wat jy nie ken nie. Onbekend." Op grond hiervan meen Nienaber en Raper (t.a.p.): "Volgens die gegewe verklaring is die grondwoord te verbind met Nama /ū, 'n**icht wiss**en, **nicht kennen**', (niks weet nie, niks ken nie') (Kr.-R. 1969:366), waarvan die ouer vorm die (nog) gevelariseerde /gū is. Aangeheg is die passiewe suffiks *-be-*, gevolg deur die *-s* van die fem. sing. Die 'Onbekend-geworde'. Ook die rede vir die naam het onbekend geword." 'n Ander verklaring, wat rekening hou met die moontlikheid van vertaling, is dat *Moorivier* dieselfde betekenis het as *Guhes*. Die komponent /Gu- is dan vergelykbaar met die Kung (N2) woord /hu, 'mooi, pragtig' (Bleek 1956:290), waar die wisseling van *g* en *h* sigbaar is, dalk met die Naron (C2) woord /u:i, 'pretty', ('mooi') (Bleek 1956:359), hier gedevelariseer, en die lid *-he* is vergelykbaar met die Sesarwa (S5) woord *tʃe:*, 'well', ('puts'), en die Hukwe (C2b) woord *tʃebe:*, 'waterhole', ('watergat, seekoeigat') (Bleek 1956:227), die oorweging synde dat die

3. Khoi-khoi

Boesmans eerder na 'n watergat of kuil sou verwys as na die hele rivier; ook die Hadza (C3) woord *ʔe*, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:642), ook vir 'rivier' gebruik, en dalk met die Hukwe (C2b) woord *tʃebe:*, 'waterhole', ('watergat') (Bleek 1956:227), die lid *-be* die meervoudsuitgang (Bleek 1956:15). Die slot *-s* is die bygevoegde vroulike enkelvoud.

Moorivier, Potchefstroom

Potchefstroom is die naam van dorp aan die Moorivier, 116 km suidwes van Johannesburg. Die dorp is aanvanklik *Mooriviersdorp* genoem, na die rivier waarlangs dit uitgelê is. Die naam *Potchefstroom* is volgens sommige skrywers afgelei van *Potgieter*, wat die dorp gestig het en wat die hoofleier of 'chef' van die Voortrekkers was, en van die *stroom* waarlangs dit geleë is, die Moorivier. 'n Ander verklaring is dat *Potchefstroom* 'n aanpassing is van *potscherfstroom*, 'potskerfstroom', van die ooreenkoms met stukke gebakte modder langs die rivieroewer na oorstromings (Raper *et al* 2020:607). Die onsekerheid van die oorsprong van die naam het gelei tot navorsing wat aandui dat *Moorivier* 'n vertaling blyk te wees van 'n Boesmannaam waarvan *potche(f)* 'n aanpassing is. Klapklanke kan soms met mekaar afwissel, soos byvoorbeeld by die /Nusan (S6a) woorde *ʔbuin* en sy sinoniem */guin*, 'to sleep', ('om te slaap'); en *ʔburu*, met sy sinoniem */guru*, 'near', ('naby'); by die Sesarwa (S5) woorde *ʔha:* en */haa*, 'man, person'; *ʔhaise* en *//ke*, 'to ask', ('om te vra'); *ʔhoggən* en */hoggən*, 'wood, tree', ('hout, boom'); ook by die //N !ke (S2) woorde *ʔpwe:n-/a:*, *//ke-/a*, 'old woman', ('ou vrou') (Bleek 1956:682, 685), waar die lipklapklank ʔ in die meeste gevalle met die dentale klapklank / afwissel. Woorde in die Kung-taal (N2) vir 'mooi, pragtig', is */hom*, *˜/hum* en */hu* (Bleek 1956:290). Die woord *˜/hum* stem ooreen met die Sesarwa (S5) woord *˜ʔp'um* wat die tweeklank *-um* betref, en die variabiliteit in klapklanke word weerspieël in die lipklank ʔ en die dentale /. In die sinonieme */hom* en *˜/hum* word die afwisseling van die klinkers *u* en *o* vertoon, en 'n sinoniem */ho* vir die woord */hu* stem ooreen met *ʔo* of *Po*, die eerste lid van die naam *Potche-*. Die lid *Po-* stem dus ooreen met die woord *ʔpo*, 'mooi'. Die komponent *tche* is vergelykbaar met die Sesarwa (S5) woord *tʃe:*, 'well', ('puts'), en die Hukwe (C2b) woord

tjebē, 'waterhole', ('watergat') (Bleek 1956:227), die oorweging synde dat die Boesmans eerder na 'n watergat of kuil sou verwys as na die hele rivier.

(b) Vorm

Dieprivier, Gamka

Gamka is die inheemse naam vir die *Dieprivier*, sytak van die Gouritsrivier (Nienaber & Raper 1977:356). Wangemann (1873:7) skryf daarvan: “*Sie [die Katkorana] ... durchbrachen ... die Pässe der Zwartebergen ... den tiefen Fluss den sie passieren mussten, nannten sie Gamka, d.h. Tiefe.*”; (“Hulle (die Katkorana ... het die pas van die Swartberge deurgebreek ... die diep rivier waardeur hulle moes gaan, het hulle *Gamka*, d.i. ‘die Diepe’, genoem”). Hewitt (1877:356) deel mee: “We have ... Gam-ka (?*qgam-qà*) or deep river.”; (“Ons het ... Gam-ka (?*qgam-qà*) of diep rivier.”). Die lid *Gam-* is gelyk aan die Nama woord *!gam*, ‘*tief*’, (‘diep’) (Rust 1960:61), wat ooreenstem met die Naron (C2) woord *!gam*, ‘deep’, (diep’) (Bleek 1956:376), vergelykbaar met die Kung (N2) woord *#gaáŋ*, *#gaŋ*, ‘to be long, tall, deep, powerful’, (‘om lank, diep, kragtig te wees’) (Bleek 1956:644). Die slotlid *-ka* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord */k’a*, die Auen (N1) woord *#ka:*, die Kung (N2) woord *ˀ!kã* en die /Nusan (S6a) woord */a:*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1929:70; 1956:268), *Dieprivier* is dan lid vir lid die vertaling van *Gamka*; die verskeidenheid in die klapklanke in die verskillende Boesmantale is opmerklik.

Dwarsrivier, Koignas

Le Vaillant (1790:227) skryf van “a rivulet, called in the Hottentot language Koignas, and by the Dutch Dwars river, Cross-river.”; (“’n riviertjie, in die Hottentot-taal Koignas genoem, en deur die Hollanders Dwars-rivier”). Die rivier word deur Pettman (1931:34-5) nader bepaal: “A small branch of the Olifants River, Clanwilliam district, C.P., mentioned by Le Vaillant ... the Dutch name translates the Hottentot, the root of which appears to be the word *!gou*, to cross, to go across.”; (“’n Klein tak van die Olifantsrivier, Clanwilliam-distrik, K.P., deur Le Vaillant genoem. Die Hollandse naam vertaal die Hottentots, die stam waarvan

3. Khoi-khoi

die woord *!gou*, ‘om te kruis, om oor te gaan’, skyn te wees.”). Nienaber en Raper (1977:746) meen die Afrikaanse naam kan dalk ’n vertaling wees, en dat aansluiting te vind is by Nama *!gôu* [*!gâu*] = ‘queren, kruizen’, (‘oorgaan, kruis’) (Rust 1960:37), *!kâu*, ‘cross over’, (‘oorgaan’) (Tindall 1857), waar die nasaliteit wat Le Vaillant met *n* aandui, hier met die kappie weergegee word. Die lid *-as* is dan soos Nama! *a-(b)* vir ‘rivier’, met die *-s* as lokativering. Die lettergreepindeling kan egter anders wees, met die komponent *Koi-* soos die /Xam (S1) woorde *!goe*, *!gwe*, *!gwi*, ‘across’, ‘be opposite to’, ‘opposite’, (‘oor, oorkant, teenoor wees, teenoorgestelde’) (Bleek 1956:391), waar die velêre *k* en *g* verwisselbaar is, en die *o* met *w* afwissel. Die tweede lid van die naam, naamlik *-gna-*, is vergelykbaar met die /Nusan (S6a) /*a*:, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:268), en die slot *-s* die vroulike enkelvoud.

Dwarsrivier, Kougama

Kougama is deur Le Vaillant (I 1790:227) opgegee as ‘*Dwarsrivier*’. Die komponent *koun* is vergelykbaar met die Namawoord *!gôu*, ‘queren, kruizen’, (‘dwarsoor loop, kruis’) (Rust 1960:48); die stemhebbende en stemlose velêre medeklinkers *k* en *g* is verwisselbaar (Bleek 1956:73), en nasaliteit wat in die woord *koun* met *n* aangedui word, word in die woord *!gôu* met ’n kappie aangedui. Die komponent *koun* in die naam *Kougama* is ook vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde /*kau*, /*ka:o*, /*ka:ɔ*, ‘to cross, stroke’, (‘om oor te gaan, streef’) (Bleek 1956:301), en die Khwe woord /*gãã*, ‘to cross’, (‘om te kruis, oor te gaan’) (Kilian-Hatz 2003:259). Die variabiliteit van die medeklinkers *g* en *k* is in die onderhawige woorde bespeurbaar, en ook in die komponent *gama* van die naam *Kougama*, wat soortgelyk is aan die Kaapse dialektiese woord *kamma*, ‘rivier of water’ (Witsen 1691 in Godée Molsbergen I 1916:217), *kammo*, ‘een rivier’, (‘rivier’) (Valentyn 1726:108a), ‘*fluvius, vlietend water*’, (‘water, vloeiende water’) (Kolbe I 1727:431), die Namawoord //*gami*, //*gams*, ‘Wasser’, (‘water’) (Rust 1960:72), en die Hadza (C3) woord *kamua*, ‘river, pool, waterhole’, (‘rivier, poel, watergat’) (Bleek 1956:79).

Holrivier, Koangaap

Vir die *Holrivier*, 'n sytak van die Olifantsrivier, het kol. Robert Jacob Gordon in 1780 (Ms. 2 1780:96; Kaart AG 7146.7) die naam *Koangaap* opgeteken. Die naam *Holrivier* is blykbaar 'n vertaling van die naam *Koangaap*. Die lid *Koa-* is verwant aan die Auen (N1) woord *!hwa*, met die beklemtoonde vorm *!hwa!hwaŋa*, 'hollow, crescent', ('hol, halfmaan, sekelmaan') (Bleek 1956:400) wat gevorm is deur die reduplikasie van die lid *!hwa*, plus die enklitiese partikel *-ŋa* (vgl. Raper 2022:vi); die komponent *Koanga* is met ander woorde soos die Auen woord *!hwaŋa*. waar die nasale velêre *ŋ* as *ng* geskryf word. Die lid *-aa(p)* is vergelykbaar met die /Nu//en (S6a) woord /a/, en die Namawoord *!ab*, almal vir 'rivier' (Bleek 1929:70; 1956:268). Die slot *-p* van die naam *Koangaap* stem ooreen met die Khoi-khoïse manlike enkelvoudsuitgang *-b*.

Draairivier, Keikap, Geinab

In die joernaal van Carel Frederik Brink, onder datum Woensdag 28 Oktober 1761, staan: "*Marcheerden wy al tussen het vlak gebergte heen, leegerden ons vervolgens aan de draayrivier, die meede uijtgedroogd vonden; deselve ontspringd by de style Cloof en ontlast in de reegentijd desselfs water Z.Oostelijk in de groote rivier.*"; ("Ons het al tussen die lae berge heen gemarsjeer, ons daarna aan die draairivier kamp opgeslaan, wat ons ook uitgedroog gevind het; hierdie rivier ontspring by die steil kloof en selfs in die reëntyd vloei sy water suidoostelik in die Grootrivier."). In sy tweede reisjoernaal van 1779 deel Gordon op bladsy 22 mee: "... *peilde van avond de Keikaap of grote rivier dus genaamt schoon hy niet loopt als met donder weer*"; ("vanaand die Keikaap of groot rivier gepeil, so genoem hoewel hy nie loop nie behalwe met donderweer"), en op sy landkaart AG 7146: "*Kaikaap, beteekend in het Hottentots groote rivier ... loopende niet als by swaare regens.*"; ("*Keikaap* beteken 'groot rivier' in Hottentots; vloei nie behalwe met swaar reëns."). Mossop (1947:39 vn. 38) [VRV 28] verduidelik: "The *Gei-nab*, which arises from the watershed between die Gt. Karas and its outlying hills Naos. ... The 'Draai R.' shown on Map 7 of Walker's *Historical Atlas of S.A.* (Oxford University Press, 1922), is incorrectly placed flowing South-Westeryly to unite with the Aub (or Fish R.)."; ("Die *Gei-nab*, watvan die waterskeiding tussen die Groot-Karas

en sy voetheuwels, Naos, ontspring ... Die 'Draai R. wat op Walker se *Historical Atlas of S.A.* (Oxford University Press, 1922) uitgebeeld word, is verkeerdelik aangedui as vloeiende suidweswaarts om met die Aub (of Visrivier) te verenig.”). ’n Verklaring van die betekenis van die naam word gevind in Mandelbrote (1944:139 vn. 186): “Dr. Mossop writes ‘the Draai R. is the Gei-nab, i.e. *Kei-!ab* or Great R. (*Kei* = ‘great’, *!ab* = ‘river’). The Geinab flows S.E. from the Gt. Karas mountains to join the Orange”; (“Dr. Mossop skryf ‘die Draai R. is die Gei-nab, d.i. *Kei-!ab* of Groot R. (*Kei* = ‘groot’, *!ab* = ‘rivier’). Die Geinab vloei suidoos van die Groot-Karasberge om by die Oranje aan te sluit”). Op die landkaart van Brink en Rhenius (in Mossop 1947 kaart) staan: “Geinab or Keikap: (Gei-!ab = ‘Great R.’, the Draaij R. of Brink’s Journal).”; (“Geinab of Keikap: (Gei-!ab = ‘Groot R.’, die Draaij R. van Brink se Joernaal).” Hoewel Gordon en Mossop albei die naam as ‘Grootrivier’ vertaal, is daar ook die verklaring van Alexander (1836 1:207): “Kei Kap (Witch R.)”; (“Kei Kap (Heks R.”), waarvoor die segsman blykbaar die Namawoord *!geib*, ‘Zaubermittel’, (‘toormiddel’) (Rust 1960:75) as grondslag in gedagte gehad het. Nienaber en Raper (1977:408) wys daarop dat albei verklarings, ‘Grootrivier’ en ‘Heksrivier’, taalkundig verantwoordbaar is, afhange van of die eerste lid, *Gei-* of *Kei/Kai*, ’n suigkonsonant gehad het: “indien wel, dan ‘Heksrivier’ of ‘Towenaarsrivier’; indien nie, dan Grootrivier’. Ons meen daar is op logiese en ook op topografiese en hidrologiese gronde ’n beter saak vir Alexander se afleiding uit te maak is as vir die van die ander wat deur die frekwenter ‘gei’ in beslag geneem is. Toevallig het Heks- of Towenaarsrivier ’n poëtiese allure wanneer stortreëns in ’n seldsame jaar wel uitsak.” Daar is egter ’n ouer en meer gepaste verklaring. Nienaber en Raper (1977:339-40) noem dat Brink in 1761 die Keikap die ‘Draaij Rivier’ genoem het. Ook Mossop (1947 Brink en Rhenius VRV 28 kaart).verduidelik: “Geinab of Keikap ... die Draaij R. van Brink se Joernaal.” Dit blyk dan dat *Gainab* of *Geinab*, *Kaikaap* of *Keikap*, ensovoorts, ‘Draairivier’ beteken. Hierdie verklaring is topografies en taalkundig waar te maak. Die veelvoorkomende wisseling van *g* en *k* verklaar die voorkoms van die riviernaam met *G-* en *K-* as aanvangskonsonante, maar dit kan ook te doen hê met die Boesmantale waaruit die name kom. Die vroegste optekeninge van die naam is met ’n *K-*, eers later met ’n *G-*. Die komponent *Kai*,

Kei, ensovoorts, is vergelykbaar met die Naron (C2) werkwoorde *-//kai*, 'to turn back', ('om om te draai') en *//kei*, 'to turn', ('om te draai') (Bleek 1956:551; 1929:87); die komponent *Gai* ven die variant *Gainab* is vergelykbaar met die Hie (C1) woorde *//gaihe*, *//gaiehe*, 'to be bent', ('om gebuig te wees') en *//gaitse*, 'to bend', ('om te buig') (Bleek 1956:697, 525; 1929:21), soos ook vroeër uitgewys. Die komponent *-kaap*, *-nab*, is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde */k'a*, */ka*; die Khatia (S4a) en /Nu//en (S6a) woord */a:*, en die Namawoord *!ab*, almal vir 'rivier', sowel as die Auen (N1) woord **ka:*, 'rivierbedding, rivier' (Bleek 1929:70; 1956:268, 295, 653). *Draairivier* is dus die vertaling van die naam *Kaikaap*, *Geinab* en variante.

Draaij Eilande, Kheis

Op die Topo-kadastrale reeks 1962 vel 2822 Postmasburg word 'Kheis' aangegee as plaas nr. Hay Q. 22-18, sowat 10 km van Groblershoop. Dit is geleë net noord van die elmboog van die Oranjerivier en grens daaraan. Forbes (1965:106-107) skryf oor Gordon se reis van September 1779 tot Februarie 1780, "his latitude is correct for his Draaij Eilande (Turn Islands) which are those at Kheis, the only place on this stretch of the river where islands occur on a bend."; ("sy breedtegraad is korrek vir die Draaij Eilande wat dié by Kheis is, die enigste plek aan hierdie rivier waar eilande by 'n draai voorkom."). Raper en Boucher (1988:345 vn.) situeer die plek nader: "Gordon's 'islets of the turn' is by die huidige Kheis, 19 km noord van Groblershoop." Ook hierdie Hollandse naam *Draaij Eilande* is 'n vertaling van die inlandse naam, waar die lid *Khei* vergelykbaar is met die Naron (C2) woorde *-//kai* en *//kei*, 'to turn', ('om te draai') en met die Hie (C1) woorde *//gaihe*, *//gaiehe* en *//gaitse*, 'to bend', ('om te buig') (Bleek 1956:551, 697, 525; 1929:21, 87).

Kruisrivier, Goegamma

Die vraelys van Opmeting en Kartering gedateer 1955 wat deur mnr. Strydom ingevul is, lees; "Goegamma, naam van 'n kloof, 15 myl [24 km] noordoos van Calitzdorp. Kom uit Hottentots of Boesmans. ... lê op die plaas Kruisrivier." Daar word gemeen dat die Kruisrivier wat sy naam aan die plaas gegee het, 'n naam dra

3. Khoi-khoi

wat die inlandse naam Goegamma vertaal. Die komponent *Goe-* stem vir Nienaber en Raper (1980:343) “so goed ooreen met Nama *!gôu* = ‘*queren, kruizen*’. (‘dwarsoor loop, kruis’) (Rust 1960 DNW 48) ... dat ons alle rede het om Goegamma te beskou as die Khoekhoense (d.w.s. ook as die ou) naam van Kruisrivier in sy vertaalde vorm. ... Die lid *-gamma* is soos Ou-Kaaps *kamma* = ‘water, fontein, spruit, rivier’, e.d.m.” ’n Inlandse woord wat fonologies en ortografies nog nader aan die lid *Goe-* is, is die /Xam (S1) woord *!goe*, ‘across’, ‘be opposite to’, ‘opposite’; (‘oor’, ‘oorkant’, ‘teenoor wees’, ‘teenoorgestelde’) (Bleek 1956:391). Die komponent *gamma* van die naam is soortgelyk aan die Ou-Kaapse woord *kamma*, ‘rivier of water’ (Witsen 1691 in Godée Molsbergen I 1916:217), *kammo*, ‘een rivier’, (‘n rivier’) (Valentyn 1726:108a), ‘*fluvius, vlietend water*’, (‘water, vloeiende water’) (Kolbe I 1727:431), die Namawoord //gami, //gams, ‘Wasser’, (‘water’) (Rust 1960:72), en die Hadza (C3) woord *kamua*, ‘river, pool, waterhole’, (‘rivier, poel, watergat. kuil’) (Bleek 1956:79). Inderdaad is *Kruisrivier* dus die vertaling van *Goegamma*.

Platrug, Napkei

Op die Afdelingskaart 1890 soos aangehaal deur Nienaber en Raper (1980:612) staan “Naptky’s R.”, “Napky’s Mond”, en in die vraelys van Opmeting 1955: “Napkys (Nap ‘t (klik) kys), plaas Napky en rivier, 15 myl [24 km] suid van Swellendam. Uit die taal van die Hessekwastam. Betekenis van die naam Napky is onbekend. ... Die Napkyrivier is ’n droë rivier geleë in die Ruggens, en wat slegs in die reënseisoen vloei en somtyds geweldig sterk stroom. Dit loop by Napkysmond in die Breërivier, Inligting verkry van LL Tomlinson van die Drostdy-Museum.” Nienaber en Raper (1980:613) praat van “’n kop net noord van die *Napkeirivier*”, met daardie spelling. Met inagneming van die inligting wat deur mnr. Tomlinson verstrekk is, naamlik dat die rivier “’n droë rivier” is, en gedagtig aan die patroon van beskrywende naamgewing as doeltreffend vir die ondubbelsinnige identifisering van die benoemde entiteit, sou die lid *Nap-* soos die Hadza (C3) woord //ape, ‘to be dry’, (‘om droog te wees’) kon wees, en die lid *-kei* soos die /Auni (S4) woord *≠ei*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:517, 643), *Napkei* dus letterlik vertaal as ‘droë rivier’. Raper *et al*

(2020:602) wys egter daarop dat 'n verhewenheid aan 'n bloop van die Napkeirivier, 27 km suidsuidwes van Swellendam en 24 km oos van Protém, in Afrikaans as *Platrug* bekend staan. Hulle meen dat *Platrug* 'n vertaling van *Napkei* is. Die komponent *Nap-* is in dié geval vergelykbaar met die Naron (C2) en //N !ke (S2) woord /ka:ba, 'flat', ('plat') (Bleek 1929:39), waar die dentale of alveolêre tongslag / deur die alveolêre nasaal N vervang is, en die komponent *kei* stem ooreen met die Naron (C2) woord //ke//a, 'ridge, range of hills', ('rug, rif, rant') (Bleek 1956:571).

Plattfontein, Duruoms

Moritz (1978 brief in Nienaber & Raper 1980:248)) gee die inlandse naam *Duruoms* aan vir *Plattfontein*, plaas nr. 92 in die distrik Grootfontein in Namibië, en meen die naam *Duruoms* beteken 'Mäuse-Nest', 'muisnes', soos Nama *duru-*, 'muis', en /oms, "hier nes". Kroenlein (1889:164b) gee egter /his aan vir 'das Mäusenest', ('muisnes'), en *omi* vir 'Haus', ('huis'), *oms* vir 'das Bauen', ('die gebouery'). Die aangegewe betekenis van 'muisnes' vir *Duruoms* is dus miskien gedwonge, die gevolg van volksetimologiese vertolking. As die veelvuldige patroon van vertaling van inlandse name ook hier geld, kan die Duits-Afrikaanse naam *Plattfontein* as vertaling van *Duruoms* geregverdig word. Die komponent *duru* is in dié geval vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *tauru*, 'plat', en die komponent *om* stem ooreen met die /Auni (S4) woord $\#\tilde{o}$, 'to flow, e.g. water flows', ('om te vloei, bv. water vloei') (Bleek 1956:195, 675). Die nasalering van \tilde{o} in die woord $\#\tilde{o}$ is in die lid *-om* as die bilabiale nasaal *m* gerealiseer, verwant aan die /Nu //en (S6) woord $\#u$, 'spring (water)', ('fontein (water)') (Bleek 1929:79), waar die simbool \mathfrak{m} as *u* met ongeronde lippe uitgespreek word (Bleek 1929:12), die vokale *o* en *u* verwisselbaar is, en die nasalering van \mathfrak{m} as die bilabiale nasaal *m* gerealiseer is. Die slot *-s* van die naam *Duruoms* is die vroulik enkelvoud wat 'n fontein aandui.

Spitskoppies, Geis

Op die landkaart van Th. Hahn (1979) en Kiepert (1893) kom die naam !*Geis* voor vir die *Spitskoppies* in Namibië. *Geis-B* word op die kaart van Sprigade en Moisel (1904) ten ooste van *Gr.*

Spitzkoppjes aangedui, en noordoos daarvan *Kl. Spitzkoppjes*. Wat die oorsprong van die naam betref, deel Hahn (1901:158) mee: “#Geîs, ein Paar Granitkuppen 60 Meilen [97 km] N.O. Walfischbay, aus #Ganis contrahirt zu #Geins oder #Geîs.”; (“#Geîs, ’n paar granietkoppe 60 myl [97 km] noordoos van Walvisbaai; uit #Ganis saamgetrek tot #Geins of #Geîs.”). Nienaber en Raper (1977:410) sien die moontlikheid in dat die naam #Ganis verwant is aan “#ga-b oder #gāb, der Emporsteigende, das in die Luft Ragende, Bergspitze”, (“#ga-b of #gāb, die omhoogstygende, wat in die lug oprys, bergspitse”), en kom tot die gevolgtrekking dat “hierdie bergnaam van ‘Spitskoppies’ (hoe ook al gespel) ’n regstreekse vertaling” is. Wat die spelling #Geîs betref, sal opgemerk word dat die optekenaars (Hahn, Kiepert, Sprigade en Moisel) in Duits geskryf het. Die tweeklank of diftong *ei* word in Duits as *ai* uitgespreek, en gedagtig daaraan dat die velêre konsonante *g* en *k* dikwels verwisselbaar is, kan die grondwoord #Geî gelyk gestel word met die /Xam (S1) woord #khaî, ‘to be steep, slanting’, (‘om steil te wees, skuins’) (Bleek 1956:660). Wat die slot-*s* van die naam #Geîs betref, wys Bleek (1956:161) daarop: “When *s* stands at the end of a word, a following vowel has been dropped.”, (“Wanneer *s* aan die end van ’n woord staan, het die opvolgende klinker weggeval.”). Gesien die gewone patroon van Boesmanpleknaamgewing van spesifieke term + generiese term, is die slot-*s* + verdwene klinker moontlik ’n aanduiding van die pleksoort, in hierdie geval naamlik ’n berg of rots. Die moontlikheid dat die slot-*s* die toegevoegde Nama-suffiks vroulike enelvoud is, is nie uitgesluit nie, behalwe dat mens dan vir ’n spitsvormige entiteit die manlike uitgang *-b* sou verwag het.

Klein Naauwte, Arabe Eijs

Op Gordon se Kaart nr. 3 van 1779 kom die naam *Arabe Eijs* voor, wat Forbes (1965:107) identifiseer as waarskynlik “the poort on Klein Naauwte, 15 miles N.W. of the present town of Prieska”; (“die poort op Klein Naauwte, 15 myl noordwes van die huidige dorp Prieska.”). Dit blyk dat *Klein Naauwte* die vertaling van *Arebe Eijs* is; die komponent *Are* is fonologies en semanties vergelykbaar met die Naron (C2) woord #are, ‘small’, (‘klein’), ook /*k*”are en /*k*”arre, ‘little, small’, (‘gering, klein’) (Bleek 1956:642, 338,

339), vergelykbaar met die Nama woord //aro, ‘enge, schmal sein’, (‘eng, smal wees’) (Kroenlein 1889:25b22). Nienaber (1989:159) identifiseer die komponent *-be* as ’n lokatiewe morfeem. Gedagtig daaraan dat Forbes van “the poort on Klein Naauwte” praat, is dit ook denkbaar dat die lid *Arebe* vergelykbaar is met die Hie (C1) woord /*kharije*, ‘narrow’, (‘nou, smal’), en die komponent *Eijs* met die /Auni (S4) woord *k”eisi*, ‘ravine’, (ravyn, kloof, noute’) (Bleek 1956:312, 122). *Arebe Eijs* beteken dan letterlik ‘klein of nou poort’.

Kransneus, Gaguis, Kakuis

Twee briewe van kommissaris WC Palgrave, naamlik nrs. 29 en 32 (Quellen 15 1930:ongepagineer) verwys na die plek wat tans as *Kransneus* bekend staan. Hy noem “*#Ka#kuis*” en “*den berg #Gan #kuis midden tusschen Windhoek en Rehoboth.*”; (“*#Ka#kuis ... die berg #Gan #kuis halfpad tussen Windhoek en Rehoboth.*”). Th Hahn se kaart van 1879 gee “*Ga-#guis*” as uitspanplek aan die ou pad na Windhoek, en op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) staan “*Gaguis (Goreganes)*”, en suid daarvan, “*Kransneus.*” Nienaber en Raper (1980:267-268) dui aan dat *Gaguis* ’n ou naam van *Kransneus* is, en dat die Afrikaanse naam die inlandse naam vertaal. Die lid *Ga-* is soos Nama *#gâ*, ‘*der Bergkrantz*’, (‘die bergkrans’) (Kr.-R. 1969:97), en die lid *-guis* soos Nama *#guis*, ‘*Nase (auch Bergnase)*’, (‘neus, ook bergneus’) (Rust 1960:44). Die weergawe van die naam as *#Ka#kuis* by Palgrave is fonologies en ortografies nader aan die Boesmans; die komponent *#Ka* van die variant *#Ka#kuis* stem ooreen met die //N !ke (S2) woord *#kâ*, ‘*krantz*’, (‘krans’), en die komponent *#kuis* met die Naron (C2) woord *#kwisa*, ‘nose’, (‘neus’) (Bleek 1956:653:667).

Hoogoor, Kgabiekies

Hoogoor, plaas nr. 37 in die distrik Gordonia, kry sy naam van die Hoogoorberg 11 km oos van Goodhouse en 43 km oos-suidoos van Abbasas. MJ Oosthuizen (vraelys van Opmeting 1950 in Nienaber & Raper 1977:501) gee die volgende inligting: “Naam is oud. Naam van ’n berg. Korannanaam is ‘*Kgabiekies*’, en beteken ‘Twee hoë koppe wat staan soos ore’. Geleë op die plaas Hoog-oor.” Nienaber en Raper dui aan dat die s.nw. ‘oor’ in Nama *#gai-* en in /Korana *#kx’ai* is: “Die twee hoë bergdele lyk dan soos twee ore,

of oorskelp, in ongelede vorm soos die lid *Kga-* (Kora $\neq kx'ai$). Die lid *-bie-* is wel die gewone lokatiewe suffiks, die res miskien 'n verafrikaansing. Hoe ook al, dit is duidelik dat Hoogoorberg 'n vertaling en in sy slotdeel 'n aanpassing is van 'n inlandse naam ...". Daar sou ook moontlik 'n verband gesoek kon word tussen die komponent *Kga* en die /Xam (S1) woorde *!kau*, *!kaɛu*, 'hoog, groot' (Raper 2021:35), en tussen die lid *kies* en die Mohissa (C1b) woord *tʃi*, *tʃie*, 'ear, to hear', ('oor, om te hoor') en die Hie (C1) woorde *tʃee*, *tʃetʃe*, 'ear', ('oor') (Bleek 1956:227, 229). Die Hadza (C3) word *tʃapitʃi*, 'ear', ('oor') (Bleek 1956:225, 713), is fonologies en semanties so na aan die naam *Kgabiekies* dat die versoeking bestaan om te wonder of dit die kern van die naam is, en dat die begrippe 'Hoog' en 'berg' bygevoeg is om die geografiese entiteit te beskryf.

Horingkransvlakte, Nakaeis

Tydens veldwerk by Rehoboth in 1977 het lede van die Suid-Afrikaanse Polisie daar gesê: "Nakaeis is Horingkransvlakte." Hier word verwys na plaas nr. 373, ten suide van Rehoboth en oos van die plaas Hornkrantz geleë. Die naam verwys na die vorm van die krans wat lank en smal is en soos 'n horing lyk, meen Nienaber en Raper (1980:602). 'Horingkransvlakte' is lid vir lid 'n vertaling van die inlandse naam *Nakaeis*. Die lid *Na-* is soos die Namawoord *//nâb*, 'Horn', ('horing'), ook die Naron (C2) woord *//na* en die Sesarwa (S5) woord *//na:*, 'horn', ('horing') (Bleek 1956:612). Die lid *-ka* is soos Nama $\neq gâs$, 'der Bergkrantz', ('bergkrans') (Rust 1969:97) en soos die //N !ke (S2) woord $\neq kâ:$, 'ridge of rocks, 'krans', ('rif rotse, krans') (Bleek 1956:653); en die lid *-eis* van die naam is soos Nama *-ei-*, 'das Gesicht, die Oberfläche', ('gesig, oppervlakte') (Rust 1969:61), ook 'vlakte'.

Langbeen, Anuchamis

Tot omstreeks 1916 is die naam *Anuchamis* gebruik vir 'n waterhaalplek aan die Kainabrivier tussen Karasburg en Aroab, effens noord van Duurdrift (Nienaber & Raper 1980:174-175). Die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) toon "*Anuchamis (Langbeen)*", en die landkaart DSWA 1911 Blatt 29 Warmbad gee net die naam *Langbeen* aan. Nienaber en Raper (t.a.p) wys daarop

dat “as ’n plek twee name het, dan word albei ... genoem soos hulle toe voorgekom het. In die reël is die oudste naam die inlandse, die ander is die vertaling daarvan. ... Die element *-nucha-* sal ... ooreenstem met Nama /*nū* = ‘*das Bein*’, (‘been’) as gronddeel, en met /*nūxa* = ‘*langbeinig, vielbeinig*’, (‘langbenig, veelbenig’) (Kr.-R. 1969 302). Die *-mi-* is hier bepaaldelik lokativerend, die *-s* (fem. sing.) ’n lokatief vir die waterplek. ‘Langbeenplekfontein.’” Die komponentindeling van die naam *Anuchamis* is anders by die //N !ke (S2) kognate. Die komponent *A-* stem ooreen met die //N !ke (S2) woorde /*a*, ‘long’, (‘lank’), /*ā* ‘to be long’, (‘om lank te wees’) (Bleek 1929:55; 1956:267); die komponent *-nucha* is vergelykbaar met die //N !ke (S2) woord /*k’u:ka*, ‘leg’, (‘been’) (Bleek 1956:731), waar die wisseling van *n* en *k* sigbaar is. Die komponent *-mi* is plekaanduidend, en die slot-*s* is die vroulike enkelvoud-genusmerker. *Langbeen* is inderdaad die vertaling van *Anuchaamis*.

Grootderm, Kuwis

Kuwis is die naam van ’n sytak van die Oranjerivier wat vanuit die suidweste by Groot Dermdrift daarby aansluit (Sprigade & Moisel *Kriegskarte* 1904). Geografies korreleer dit presies met die huidige Grootderm, en ook taalkundig is daar ’n korrelasie (Nienaber & Raper 1980:585). Die Namawoord vir ‘derm’ is /*gûib(-s)*, ‘*Darm*’, (‘derm, ingewande’) (Rust 1960:13), met wisseluitspraak /*kûi-*, wat goed ooreenstem met *Kuwi*. Hierdie woord stem presies ooreen met die Naron (C2) woord /*gui*, ‘intestine’, (‘ingewande’) (Bleek 1956:283) wat, soos *Kuwis*, geen nasaliteit toon nie. Moontlik dui die slot *-s* daarop dat die beginpunt van die naam ’n fontein was, *-s* synde die vr. ekv. wat gewoonlik so ’n waterbron aandui, en Nienaber en Raper meen dat die Afrikaanse naam oorgegaan het op die drif, die berg en die plaas, soos aangedui op SA reeks 1972 vel 2816 DA Grootderm. Die beskrywende naam sou egter miskien eerder geslaan het op die kronkelende vorm van die waterstroom.

Hartsvier, Gaykoup

Die *Gaykoup* word op die *Generale Kaart* van PH Voorman (1805) aangedui as die *Hartsvier*, sytak van die Vaalrivier. Nienaber en

3. Khoi-khoi

Raper (1980:313) meen: “Die lid *Gay*- hier is dan soos Nama (en Kora) *kai* = ‘groot’, en die lid *-koup* is soos *Ꞥgaob*, ‘*Herz*’ (‘hart’) (vgl. Rust 1960 DNW 30), letterlik die ‘Groothart(rivier)’ – ml. ekv. *-p* word as teken by riviernaam gebruik.” ’n Ander moontlikheid is dat die naam *Gaykoup* lid vir lid ‘Hartsrivier’ beteken. Die komponent *Gay* is fonologies en semanties vergelykbaar met die //N !ke (S2) woord /*gai*, en die //Kxau (S2b) woord /*kae*, ‘heart’, (‘hart’) (Bleek 1956:296), waar die wisseling van *g* en *k* voorkom; die komponent *-koup* is miskien soos die ꞤKhomani (S2a) woord //*k*ꞤꞤou, ‘waterhole’, (‘watergat’) (Bleek 1956:611), indien daaraan gedink word dat vir uitkennings- en verwysingsdoeleindes dit doeltreffender sou wees om na ’n beperkte entiteit te verwys as na ’n hele rivier. Dan sou nog ’n ekwivalent die /Xam (S1) woord !*ka*Ꞥo, ‘waterpan’, kon wees (Raper 2021:107).

Hartsrivier, Gaobgariiep

Gaobgariiep is een van die ou name vir die Hartsrivier, sytak van die Vaalrivier. Thompson (1823:78) deel mee: “I learned that Messrs Hodgson and Broadbent, Wesleyan Missionaries, had proceeded up the Yellow River, or one of its tributaries called by the Griquas the Hart”, (“Ek het verneem dat die here Hodgson en Broadbent, Wesleyaanse sendelinge, met die Geelrivier opgegaan het, of een van sy sytakke deur die Griekwas die Hart genoem.”). Die verklaring van die naam word verstrekk deur Pettman (1931:20): “Ꞥ*Gaob*-!*Gariieb*, Ꞥ*gaob* = ‘the heart’, !*Gariieb*, the Orange River ... was given by the Koranna Hottentots to the branch of Vaal River now known as the Hart River.”, (“*Gaob*-!*Gariieb*, Ꞥ*gaob* = ‘die hart’, !*Gariieb*, ‘die Oranjerivier’, is deur die Koranna-Hottentotte aan die tak van die Vaalrivier tans as die Hartsrivier gegee.”). Ook in Nama is die woord vir ‘hart’ Ꞥ*gaob*, ‘*Herz*’ (Rust 1960:31), wat ooreenstem met die Korannawoord Ꞥ*gaob* en die Naron (C2) woord Ꞥ*gau*, Ꞥ*gau*Ꞥa, ‘hart’ (Raper 2020:347). Die woord verskyn met die serebrale klapklank ! in die /Xam (S1) woord !*gau*, ‘blood, heart’, (‘bloed, hart’), met sy sinoniem !*gausa* (Bleek 1956:378).

(c) Omvang, grootte

Grootberg, Abeep

Grootberg is die naam van 'n berg ten weste van Doornpoort aan die Oranjerivier. Vir hierdie verheuenheid gee die Sensukaart van 1891 "Tn.Abeep or Plat Berg" aan. Nienaber en Raper (1980:156) aanvaar dat *Plat Berg* die vertaling van *Tn.Abeep* is, en stel die komponent *Tn.Abee-* gelyk aan die Namawoord *#hawa*, 'platt (*flach*)', ('plat') (Rust 1960:48). Om die verskil tussen (*Tn.*)*Abee* en (*≠*)*hawa* te verklaar, wys hulle op die verwisselbaarheid van *b* en *w*, en van *a* en *e*, en verduidelik verder: "die slot *-p* vir die ml. ekv. is hier die gewone indeks vir 'n bergnaam." Die lid *Tn.Abeep* is ook vergelykbaar met die Naron (C2) en //N !ke (S2) woord /*ka:ba*, 'flat', ('plat') (Bleek 1929:39). Dan sou die slot-*b* die manlike enkelvoud uitgang wees wat die berg aandui. 'n Ander moontlike verklaring is om die komponent *Tn.A-* as vergelykbaar te sien met die //N !ke (S2) woord /*k'ã*, 'flat', ('plat') (Bleek 1929:39), waar die dentale of alveolêre medeklinker met nasale neweklank, *Tn.*, ooreenstem met die dentale of alveolêre klapklank met nasale neweklank /*n*, en die slotkomponent *-beep* 'n plekaanduidende agtervoegsel is. Nienaber en Raper (1980:156) deel egter mee dat die berg nou as *Grootberg* bekend staan, en dat die ander twee name verdwyn het. Dis moontlik dat *Grootberg* die naam *Tn.Abeep* vertaal. Die komponent *Tn.A* is soos die //Xegwi (S3) woord /*a*., die /Nu //en (S6) woord !*na*., die //N !ke (S2) woord /*a*., /*ã*., die Auen (N1) woord /*kã*, en die /Auni (S4) woord /*ã*, /*kã*, wat almal 'groot' beteken (Bleek 1929:22; 1956:267, 295, 368, 402). Albei name, *Grootberg* en *Plat Berg*, is op die berg van toepassing, wat sowel groot as plat is. Die ouer Hollandse naam *Plat Berg* is miskien die primêre vertaling, maar beide "Grootberg" en 'Plat Berg' is taalkundig geloofwaardig.

Grootrivier, Garie

Vir die Oranjerivier, die grootste rivier in Suid-Afrika, is name uit verskillende tale opgeteken. Die Boesmannaam is in 1761 deur Brink en Hop (in Godée Molsbergen II 1916:44) aangegee as "de groote rivier, anders Charie of Eyn gent."; ("die groot rivier, anders Charie of Eyn genoem.") Rykvoet het in 1764 geskryf

3. Khoi-khoi

van “*dem Grossen Fluss, auch Charie genannt*”; (“die groot rivier, ook *Charie* genoem”) (Moritz 1915:184), en in 1777 het Gordon (Ms.1 1777:104) verwys na die “*’garie of grote rivier*”; (“*garie of groot rivier*”). Mentzel het in 1787 geskryf oor “*the Grootte Rivier, which is also called the Groot Berg Rivier or ‘Charie’ or ‘Eyn’.*”; (“die Grootte Rivier, wat ook die *Groot Berg Rivier* genoem word, of ‘*Charie*’ of ‘*Eyn*’.”) (Mandelbrote 1944:216). Die Duitse naam *Grossfluss*, (‘groot rivier’) en die hibridiese *Oranjestroom* is deur Kroenlein (1889:93) onder die lemma *!Garib* aangegee. ’n Hollandse en Afrikaanse aanpassing, *Gariëp*, is in 1801 deur Borchers opgeteken toe hy verwys het na “*de Groot of Oranje Rivier, bij de inboorlingen bekend als de Gariëp*”; (“die Groot of Oranjerivier, onder die inboorlinge bekend as die *Gariëp*”), en “*De groote stroom, als Groot, t’Gariëp of Oranje Rivier bekend*”, (“Die groot stroom, as *Groot, t’Gariëp of Oranjerivier* bekend”) (Nienaber & Raper 1977:381). Die vroeë alternatiewe naam *Vigiti Magna* (Nienaber & Raper 1977:329) verwys ook na die grootte van die rivier, *magna* synde Latyns vir ‘groot, omvangryk’. Nienaber en Raper (1977:382) beweer “Die algemene naam onder die Blankes was die *Grootrivier*”, soos die huidige skrywer ook uit sy kinderdae onthou. Die naam *Charie*, wat ook voorkom as *’garie* en *t’Gariëp*, waar die apostrof en ’t ’n klapklank voorstel, word dus herhaaldelik aangegee as ’n alternatief vir *Groot, Grootte, grote, grootte, Grosse* en *magna*. Dit wil voorkom asof die byvoeglike naamwoorde as beskrywings vertolk is, want verklarings dui gewoonlik nie aan dat die name *Big River, Grootrivier, Grosse Fluss* ensovoorts vertalings van *Charie* en sy variante is nie. Tog blyk dit taalkundig dat dit wel die geval is. Die /Xam (S1) woord vir ‘groot’ is *!karri* (Bleek 1956:456), vergelykbaar met die /Nu //en (S6) woorde *~//karri* en *~//kare*, ‘big, many, all’, (‘groot, baie, almal’) (Bleek 1956:559). Hierdie woorde stem semanties en fonologies ooreen met die name *Charie* en *t’Garië-*, waar die wisseling van *g* en *k* merkbaar is. Die klapklank wat in die vorme *’garie* en *t’Gariëp* voorkom, verteenwoordig dus óf die laterale of retrofleks-frikatiewe klapklank *//*, of die serebrale of palato-alveolêre klapklank *!*. Die slot-*p* in die variant *t’Gariëp*, wat as die Hollandse en Afrikaanse vorm *Gariëp* aangepas is, is die Khoi-khoi manlike enkelvoudsuitgang wat ook as *-b* in the Khoi-khoi-variant *!Garib* voorkom, ’n verdere stap in die stratifikasieproses.

Grootrivier, Quaecoma

In 1705 het Starrenburg (in Valentyn 1726:94) opgeteken: “Hier was de ... rivier ... wel duizent schreden breed ... deze rivier, op hunne taal Quaecoma genoemt...”; (“Hier was die... rivier ’n goeie duisend treë breed ... hierdie rivier, in hulle taal Quaecoma genoem ...”), en “... van de groote Quaecomas rivier...”; (“... van die groot Quaecomas rivier.”). Nienaber en Raper (1977:991) wys daarop dat geen verklaring vir die naam verstrekkend is nie, maar dat Mossop (1935:155) aandui dat Starrenburg se *Quecom(m)a* die huidige *Verloren Vallei* is, en dat dit ook bekend is as die “*Sand of Zeekoeien Rivier*” van Olof Bergh (1682). Nienaber en Raper (t.a.p.) verduidelik dat hierdie laaste mededeling drie aanknopingspunte gee; en dat die name Sandrivier, Seekoeirivier en Verlorevlei almal vertalings van *Quaecomma* kan wees: “’n Sandduin is in Khoekhoens ... *Koa*, Nama vir ‘sand’ is //khae; ... hulle kán aansluit by Starrenburg se *Quae*. En as *-co(m)ma* (Ou-Kaaps *-kamma*) verstaan word as ‘rivier’, dan is die naam vertaalbaar met ‘Sand(duin)rivier’. Maar ook ‘Seekoeirivier’ is moontlik; ‘seekoei’ is bv. in Ou-Kaaps *t’gao*, *kaou-*, ens. ... Die gewone patroon by ou name is dat so baie regstreeks uit Khoekhoens vertaald oorgeneem is. Ons meen dat Verloren Vallei ook so ’n vertaling is. Die grondslag van die komponent *Quae-* in Starrenburg se onbeholpe benadering is kennelik soos Nama *ṁkhôa* = ‘verlieren, Schaden leiden’, (‘verloor, skade lei’) (Kr.-R. NW 249). Die Topo-kadastrale reeks 196 vel 3218 Clanwilliam spel plaas nr. 1933-61-3092 ‘Verloren Vlei’, en die vlei ‘Verlorevlei’, albei voortsettings van die ou naam ‘Verlo(o)ren Vallej’. ... Die ou naam is derhalwe nog in lewendige vertalings tot vandag bewaar.” ’n Boesmanwoord wat ook goed by die komponent *Quae* sou aanpas, is die /Xam (S1) woord *tua*, ‘to let go, lose hold of; to lose’, (‘om te laat gaan, houvas verloor, om te verloor’) (Bleek 1956:240). ’n Ander moontlikheid is die /Xam (S1) woord *kwokwaĩ*, ‘sudden disappearance, perhaps an earthquake’, (‘skielike verdwyning, miskien ’n aardbewing’); *kwo-kwāi*, ‘disappearance’, (‘verdwyning’) (Bleek 1956:115, 711), wat die rede sou kon wees waarom die vlei verlore geraak het. Daar is ook ’n vierde moontlikheid. Dit blyk dat Starrenburg die betekenis van die naam kon aangegee het in sy verwysing na “*de groote Quaecomas rivier*.” Starrenburg meld dat *Quaecomas* ’n ‘*grote*

3. Khoi-khoi

rivier' is. Die komponent *Quae* sluit dan fonologies en semanties aan by die /Xam (S1) woord *gwai*, 'great' (Bleek 1956:52), en die komponent *-com(m)a* by die Hadza (C3) woord *kamua*, 'river, pool, waterhole', ('rivier, poel, watergat') (Bleek 1956:79). Hierdie verklaring strook met Starrenburg se beskrywing van die rivier as synde groot, en sluit wat klank en betekenis betref ook by die komponente van die naam *Quaecoma* aan.

Grootrivier, Taucoee

In 1777 het Gordon (Ms. 1 1778:37) "*met allerley draayen omtrent middag by de grote rivier [aangekom], dewelke midden door de cloof draayde, en 'tau'coe'e genaamt is op Hottentots buffelsland rivier*"; ("Met allerlei draaie omstreek middag by die groot rivier aangekom, wat deur die middel van die kloof kronkel, en *tau'coe'e* genoem is, in Hottentots *Buffelslandrivier*."). *Taucoee* is die ou inlandse naam vir die huidige Grootrivier, 'n sytak van die Gouritsrivier in die distrik Mosselbaai (Nienaber & Raper 1977:1020). Hierdie skrywers meen die komponent *tau* is soos die Ou-Kaapse woord *t'aouw* vir 'buffel' wat in 1691 deur Schrijver opgeteken is, en soos die Nama woord */gao*. Die lid *-cou* stem ooreen met Kora *!gū-b* en Nama ook *!gū-* en *!hū-* = 'Land', ('land, landstreek') (Rust 1960:38). Met die slotlid *-e* is daar minder sekerheid, maar is "miskien gelyk te stel met Nama */a-* = rivier, in hierdie streek onder die Gourits-sprekers 'e, met die stomp aksent soos *!?* In Nama is die opgawe hiervolgens te lees as *!Gao-!gu-!a(b)*." Boesmanwoorde vir 'buffel' wat ook vergelyk kan word met die komponent 'tou, is die Kung (N2) woorde */gau, /kau*, en die Hie (C1) woord */hao, !kau*, 'buffalo', ('buffel') (Bleek 1956:276, 303, 287). Woorde vir 'land' wat met die komponent 'coe vergelykbaar is, is die /Xam (S1) woorde *!khou* en *!kãu*, 'land, field', ('land, veld') (Bleek 1956:429, 562), en vir die slotkomponent *-e* is daar die /Auni (S4) *æi*, 'river', ('rivier') (Bleek 1956:643). Daar is egter 'n ander moontlike verklaring. Gordon deel mee dat sy geselskap omtrent middag by 'de grote rivier' aangekom het. Indien 'grote rivier' soos deur Gordon beskryf en die huidige naam *Grootrivier* die vertaling van 'Tau'cou'e is, is die lid 'Tau gelyk te stel met die /Xam (S1) woord *!kau, !kau*, 'groot' (Raper 2021:31), waar die simbool ' die serebrale klapklank ! verteenwoordig en die

verwisselbaarheid van *t* en *k* voorkom, en die komponent *couee* is soos die Hie (C1) woord *kwe*, 'river' (Bleek 1956:112).

Klein Kliphuis, Pakhuis

Die *Pakhuisberg* is ten noordweste van die Sederbergreeks, ongeveer 8 km noordoos van Clanwilliam geleë. Die naam *Pakhuis* word ook gedra deur die Pakhuispas, wat Clanwilliam en Calvinia verbind. Volgens sommige bronne is die naam van Nederlands afgelei, en verwys dit na die vorm van die berg; verskeie rotsformasies kom daar voor wat lyk asof hulle opmekaar gepak is. Daar is ook voorgestel dat die naam na die vorm van die rotsformasie verwys wat aan 'n pakhuis of stoorplek herinner (Raper 2004:299). Hierdie verklarings word egter betwyfel omdat die naam herhaaldelik deur Duitse sendelinge van Wupperthal as *Bakhuis* opgeteken is (Nienaber & Raper 1977:537). So het pastoor Johannes Leipoldt in 1830 geskryf: "*Ich eilte ... auf den Platz Kleen Bakhuis. ... Als ich ... auf den Bakhuis-Berg kam ...*"; ("Ek het my gehaas ... op die plek Kleen Bakhuis. Toe ek ... by die Bakhuisberg kom ...") (BRM 1832:62 in Nienaber & Raper 1977:537). Die woord *Kleen* is blykbaar 'n poging om die woord *Klein* te skryf, die tweeklank *ee* in Hollands soos *ei* uitgespreek. Die komponent *Bakhuis* sou mens kon vertolk as 'n huis of ander struktuur waar kos ens. gebak word, maar die voorkoms van die variant *Pakhuis* maak dit minder seker. Die plek *Klein Kliphuis* word op die 1:250 000 landkaart van Suid-Afrika noord van die Pakhuispas, ongeveer 7 km oosnoordoos van Clanwilliam, aangedui. *Klein Kliphuis* korreleer dus met Leipoldt se *Kleen Bakhuis*, sodat dit duidelik is dat *Kliphuis* en *Bakhuis* variante van dieselfde naam is. Die onsekerheid oor die spelling en verklarings van die twee name dui op die moontlikheid van die aanpassing van 'n ouer inheemse naam. Die komponent *Pa* van die naam *Pakhuis* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *Opwa*, 'klein', wat ook in //Nǀke (S2) en Sesarwa (S5) voorkom; ook met die //Xegwi (S3) woord *Opā:(ri)* en die Naron (C2) woord /*kwa:*, 'little', ('klein') (Bleek 1929:54). In laasgenoemde kognaat is die dentale klapklank met neweklank /*k* afwisselend met die lipklank met bilabiale neweklank *Op* in die woord *Opwa*, sodat /*kwa* en *Opwa* met mekaar korreleer. Die komponent *-khuis* van die naam

3. Khoi-khoi

Pakhuis is soos die Namawoord /uis, 'Stein', ('klio, rots') (Rust 1960:59), en die /Xam (S1) en //N !ke (S2) woord !kwe, 'digging stone, perforated stone used to weight digging stick; also used for the digging stick itself'; ('graweklip, deurboorde klip wat gebruik word om die grawestok swaarder te maak; ook vir die grawestok self gebruik') (Bleek 1956:463). *Pakhuis* is dus 'n aanpassing van *Opwa/uis* of 'n variant daarvan, wat 'klein klip' beteken; en die byvoeglike naamwoord *Klein* of *Kleen* in pastoor Leipoldt se geskrif moontlik 'n toutologiese vertaling van die woord *Opwa*.

Kleinplaas, Cariega

Cariega is die inheemse naam vir die plaas *Kleinplaas* wat 15 km suidwes van Grahamstad geleë is. Die Afrikaanse naam is 'n vertaling van *Cariega*, wat op sy beurt 'n aanpassing van 'n ouer inlandse naam is. Die komponent *Cari* is fonologies en semanties vergelykbaar met die Namawoord #kari, 'klein' (Rust 1960:35), sowel as met die /Nu//en (S6) woord /kari en die Naron (C2) woord /k'are, 'small', ('klein') (Bleek 1929:76). Die komponent *-ga* is vergelykbaar met die //Kxau (S2b) woord /kxʔa, 'place', ('plek') (Bleek 1956:335) en die Naron (C2) woord !a, 'place, district', ('plek, distrik') (Bleek 1956:369). By die woord /kxʔa stem die velêre glyklank x ooreen met die velêre glyklank g in die lid *-ga*.

Kleinrivier, Artjes(vlei)

Artjesvlei is die naam van 'n streek in die distrik Hermanus in die Wes-Kaap. Dit word begrens deur die Babilonstoringberge aan die noordekant en die Kleinrivierberge in die suide. Die naam *Artjesvlei* of *Atchavlei* was vanaf omstreeks 1870 in gebruik, maar die streek is tans bekend as *Ertjiesvlei*, glo genoem na wilde-ertjies wat daar groei. 'n Beswaar teen hierdie verklaring is dat die naam ook opgeteken is as *Artjesvlei* en *Atchavlei*, en die Hollandse woord vir 'ertjies' is *erwtten*, nie *ertjes* of *artjes* nie. 'n Moontlike oplossing vir die vraag kan dalk die naam wees van die *Kleinrivierberge* wat die suidelike grens van die streek vorm, en wat moontlik die streek sy naam gegee het en die vertaling van die streeknaam is. Die komponent *Ar-* is soos die segment *Ar-* van die *Artjes*, vergelykbaar met die Naron (C2) woord #are, ook /k'are, 'small' (Bleek 1956:642, 755); ook met die /Xam (S1) woord ts'are, 'klein'

(Raper 2021:42). Did lid *-cha* van die variant *Atchas* is soos die /Xam (S1) woord /k'a, die Auen (N1) woord #ka:, die Kung (N2) woord ̄lkã, en die /Nusan (S6a) woord /a:, 'river' (Bleek 1929:70; 1956:268), en die lid *-tje* of *-tjies* van die variant *Artje(s)*- met die Hadza (C3) woorde *ati:je, ati, ate*, 'water' (Bleek 1956:2). Ook vir die komponent *Er* van die alternatiewe vorm *Ertjies(vlei)*, kan Boesman-ekwivalente uitgewys word, naamlik die Naron (C2) woord #erri en die /Xam (S1) woord #ēri, 'klein' (Raper 2021:42) 'small' (Bleek 1956:642).

(d) **Telwoord, getal**

Driekoppe, Kouberg

Kouberg is die naam van 'n berg 21 km noord van Kamieskroon en 40 km suid van Springbok. Daar word beweer dat die naam afgelei is van die Khoi-khoiwoord *kou*, 'candle-bush', *Sarcocaulon patersonii*, *kersbos* in Afrikaans (Raper *et al.* 2014:249), 'n vetplant wat lank brand selfs as dit groen is, as gevolg van 'n wasagtige afskeiding. Dit word deur die Boesmans as fakkel gebruik en staan daarom ook bekend as *Boesmanskers* (Smith 1966:148-149). 'n Ander verklaring lui dat die naam 'die laaste berg' beteken, van die Namawoord *khau-ei*, 'agter, laaste', omdat hierdie berg die laaste een is wat mens teëkom op pad na die vlaktes van Boesmanland (Raper *et al.* 2014:249). Dit strook met die mededeling van GPL Boonzaaiër (1973 vraelys in Nienaber & Raper 1977:770): "Kouberg, beteken 'Laaste Namakwalandse berg. Daarvandaan is dit net Boesmanlandse vlaktes." In hierdie stadium glo Nienaber en Raper (t.a.p.) "Met stemlose *k-* soos Nama *!gou-s* [*!gau-s*] = 'das Ueberbleibsel, Ueberschuss, der Rest', ('die oorblyfsel, die oorskot, die res') (Kr.-R. 1969 DNW 129), die laaste, hoewel ook denkbaar is soos Nama *khau-* in die betekenis van 'agter', maar dit is minder waarskynlik as 'n postposisie (*khaus-ei*)." Etlieke jare later het PJ Malherbe die verklaring verstrek soos deur die stadsklerk JA Nieuwoudt oorgedra (in Nienaber & Raper 1980:561): "Kouberge, dit is Tkauberge. Dit is die laaste berge voordat jy in Boesmanland kom. ... Die laaste kind is die tkaukind." Taalkundig is dan 'n verband moontlik met Nama *khau*, 'der Hintere, die Rückseite', ('agterkant, rugkant') (Rust 1969:214),

“d.w.s. die berge wat aan die rugkant of agter jou lê. Indien die T- van Tkauberge ’n klapklank voorgestel het, word dit nie meer in moderne Nama gehoor nie.” (Nienaber t.a.p.). Die skoolhoof P van Heerde (brief in Nienaber & Raper 1980:770) verduidelik dat die naam Kouberg verskillend verklaar is as “eers ‘Klipberg’, toe ‘Die laaste berg’, eindelijk ‘laaste of jongste kind’.” Toe het mnr. Van Heerde by Bleek en Lloyd se *Bushman Folklore* ’n ander verklaring gekry: “Hulle gee *!Kháu* as ’n soort akkedis. Die *!Kháu* het probeer om oor die sand of duin oor die berg te kom. Toe verloor hy sy stert. Met nog te beur verloor hy die tweede deel van sy liggamsdeel. Met nog te beur kon hy met sy kop ’n ent verder kom, en toe bly die kop ook lê. Die drie berge, die Stert, die Liggaam, die Kop. Die oorspronlike naam was Driekoppe.” Hierdie verklaring dat die Afrikaanse naam vir die berg *Driekoppe* is, open die moontlikheid dat dit die vertaling van die inheemse naam is. In hierdie geval is die komponent *Kou* vergelykbaar is met die woord *!kau*, *!kao*, ‘drie’, wat in Sesarwa (S5), Auen (N1) en Kung (N2) voorkom, en die !O *!kuŋ* (N3) woord *ˀ!kau*, ‘drie’ (Bleek 1956:412; Raper *et al* 2014:249). Die generiese komponente *-berg* en *-koppe* identifiseer die benoemde entiteit.

Tweeriviere, Kamgams

Die plek van samevloeiing van die Auob- en Nossbriviere staan bekend as *Tweerivier*. Papst (1894 in 23 s.j.:92) stel dit as volg: “nach dem Tweerivier, der Stelle, wo sich der Ouob und #Nossob vereinigen.”, (“na die Tweerivier, die plek waar die Ouob en #Nossob hulle verenig.”). Die inlandse naam word deur Schwabe (1904:182) aangegee as *Kamgams*. Nienaber en Raper (1977:627) stel die lid *Kam-* van hierdie naam gelyk met die Nama woord */gam*, ‘zwei’, (‘twee’) (Rust 1960:78.), waar die wisseling van *k* en *g* sigbaar is, en die lid *-gams* met die Nama woord *//gami*, *//gams*, ‘Wasser’, (‘water’) (Rust 1960:72). Die lid *Kam* stem ook ooreen met die (S4) woord */kam*, ‘two’, (‘twee’) (Bleek 1956:299), wat soos die eerste komponent van die naam *Kamgams* die medeklinker *k* vertoon. *Tweeriviere* is die vertaling van die inlandse naam.

Vyf Susters, Koeroegab

Omtrent 14 km oos van *Koeroegab*, 'n berg 20 km noord van Khubus in the Richtersveld, lê die heuwelreeks bekend as die *Vyf Susters*, in Engels bekend as *Five Sisters*. Die rede vir die naam lê voor die hand; daar is vyf koppe in die reeks. Die Afrikaanse naam *Vyf Susters* sowel as die Engelse naam *Five Sisters* het dieselfde betekenis as die inlandse naam *Koeroegab*. Die lid *Koeroe* is soos die /Auni (S4) en /Nu//en (S6) woord *koro*, 'five', ('vyf') (Bleek 1956:101) en die Namawoord *goro*, 'fünf', ('vyf') (Rust 1960:24); die komponent *gab* stem ooreen met die /Xam (S1) woord //xa en die /Nu //en (S6) woord /xã, 'sister, older sister', ('suster, ouer suster') (Bleek 1929:75). In hierdie woorde is die wisselbaarheid van *k* en *g* te bespeur, en die wisseling van die velêre glyklank *g* en die laterale suigklap met frikatiewe neweklank, //x. Die verskeie allonieme weerspieël dus invloede van Afrikaans, Engels, Khoi-khoi, /Auni, /Nu//en, en /Xam.

3.2.2 Watergehalte, Geardheid

Brakkevallei, Tythouw

In 1705 skryf Starrenburg (in Valentyn 1726:95): "... resolveerden wy deze rivier die voorby de Kraal loopt (en door de Hottentots Tythouw genaamt wort) te volgen ... Deze Tythouw rivier ontlast zich niet in zee, maar eindigt in een groote zoutpan.", ("... besluit ons om hierdie rivier, wat verby die kraal loop (en deur die Hottentotte Tythouw genoem word), te volg. Hierdie Tythouw rivier water nie in die see uit nie, maar eindig in 'n groot soutpan.")). Mossop (1927:156) voeg hierby: "It has been suggested to the writer by Dr. J.A. Engelbrecht ... that Tythouw may be derived from the Hottentot words *!hai* = 'to hunt on horseback', and *koa-b* = 'the elephant', so that the name Elephants Chase given to this valley by Van der Stel's journalist appears to have been a literal translation of the original name."; ("Daar is deur dr. JA Engelbrecht aan die skrywer voorgestel dat Tythouw afgelei kan wees van die Hottentot woorde *!hai* = 'om te perd te jag', en *koa-b* = 'die olifant', sodat die naam Olifantsjag wat deur Van der Stel se joernaalhouer aan hierdie vallei toegeken is, 'n letterlike vertaling van die oorspronklike naam skyn te wees. "). In Bergh se Joernaal

3. Khoi-khoi

(Mossop 1931:32) onder datum 7 November is aangeteken: “... *quamen doe op een groote valeij daer een was vol riet, goet gras en vers water*”, (“kom toe op ’n groot vallei wat een was vol riet, goeie gras en volop water”), en hierop verduidelik Mossop: “Nou Langvlei genoem. ... Die Hottentotse naam was Tythouw, en hy stroom in die groot ‘Lange Vlei’ anderkant die klein dorpje Leipoldtville. ... Langvlei is die ‘Oliphants Jagt’ van die dagboekhouer van Van der Stel se reis (sien op dato 11 Sept. 1685). Vaandrig Rhenius praat in 1724 daarvan as die ‘*Brakke Vally of anders de Oliphhants Jagt genaamt.*’.”; (“Named Brakke Vally or otherwise the Olifantsjag”). Met belangstelling het die skrywer by sy nasporinge na Olof Bergh se roete verneem dat die vallei nou nog bekend staan onder die naam van ‘die Brak’.” (Mossop 1931:92 vn. 14). Op die landkaart by Bergh se roete van 1682 is “Brakke Vallei (Tythouw)” ten ooste van Leipoldtsville geleë (Mossop 1931:179). Nienaber en Raper (1977:1070) wys ook daarop dat “In 1927 het Mossop gesê dat Langvlei Olifantsjagvallei is (Old Cape Highways 156); in sy kaart by Bergh 1682-3 se roete staan teenoor die ou naam Tythou die naam Brakkevallei van Van der Stel van 1685, en in ’n voetnoot daarby die huidige naam Jakkalsrivier. Nie een van die vier name (Langvlei, Olifantsjagvlei, Brakvallei en Jakkalsrivier) laat hulle uit die bekende woordvoorraad met gemoedsrus en aanneemlik met Tythouw verbind nie. Dit is inderdaad ’n vraag of die inlandse naam een of ander van die Hollandse name vertaal; dit kan ’n alternatiewe naam wees.” As mens die moontlikheid insien dat die naam uit Boesmans vertaal kon gewees het, is daar twee moontlikhede. Indien ‘Lange Vallei Rivier’ die vertaling is, stem die lid *Ty-* ooreen met die Naron (C2) woord *ˀkei*, ‘long’, ‘lang’ (Bleek 1929:55), ook met die/Xam (S1) woord */kei*, ‘long’, soos in die frases */kei tau*, ‘a long time’, (‘n lang tyd’), en */kei kau*, ‘long ago’, (‘lank gelede’) (Bleek 1956:308); */kei* is ‘lang’, *tau* is soos die /Xam (S1) woorde *au*, *au:* en *//au*, ‘tyd’ (Raper 2021:91). Die komponent *thouw* is vergelykbaar met die /Nu //en (S6) woord */kau*, ‘valley’, (‘vallei’), en met die Sesarwa (S5) en /Nu //en (S6) woord */kau*, ‘vlei, low lying land’, (‘vlei, laagliggende land’) (Bleek 1929:89; 1956:303). In hierdie inlandse woorde is die wisseling van *t* en *k* te bespeur. Die tweede moontlikheid is dat *Tythouw* ‘Brakkevallei’ beteken. Starrenburg het meegedeel dat die rivier “*in een groote zoutpan*”; (“in ’n groot soutpan”) uitloop.

Die lid *Ty-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *-kei*, ‘big’, (‘groot’) en die lid *-thouw* met die /Xam (S1) woorde *-!k₂au*, *!k₂ou:*, ‘saltpan’, (‘soutpan’) (Bleek 1956:86, 412). *Brakkevallei* is dus in hierdie geval ’n onregstreekse vertaling van die naam *Tythouw*.

Suurbergpoort, Quanti

Etlike verklarings van die naam *Quanti* is opgeteken. Schrijver (1689 in Quellen 3 1929:106) verduidelik: “*an een platte kloof gekomen, die wij regt oost an ingingen, van de Hottentots Quanti, dat is Dagkloof genaamt.*”, (“by ’n plat kloof aangekom, wat ons reguit van die ooste af ingegaan het, deur die Hottentotte Quanti, dit is Dagkloof genoem”). Die plek word deur Mossop (1931:258) geïdentifiseer as “*Quanti* (i.e. Dagkloof); present day or locality: *Zuurberg*, a poort between *Uniondale* and *Willowmore*”; (“*Quanti* (d.w.s. Dagkloof); huidige lokaliteit: *Zuurberg*, ’n poort tussen *Uniondale* en *Willowmore*”), en “*Quanti* or *Dagkloof* is derived from the Hottentot //g_{au} (to dawn).”; (“*Quanti* of *Dagkloof* is afgelei van die Hottentots //g_{au} (om dag te word).”). Nienaber en Raper (1977:992) merk op: “//Goa = ‘daglumier’, //goa-s = ‘oggend’ verklaar o.a. nie die -n- nie en maak die afleiding nog verdag. Ook Skead CJ 1973 Gazetteer 215 stel die plek gelyk met ‘*Zuurbergpoort*’ ... Die naam *Dagkloof* kom nie meer in ons lyste voor nie, ook nie iets wat op die inlandse naam *Quanti* lyk nie.”. Die ‘Hottentot’ woord vir dagbreek is //g_óab, en die Naron (C2) woord is *kwa*, ‘dawn’, (‘dagbreek’) (Bleek 1929:32), wat fonologies presies ooreenstem met die komponent *Qua-*. Ook vergelykbaar is die /Xam (S1) woord *!gauë*, *!gaue*, ‘dag, môre’ (Raper 2021:17). Die komponent *-nti* is vergelykbaar met die Kung (N2) woord *ˀ/k”i*, ‘cleft’, (‘gleuf, groef, kloof’) (Bleek 1956:339), waar die nasaliteit wat hier deur die tilde uitgedruk word, met die nasale *n* van die lid *nti* ooreenstem, en die dentale suigkonsonant / met die alveolêre konsonant *t*. Maar hierdie ‘cleft’, (‘groef’) is die een “at the end of arrow, where it is put on the bowstring”, (“aan die punt van die pyl, waar dit op die boog snaar gesit word.”). Dit is moontlik dat die woord *ˀ/k”i* ook vir ‘cleft’ in die sin van ‘kloof’ gebruik is. Die identifisering van die plek as *Zuurberg* en *Zuurbergpoort* suggereer egter ook ’n ander oplossing, naamlik dat die komponent *Qua-*

3. Khoi-khoi

verenigbaar met die Hie (C1) woord *khauwe*, ‘sour’, (‘suur’) (Bleek 1956:89), en die lid *-nti* ook in hierdie geval soos die woord /k”ĩ, soos hier bo bespreek; dus ‘Suur(berg)poort’. Die ouderdom van die verklaring van die naam *Quanti* as *Daghkloov*, en die noue fonologiese ooreenkoms tussen die lid *Qua-* en die Naron woord *kwa* pleit egter vir hierdie verklaring.

Brakrivier, Gamoep

’n Pleknaam waarby heelwat onsekerheid ter sprake was wat sy betekenis betref, is *Gamoep*. Die naam verskyn vir ’n poskantoor as *Gamup* op Veillet se kaart s.j., en mnr. GPL Boonzaaier (vraelys 1973 in Nienaber & Raper 1977:359) deel mee: “Gamoep, plaas, naaste dorp Springbok. Beteken ‘gras voor die oog’. Steekgras het in die rivier gegroei wat daarlangs loop.” In ’n gesprek met die skrywers in 1974 verduidelik mnr. IJ Kennedy: “Die inheemse gras van hierdie kontrei is die $\#g\ddot{a}$ gras; $\#g\ddot{a}$ is die gras, en *mũ* is die oog.” Hiervolgens is die naam saamgestel uit wat in Nama /*g\ddot{a}-b* = ‘gras’ is, en *mũs* sal wel ‘oog’ wees, met die slot *-p* in lokativerende funksie. Nienaber en Raper (1980:282) sien die saak egter anders. Hulle merk op dat die Topografiese kaartreeks 1975 vel 2918 Pofadder ’n aantal bergname in die omgewing aangegee word “wat kleuronderskeidend is, soos Withoek, Swarthoek, Rooipoort, Bloubank, of aan die teenoorgestelde kant van Gamoep: Witklip, Vaalheuwel, Swartknop, Geelvlei, en dan kry die naam Gamoep daarbinne sin as dit gesien word as kleurnaam. Onmiddellik suidwes van die opstal, ongeveer 3 km daarvandaan, is die koppie ‘Bruinkop’. ... *Bruinkop* is in Nama *Gamoep*, die *-p* (ml. ekv.) indiseer ’n bergnaam, en *-oep* is soos Nama /*ui-b* = ‘kop, berg’, van /*ui-s* = ‘klip, rots’, en die *Gam-* is soos $\#gam(a)$ = ‘bruin’, vgl. *Gmaap*, ou naam van *Modder-*, eintlik *Bruinrivier*. Ons kan aanneem dat ... die plaas Gamoep langs die Brakrivier die ou oorspronklike naam van die Namas hier bewaar, en die kop daarop die Afrikaanse vorm daarvan ontvang het.” Hierdie stelling, naamlik dat die plaas Gamoep aan die Brakrivier geleë is, werp nuwe lig op die saak. In baie gevalle waar ’n plaas aan ’n rivier geleë is, is die plaas na die rivier genoem, en *Brakrivier* mag wel ’n vertaling wees van, of dieselfde betekenis hê as, *Gamoep*. Die begrippe ‘brak’, ‘bitter’, ‘suur’ en ‘sout’ is nie altyd

skerp afgebaken nie. Die /Xam (S1) woord /u: word byvoorbeeld aangegee as ‘salt, also used as brackish, bitter’; (‘souterig, ook as brak, bitter gebruik’) (Bleek 1956:359); die /Nusan (S6a) woord //ga word deur Bleek (1956:374) aangegee as ‘sour, bitter’, (‘suur, bitter’); die Nogau (N1a) woord //ga as ‘bitter’ (Bleek 1956:608); en die Kung (N2) woord !gaá as ‘to be salt’, (‘om souterig te wees’). Die komponent Ga van die naam *Gamoep* is dus vergelykbaar met die Boesmanwoorde //ga en !гаа, ‘suur, bitter, brak’, soos hierbo uitgewys. So ook is die gelokaliseerde fontein (*mūb*) met sy brak water ’n makliker herkenbare entiteit om na te verwys as die uitgebreide rivier.

Brakwater, Guibegaos

In ’n lys van “*Aussenstationen*” noem Kreft (1871 in Quellen 3 1929:226) *Guibib-!Khaus*, wat op Hahn se kaart van 1879 aangegee word as *Guibe-!Gaos*, en op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) as “*Brackwasser (Guibe-!Gaos)*.”; (“*Brakwater (Guibe-!Gaos)*.”). Hierop reageer Nienaber en Raper (1977:475): “Die naam [*Guibegaos*] het in onbruik geraak, dit is nou vervang deur *Brackwasser* ... wat die ou naam nie vertaal nie. Die ou naam bestaan uit *Gui*= ‘melkbos’, ’n *Euphorbia* sp., met plekbenoemende formans *-be-*, plus *!gaos* = ‘inloop, ineenvloeiing, vloer’, hier naamlik waar die spruit in die Konkiep inloop.”. Tog blyk die naam *Brackwasser* of *Brakwater* die ou naam wel te vertaal. In die verskillende Boesmantale kom woorde voor wat na verkeie verwante sake verwys, soos /u, ‘sout’, ‘brackish’ en ‘bitter’. So is die komponent *Gui-* van die naam *Guibegaos* soos die die Kung (N2) en !O !kuŋ (N3) woord *-gwi*, ‘salt’, (‘sout’), ook gebruik vir ‘brak’; die klinker *u* is dikwels verwisselbaar met *w*. Die komponent *!Gaos*, deur Kreft aangegee as *!Khaus*, is vergelykbaar met die /Auni (S4) woord /k”*auu* ‘water’, ‘water-pit’, (‘watergat’) Bleek (1956:338). Die slot *-s* is die bygevoegde vroulike enkelvoud-uitgang.

Brakwater, Tiaob

Schultze (1907:166) gee die naam “*Tiaob, Brakwater*” aan vir ’n plek ten ooste van Aus op die pad na Keetmanshoop. Nienaber en Raper (1977:1027) meld dat *Tiaob* tans bekend is as *Brackwasser*,

wat ook soos die Afrikaanse vorm 'n vertaling is van die inlandse naam. Hulle verduidelik: “Die slotlid *-ao-* is miskien te begryp as /*ǃu-* = ‘bron’, of ‘(lopende) fontein, water’. Met wisseling *t-* en *d-* is die deel *Ti-* bes in verband te bring met die plekname soos *Tewe*, *Debe*, verwant aan *Dabib*, ‘Brakwater, -fontein’.” Hierdie lid *Ti-* is dan ook vergelykbaar met die Hie (C1) woorde *debe* en *debee*, die Auen (N1) woorde *dibi* en *debe*, en die N/uu woord *dyebe*, ‘sout’ (Raper 2020:215, 408). In die betrokke woorde is die wisseling van *t* en *d* sigbaar.

Droëvlakte, Orokap

Van Reenen (1791 in Mossop 1935:298 VRV 15) het opgeteken: “*Van ... Buffelrivier na de xoroxkap of droge flackte; gereden 7 uren. N.B. Voorsch. kruisjes beteeken hed klappen med de tonge.*”, (“*Van ... Buffelrivier na die xoroxkap of droë vlakte 7 uur gery. L.w., die kruisies beteken die klappe met die tong.*”). Soos Van Reenen te kenne gegee het, is die x’e gebruik om klapklanke aan te dui, sodat *xoroxkap* se hoofdele *oro kap* sou wees. Nienaber en Raper (1977:971) verklaar die woord *xoroxkap* as synde “soos Nama /*khoro* = ‘dor (van plante, gewasse)’, ook = ‘kaal’, en *#gāb* = ‘*der Fläche, die Ebene*’ (Kr.-R. 1969 NW resp. 242 en 97).” Hulle merk op dat die wisseling van *-k-* en *-g-* in geskifte van dié tyd gewoon was, en dat die chronologie van develarisasie vir die taalkundige van belang is. Die lid *xoro* is ook vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde /*xoro*, ‘to dry’, (‘om uit te droog’) en *k”orokn*, ‘dry’, (‘droog’) (Bleek 1956:365; 1929:39). Die komponent *xkap* is soos die //N !ke (S2) byvoeglike naamwoord /*k’ā* en die Naron (C2) woorde *#kā*: ‘plain, flat land’, (‘vlakte, plat land’), *#ha*, ‘field, plain’, (‘veld, vlakte’), en /*ka:ba*, ‘flat, plain’, (‘laagte, vlakte’) (Bleek 1929:39; 1956:653, 650), waar die stemhebbende en stemlose bilabiale plofklanke *b* van die woord /*ka:ba* en *p* van die komponent *xkap* mekaar afwissel.

Drooge Rivier, Os stamma

In 1707 het Hartogh is sy Dagregister onder datum 9 November geskryf oor “*de Drooge Rivier, door de Hottentots geheeten Os Stamma*”, (“*die Droërivier, deur die Hottentotte benoem as Os Stamme.*”), en in die transkripsie staan op bladsy 3 “*Os kamma*”.

Nienaber en Raper (1977:973) veronderstel ook: “Godée Molsbergen se lid ‘-stamma’ is ’n wanlesing van -kamma (Nama //gam-i) = ‘rivier, stroom’.”, en noem die moontlikheid van ’n verband tussen die komponent Os- en die Namawoord /or-o, ‘droog’. *Drooge Rivier* vertaal die naam *Os stamma*. Die komponent O(s) is vergelykbaar met die Hie (C1) woord /o, ‘dry’, (‘droog’) (Bleek 1929:35), en die /Xam (S1) woord //k”o:, //ko:, ‘to be dry’, (‘om droog te wees’), ook die //ŋ !ke (S2), Naron (C2) en /Nu //en (S6) woord //ko: ‘to dry, to be dry’, (‘om uit te droog, om droog te wees’) (Bleek 1956:606, 581). Die klapklank is dus óf die dentale frikatiëwe klapklank /, of die laterale frikatiëwe klapklank //. Die komponent *stamma* van die naam *Os stamma* is vergelykbaar met die Ou-Kaapse dialektiese woorde *t’amma*, ‘water’, of *kamma*, ‘rivier of water’ (Nienaber 1963:522, 430), die Hadza (C3) woord *kamua*, ‘river, pool, waterhole’, (‘rivier, poel, watergat’) (Bleek 1956:79), en die !O !kung (N3) woord //kam, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1929:39). Die tweeklank -st- in die woord *stamma* en *t’* in die woord *t’amma* is ’n poging om die klapklank // weer te gee, soos in die Namawoord //gami, ‘water’.

Droërivier, Ouka, Oukamma

’n Woord vir ‘droog’ wat as komponent van ’n pleknaam oorleef het, is *ou*, deur Hartogh in 1707 in die name *Ouka* en *Oukamma*, ‘*drooge rivier*’ opgeteken (Godée Molsbergen III 1922:143). Nienaber (1963:253) meen: “Die eerste lid is te verbind met Na. *u*, ‘*aufrocknen, keine Milch geben*’, (‘uitdroog, geen melk gee nie’), eerder as met /o in dieselfde sin, of met /óm, ‘*abrocknen, abwischen*’, (‘afdroog, afvee’), lg. twee met tongslae. Die woord beteken in eintlike sin: ‘opgedroogde rivier.’”. Verwante Boesmanwoorde vir ‘droog, om droog te wees, om droog te word’, vertoon deur die bank klap- of suigklanke, maar is nader aan die woord *ou* deurdat hulle ook tweeklanke insluit. Sulke ekwivalente of vergelykbare woorde wat klank en betekenis betref, is die Kung (N2) byvoeglike naamwoord !!au, ‘dry, arid’, (‘droog, uitgedroog’), met sy sinonieme !!kao en //kao (Bleek 1956:505); die !Xuhn woord //xao, ‘dry’, ‘droog’ (Weich 2004:154), and the N/uu word //ooa, ‘to be dry’, (‘om droog te wees’) (Shah & Brenzinger 2016:123), vergelykbaar met die /Xam (S1) en //N !ke

3. Khoi-khoi

(S2) werkwoord *-//ko:wa*, ‘to dry’, (‘om te droog’) (Bleek 1929:35), wat van die ander verskil deur die afwesigheid van die ejektiewe neweklank *k* en die glyklank *w*. Die *//N* *lke* (S2) woord */o:*, ‘to dry, rub, stamp, pound’, (‘om te droog, vryf, stamp, maal’), wat ook in Naron (C2) voorkom (Bleek 1956:355), is in vorm vergelykbaar met die Namawoord */ò*, ‘*aufrocknen*’, (‘droog word, verdor’) (Kroenlein 1889:273a), en met die Khwe woord */’òò*, ‘to dry out’, (‘om uit te droog’), wat die dentale suigklank vertoon, terwyl nog ’n Khwe woord, *//xó*, ‘dry out, be dry’, (‘uitdroog, droog wees’) die laterale klapklank met frikatiewe neweklank insluit (Kilian-Hatz 2003:266).

Droërivier, Valsrivier, Arna

Verskillende verklarings is opgeteken vir *Arna*, die inheemse naam van die *Valsrivier* wat sowat 20 km noord van Albertinia ontspring (Raper *et al* 2014:18). Schrijver (1689 in Godée Molsbergen III 1922:119) noem dat sy geselskap “... *zijn omtrent ’smiddags ten 1 uur an de rivier Arna, van de Hottentots genaamt, gekomen, daar wij weinig weide voor de beesten vonden.*”; (“... omtrent 1-uur in die middag aangekom het by die rivier, Arna deur die Hottentotte genoem, waar hulle min weiding vir die beste gevind het.”). Mossop (1931:246 vn.) verklaar die naam soos volg: “Hott. ari (holes) + !na (with). It has been noted that the Valsch River is in the dry season a chain of pools or water holes. We have in this word the descriptive Hottentot name for that branch of the Valsch River now called the Drooge (or Dry) River.”; (“Hott. ari (gate) + !na (met). Daar is opgemerk dat die Valsch Rivier in die droë seisoen ’n ketting van poele of watergate is. Ons het in hierdie woord die beskrywende Hottentotnaam vir daardie tak van die Valsch Rivier wat nou die Drooge (of Droë) Rivier genoem word.”). Nienaber en Raper (1977:215) dui aan dat Mossop direk hieronder verklaar dat die name van die Bot(ter)rivier en Vetrivier van Riversdal gewoon uit Khoi-khoins vertaal is, soos ook met ander plekname wat Schrijver opgeteken het, en meen dit is hier ook die geval. “Die lid *Ar-* is dan miskien te begryp soos Nama */ari* = ‘*aufrocknen* (*Wasser*)’, (‘opdroog’) (Kr.-R. 1969 NW:14), ‘opdroog’, waarby die lid *-na* kan aansluit, bv. *ʔnâ* = ‘*austrocknen*’, (‘uitdroog’) (Rust 1960:62). ... Hoe ook al, ‘Drooge Rivier’ is o.i. bedoel as die vorm

wat vertaal is.” Dis minder waarskynlik dat die twee komponente van die naam ’n toutologiese samestelling vir ‘uitdroog’ sal wees, met ander woorde dat *Arna* ‘uitdroog uitdroog’ beteken, en dat geen woord vir die generiese term ‘rivier’ in die naam voorkom nie. Dit sou meer sin maak het as die lid *-na* ‘rivier’ beteken, ’n woord wat taalkundig vergelyk kan word met die /Xam (S1) en Naron (C2) woord *ʔna:*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:669; 1929:39), wat ook as die fluviale term ‘rivier’ gebruik word. Daar is egter onsekerheid of *Arna* die inheemse naam van die Valsrivier of van die Droërivier is., met ander woorde of *Ar-* ‘vals’ of ‘droog’ beteken. Soos hierbo aangedui, stel Mossop (1931:246 vn.) dit so dat dit die Valsrivier is wat vol poele is, maar dat hierdie eienskap van die Valsrivier tot die benaming van sy sytak, die Droërivier, gelei het. Nienaber en Raper (1977:321, 322, 1103) gee *Arna* aan as die naam vir die Droërivier of Drooge Rivier, sowel as vir die Valsrivier. Aangesien Mossop die naam *Arna* verbind met die ‘Valsche River’, is Valsrivier denkbaar die vertaling van die inlandse naam. Fonologies nader aan die lid *A-* of *Ar-* en die betekenis van die naam as ‘Valsrivier’ is die Boesmanwoord //a, ‘to tell lies’, (‘om leuens te vertel’), m.a.w. om vals te wees (Bleek 1956:731); die lid *-na* stem ooreen met die /Xam (S1) en Naron (C2) woord *ʔna:*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:669; 1929:39), soos hierbo aangedui. Die lid *Arn-* toon fonologies en semanties ’n ooreenkoms met die Kung (N2) woorde *k”a_n*, *-k”a_n*, ‘false’, *-k”a_n*, *k”a_nʔa*, ‘to speak falsely, conceal a fact’, (‘om valslik te praat, ’n feit verberg, verdoesel’) (Bleek 1956:119), en die lid *-a* van *Arna* met die /Nusan (S6a) woord /a:, ‘river’ (Bleek 1956:268).

Riviersonderend, Kannakamkanna

Die Riviersonderend is ’n sytak van die Breederivier. Dit vloei vanaf die omgewing van die Theewaterskloofdam ooswaarts vir ongeveer 140 km. om ongeveer 16 km wessuidwes van Swellendam in die Breërivier uit te mond. Ook opgeteken as *Rivier Zonder End*, *Soonderendt*, *Zonderend*, *Zondereind*, ens. (Raper et al 2014:417), is die naam skynbaar toegeken omdat dit moeilik was om tussen die talle bolope en sytakke te bepaal waar die bron was. Die baastuinier Hartogh het in sy Dagregister onder datum 10 November 1707 opgeteken: “... *marcheerden voorbij de Hessequaas*

Cloof, na omtrent 3 uren gerijst te hebben, quaamen aan ... de rivier Sonder ent ... werdende door de hottentots gent. Kanna kam kanna.”; (“... marsjeer verby die Hessekwaskloof, en nadat ons omtrent 3 ure gereis het, kom ons by die Riviersonderend aan ... deur die Hottentotte *Kanna kam kanna* genoem.”). Dit is volgens Nienaber en Raper (1977:639) “Die enigste optekening van die inlandse naam vir hierdie riviervat wat in die Breërivier inloop. Blykbaar is die Hollandse naam ’n vertaling, albei is ook drieledig. Daar is te veel moontlikhede om dit met enige sekerheid te verbind aan bv. die Nama-voorraad.” Die naam *Riviersonderend* is inderdaad ’n vertaling van die Boesmannaam *Kannakamkanna*. Die komponent *Kanna-* is verwant aan die !O !kung (N3) woord /*kana*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:300); die komponent *kam* stem ooreen met die Hadza (C3) woord /*kam*, ‘not’, (‘nie’) (Bleek 1956:299), en die komponent *kanna* is vergelykbaar met die Hadza (C3) woord *kuhana*, en //N !ke (S2) woorde *kwanna*. ‘to lack’, (‘sonder iets wees’) en *kuana*, ‘finish’, (‘eindig’) (Bleek 1956:104, 717).

Kleur

Blaauwpoort, Blouwpoort, Geinab

Die kleur van ’n voorwerp is in baie gevalle die voor-die-hand- liggende eienskap wat verwysing daarna, en gevolglik die benaming daarvan, sal bemoontlik en vergemaklik. Soms verwys die naam na die kleur van die grondsoort of rots, soms na die kleur van die water. Een van die kleure wat betreklik veelvuldig by plekname voorkom, is *blou*. So byvoorbeeld is *Blaauwpoort*, ook gespelt *Blouwpoort*, die naam van plaas nr. 520, suidwes van Khorixas in Damaraland (Nienaber & Raper 1980:662). Oor die plaas loop die *Geinab*, ’n sytak van die Huabrivier. Daar is opgeteken dat *Geinab* afgelei is van die woord //*gei*, ‘*schlecht*’, (‘sleg’) en //*na*, ‘*hinunter*’, (‘daaronder’), van die vele klippe op sy bedding (Zaby 1979:663). Daar is egter rede om te glo die plaas neem sy naam van die poort waardeur die stroom vloei, en dat *Blaauwpoort* of *Blouwpoort* ’n vertaling van *Geinab* is. Die lid *Gei-*, wat in Duits uitgespreek word as *Gai-*, is verwant aan die /Nu//en (S6) woord //*gai*, ‘blue’, (‘blou’) (Bleek 1956:524); die komponent *-na(b)* van die naam *Geina(b)* is soos die Nogau (N1a) woord *nja*,

'road, path', ('pad, spoor') (Bleek 1956:148), en die Nama woord //hab, 'Bergabsturz', 'Kluft', ('krans, kloof') (Rust 1960:19, 35); die slot -b van die naam is die bygevoegde merker van die Nama manlike enkelvoud.

Bontoor se Berg, Anenous

Anenous is die naam van 'n lokaliteit 14 km wes van Steinkopf, suid van *Bontoor se Berg* en noord van *Anenousberg*. Die name *Anenous*, *Anenousberg*, *Anenouspas* en *Bontoor se Berg* vorm almal deel van dieselfde toponimiese konfigurasie. Die Afrikaanse naam *Bontoor*, waarvan *Bontoor se Berg* sy naam kry, is blykbaar 'n vertaling van *Anenous*, ook opgeteken as *Aninaus*. Die komponent *Ani-* is soos die Namawoorde *ans*, 'Buntscheckigkeit', ('bontkleurigheid'); *anxa*, 'buntscheckig, getüpfelt', ('bontkleurig, gestippeld') (Kroenlein 1889:6), en *an-an*, 'verzieren, färben', ('versier, verf') (Kroenlein 1889:6). Dit is ook vergelykbaar met die Naron (C2) woord *ani*, 'to paint', ('om te verf') (Bleek 1956:10). Die komponent *-nous* is vergelykbaar met die Kaapse dialektiese woord *nouw*, 'oor', wat in 1691 deur Witsen opgeteken is (Nienaber 1963:409); ook met die Oostelike dialektiese woorde *t'nunqua*, 'oor' (Sparrman 1775-6 II:349) en *X n'aunka*, 'Ohren', ('ore') (Von Winkelmann 1788:46); met die Koranna woord *t¹naum*, 'the ear', ('die oor') (Lichtenstein 2 1930:469); met die Griekwa woord *naup*, 'the ear', ('die oor') en die Koranna woord *nanaku*, 'ears', ('ore') (Smith 1835:281); en met die /Nu //en (S6) woorde *#nuʃa*, *#nu-i*, 'ear', ('oor') (Bleek 1929:35).

Groene Rivier, Krakeel

Die komponent *Krakeel* in die naam van die *Krakeelrivier* word gewoonlik vertolk as die Afrikaanse woord *krakeel*, 'quarrel, wrangle', ('stry, twis'), wat glo na 'n argument of twis verwys wat tydens vloede by die samevloeiing van hierdie rivier met die Appelrivier plaasvind (Raper 2004:188). Hierdie verklaring berus op 'n misverstand van 'n Boesmannaam waarvan die betekenis verlore geraak het, maar wat in die vertaling daarvan bewaar is. In die tweede helfte van die 18e eeu was die *Krakeelrivier* as die *Groene Rivier* bekend (Raper *et al* 2020:372), wat klaarblyklik die vertaling van die aangepaste naam *Krakeel* is. Die komponent

3. Khoi-khoi

Kra- van die naam is fonologies vergelykbaar met die //ŋ!ke (S2) woord /*kxre*, ook opgeteken as /*karowa*, ‘green’, (‘groen’) (Bleek 1956:336; 1929:44), wat tot *krwa* en later *kra* saamgesmelt het. Die komponent *-keel* van die naam *Krakeel* is aangepas uit die Hadza (C3) woord *kela*, ‘river, riverbed’, (‘rivier, rivierbedding’) (Bleek 1956:86).

Roode Kop, Rooilepel, Abascvap, Abbakwap

“Roode Kop or Tn.Abascvap” is die naam wat op die Sensuskaart van 1891 aangegee word vir ’n verheuenheid op die plaas De Hoop in die Richtersveld, suid van die Oranjerivier. Die notule van die Direkteur van Opmeting 1950 (in Nienaber & Raper 1980:152) dui die naam van die kop aan as “Rooilepel, oosnoordoos van Peilkop. ... Die kop het die fatsoen van ’n lepel. Die inheemse naam is Abbakwap.” Op moderne kaarte verskyn die naam slegs as Rooilepel, vgl. Topo-kadastrale reeks 1966 vel 2816 Alexander Bay. Nienaber en Raper (t.a.p.) meen “Rooilepel is letterlik vertaal uit die ou Khoekhoense naam. Die tweeklank *Tn.* in die komponent *Tn.Aba scvap* stel die klapklank voor; *Aba* en *Abba* is soos die Namawoord /*aba*, ‘rooi’, en die komponent *kwap* of *scvap* vergelykbaar met die Namawoord //*goab*, ‘lepel’.” Die komponent *Tn.Aba* is ook vergelykbaar met die Ou Kaapse dialektiese woord *kaba* wat in 1660 deur Van Riebeeck opgeteken is as deel van die sinsnede “*kabarijs (sijnde de rode copere kettingshs)*”, (“ , synde die rooi koper kettings)”) (Bosman & Thom III 1957:310). Die komponent *Tn.Aba* is ook vergelykbaar met die Namawoord *ava*, ‘rood’, (‘rooi’), soos aangegee deur Wikar (1779 in Mossop 1935:76), met die moderne Namawoord /*awa*, ‘*roth*’, (‘rooi’) (Rust 1960:50), asook met die //Kxau (S2b) woord ŋ/*kxaba*, ‘red’, (‘rooi’) (Bleek 1956:150). Boesmanwoorde wat met die lid *-kwa(p)* of *-scva(p)* ooreenstem, is die /Xam (S1) en Auen (N1) woord *_/gwā*, die /Auni (S4) woord *_/gwa*, die //N!ke (S2) woord //*gwa:ba*; die Naron (C2) woord *∕/gwa:ba*, en die Auen (N1) woord //*kwa*, ‘tortoise shell spoon’, (‘skilpaddop-lepel’) (Bleek 1929:78; 1956:284, 536, 596). Dit is dus moontlik dat ‘Rooilepel’ die naam Abbakwab of Tn.Abascvap vertaal. Dit val egter op dat die oudste optekening die Hollandse naam vir die kop aangee as *Roode Kop*, wat beskrywend van die kop is en wat aanwysbaar die inheemse

naam *Th.Abascvap* vertaal. Die komponent *-scvap* is in hierdie geval vergelykbaar met die Hie (C1) woord //gwa, (Bleek), en die /Auni (S4) woord //wa, 'hill', ('heuwel, kop') (Bleek 1956:536, 629), waar die tweeklank *-sc-* die retrofleks frikatiewe klapklank // verteenwoordig en die bilabiale *v* en *w* mekaar afwissel. Die slot-*p* is die manlike enkelvoudsuitgang wat die benoemde entiteit aandui. Beide *Rooilepel* en *Rooikop* is dus moontlik vertalings van die inlandse naam; die rooi kop het die vorm van 'n skilpaddop wat deur die inlanders as lepel gebruik is.

Roode Wal, Kookhuis

Cookhouse is die naam van 'n dorp ongeveer 170 km noord van Port Elizabeth en 24 km oos van Somerset-Oos, op die westelike oewer van die Groot-Visrivier, wat tot 1819 die oostelike grens van die Kaapkolonie gevorm het. Etlike verklarings vir die oorsprong van die naam is opgeteken; dat dit na 'n klein kliphuis verwys wat vir skuiling en kosvoorbereiding gebruik is deur troepe wat op die oewer gekampeer het; dat die naam na die warm klimaat verwys wat die troepe daar moes verduur wat daar gestasioneer was (Raper *et al* 2014:77); en dat dit na 'n ou Hollandse dame verwys wat vir haar uitsonderlike kookvernuf bekend was (Skead 2004:245). Dit blyk egter dat die Engelse naam *Cookhouse* eintlik 'n vertaling van die Afrikaanse naam *Kookhuis* is wat in 1803 opgeteken is (Skead 2001:245). Albei name, *Cookhouse* en *Kookhuis*, is amptelik deur die Nasionale Pleknamekomite (1978:47) goedgekeur. Dan is daar ook die Xhosanaam *eKukawusi* wat gewoonlik beskou word as die Xhosa-aanpassing van *Cookhouse*; die aanvangsvokaal *e-* is die klasmerker, en die slot *-i* die agtervoegsel, *Kukawusi* dus soos *Cookhouse*. Opmerkings deur Skead (2001:245) werp nuwe lig op die saak en verskaf die oplossing, naamlik: "*Cookhouse* was formerly named *Rood Wal*", ("*Cookhouse* was vroeër *Rood Wal* genoem"), en "*The early Dutch name was Roode Wal (Red Bank)*"; ("*Die vroeë Hollandse naam was Roode Wal (Rooi Wal)*"). In feite blyk dit dat *eKukawusi*, *Cookhouse* en *Kookhuis* almal aanpassings is, laasgenoemde twee volksetimologiese vertolkings, van 'n veel ouer naam. Al drie hierdie name het dieselfde betekenis, naamlik 'rooi wal'. Die komponent *Koo-* van die naam *Kookhuis* is vergelykbaar met die

3. Khoi-khoi

/Xam (S1) woord /ko:wa, 'to be pale, red', ('om lig, rooi te wees') (Bleek 1956:321), asook met 'n Korannawoord vir 'rooi', naamlik *kx'awa* (Nienaber 1963:432). Die komponent *-khuis*, 'oewer, wal', wat in Engels as *-house* aangepas is, is fonologies vergelykbaar met die Namawoord *!haus*, 'Felsbank', ('klipbank, rotsbank') (Kroenlein 1889:156a42), en die !O !kunj (N3) woord *!ku*, 'bank of river', ('wal, oewer van rivier') (Bleek 1956:448), ook die //ŋ *!ke* (S2) woord *̄/!u:*, 'wall' (Bleek 1956:358). Die mate waarin woorde in verskillende Khoi-khoi- en Boesmantale met mekaar ooreenstem, maak dit moontlik om in sommige gevalle meer as een kognaat te vind. 'n /Xam (S1) woord vir 'rooi' is //k"oɛ//k"oɛ 'to be a little red', ('om effens rooi te wees') (Bleek 1956:608), wat met weglating van die suigklappe fonologies met *Coo-kho*-ooreenstem.

Roodsand, Naukoti

Roodsand is reeds vroeg opgeteken as 'n alternatiewe naam vir *Naukoti*. Schrijver (VRS 12 1689:225) berig "... sloegen wij hier ons leger op, de plaats van de Hottentots *Naukoti*, of *Roodsand*, geheten."; ("... slaan ons hier ons kamp op op die plek deur die Hottentotte *Naukoti*, of *Rooisand*, genoem."). Daarby voeg Mossop (1931:225): "... *Naukoti* (Redsand) ... The expedition probably arrived at Oliphants River below the red cliffs at Roodekop."; ("... *Naukoti* (*Rooisand*) ... Die geselskap het waarskynlik by die Olifantsrivier onderkant die rooi kranse by Roodekop aangekom."). Die komponent *Nau* word deur Nienaber en Raper (1977:877) gesien as die Nama woord *!nou-b*, 'der rote Ocker', ('rooi-oker') (Rust 1969:300), en die lid *-koti* "wel soos Nama //khae-s, mv. *-ti*, *nou -di*, die geheel van die samestelling is verenigbaar met Nama *!Nâu-//khaedi*, 'Rooi Oker-sandkorrels', topografies gefundeer. Vanweë die stamklinker is daar nog twyfel oor die tweede komponent." Boesmanwoorde vir 'rooi' wat met die komponent *Nau*- ooreenstem, sluit die Kung (N2) woord */num* en die Naron (C2) woorde */nuɛa* en */noa*, 'red', ('rooi') (Bleek 1956:351), en die Naron (C2) woord */nuo_a*, 'red', ('rooi') (Bleek 1929:69). Daar is ook ander woorde wat miskien fonologies nader aan die komponente van die naam *Naukoti* is. Die Naron (C2) woorde vir 'rooi', naamlik */nuo_a*; */noa*, */nuɛa*, */nwɛa*, en *√nwa*,

(Bleek 1929:69; 1956:348, 353), stem met die lid *Nau* ooreen wat die betekenis betref, maar die tweeklanke *-oa*, *-ua* en *-wa* stem nie presies ooreen met die tweeklank *-au* van die pleknaamlid nie. Fonologies nader daaraan is die Namawoord */awa*, ‘rot’, (‘rooi’) (Rust 1960:50). Wat die tweede komponent *-koti* van die naam *Naukoti* betref, kan ’n ooreenkoms gesien word met die /Xam (S1) woorde *!kǎũ*, *!kǎu*, *!kǎũ*, ‘sand, ground’, (‘sand, grond’) (Bleek 1929:71), en *!hu*:, ‘red sand, sandhill’, (‘rooi sand, sandheuwel’) (Bleek 1956:399). Soos hierbo opgemerk, maak Mossop (1931:225) melding van “die rooi kranse by Roodekop.” Indien gedink word aan rooi kranse, kan die lid *ko-* van die naam *Naukoti* in verband gesien word met die /Xam (S1) woord *ʔkou*:, ‘ridge, krantz, overhangende cliffs’, (rif, kranse, oorhangende kranse’) (Bleek 1956:321).

Rooiberg, Abansuip

Abansuip is die inlandse naam vir *Rooiberg* wat ongeveer 10 km oos-noordoos van Eksteenfontein geleë is. Die Afrikaanse naam is ’n vertaling; die komponent *Aba* is soos die Nama woord */awa*, waar die *b* en *w* mekaar afwissel, en vergelykbaar met die Korannawoorde *!aba*, ‘rooi’ en *kx’awa*, ‘roth’, (‘rooi’) (Wuras 1920:42 in Nienaber 1963:432), die //Kxau (S2b) woorde *ŋ/kxaba*, ‘red’ en *ŋ/kxʔaba*, ‘red-white (of horse)’, (‘rooi-wit (van perd)’) (Bleek 1956:150, 748), sowel as met die N/uu woord */x’aba*, ‘red’, (‘rooi’) (Shah & Brenzinger 2016:140), en die Namawoorde */awa*, ‘roth’, (‘rooi’) (Kroenlein 1889:19a25) en */aba*, ‘rot’, (‘rooi’) (Rust 1960:50). Die tweeklank *ns* van die komponent *nsuip* is ’n poging om die dentale suigklank / in skrif voor te stel, en die lid *uip* is soos die Namawoord */uib*, ‘der Berg’, (‘berg’) (Kroenlein 1889:316), waar die manlike enkelvoud slot *-p* met *-b* verwisselbaar is, en soos die Nogau (N1a) woord *//khawi*, ‘mountain’, (‘berg’) (Bleek 1956:574), waar die genusuitgang ontbreek en die intervokaliëse *w* voorkom.

Rooiberg, Garub

Die naam *Garub*, deur Alexander (I 1836:287) as *Tarup Hills* aangegee, is deur hom verduidelik as “those containing water in holes of the rock”, ’n verklaring wat deur Nienaber en Raper

(1977:388) aanvaar is. Hulle stel die komponent *Garub* gelyk met die Namawoord //garub, ‘das Wasserbecken im Fels’, (‘watergat in die rots’) (Kroenlein-Rust 1969:84), en wys uit: “Ons het dan met Tarup op die oog af weer die wisseling van t- en g- by ’n suigkonsonant vooraan ... Die betekenis is ’n ‘Berg waar daar natuurlike waterkolke in die rotse uitgekalk is.’ ... Die ou naam het verdwyn en is vervang deur ’n nuwe naam wat nie ’n vertaling is nie, nl. deur Rooiberg vir plaas nr. 83 en Rooiberg-Suid aangrensend ... Rooiberg verskyn reeds op die Kriegskarte 1904 as die gebruiklikste (in Duitse vorm nog).” (Nienaber & Raper 1977:389). Th. Hahn se kaart (1879) gee ook reeds “*Roter Bg. (Garub)*” aan, die alternatiewe name vir dieselfde entiteit tog ’n aanduiding dat *Rooiberg* ’n vertaling van *Garub* kan wees. Benewens die wisseling van *t* en *g* soos deur Nienaber (1963:179) verduidelik, kom woorde vir ‘rooi’ met sowel *t* as *g* in Boesmantale voor. Die komponent *Ga-* van die naam *Garub* is byvoorbeeld vergelykbaar met die Auen (N1) en Kung (N2) woorde *!ga*, *!gā*, *!gaa*, ‘to be red’, (‘om rooi te wees’) (Bleek 1956:374). Daarenteen is die lid *Ta-* van *Tarup* soos die Hie (C1) woord *taa kwe*, ‘red’, (‘rooi’) (Bleek 1929:69), waar die lid *taa* soos die komponent *Ta-* van die naam *Tarup* die stemlose alveolêre *t* van die naam weerspieël soos deur Alexander aangegee. Die komponent *-ru(b)* is ’n generiese term wat ‘berg’ beteken, wat met die wisseling van die klinkers *u* en *o* ook voorkom in name soos *Harucharos*, *Brukkaros*, *Goaroes*, ens., moontlik vergelykbaar met die Auen (N1) woord *!no*, *!nō*, ‘hill’, (‘heuvel’) (Bleek 1929:46), met wisseling van *r* en *n*, of met die Oos-dialektiese woord *go* in die sinsnede *xkoago*, ‘ein hoher berg’, (‘n hoë berg’) (Von Winkelmann 1788:45). In hierdie geval verwissel die *r* van die komponente *-ru-* en *-ro-* met die *g* van *-go*. Die lid *xkoa* is soos die /Xam (S1) woord *!xo:wa*, ‘hoog’ (Raper 2021:35), waar die serebrale tongslag *!* in die woord *!xo:wa* as die velêre medeklinker *k* in die woord *xkoa* geskryf is, en die intervokalisie *w* in die skrifbeeld geëlideer is.

Rooiberg, Gamdousberg

Op die Topo-kadastrale kaartreeks 1966 vel 3320 Ladismith word die plaas nr. Sw. Q. 9-26 aangedui as “Rietvally aan de Gamdousberg”, geleë ten suide van Calitzdorp en wes van die

Gamkarivier. Nienaber en Raper (1977:352) meen die naam beteken “‘Leeupoort’ of ‘Leeukloof’, soos in Ou-Kaaps *gam* = ‘leeu’ en *-dou(w)* = ‘poort’.” Reeds in 1777 het Gordon (Ms. 1 1778:39 vir 30 & 31 Oktober) meegedeel: “*het rode gebergte is daar de gourits rivier of oliphantsrivier door loopt gamdous of leeuwenpad berg genaamt*”, (“die rooi berg is waar die Gouritsrivier of Olifantsrivier deur loop, Gamdous of Leeupadberg genoem”), waarop Nienaber en Raper (1980:278) verduidelik dat Gordon se ‘*rode gebergte*’ vandag die Rooiberg heet, en dat dit tussen Calitzdorp en Vanwyksdorp lê: “Gordon gee ook die vertaling, nl. ‘Leeupad’, soos Nama *xam-mi* = ‘leeu’, en *dao-s* = ‘pad’, eintlik ‘voetpad’, by ww. *dao* = ‘ek trap (op die grond)’. Die Afrikaanse (Nederlandse) *-berg* is ’n spesialisasie wat vir die verhewenheid toegevoeg is. ‘Leeupadberg’.”. Of is ‘*rode gebergte*’ die vertaling van *Gamdous*? Lees Gordon se sin dalk “*het rode gebergte is ... gamdous ... genaamt*”, met “*leeuwenpad berg*” sy eie toevoeging? Die moontlikheid bestaan dat die komponent *Gam-* soos die Auen (N1) woord *ʒgã*, ‘red’, (‘rooi’) beteken (Bleek 1956:644), waar die nasaliteit wat in die Boesmanwoord met ’n tilde aangedui word, in die bergnaam as *m* gerealiseer is, en die lid *-douw* soos die /Nusan (S6a) woord *!gou*, ‘mountain, hill’, (‘berg, heuwel’) is, waar die serebrale klapklank met stemhebbende velêre neweklank as die stemhebbende alveolêre konsonant *d* in die komponent *dou* vertoon. Ander vergelykbare Boesmanwoorde vir ‘berg’ is die /Xam (S1) woord *!kou*, *!kau*, en die /Nusan (S6a) sinoniem *!kau*, ‘mountain’, (‘berg’) (Bleek 1956:387, 444). Die feit dat die berg vandag nog Rooiberg heet (Nienaber & Raper 1977: 80:278) ondersteun so ’n verklaring as patroonmatig.

Rooifontein, Norap

Mnr. AC Kruger het in ’n vraelys aan die Pleknamekomitee in 1978 geskryf: “Norap, distrik Springbok, 57 km suidoos. Ou naam, van Nama, met tongklap uitgespreek voor die N- van Norap. ... Volgens ’n tagtigjarige Namaspreker wat ek ondervra het, was dit “onse naam vir hierdie plek tot die Witmense ingekom het en dit Rooifontein genoem het.” Nienaber en Raper (1980:646) het na besinning tot die gevolgtrekking geraak dat ‘Rooifontein’ nie ’n vertaling van die ou inlandse naam Norap of Norab is nie,

3. Khoi-khoi

behalwe dat die lid *-ab* soos Nama *!ab*, ‘rivier’, is. Indien die naam wel uit Boesmans kom, kan gedink word aan die Naron (C2) woord */noa*, ‘red’, (‘rooi’) (Bleek 1956:348) as gelyk aan die komponent *No-*, en die Auen (N1) woord *#ha*, ‘fountain’, (‘fontein’) (Bleek 1956:650) as teenvoeter vir die lid *ra-*, waar die geaspireerde palatale klapklank *#h* vergelykbaar is met die stemhebbende palatale of alveolêre *r*, “spoken with only one vibration ... Under certain circumstances it ‘sounds like’ d.”; (“met slegs een trilling uitgespreek. ... Onder sekere omstandighede klink dit soos *d*.”) (Bleek 1956:159). Die slot *-b* of *-p* is die manlike enkelvoud. Dan is *Rooifontein* wel lid vir lid ’n vertaling van *Norab*.

Rooikraal, Abaharas

Oud-sersant Elias Kariseb het in 1977 in ’n gesprek meegedeel: “Rooikraal is vandag genoem */Aba/haras*.” (Nienaber & Raper 1980:150). Dit is tans die naam van die plaas Rooikraal nr. 111, wes van Witvlei en Gobabis in Namibië. Die Afrikaanse naam is ’n vertaling van die inlandse naam. Die lid *Aba* is soos Nama */awa*, */aba*, ‘rot’, (‘rooi’) (Rust 1960:50), waar die letters *w* en *b* met mekaar afwissel, en die lid *haras* is soos Nama *!haras*, ‘Kraal’ (Rust 1960:50, 36). Die stemhebbende bilabiale klank *b* kom voor in die //Kxau (S2b) woord *η/kxaba*, ‘red’, (‘rooi’) (Bleek 1956:150), sowel as in die N/uu woord */x’aba*, ‘red’, (‘rooi’) (Shah & Brenzinger 2016:140), wat met die komponent *Aba* van die naam *Abaharas* ooreenstem. Die Hie (C1) woord *karaa*, ‘cattle post, kraal’, (‘veepos, kraal’) en die Kung (N2) woord *!ʔa_ra*, *!karra*, ‘kraal’ (Bleek 1956:81, 409), is fonologies en semanties met die lid *hara* vergelykbaar, en die slot *-s* is die vroulike enkelvoud-genusuitgang.

Rooipan, Swabies

Die Sensuskaart van 1891 dui die naam “*Swabies (Rooi Pan)*” aan, en die Topo-kadastrale kaart 1967 vel 3018 Loeriesfontein gee “*Sobabesoutpan*” vir ’n soutpan net wes van Rooivlei aan. Nienaber en Raper (1980:707) gee toe: “Oor die betekenis het ons geen hulp ontvang nie ... ons moet liever uitgaan van die oudste en algemeenste vorm.” Die verskillende skryfwyses van die naam as *Swabie(s)* en *Sobabe* is daaraan te wyte dat die optekenaars die

klanke van die gesproke naam so goed as moontlik op skrif moes stel, wat soms moeilik was. Dit lyk op die oog af of *Swabie(s)* en *Sobabe* albei 'soutpan' beteken; hulle stem semanties en fonologies ooreen met die Hie (C1) woord *dzuawe*, 'chalk pan', 'pan (salt)', ('krytpan', 'pan (sout)') (Bleek 1956:34, 741), deur Doke as *juawe* geskryf, soos deur Bleek aangehaal. Die oudste gegewe verklaring of alternatiewe naam is 'Rooi Pan', soos op die Sensuskaart aangedui. Die naam *Rooi Pan* is denkbaar 'n vertaling van *Swabies*; die komponent *Swa* is vergelykbaar met die /Auni (S4) woord *tsoa*, 'red colour, ochre', ('rooi kleur, oker') (Bleek 1956:219), waar die prepalatale affrikaat *ts* van *tsoa* met die frikatief *S* van die komponent *Swa*- ooreenkom, *o* met *w* uitruilbaar is, en die tweeklank *oa* as *wa* gekonsonantaliseer is. Interessant dat die Topo-kadastrale reeks 1967 vel 3018 Loeriesfontein die naam aangee as "*Sobabesoutpan*". Waar die komponent *Swa*- van *Swabies* met die /Auni (S4) woord *tsoa* ooreenstem, is die komponent *Soba* van die variant *Sobabe* fonologies en semanties met die /Xam (S1) woord /*ko:ɨwa*, 'pale red', ('ligrooi') vergelykbaar (Bleek 1956:321), waar die alveolêre frikatief *S* van die komponent *Soba* met die alveolêre frikatiewe klapklank / van die woord /*ko:ɨwa* ooreenstem, en die stemhebbende bilabiale plosief *b* dikwels in die tweede lettergreep tot *w* verander (Bleek 1956:13). Die lid *-be* van die naam *Sobabe* en die lid *-bi(e)* van die vorm *Swabies* is die Hadza (C3) meervoudsuitgang *-be* en die manlike meervoudsuitgang *-bi* (Bleek 1956:15, 16), wat glo die basis vorm van die Khoi-khoi plekaanduidende segmente *-be*, *-bi*. Die slot-*s* van *Swabies* is die Nama vroulike enkelvoudsuitgang wat 'n pan aandui.

Rooipoort, Noudonsies

Opperman PA (1945:108) verklaar: "Noudonzees = 'Witklippertjies'; het sy naam aan die talryke wit kaiingklippies te danke wat daar aangetref word." Nienaber en Raper (1977:911) verduidelik dat dit die naam van 'n plaas en padvervoerhalte 6 km van die Augrabieswaterval is. Hulle beaam die verklaring van Opperman, en wys daarop dat die verklaring ook topografies gegrond is: Witklippeiland is noordoos van Noudonsies, en in die onmiddellike omgewing daarvan (net oorkant die rivierloop),

en ten weste daarvan, is die plaas *Wit Klip*, met *Witklip se Berg* daarop (Topografiese reeks 1966 vel 2820 Upington). Die lid *Nou-* is volgens hierdie skrywers soos die lid *Nau* in die naam *Naudau* en beteken ‘wit’ (Nienaber & Raper 1977:875), en die lid *-don* moontlik “’n woord vir kaiingklip wat ons nie elders opgeteken gevind het nie”, terwyl die slotlid *-sies* soos die Nama lokatief *-ses* is. ’n Ander moontlikheid doen hom voor op grond van inligting verskaf deur MJ Oosthuizen (Vraelys van Opmeting 1950 in Nienaber & Raper 1980:650), naamlik: “Noudonzees *Furrow*. ... Ou naam van eilande in die Oranjerivier, en van ’n plaas. Uit Koranna. Aksent op *Nou-*. Beteken ‘Opdriksels’ wat so baie op en in die eilande lê. Noudonzies was oorspronklik deel van Rooipoort of Orange Falls.” Nienaber en Raper aanvaar nou in 1980 die verklaring van ‘opdriksels’, en motiveer: “Met die beskrywing van Noudonzies ook in die eilandstreek van die Oranjerivier (waar dit o.a. die naam van ’n ‘*furrow*’ of voor was), is die verklaring wat hier gegee word, nl. van ‘Opdriksels’, baie aanneemlik, en (sou ons sê) teoreties verkieslik bo wat gegee is in TH A** 911, waarna verwys word.” Die Korannawoord vir ‘opdriksels’ word egter nêrens aangegee nie. Die mededeling dat Noudonzies oorspronklik deel van Rooipoort was, open die moontlikheid dat *Rooipoort* ’n vertaling van die inheemse kan wees. Die komponent *Nou-* is inderdaad fonologies en semanties vergelykbaar met die lid *Nau-* van die naam *Naukoti*, ’n alternatiewe naam vir *Roodsand* soos in 1689 deur Schrijver opgeteken is (Mossop 1931:225; Nienaber 1963:432). Die lid *Nou* van *Noudonzies* ens. is ook vergelykbaar met die Naron (C2) woorde /*nuo_a*, /*noa*, /*nuʔa*, /*nwa* en /*nua*, ‘red’, (‘rooi’) (Bleek 1929:69; 1956:348, 353, 748), en met die Namawoord /*awa*, ‘rot’, (‘rooi’) (Rust 1960:50). Die komponent *-dons* van *Noudonzies* is soos die Namawoord *daos*, ‘*Pforte*’, (‘poort’) (Rust 1960:47); die Sesarwa (S5) woorde *dau*, *dauʔ* en *dauʔa_n*; ook soos die woord *dau* wat voorkom in Auen (N1), Naron (C2) en Hukwe (C2b), sowel as die Tsaukwe (C2a) woord *dauʔja*, ‘poort, pass, passage’, (‘poort, pas, berggang’) (Bleek 1956:22). Die slotlid *-ja* in die woord *dauʔja* is die vroulike enkelvoud, en die slot *-ies* van *Noudonzies* is die lokativerende uitgang.

Swart

Swartbank, Nuhoas

Alexander (1836 2:110) het berig: “We ... halted at Gnuhoas, or Black Hole, 24 miles from the Red Bank.”; (“Ons ... het by Gnuhoas, of Swart Gat, 24 myl van die Rooi Bank, stilgehou.”). Op Hahn se kaart (1879) word “#Nu-!hoab Hill or Zwartbank” vir ’n plek aan die Kuisebrivier aangegee, en Sprigade en Moisel se Kriegskarte (1904) gee “Nuhoab (Zwartbankbergen)”. Th. Hahn (1881:23, 94) gee “#Nu-!hoas, opposite Sandwich Harbour”, en verklaar: “!Ho, rock, appears in names like ... #Nu-!hoas, Black Rock ...”; (“#Nu-!hoas, oorkant Sandwich Harbour”, en verklaar: “!Ho, rots, kom voor in name soos ... #Nu-!hoas, Swart Rots ...”). Moritz (1972:7-8) verduidelik verder: “Alexander nennt den Platz Gnu’hoas ... Der grosse Berg, der eine Lage von schwarzem Felsengestein in sich birgt, gab dem Platz seinen Namen. #Nu-!hoas = ‘schwarzer Huck’, oder ‘schwarze Bank’.”; (“Alexander het die plek Gnu’hoas genoem ... Die groot berg wat ’n laag van swart rotsgesteentes in hom insluit, gee die plek sy naam. #Nu-!hoas = ‘swart hoek’, of ‘swart bank’.”). Dit lyk asof daar eenstemmigheid is oor die betekenis van die eerste lid, naamlik soos Nama #nu, ‘schwarz’, (‘swart’) (Rust 1960:55), wat ook ooreenstem met die Khwe-woord *n#qú*, ‘black’, waar die stemlose uvulêre afsluiting deur die konsonant *q* aangegee word (Kilian-Hatz 2003:241, 8), albei met die palatale klapklank *ʃ*. Ook in aanmerking kom die Koranawoord *t¹nu*, ‘schwarz’, (‘black’) (Lichtenstein I 1928:317), wat deur Nienaber (1963:475) as /nu getransliterereer is, dus met die dentale klapklank. Die dentale klapklank kom ook voor in die Naron (C2) word /nu, ‘night, dark, black’, (‘nag, donker, swart’) (Bleek 1956:351). Oor die tweede lid van die naam Nuhoas en sy variante is daar minder eenstemmigheid. Nienaber en Raper (1977:932-3) vat dit só saam: “Alexander noem dit ’n ‘hole’, (by *hō*- en *as*- = ‘gat’, ‘Loch’), Hahn ’n ‘rock’, (by *!ho*), Moritz ’n ‘Huck’ (by *!hoa-s* = ‘Krümmung, Biegung’, (‘kromming, buiging’) (Kr.-R. 1969 NW 190), almal gaan dus uit van ’n *!ho-a-s*. Die vertaling wat die inlandse naam vervang het, nl. Swartbank i.p.v. Nuhoas, aanvaar dus ‘bank’, maar volgens Schultze (1904-5 ANUK 162) is die inlandse woord vir wat die ‘Buren’ ‘banke’ noem *!haob*. Miskien toon dit net aan hoe

moeilik dit was om altyd goed te hoor. Daar is ewenwel geen rede om die vertaling met Swartbank, die huidige naam, te betwyfel nie. Sy teenstuk is 'Rooibank' meer weswaarts, *Awanghaus*, of in Nama /*Awa-!hoas*." Ook die Namawoord vir 'bank' is *!naob* (Rust 1960:8), volgens Schultze (1907:162) *!haob*, dus met die tweeklank –*ao-* i.p.v. –*oa-*. Dis tog onwaarskynlik dat al die aangehaalde bronne die komponent sou aangee met die tweeklank as *oa* in *hooas*, *!hoas*, indien dit nie so gehoor en opgeteken is nie. 'n Ander moontlikheid doen hom voor, berustend op die besonderhede oor die betrokke entiteit, sy voorkoms en geaardheid. Op Hahn se kaart (1879) word aangegee: "≠Nu-!hoab Hill"; Sprigade en Moisel se Kriegskarte (1904) gee "*Nuhoab (Zwartbankbergen)*"; en hulle verduidelik: "*Der grosse Berg, der eine Lage von schwarzem Felsengestein in sich birgt, gab dem Platz seinen Namen, ≠Nu-!hoas ...*"; ("Die groot berg wat 'n laag van swart rotsgesteentes in hom insluit, gee die plek sy naam. ≠Nu-!hoas ..."). By elkeen van hierdie informante is daar sprake van 'n verhewenheid, by Hahn 'n 'Hill', by Sprigade en Moisel '–*bergen*'. Dis duidelik dat die plek sy naam gekry het van die berg wat deur sy swart rotsbank gekenmerk word. Daar word daarom geredeneer dat die komponent *!hoas* van die naam *Nuhoas* ooreenstem met die Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b) woord ≠*gnoa*, 'mountain, stone, rock', ('berg, klip, rots'); die Naron (C2) en Kung (N2) woord //*nōa*, 'stone, hill', ('klip, heuwel'); en die Hie (C1) woord //*gwa*, 'stone', ('klip') (Bleek 1956:647, 620, 536). Die /Xam (S1) woord vir 'bank' is *!kwomman* (Bleek 1956:468), waar die klinker-opvolging ook *o – a* is. Wat Alexander (2 1836:110) se verklaring van "Gnuhooas, or Black Hole" betref, sou die lid –*hooas* ooreenstem met die /Xam (S1) woord *!koa*, [̄]*!ko:a*, 'hole, cave', ('gat, grot, spelonk') (Bleek 1956:437).

Swartberg, Kango

Kango, ook *Cango*, is die naam van 'n streek langs die suidelike hange van die Swartberg in die distrik Oudtshoorn. Die streek is veral bekend vir die Kangogrotte in die suidwestelike hange, omtrent 30 km noord van Oudtshoorn. Lichtenstein (1 1928:679) deel oor die grotte mee: "*Da die merkwürdigen, erst nach meiner Abreise entdeckten Tröpfsteinhöhlen in 'tKango ... die Reisenden*

... *in jene Thäler locken werden ...*”; (“Daar die merkwaardige drupsteengrotte in die Kango wat eers na my vertrek ontdek is ... die reisendes ... in daardie dale gate word ...”). Cloppenburg (1768 in Kaapse Argief Ms. 96) gee die betekenis van die naam Cango aan as: “... *aan de Swarte berg, ... het 3de gedeelte ten Oosten de Cango het geen Water ruggens betekend ...*”; (“... aan die Swartberg ... die 3de gedeelte ten ooste die Cango wat ‘water ruggens’ beteken ...”). Die naam Cango is ook dié van ’n berg; Swellengrebel het reeds in 1776 (in Godée Molsbergen I IV 1932:31) aangedui: “*Peylden het Cangobergegte, zijnde het middelste gedeelte van den Zwartenberg ...*”; (“Peil die Cangobergegte, wat die middelste gedeelte van die Swartberge is.”). Die naam word ook deur Gordon (Ms. 1 1778:41) met ’n tongslag aangegee, waar hy meedeel: “... *gingen met draayen digt onder de ‘cango rug, quamen na twe uren bij een plaats voorgelegen aan de cango, by enen van rojen ... hier scheid de cango uit schoon de rug nog langs het Swarte gebergte voortschiet ...*”; (“... gaan met draaie naby onder die *cango rug*, kom na twee uur by ’n plek ... by ene Van Rojen .. hier hou die Cango op, hoewel die rug nog langs die Swartberg voortschiet ...”). Naas die verklaring van Cloppenburg dat *Cango* ‘water ruggens’ beteken, is daar die verklaring van WHG van der Veen (vraelys 1973 in Nienaber & Raper 1977:637) wat meedeel: “Kango ... Beteken ‘Water’, omdat dit so wateryk is. Daar is ’n menigte standhoudende fonteine, voedingsbron van die Grobbelaarsrivier wat deur die Kango vloei. My vader het vertel dat Kango ’n Boesmanwoord vir ‘Water’ is.” Pettman (1931:26) het die naam verduidelik as synde afgelei van *!a-!kanub*, “plains surrounded by hills”, (“vlaktes met heuwels omring”), ’n verklaring wat Nienaber en Raper (1977:638) afgemaak het met die verklaring: “Daarteen is baie besware in te bring.” Hulle wys daarop dat die ‘ou’ verklaring van die naam topografies goed gefundeer is: “Die Kango-streek is fontein- en waterryk. Dit lê aan die bologe van die Grobbelaarsrivier wat ... suidwaarts vloei. Dit gee sy naam aan ’n rivier (Kangorivier), aan ’n gebergte (bv. by Swellengrebel), aan ’n hele streek (Cloppenburg), en aan ’n plaas (Cango, De). Die eerste lid kan beteken ‘water’, in Ou-Kaaps gewoonlik *kam(ma)* (vgl. HOTT 217-8). Die *-m* kan inderdaad in Ou-Kaaps afwissel met *-n* ... Die wisseling *m* en *n* is wel nie baie gewoon nie, maar is bestaanbaar. Die lid *-go* vir ‘berg’ is in Ou-Kaaps frekwent, ... hoewel meestal met ’n *k-* liewers as met ’n

g-. Die samestelling Kango = ‘Waterheuvel’ of ‘Waterberg’ is nie net oud nie, maar is taalkundig verantwoordbaar. Ons het geen rede om aan die ou verklaring te twyfel nie.”. Die mededeling van mnr. Van der Veen dat Kango ’n Boesmanwoord is, open die moontlikheid van ander kognate van die Ou-Kaapse woord. Die komponent *Ka-* stem ooreen met die *Ki* /hazi (S4b) woord *ka*, die //Xegwi (S3) en /Auni (S4) woorde *ˀkha*, *ˀkhaa* en //kha:a, en die //N !ke (S2) woorde *!ka*, *!kha*, *!ha* en //kha, ‘water’ (Bleek 1956:75, 88, 402, 572). Die komponent *Kan-* stem wel wat klank en betekenis ooreen met die /Xam (S1) woorde /ka:ɛ, //ka:, ‘to be wet’, (‘om nat te wees’) (Bleek 1956:294), die komponent *-(n)go* is vergelykbaar met die Kaaps-Saldanha dialektiese woord *cou*, ‘*montagne*’, (‘berg’) (De Flacourt 1655:61), soos ook in die lid *-go* van die woord *xkoago*, ‘*ein hoher Berg*’, (‘n hoë berg’) wat in 1788 as ’n woord in die Oostelike dialek opgeteken is (Nienaber 1963:218). Die komponent *xkoa* is in hierdie woord *xkoago* soos die /Xam (S1) woord *!xo:wa*, ‘high’, (‘hoog, hoë’) (Bleek 1929:46); ook soos die /Auni (S4) woorde *!gou*, *!kau*, en die Hie (C1) woord *!gau*, ‘mountain, hill’, (‘berg, heuvel’) (Bleek 1956:387). Die probleem is dat daar nie ’n naam soos Waterberg of Waterheuvel is wat as vertaling van die naam Kango of Cango geïdentifiseer kan word nie. Daarenteen het Swellengrebel, soos hierbo aangehaal, reeds in 1776 aangedui: “... *het Cangogebergte, zijnde het middelste gedeelte van den Zwartenberg ...*” (Godée Molsbergen I IV 1932:31). Met ander woorde, *Swartberg* en *Cango/Kango* is albei name vir dieselfde entiteit, wat die moontlikheid van vertaling versterk, en aandui dat ‘Swartberg’ die inlandse naam Cango/Kango kan vertaal. Die lid *Ka-* is in hierdie geval soos die Sesarwa (S5) woord /k”a, ‘black’, (‘swart’) (Bleek 1929:22; 1956:337). Die lid *-(n)go* is, soos hierbo genoem, soos die /Auni (S4) woorde *!gou*, *!kau*, die Hie (C1) woord *!gau*, ‘mountain, hill’, (‘berg, heuvel, kop’) (Bleek 1956:387), en die lid *-go*, ‘berg’, soos in die woord *xkoago*, ‘*ein hoher Berg*’, wat in 1788 as ’n woord in die Oostelike dialek opgeteken is (Nienaber 1963:218), waar *xkoa* ‘hoog’ beteken, vergelykbaar mat die /Xam (S1) woord *!xo:wa*, ‘hoog’ (Raper 2021:35).

Swartberg, Noegareb

Noegareb is die inlandse naam vir die Swartberg in die huidige distrik Malmesbury, noord van Moorreesburg (Nienaber & Raper 1977:892). Die naam is deur Pettman (1931:34) so verduidelik: “Zwartbergen in the Tulbagh district, C.P. is a translation of the Hottentot name derived from the two Hottentot words *!nu*, black, and */gareb*, ‘the side or shoulder of a mountain’.”; (“Zwartbergen in die distrik Tulbagh, K.P., is ’n vertaling van die Hottentot naam wat van die twee Hottentotwoorde *!nu*, swart, en */gareb*, die hang of helling van ’n berg, afgelei is.”. Die komponent *Noe-* is ook soos die Naron (C2) woorde *!nu*, *!nu*, ‘black, dark’, (‘swart, donker’) (Bleek 1956:453) en die woord *!nu*, ‘to be black, dark’, (‘om swart, donker te wees’) (Bleek 1956:674); wat in /Xam (S1), Kung (N2), Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) voorkom, en die Koranna en Naron (C2) woord */nu*, ‘night, dark, black’, (‘nag, donker, swart’) (Bleek 1956:351). Die variabiliteit van die klapklanke in die verskillende, en selfs dieselfde taal, word opgemerk. Die komponent *gareb* van die naam *Noegareb* is soos soos die Nama woord *//gareb*, ‘*Bergrand*; *Berghang*’ (Rust 1960:10).

Swartduine, Koerietjiekwas

Koerietjiekwas is die naam van ’n lokaliteit op die plaas *Swartduine* in die Wes-Kaap. Die Streekverteenwoordiger van die Universiteit van Suid-Afrika het in ’n brief aan prof. GS Nienaber in 1979 geskryf: “Koerietjiekwas was op die plaas *Swartduine* ... My vader ... het gesê dat die regte naam *//guru!goa* is. *//Guru* sou die Hottentotse woord vir die wit vuursteenklippies wees, en *!goa* sou ’n leegte of holte of vlakte beteken. Dit alles dui op die leegte of smal vlakte langs die see met ’n wit vuursteenklippe naby die suidelike uiteinde van die leegte.” Hiervolgens sou die woord *//guru* ooreenstem met die Namawoord *//gurub*, ‘*Quarz*, *Kieselstein*’, (‘kwarts, gruis klip’) (Rust 1960:48), en met die wisseling van *g* en *k* ook met *//kuru*, ‘*Quartz*, *Kieselgrund*’, (‘kwarts, klippiesgrond’) (Kroenlein-Rust 1969:143). Nienaber en Raper (1977:540) meen egter die eerste lid van die naam moet anders verklaar word: “Die kwartssteentjies is wit, en ‘wit’ is in Nama *!uri*, in Ou-Kaaps *!kuri*, wat direk aansluit by die *Koerie-* van die naam. Die grondslag is die kleur van die kwarts, en is nie die

naam van die kwarts nie. Die lid *kw* sluit dan aan by Nama *!goa*, ‘*Einsenkung formen (in Gelände)*’, (‘insinkings vorm (in die landskap’) (Rust 1969:125), d.i. die ‘holte’, ‘leegte’, ‘vlakke’, ook ‘kolk’ en ‘kuil’.” ’n Ander verklaring doen hom egter ook voor. Die plaasnaam *Swartduine* is heel moontlik die vertaling van die inheemse naam *Koerietjiekwas*. Die komponent *koerietjie* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *k"uerritən*, ‘black’, (‘swart’) en *k"werritən*, ‘become black’, (‘swart word’) (Bleek 1956:698, 127). Die komponent *-kwa(s)* van die naam *Koerietjiekwas* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die Namawoord */gowa(b)*, ‘*Düne*’, (‘duin’) (Rust 1960:15); hier is die verwisselbaarheid van *k* en *g* te bespeur; die lid *gowa* is saamgesmelt tot *kwa*. Indien die naam wel na ’n vlakke of leegte verwys waarin daar duine is, sou die komponent *-kwa* van die naam *Koerietjiekwas* vergelykbaar wees met die Nama woord *!goa*, ‘*Einsenkung formen (in Gelände)*’, (‘insinking vorm (in die omgewing’) (Rust 1969:125). Die slot *-s* van *Koerietjiekwas* is moontlik die Nama vroulike enkelvoud, of die Naron (C2) vroulike suffiks *ʃ*, wat ook as voornaamwoord gebruik word (Bleek 1956:176), of die toegevoegde Afrikaanse uitgang.

Donkermodder, Kaigoaes

Tydens veldwerk in Namibië in 1977 het mnr. H Arndt verduidelik: “!Khai-#goaes, dis mos nou Donkermodder. Keetmanshoop is mos ‘Swartmodder’ of by ons #Nu-#goaes, en net so is Donkermodder by ons !Khai-#goaes.” *Donkermodder*, suidoos van Keetmanshoop in die rigting van Grünau geleë, het inderdaad ’n naam wat ’n vertaling van *Kaigoaes* is. Die lid *Kai* is soos Nama *!kai*, ‘*dunkeln, dunkel werden*’, (‘donker, donker word’) (Rust 1960:15), ook soos die Sehura (C1a) woord *xai*, ‘darkness’, (‘donkerte’) (Bleek 1956:256), en die komponent *-goaes* is soos Nama *#goab*, ‘*Schlamm*’, ‘*Mörtel*’, ‘*Lehm*’, (‘slyk, modder, kleigrond’) (Rust 1960:53, 43, 39), en soos die /Xam (S1) woorde *#gwa*, *#gwāi* *#gwei*, ‘clay’, (‘klei’) (Bleek 1956:649).

Swartkopsrivier, Gouw

Gordon (Ms. 1 1778:125) het die naam *Gouw* opgeteken vir die *Swartkopsrivier*: “Na nog anderhalf uur ... kwam by de grote Swartkops

rivier ... zy heet in Hottentots `gouw synde melkboom rivier zij komt vyf a ses uuren noord oost van hier uit ene tamelyk hoog gebergte hier Winterberg genaamt ...”; (“Na nog ’n uur en ’n half by die groot Swartkopsrivier aangekom ... dit heet `gouw in Hottentots wat ‘melkboomrivier’ is. Dit kom vyf of ses uur noordoos van hier uit ’n taamlik hoë berg hier die Winterberg genoem ...”). Dit val op dat Gordon hier ’n aksentteken skryf om ’n klapklank te verteenwoordig, terwyl Smith (1834 in Kirby 1939:135) dit nie aandui waar hy “*Zwartkops River: Gau*” opteken nie. Nienaber en Raper (1977:465) merk op dat Nama ook die naam vir ‘melkbos’ sonder klapklank skryf as *guis*, *Milchbusch*, (‘melkbos’) (Rust 1960:42). Taalkundig gaan dit moeilik om die woord *guis* te vereenselwig met *Gau* of *Gouw*, aangesien die tweeklanke *ou* of *au* aan die een kant en *ui* aan die ander kant nie met mekaar ooreenkom of eenders uitgespreek word nie. Gordon skryf oor die ‘melkeboom’, nie oor die ‘melkbos’ nie. Die naam melkboom word gebruik vir die *Sideroxylon inerme*, ook vir die *Ficus cordata*, terwyl die melkbos die *Asclepias fruticosa* is, Die Namawoord vir die wildevy is */gowes*, ‘*Feige (wilde)*’ die wildevyeboom (*Feigebaum*) is */gowe-heis* (Rust 1960:21). Hierdie woord */gowe-* word wel met ’n tongslag geskryf, en fonologies stem dit ook ooreen met Gordon se ‘*gouw* deurdat albei met klapklank en die *o-w* opvolging voorkom. Daarenteen is dit so dat die rivier tans Swartkopsrivier genoem word, en die moontlikheid van vertaling moet ondersoek word. Die moontlikheid doen hom voor dat die Hollandse en Afrikaanse name Swartkops- en Zwartkops- vertalings van die inlandse naam kan wees, soos so dikwels in soortgelyke gevalle geblyk het. Met die wisseling van *g* en *k* is die naam *Gau* en ook *Gouw* wel vergelykbaar met die /Xam (S1) byvoeglike naamwoord *kau*, ‘black’, (‘swart’), van die werkwoord *kauin*, ‘to blacken’, (‘om swart te maak’) (Bleek 1956:84). Nie slegs die betekenis van ‘swart’ word in die woorde *Gau* en *kau* gedeel nie, maar die tweeklank *au* kom in albei woorde voor. Hoewel hierdie woord *kau* nie ’n klapklank het nie, bestaan die moontlikheid dat die anlaut *k* tog ’n skryfwyse is van die klapklank met neweklank *g*. In die Boesmantale word dieselfde woord partykeer gebruik vir verwante sake, soos vir ‘swart’ en ‘donker’. Die Swartkopsrivier het blykbaar sy naam gekry oor die swart of donker kleur van die water of van die kop. Die naam `gouw of *Gau* is semanties

3. Khoi-khoi

vergelykbaar met die //N !ke (S2) woorde !koe, !ko-e, 'dark, black', ('donker, swart') (Bleek 1956:439, 709).

Swartmodder, Gnutuais

Gnutuais is deur Alexander (I 1838:257) as 'n ou naam vir *Swartmodder* opgeteken. Die Afrikaanse naam is kennelik 'n vertaling van *Gnutuais*; die komponent *gnu* is vergelykbaar met die Namawoord *ɳnu*, 'schwarz', ('swart') (Rust 1960:55) en met die Khwewoord *n#qú*, 'black', ('swart') (Kilian-Hatz 2003:241), albei met die palatale klapklank *ɳ*; die stemlose uvulêre afsluiting is in laasgenoemde woord *n#qú* met die konsonant *q* aangedui (Kilian-Hatz 2003:8). Lichtenstein (I 1928:317) het die Koranawoord *t'¹nu*, 'schwarz', ('swart'), opgeteken, wat deur Nienaber (1963:475) as */nu* getransliterer is, dus met die dentale klapklank. Dieselfde klapklank kom ook voor in die Naron (C2) woord */nu*, 'night, dark, black', ('nag, donker, swart') (Bleek 1956:351). 'n Ander Khwewoord vir 'swart' is *dùú* (Kilian-Hatz 2003:241), wat vergelykbaar is met die !Xuhn woord *djoo*, 'black', waarin die stemhebbende konsonantpaar *dj* voorkom (Weich 2004:vii, 134). Die element *tuais* van die naam *Gnutuais* is fonologies en semanties vereenselwigbaar met die /Xam (S1) woord *#gwāi*, *#gwei*, 'clay', ('klei') (Bleek 1956:469), waar die alveolêre plosiewe konsonant *t* die alveolêre klapklank *#* verteenwoordig, en *u* met *w* afwissel.

Swartmodder, Nudwab

Engelbrecht (1925:31) merk op: "In die laaste jare is daar al baie van die plaasname verdoop, en party ook letterlik vertaal ... !nu-dwab ... is nou vertaal in Swartmodder." Vandag is dit die kompleks van plase Zwartmodder, plaas nr. B4313/1895, en grensend daaraan ten noordweste, Swartmodder nr. 6233/53. Volgens die moderne Nama-spelreëls sou die inlandse naam *!Nu-dwab* as *ɳNu-#goab* geskryf word, letterlik 'swart modder' (Nienaber & Raper 1977:925). In hierdie geval sou die serebrale klapklank *!* in die woord *!nu* met die palatale *ɳ* in die woord *ɳnu* afwissel. Die serebrale klapklank kom wel in die Naron (C2) woord *!nu:*, 'black, dark', ('swart, donker') voor (Bleek 1956:453). In die lid *dwab* wissel die stemhebbende alveolêre konsonant *d* af met die palatale of alveolêre klapklank plus stemhebbende neweklank

ʒg van die woord *ʒgoab*, en die half-vokaal *w* wissel met die vokaal *o* af. Die komponent *dwab* is wat klank en spelling betref nader aan die /Xam (S1) woord *ʒgwa*, ‘clay’ (Bleek 1956:649), waar die *d* met *ʒg* en *w* met *o* afwissel, of daarmee vervang word. Die slot *-b* is die manlike enkelvoudsmarker.

Swartmodder, Nugoaes

Swartmodder is die ou naam van Keetmanshoop in Namibië; die inlandse naam van die dorp is *Nugoaes*. ’n Vroeë Duitse naam daarvoor is deur Schmelen (1814 in Moritz 28/4 1915:209) opgeteken: “... *auf der andere Seite des Fischfluss gibt es mehrere kleine und eine grosse Stelle, namens Swartmorast ...*”; (“Aan die ander kant van die Visrivier is daar baie kleinere en een groot plek, met die naam *Swartmodder*.”). Hahn (1879 kaart) gee “Keetmanshoop (*ʒNu-ʒgoais*, *Swartmodder*.)” Nienaber en Raper (1977:829) deel mee dat die inlandse naam van vroeg af (reeds in 1791) opgeteken is, en verskillend vertaal is, naamlik as Modderfontein, Swartmodder, Swartmoeras en Swartklei, soms in Duits en soms in Hollands aangegee. Die komponent *Nu* is soos Nama *ʒnū*, ‘swart’, sowel as soos die /Xam (S1), Kung (N2), Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) woord *ʒnu*, ‘to be black, dark’, (‘om swart, donker te wees’) (Bleek 1956:674), en die Naron (C2) sinonieme /*nu*, ‘night, dark, black’, (‘nag, donker, swart’) en /*nu:*, ‘black, dark’, (‘swart, donker’) (Bleek 1956:351, 453); die voorkoms van die dentale en serebrale tongslae in die Naronwoorde word opgemerk. Die komponent *-goaes* van *Nugoaes* is soos die Namawoord *ʒgoab*, ‘Mörtel’, (‘modder’) (Rust 1960:43), en soos die /Xam (S1) woorde *ʒgwa*, *ʒgwāi*, *ʒgwei*, ‘clay’, (‘klei’) (Bleek 1956:649), waar die wisseling van *o* en *w* in die /Xamwoorde te bespeur is.

Swartrivier, Dogghakamma

Dogghakamma is in 1707 deur Hartogh (in Godée Molsbergen II 1916:8) opgeteken as die inlandse naam vir “*de Swarte Rivier door de Hottentots Doggha kamma gent.*”; (“die Swartrivier deur die Hottentotte *Doggha kamma* genoem.”). Nienaber en Raper (1977:318) bevestig dat *Swarte Rivier* die naam *Dogga kamma* vertaal. Hulle wys daarop dat die komponent *kamma*

gewoon Ou-Kaaps vir ‘water’ is, of, soos hier, vir ‘rivier’ (vgl. Nienaber 1963:396), en wat die lid *Doggha* betref, meen hulle: “Die ou naam is vertaal as Swartrivier. ‘Swart’ is in Nama $\#n\bar{u}$, en $\#n\bar{u}xa$ = ‘swarterig, swartagtig’. Ons meen dat *Doggha* ’n Ou-Kaapse wisseluitspraak van $\#Nuxa$ kan wees. Die wisseling van n- en d- is ’n allofoniese gedrag wat ons ook in ander plekname teëkom, hoewel seldsaam, vgl. bv. *Nomtsas* waar die *Nom-* as wisseluitspraak van *dom-* aanvaar is, of *Kopumnaas* waar die *-naas/-naos* as variant van *-daos* aanvaar is.” Daar is Boesmanwoorde wat vergelykbaar is met die komponent *Doggha*, byvoorbeeld die /Xam (S1) woorde /*hoa:ka*, ‘black’, (‘swart’) (Bleek 1929:22), /*hoaka* ‘black, dark’, (‘swart, donker’) (Bleek 1956:289), waar die dentale of alveolêre klapklank met geaspireerde neweklank /*h* met die stemhebbende alveolêre plosief *d* ooreenstem, en die stemhebbende velêre *g* met die stemlose velêre *k* afwissel. Die woord *kamma* is soos die Ou-Kaapse woord *kamma*, ‘rivier of water; fluius vel aqua’ (Witsen 1691 in Godée Molsbergen I 1916:217). Valentyn (1726:108a) het die Kaapse dialektiese woord ‘*kammo, een rivier*’, opgeteken, en Kolbe (I 1727:431) gee ‘*k ammo, fluius; vlietend water*’, wat ooreenstem met die !O !*kuŋ* (N3) woord //*kam*, ‘to flow’, (‘on te vloei’) (Bleek 1929:39), dikwels ook vir ‘rivier’ gebruik.

Swartrivier, Noea

Gordon (Ms. 1 1778:54) het opgeteken: “... *passeerden wy Camdeboosrivier ... heel na de laagte gaande, de Swarterivier, 'noè 'a by de plaats doorreed ...*”; (“... gaan ons die Camdeboosrivier verby ... gaan heeltemal na die laagte, die Swartrivier, 'noè 'a, ry by hierdie plek deur ...”). Die plek word deur Forbes (1965:100) gelokaliseer, wat meedeel: “They travelled ... between Vuilkop and Perdeberg to ... the farm Uitkomst, that ... is by the Swarte River.”; (“Hulle het tussen Vuilkop en Perdeberg na ... die plaas Uitkomst gereis wat ... by die Swartrivier is.”). Die naam *Swartrivier* is inderdaad ’n vertaling van die inlandse naam wat opgeteken is as *Noea*. Die komponent *Noe* van die naam is soos die Namawoord $\#n\bar{u}$, ‘swart’, en die komponent *-a* soos die Namawoord /*a(b)*, ‘rivier’ (Nienaber & Raper 1977:891). Boesman-ekwivalente vir die woord ‘swart’ wat ook met die komponent *Noe* vergelykbaar is, is die Naron (C2)

woord *!nu*, *≠nu*, ‘black, dark’, (swart, donker’); die /Xam (S1), Kung (N2), Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) woord *≠nu* ‘to be black, dark’, (‘om swart, donker te wees’), en die Naron (C2) woord */nu*, ‘night, dark, black’, (‘nag, donker, swart’) (Bleek 1956:453, 674, 351). Die komponent *-a* van die naam *Noea* is vergelykbaar met die /Nusan (S6a) woord */a*, die /Xam (S1) woord */k’a*, en die Auen (N1) woord *≠ka*, ‘rivier’ (Bleek 1929:70; 1956:268).

Swarte Rivier, Swartvlei, Nounka

In 1778 het Swellengrebel (in Godée Molsbergen IV 1932:55) berig: “... *trokken ten half seven over de Nounka of Swarte Rivier.*”; (“... gaan teen half-sewe oor die Nounka of Swartrivier”). Nienaber en Raper (1977:914) wys daarop dat Swellengrebel se vertaling hulle in staat stel om die ou naam met sekerheid te ontleed, naamlik dat die lid *Noun* soos die joernaalhouer die woord vir ‘swart’ gehoor het, soos Nama *≠nū* is, en die lid *-ka* soos die Ou-Kaapse woord *k’â* vir ‘rivier’ (Witsen 1691 in Godée Molsbergen I 1916:220), in Nama gedevelariseer as *!(k)ā-b*. Die plek word deur Forbes (1965:147) gelokaliseer: “... their Nounka ... now called the Hoogekraal throughout its length, but earlier by this name only upstream, and the Zwart for some 5 or 6 miles above its debouchment into the Zwart Vlei.”; (“... hulle Nounka ... nou die Hoogekraal oor sy hele lengte genoem, maar vroeër slegs stroomop met hierdie naam, en die Swart vir omtrent 5 of 6 myl bokant sy uitmonding in die Swartvlei.”). Dit bring moontlik ’n nuwe dimensie by, sodat Nienaber en Raper (s.v.) uitwys dat ‘vlei’ in Nama *≠gā* is, wat klankmatig aansluit by die *-ka* van die naam *Nounka*: “Dit kan dus geles word as *≠Nū-≠gā-*, letterlik ‘Swartvlei’, sodat die inlandse naam ook in sy vertaling in Afrikaans kon bestaan het, soos dit afleibaar is.” Dit is moontlik, maar Swellengrebel het opgeteken dat *Nounka* en *Swarte Rivier* name vir dieselfde entiteit is, naamlik ’n rivier. Boesman-ekwivalente vir die woord ‘swart’ wat ook met die komponent *Noe* vergelykbaar is, is die Naron (C2) woord *!nu*, *≠nu*, ‘black, dark’, (‘swart, donker’), die /Xam (S1), Kung (N2), Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) woord *≠nu*, ‘to be black, dark’, (‘om swart, donker te wees’), en die Naron (C2) woord */nu*, ‘night, dark, black’, (‘nag, donker, swart’) (Bleek 1956:453, 674, 351). Woorde vir ‘rivier’ wat met die komponent *-ka* van die naam

Nounka vergelykbaar is, is die /Xam (S1) woord /k'a, die Auen (N1) woord #ka:, die Kung (N2) woord ʔlkā; en die /Nusan (S6a) woord /a:, 'river', ('rivier') (Bleek 1929:70; 1956:268). Indien 'n Boesmanwoord vir 'vlei' gesoek word wat ook die stemlose velêre konsonant k insluit, kan gedink word aan die //N !ke (S2) woord /kā:ɛ, 'valley', (vallei, vlei') (Bleek 1956:295).

Wit

Witte Cloof, Nabbe, Nabe, Nabee

Gordon (Ms 1 1777:45) doen verslag oor sy roete: "... *trokken door enige draajen van het Swarte gebergte ... de 'nabe of witte uit'*"; ("... trek deur etlike draaie van die Swartberg ... die 'nabe of 'wit' uit"), en Gordon (Ms 4 1780:134) skryf: "*vertrokken weer terug uit de cloof en arriveerde door vele draayen van de Nabbé cloof (N.B. kwam hierin mijn vorig pad na bere valey).*" ("vertrek weer uit die kloof en kom deur baie draaie van die *Nabbé cloof* (let wel, kom hier in my vorige pad na Beervlei).") Op Gordon de kaart nr. 15 in Forbes (1965) is dit herteken as "Nabee". Nienaber en Raper (1977:831-2) merk op: "So kom hulle in 'Nabe, 'n kloof en 'n berg. Die Khoekhoense naam daarvan is deur hom vertaal as 'Witte (Cloof)' of, waar dit in die eerste aanhaling in direkte teenstelling met Swartberg is, dan as 'Witte (gebergte)'." Aangesien daar geen woorde vir 'wit' in die Khoi-khoitale is wat regstreeks by die lid *Nabe, Nabbe* of *Nabee* aansluit nie, gee Nienaber en Raper (1977:832) toe: "Die naaste wat ons hieraan kom is om die (-)na-be te verbind met Nama !nâ-b = 'Licht (allg.)', ('lig (alg.))' (Rust 1960 DNW 39), lg. wit (skynend). ... Waarop die kleurindruk slaan, weet ons self nie seker nie." Die woord *nau*, 'wit', is in 1689 deur Schrijver (in Mossop (1931:227) opgeteken: "The said kloof was called *Naudau*, that is Witte Kloof, by the Hottentots."; ("Die genoemde kloof is deur die Hottentotte *Naudau* genoem, dit wil sê Witte Kloof.")) Nienaber (1963:562) het by die bespreking van die naam *Naudau* geskryf: "Hier het ons waarskynlik met 'n nuanse van 'wit' te doen, t.w. !noã, 'blau', met wisselvorm !nua (Meinhof)." Ook in die Boesmantale is daar blykbaar nie woorde vir 'wit' wat volledig by die komponent *Nau* aansluit nie; maar daar is wel woorde wat 'wit' beteken en tog fonologies by *nau* aanpas. As die

wisselbaarheid van die konsonante *n*, *g* en *k* in berekening gebring word, is *nau* vergelykbaar met die Kung (N2) woord *!kau*, ‘to be white’, (‘om wit te wees’), en *!k”au*, ‘white’, (‘wit’); en met die Auen (N1) en !O !kuŋ (N3) woord *!kau*, ‘white, pale yellow’, (‘wit, liggeel’). Gedagtig ook aan die verwisselbaarheid van die klinkers *u* en *o* kan die vergelykbaarheid ook bespeur word in die Kung (N2) sinonieme *!g₂ao* en *!k”ao*, ‘to be white’, (‘om wit te wees’); en *!kao*, *!k₂ao*, ‘white, light-coloured’, (‘wit, lig-gekleur’), sowel as in die Auen (N1) en !O !kung (N3) sinonieme *!k”ao* en *!k₂ao*, ‘white, pale yellow’, (‘wit, liggeel’) (Bleek 1956:337, 409, 413, 507), Die !Xuhn woord *!aúh*, ‘white’, (‘wit’) (Weich 2004:248) korreleer met die vergelykbare woorde deurdat hulle almal die serebrale klapklank ! insluit, en die klinkeropvolging *a – u*, ’n variant van *a – o*, in gemeen het.

Witte Kloov, Witkloof, Naudau

Schrijver (1689 in Godée Molsbergen III 1922:107): “... en de geseide kloov word van de Hottentots Naudau, dat is Witte Kloov geheeten.”; (“... en die genoemde kloof word deur die Hottentotte Naudau, dit is Witkloof, genoem.”). Mossop (1931:227 vn. 65) verduidelik: “... Hot. *!Noa (qnoa)* = ‘grey’ or ‘ash coloured’ + *doab* = ‘kloof’. Its lichen covered and arching rocks are grey in colour.”; (“Hottentot *!Noa (qnoa)* = ‘grys’ of ‘askleurig’ + *doab* = ‘kloof’. Sy mos-bedekte en boogvormige rotse is grys van kleur.”). Hierteenoor skryf Nienaber en Raper (1977:843, 875): “Ons verklaar die lid *nau*- anders, kyk by *Nakeuis* en *Nadow* om aan te sluit by die betekenis van die woord wat daar uitdruklik genoem word as ‘wit’ en nie ‘grys’ nie. ...Vir die begrip ‘wit’ as kleurnaam is woorde opgeteken wat nie by ’n *!nâ* bevredigend aansluit nie; die waarskynlikheid is dat dit verband hou met Nama *!nâ-b*, ‘das Licht’, *!nâ*, ‘leuchten (Licht ausstralen)’ (Kroenlein-Rust), en daarmee samehangend met ‘helder’, bv. *!nâ-!nâ*, ‘innen hell werden’ (Rust). ‘Wit’ is hiervolgens kleurassosiasie by ‘lig’, ‘helder’ ... *Naudau* is ’n wisseluitspraak by Gordon se *Nadow* ... van dieselfde pleknaam, en beteken Witkloof of Blinkkloof eerder as Gryskloof.” Soos hier bo uitgewys, is daar Boesmanwoorde vir ‘wit’ wat fonologies by *nau* aanpas, soos die Kung (N2) woord *!kau*, ‘to be white’, en *!k”au*, ‘white’, (‘wit’); en die Auen (N1)

en !O !kuŋ (N3) woord *!kau*, ‘white, pale yellow’, (‘wit, liggeel’), die Kung (N2) sinonieme *!g₂ao* en *!k²ao*, ‘to be white’, (‘om wit te wees’); en *!kao*, *!k₂ao*, ‘white, light-coloured’, (‘wit, ligkleurig’), sowel as in die Auen (N1) en !O !kung (N3) woorde *!k²ao* en *!k₂ao*, ‘white, pale yellow’, (‘wit, liggeel’) (Bleek 1956:337, 409, 413, 507). Die tweede komponent van die naam *Naudau*, naamlik *dau*, stem presies ooreen met die Ou-Kaapse woord *dau*, ‘kloof’ (Schrijver 1689 in Mossop 1931:227), sowel as met die Oos-Kaapse dialektiese woord *dau*, ‘road’ (Sparrman II 1785:350); die Namawoorde *daos*, ‘die Pforte (Eingang in’s Gebirge)’, (‘poort, ingang tot die gebergte’), *daob*, ‘Weg, Spur, Pfad’, (‘weg, spoor, pad’) (Kroenlein 1889:57); *daos*, ‘Pforte, Gebirgspforte’, (‘poort, bergpoort’) en *daob*, ‘Weg’, (‘weg, pad’) (Rust 1960:47, 72); die Sesarwa (S5) woord *dau*, *dau*ː ‘spoor, path, road’, (‘spoor, paadjie, pad’), en die Khakhea (S5), Auen (N1), Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b) woord *dau*, ‘spoor, road, path’, (‘spoor, pad, paadjie’) (Bleek 1956:22).

Witkloof, Nadow

Die komponent *Na-* kom ook in die sin van ‘wit’ by Gordon voor in die name *Nadow* en *Nakeuis*; “*door een kloof de 'nadow witte pad [in die Swartberge]*”; (“*deur ’n kloof die nadow, wit pad*”), en “*‘na keuis witte vrouw hiet het poort van de grote rivier [die Gamtoos] die wy uit de Sasie konden zien.*”; (“*‘na keuis wit vrou is die naam van die poort van die groot rivier [die Gamtoos] wat ons uit die Sasie kon sien.*”) (Gordon Ms 5 1786:40). By die naam *Nadow* merk Nienaber en Raper (1977:836) op: “In die ortografie van die Nama volgens ons te lees as *!Nâ-dao-b*, volgens Mossop as *!Noa-daob*. Vir *!nâ*, ‘ligtend, blink, helder, wit’, kyk bespreking by *Nakeuis*. Die *-dow* is soos Nama *dao-b/s* = ‘spoor, pad, weg, kloof, poort’. By Schrijver verskyn dit as *Naudau* ... Dus, soos ons meen, *!Nâdaob* = ‘Blinkpad’, is Gordon se vertaling ‘Witpad’.” Ook by die naam *Nakeuis* vereenselwig Nienaber en Raper (1977:843) die komponent *Na-* met die “Nama *!na-b*. ‘*das Licht*’, *!nâ*, ‘*leuchten (Licht ausstrahlen)*’, (‘verlig, lig uitstraal’) en daarmee samehangend met ‘helder’, bv. *!nâ-!na* ‘*innen hell werden*’ (Rust). ‘Wit’ is hiervolgens klankassosiatief by ‘lig’, ‘helder’. Oor die komponent *keuis* is daar geen twyfel nie, die oostelike dialekvorm

sluit nou aan by Nama *khoe-s*, Kora *khoe-s*, Griekwa *khoi-s*, almal 'vrou'." Maar soos hierbo uitgewys, het Gordon meegedeel "'na keuis ... hiet het poort". Aangesien dit die naam van die poort is, kan die lid *keui* vergelyk word met die Hie (C1) woord *!kuu*, 'pass, 'poort'.' (Bleek 1956:455), en die slot-*s* die vr. ekv. Indien die siening gehandhaaf word dat die lid *Na-* in die onderhawige plekname 'helder', 'lig', 'blink' beteken, en oordragtelik 'wit', kan 'n verband ook gesoek word met die /Xam (S1) woord *#ka:*, 'om helder te wees, sigbaar, lig, kaal, naby' (Raper 2021:34, 184).

Witteberge, Gaikou

Die Witteberge strek suid van Matjiesfontein van oos na wes tussen Touwsrivier en Laingsburg. Die reisiger Gordon (Ms. 5 1786:41) het op sy tog deur die Roggeveld na die Hantam opgeteken: "... *de hoek van de selfde berg 'gai`kou ...*"; ("... die hoek van dieselfde berg '*gai`kou ...*"), en daaronder is ingeskryf: "Witte berg". Nienaber en Raper (1977:344) transkribeer die naam as *Gaikou* en verduidelik: "Die lid *`kou* (vooraan 'n suigklank), is Ou-Kaaps vir 'berg' ... in Nama /*ui-b*, geglottaliseer uit die ouer /*(k)ui-b*. Die lid '*gai* (met suigklank) is wel soos Nama *#khai* = '*glänzen, erglänzen. Blinken*'; ('glans, glinster, blink') ... 'n Letterlike vertaling is dan ongeveer 'Blinkberg', vandaar die kleurindruk van 'Witberg'." Waarskynlik ouer as die Nama woord, en fonologies nader aan Gordon se optekening, is die /Xam (S1) woorde /*kai*, /*kāi*, 'to light, shine', ('om te verlig, skyn'), en /*kei*, /*kēi*, 'to shine', ('om te skyn'), met die sinoniem /*keinja* (Bleek 1956:308, 297). In hierdie woorde, soos ook in die Namawoord *#khai*, is die wisseling van die velare *g* en *k* te bespeur. Ook vir die komponent *`kou* is die /Xam (S1) woorde *!kao* en *!kau*, 'mountain', ('berg') (Bleek 1956:408), taalkundig bevredigend vergelykbaar. *Witteberge* blyk dan 'n onregstreekse vertaling te wees van die inheemse naam.

Wittedrifrivier, Bitou

Die *Bietourivier* is 'n sytak van die Napkeirivier wat op die plaas Tarentaal in die distrik Swellendam ontspring. Aan die oostekant grens die plaas Tarentaal aan die plaas Melk Houte Bosch. Nienaber en Raper (1980:210) stel dit dat die vraag nou is "of Bietourivier sy naam te danke het aan die bitouplant,

3. Khoi-khoi

gewoonlik toegepas op *Compositae* spesies, veral *Dimorphotheca*, *Osteospermum* en *Tripteris* (vgl. Smith 1966 CNSAP 191). ‘Melk’ is in Ou-Kaaps *bi-*, *bie-* ens. (HOTT 382), dit het verband met *bi* = ‘*Milchbusch*’ (Kr.-R. 1969 NW 39). Ons meen dis moontlik dat ‘Melk Houte Bosch’ en ‘Bietou(rivier)’ twee komponente van dieselfde naamkerngroep kan wees, en dat ‘Melk Houte Bosch’ ’n vertaling van ‘Bietou’ kan wees. ... Besware hierteen is dat die ‘*Milchbusch*’ van Kr.-R. ’n ‘*Euphorbienart*’ is, en die ‘Melkhout’ van Bredasdorp tot Riversdal, dus presies hier, die *Sideroxylon inerme* is.” Daar is egter ’n ander verklaring wat aandui dat daar tog ’n Afrikaanse naam is wat ‘Bietou’ vertaal, al is dit indirek. Glenn (2007:93) deel mee dat ’n vroeë alloniem vir die ‘*Bitou River*’ deur Le Vaillant as *Witte-Dreft river* opgeteken is, en in voetnota verduidelik Glenn (2007:93 vn. 81): “Wittedrift River, subsequently renamed the Bitou River, which flows into Plettenberg Bay: *LeVaillant, Traveller, I, 42*.”; (“Wittedriftrivier, naderhand herdoop as die Bitourivier, wat in Plettenbergbaai uitmond: *LeVaillant, Traveller, I, 42*.”). Taalkundig klop die komponente van die twee name *Wittedrift* en *Bitou*. Die lid *Bi-* stem ooreen met die Kung (N2) en Naron (C2) woord *bi*, ‘milk, breast’, (‘melk, bors’) (Bleek 1956:16), sowel as met die Hukwe (C2b) woord *bi*, ‘milk, female breast, pl. *biʃi*’, (‘melk, vroulike bors, mv. *biʃi*.’). (Bleek 1956:16). Die lid *-tous* is vergelykbaar met die Nama woord *!gôus*, ‘Furt’, (‘drif’), soos in die pleknaam “*Watefurt: Xanu-!gôus (Name einer Stelle bei Lüderitzbucht)*”; (‘Waad-drif, *Xanu-!gôus*, (die naam van ’n plek by Lüderitzbucht’) (Rust 1960:72), s.v. ‘*waten: xanu*’, (‘waad, *xanu*’). *Wittedrift* is dus blykbaar ’n onregstreekse vertaling van *Bitou*, waar die melkerige wit kleur van die water aan melk herinner. Die feit dat *Wittedrift* en *Bitou* albei name van dieselfde entiteit is, spreek ten gunste van hierdie verklaring.

Witwater, Wittewater, Witwaterfontein, Klarwater, Gattikamma

Nog ’n naam wat blykbaar ’n onregstreekse verwysing na ‘wit’ is, is *Gattikamma*. Borchers (1861:65) het die naam opgeteken: “*Tegen tien uur ’s avonds bereikten wij Gatie T’Kamma of Witwaterfontein*”; (“Teen tienuur in die aand het ons *Gatie T’Kamma of Witwaterfontein* bereik.”). Burchell (1 1811:192) skryf: “... four horsemen were despatched to Klarwater, or, as many of

the Hottentots called it, Gattikamma”, (“... vier perderuiters is na Klaarwater gestuur of, soos baie van die Hottentotte dit genoem het, Gattikamma”), en (Burchell 1 1811:240): “At eleven o’clock we unyoked at Wittewater (Whitewater), called in the Hottentot language Gattikamma, a word which has the same meaning. This spring, which, in some seasons, is the source of a rivulet, is situated in an open country.”; (“Om elfuur het ons uitgespan by Wittewater (Whitewater), wat in die Hottentottaal Gattikamma genoem is, ’n woord wat dieselfde betekenis het. Hierdie fontein, wat in party seisoene die bron van ’n riviertjie is, is in oop landskap geleë.”). Skead (1973:75) gee as alloniem vir Gattikamma ook die naam ‘Helderwater’ aan. Nienaber en Raper (1977:393) wys daarop dat die naam Gattikamma dus op meer as een manier verklaar word, naamlik as Wittewater en as Klaarwater, en verduidelik: “Die *-kamma* is soos Ou-Kaaps vir water, en soos Nama //gam-s. Die *Gatti* is soos Nama !gatsi = ‘hell, klar, deutlich’; (‘helder, klaar, duidelik’) (Kr.-R. 1969 NW 85). ... Die letterlike vertaling is dus ‘Helderwater’ of ook ‘Klaarwater’. Die vertaling ‘Witwater’ is ’n afleiding wat deur die kleurindruk van helder of moontlik van die bodemgesteldheid (bv. kalk) gemaak word.” Dit is inderdaad moontlik dat ‘Witwater’ ’n onregstreekse vertaling van ‘Helderwater’ of ‘Klaarwater’ is. Die lid *Ga* stem ooreen met die /Xam (S1) woord *Ɂga:*, *Ɂga*, ‘to be clear’, (‘om helder te wees’), ook met die Naron (C2) woord *Ɂga*, ‘glitter’, (‘glinster’) en, met die verwisselbaarheid van *g* en *k*, met die /Xam (S1) woord *Ɂka:*, ‘to be light, bright, visible, bare, near’, (‘om lig, helder, sigbaar, kaal, naby te wees’) (Bleek 1956: 643, 653). Daar kan ook gedink word aan die Hie (C1) woord *kaase*, ‘quite, clearly’, (‘heeltemal, duidelik’) (Bleek 1956:76), waar die koeplet *-se* ooreenstem met die koeplet *-si* van die Nama woord *!gatsi*. Interessant dat die vroegste optekening van die naam *Gattikamma*, dié van Borchers (1861:65), die vertaling van *Gattikamma*.aangee as ‘Witwaterfontein’, wat die indeling van die naam suggereer as *Ga* (*Ɂga*) = ‘wit, helder’ + *ti* (/i:) = ‘om te vloei; water’ + *kamma* = ‘water, fontein’, dus lid vir lid die inlandse naam vertaal.

Wittekhamrivier, Khamrivier

Die Kam- of Khamrivier loop uit in die Blum Fisch Fluss en dan in die Grootvisrivier in Namibië; dit is noordwes van Aub en suidsuidwes van Rehoboth geleë (Nienaber & Raper 1977:618). Knudsen (1842 in Moritz 29/4:144) deel mee: “Mittwoch ... kamen wir über ”Kham (Schlängerei) nach ”Gou-”Hoas.”; (“Woensdag .. het ons oor ”Kham (Slagveld) by ”Gou-”Hoas aaangekom.”). Die naam kom op Richter se *Charte* (1845) voor as *Kham*, en Hahn (Tsuni-//Goam 1881:23-4) skryf: “Names of places and rivers up to this day tell us of battles once fought, such as *!Khami* and *!Khams*, Battlefield.”; (“Name van plekke en riviere tot vandag toe vertel ons van veldslae wat eens gevoer is, soos *!Khami* en *!Khams*, ‘Slagveld’.”). Nienaber en Raper (1977:618) gaan akkoord met hierdie verklaring: “Knudsen se skryfwyse is te translitereer as *!Kham*, dus met dieselfde tongslag en verklaring as by Th. Hahn e.a. ... Vgl. Nama *!kam* = ‘kämpfen, streiten, fechten’, (‘baklei, stryd voer, veg’) (Kr.-R. 1969 DNW 224), s.nw. *!kami* of *!kams* (almal vandag anloutend gespel met *kh-*); met die *-s* ook plekbenoemend beteken die naam die ‘Gevegsplek, Slagveld’.” Die landkaart s.j. van Opmeting (in Nienaber en Raper 1977:618) gee: “Kamrivier, Rehoboth ... Old name Weisskam River”, en Hendrik Witbooi skryf in 1889: “*Ten eerste Mei heeft onzen oorlog uitgegaan dat waren 84 mannen geweest ten 2 Mei is eerste werf geschiet in Witte !Khamrivier*”; (“Op die eerste Mei het ons na die oorlog uitgegaan; dit was 84 manne; die 2 Mei is die eerste werweling in Witte *!Khamrivier* geskiet.”) (Witbooi 1929:47-48). Soos so dikwels in gevalle waar ’n entiteit sowel ’n inlandse naam as ’n Europese naam het, blyk dat ook in hierdie geval die twee name dieselfde betekenis kan hê. Die komponent *Kam* of *Kham* is vergelykbaar met die Naron (C2) woord *!am*, ‘to shine, sometimes used as an adj. white’, (‘om te skyn, soms as byvoeglike naamwoord ‘wit’ gebruik.”). (Bleek 1956:370). *!Kham rivier* beteken dus ‘Witrivier’; die serebrale klapklank *!* kom sowel in die naam as in die gedevelariseerde Naron woord *!am* voor. In die variant *Wittekhamrivier* is die lid ‘Witte’ ’n toutogiese term wat die komponent *kham* vertaal.

Witte Rivier, Tsao

Reeds in 1778 het Van Plettenberg (in Godée Molsbergen IV 1932:55) verslag gedoen: “... een half uur later over de Tsao of Witte Rivier ...”; (“n Half-uur later oor die Tsao of Witte Rivier”). Forbes (1965:147-8) identifiseer die plek as “now the Karatara, where it enters Ruigtevlei ...”; (“tans die Karatara, waar dit Ruigtevlei binnevoei ...”). Daar word soms gemeen dat die naam *Witte Rivier* ’n onregstreekse vertaling van die inlandse naam *Tsao* is. Volgens Nienaber en Raper (1977:1046) is die ‘wit’ sekondêr, “dit is afgelei van ‘askleurig’, by *tsao-b* = as [‘Asche’ (Rust 1960:4)]. *Tsao-b* is oordragtelik ook die ‘Melkweg’ (Kr.-R. 1969 NW 379), gesien as wit assies.” In hierdie verband kan ook gedink word aan die Naron (C2) woorde *tau*, ‘ashes’, (‘asse’), en *tšau* ‘ash’, (‘as’) deur Schinz as *tšchau* geskryf (Bleek 1956:194, 226). Daar is ook ’n skakel tussen die name van die Melkweg en die Tsaorivier, naamlik dat hulle afgelei is van die /Xam (S1) and //N !ke (S2) woorde *tsao*, *ts’au*, *tsau*:, ‘milk’, (‘melk’) en die Naron (C2) word *tšau*, ‘to milk’, (‘om te melk’) (Bleek 1956:213, 226). Die naam *Witte Rivier* is egter heel moontlik ’n regstreekse vertaling van die inlandse naam *Tsao*, wat vergelykbaar is met die Auen (N1) en !O !kuṅ (N3) woord *!kau*, en die Kung (N2) woord *!k’ao*, ‘white’, (‘wit’) (Bleek 1929:91), in welke geval die serebrale klapklank met velêre neweklank *!k* ooreenkom met die alveolêre frikatiewe medeklinker *ts*.

Witterivier, Karatara

Forbes (1965:147-8) deel mee dat die Tsao- of Witterivier nou bekend staan as die *Karatara*. Indien *Karatara* dieselfde betekenis het as ‘witrivier’, kan die lid *Kara-* vergelykbaar wees met die /Nu//en (S6) woord *!kari*, ‘white’, (‘wit’) (Bleek 1929:91). Geen woord vir ‘rivier’ kon gevind word wat geredelik fonologies en semanties ooreenstem met die komponent *-tara* nie, maar gedagtig daaraan dat dit vir vroeë inlandse bewoners toponimies doeltreffender sou wees om na ’n maklik identifiseerbare entiteit soos ’n watergat te verwys as na die hele rivier, sou ’n verband gesoek kon word met die /Xam (S1) woorde */kãřřu*, ‘pool’, (‘poel, watergat’); *ṁhouru*, *ṁhauru*, ‘waterhole, pond, pit’, (‘watergat, poel, puts’) (Bleek 1956:301, 651). Woorde vir ‘rivier’ wat wel

3. Khoi-khoi

fonologies in 'n mate met *-tara* ooreenstem, is die /Xam (S1) woorde *!kyri*, *!kwiri*, 'dry riverbed', ('droë rivierbedding'), *!kurri*, *!kwirri*, 'riverbed', ('rivierbedding'); *!kurri*, *!kuirri*, *!kwirri*, 'river, riverbed', ('rivier, rivierbedding'), en *!khwirri* 'dry riverbed, leegte, ditch', ('droë rivierbedding, leegte, sloot') (Bleek 1929:70; Raper 2021: 21, 162), maar hoewel die serebrale klapklank met alveolêre konsonant *t* vergelykbaar is en die onderhawige woorde die triller *r* in gemeen het, klop die klinkers nie bevredigend nie.

Melkrivier, Bikamma

'n Onregstreekse verwysing na kleur is te bespeur in die naam *Bikamma* wat in 1689 deur vaandrig Isaac Schrijver as '*Melck Rivier*' opgeteken is (Mossop 1931:244), waar daar blykbaar na die melkerige kleur van die water verwys word. Die dialektiese woord *bie*, '*melck*', ('melk'), is in 1652 deur Van Riebeeck opgeteken (Bosman & Thom I 1952:89) as 'n woord wat deur die inheemse mense bekend as die 'Saldanhars' gebruik is. Sparrman (II 1785:350) het die Oostelike dialektiese woord *bi*, 'melk', opgeteken. Vergelykbare Boesmanwoorde is die Hie (C1) woord *bii* en die Naron (C2) woord *bi:sa*, wat met die bogenoemde woorde ooreenstem in die afwesigheid van 'n klapklank, deur 'n bilabiale plofklank as aanvangsklank te deel, en die klinker *i* of *i:* in gemeen te hê (Bleek 1929:58). Die komponent *kamma* is soos die Ou-Kaapse woord *kamma*, 'rivier of water, *fluuius vel aqua*' (Witsen 1691 in Godée Molsbergen I 1916:217); die Kaapse dialektiese woorde '*kammo, een rivier*' Valentyn (1726:108a); en '*k̃ammo, fluius; vlietend water*' (Kolbe I 1727:431), wat ooreenstem met die !O !kuŋ (N3) woord *//kam*, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1929:39), wat dikwels ook vir 'rivier' gebruik word.

Wittewater, Hoerecaap

Gordon (ms. 3 1779:53) gee die naam "Hoerecaap" aan, wat Nienaber en Raper (1977:559) uitwys as 'n ou naam vir Wittewater in die omgewing van Piketberg naby Langvlei. Hulle meen dat daar te dinke is aan die Nama woorde *!uri*, 'wit', en *ʒga-b*, 'vlei, soms ook vlakte', en skryf: "*!Uri-ʒgab* dus 'Witvlakte', 'Witvlei', vgl. *Urigas*. Dit lê net ten ooste van 'Lang Vlei B', plaas nr. 1920-273-16885 noordwes van Piketberg. Die plaas 'Wittewater' nr.

C.Q.5-72, grensend aan Lang Vlei, is klaarblyklik die huidige naam van Gordon se opgawe, en sy Nederlandse vorm getuig ook indirek van sy ouderdom. Wittewater vertaal die ou inlandse naam gedeeltelik.” Die byhaal van Boesman-ekwivalente suggereer dat Gordon se *Hoerecaap* volledig as *Wittewater* vertaal is. Die komponent *Hoere-* kan vergelyk word met die ≠Khomani (S2a) woord *!uʀija*, ‘white’, (‘wit’) (Bleek 1956:493). Die lid *-caa-(p)* is vergelykbaar met die //Xegwi (S3) en Ki /hazi (S4b) woorde *-khaa*, *//kha:a*, ‘water’ (Bleek 1956:88), waar die tweeklank *-aa-* voorkom wat ook in Gordon se *caa-p* figureer. Ook fonologies en semanties vergelykbaar is die /Auni (S4) woorde *ka*, *kha*, ‘water’, die //Xegwi (S3) en Ki /hazi (S4b) woord *kha:*, ‘water’, en die //N !ke (S2), /Auni (S4), Auen (N1) en Kung (N2) woorde *!ka*, *!kha*, *!ha:* en *//kha*, ‘water’ (Bleek 1956:75, 88, 402). Die slot *-p* van die komponent *-caap* is die manlike enkelvoud wat met *-b* afwissel. *Wittewater* is dan lid vir lid ’n vertaling van die inlandse naam soos deur Gordon as *Hoerecaap* opgeteken.

3.2.3 Plekke na plantsoorte vernoem

Biesiepoort, Agab

Agab se Kop is die naam van ’n heuwel 940 m hoog, 20 km wessuidwes van Lutzputs en 18 km oossuidoos van Riemvasmaak. Die naam *Agab* is primêr dié van ’n poort of kloof ten noordooste van die heuwel geleë; hierdie poort dra die Afrikaanse naam *Biesiepoort*. *Biesiepoort* is ook die naam van die plaas waarop *Agab se Kop* geleëterewa is. Dit blyk dat *Biesiepoort* die Afrikaanse vertaling van *Agab* is; die lid *A-* is soos die /Xam (S1) woord */ha:*, ‘biesies’ (Raper 2021:11); die lid *ga* is soos die Nama woord *//ha-b* ‘die *Schlucht, Kluft*’, (‘ravyn, kloof’) (Kroenlein 1889:14,8), en die /Xam (S1) woord */ara*, ‘ravyn, kloof’ (Raper 2021:232; Bleek 1956:269). Die slot *-b* is die manlike enkelvoud.

Bloemhof, Gakhus, Gankhus

Gakhus, ook geskryf *Gankhus*, is die naam van ’n spruit op die plaas *Bloemhof* nr. 311, noordnoordoos van Keetmanshoop in Namibië (Nienaber & Raper 1977:348). Budack (1965:220) deel mee: “*!Gã-//khūs*, ‘Agtertoedoring’; *!gãb* = ‘*Rücken*’ ... maar ook ‘*rückwärts*’ ...

iets wat agteruit lê; //khūs = ‘doring’.” Krenz (1976 in Nienaber & Raper 1977:348) vra of !Kha//khus nie ‘Steekdoring’ is nie. Indien Budack se verklaring aanvaar word, is die lid Ga- of Gan- moontlik vergelykbaar met die Auen (N1) woord N1 !ga:, ‘back’, waarmee die /Xam (S1) woord _/wa:, ‘back (verb used as adv.)’, (‘agteruittrek, terugskuiwe; terug, agteruit (werkwoord as bywoord gebruik).’) (Bleek 1929:18) ooreenkoms toon. Die komponent -khus van die pleknaam is dan vergelykbaar met die woord -!ku wat in Auen (N1) en Kung (N2) voorkom, asook met die !O !kuḡ (N3) woord !ku, en die /Auni (S4) woord /xu:, ‘thorn’, (‘doring’) (Bleek 1929:84). Indien die naam *Bloemhof* egter ’n vertaling van die inlandse naam *Gakhus* of *Gankhus* is, is die lid Ga(n)- soos die Naron (C2) woord //a:, ‘flower’, (‘blom’) (Bleek 1956:514), met die variante //a.ba en //a.’sha wat onderskeidelik die manlike en vroulike genusuitgange -ba en -sha vertoon, wat Nama-invloed weerspieël; en die komponent *khu-* van die pleknaam stem ooreen met die Sesarwa (S5) woord tʃu, ‘place’, (‘plek’), van die werkwoord tʃu, ‘to sit down, stay’, (‘om te sit, bly’) (Bleek 1929:66, 76), ook aangegee as tʃu, tʃ’u, ‘hut, nest, house, home, place, hole’. s. tʃu, ‘to sit’, (‘hut, nes, huis, tuiste, plek, gat’, s. tʃu, ‘om te sit’) (Bleek 1956:236), wat met die begrip ‘hof’ ooreenstem.

Bloeme Clooft, Coraas

Die reisiger en destydse kommandeur van die garnisoen aan die Kaap, kol. Robert Jacob Gordon, het in 1779 (Ms. 1 1779:163) die pleknaam “*Coraas of bloeme Clooft*” opgeteken: “... Hier stonden vele kokerbomen agava in bloem. Drie soorte geraniums. Noemen dese plaats Coraas of bloeme Clooft, na een halfuur rydens kwamen by een fontein, dog een Hottentot seide dit de Kookfontein niet te zyn daar wy na toe wilden, egter had hy mis.”; (“Hier het baie kokerbome agava in bloei gestaan. Drie soorte malvas. Noem hierdie plek *Coraas of bloeme Clooft*. Na ’n halfuur se ry kom ons by ’n fontein aan, maar ’n Hottentot het gesê dat dit nie die Kookfontein is nie, hy het dit egter mis gehad.”). Nienaber en Raper (1977:292) verbind die lid *Cor-* van *Coraas* met die woord *koer*, ’n komponent van die sinsnede *kai koeriep*, ‘grote blommetyd’, (‘groot blomtyd’), waar die woord *kai* gelyk te stel is aan die Namawoord *gei*, ‘gross’, (‘groot’) (Rust 1960:28), en die slotlid *-iep* met die Namawoord

//aib, 'Zeit', ('tyd') (Rust 1960:76), sodat die gedeelte *koer* dan 'blom' beteken. Die komponent *-aas* van die naam *Coraas* word dan deur Nienaber en Raper (1977:293) vergelyk met die Namawoord //has, 'kloof', waarvoor Rust (1960:35) //hab, 'Kluft', ('kloof'), aangee, dus met die manlike enkelvoud *-b*. Hulle sluit af: "Indien al hierdie vermoedens en interpretasies korrek is, dan is Gordon se '*bloeme Clooft*' 'n letterlike vertaling van die ou inlandse naam *Coraas*: *Cor-* = 'blom' en *-aas*, Nama //ha-s = 'kloof.' 'n Boesmanoorsprong blyk uit die vergelyking van die lid *Co* van die naam *Coraas* met die woord *go, go:*, 'blom', wat in Auen (N1), Nogau (N1a), Kung (N2) en !O !ku_ŋ (N3) voorkom (Bleek 1929:39); ook met die Nogau sinoniem *ngo* (Bleek 1956:145), die !O !ku_ŋ (N3) sinonieme *go:*, *goa:* en *_goa:* (Bleek 1956:47); en die /Xam (S1) woord //go:a, 'flower', ('blom') (Bleek 1956:532). Die komponent *-raas* van die naam *Coraas* is dan vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /ara, 'kloof' (Bleek 1956:269), met die bygevoegde vroulike enkelvoudsuitgang *-s*.

Doring

Doornfontein, Koegas

Koegasrug is die naam van 'n heuwel en daarby geleë nedersetting op die plaas *Doornfontein* (S.A.-reeks 1971 vel 3017 BA Soebatsfontein). Die heuwel of 'rug' ontleen sy naam aan die lokaliteit waar dit geleë is, naamlik *Koega(s)*. Die plaasnaam *Doornfontein* is blykbaar 'n vertaling van *Koega(s)*. Nienaber en Raper (1980:534) verduidelik: "Die lid '*-rug*' verwys na die verheuenheid daar, gewoonlik skerp genoeg om 'n beeld te word. Die *Koega-* is moontlik soos Nama //khū = 'doring(boom)', en die lid *-ga-* wel soos Nama #gā = 'vlei' (Rust 1960 DNW 70), sodat *Koega* in feite vertaal moet word as 'Doring(boom)vlei/fontein'. Anders uitgedruk: hierdie werf bewaar die Khoekhoense naam van die plaas." 'n Meer regstreekse vertaling van *Koegas* as *Doornfontein* blyk uit vergelykbare Boesmanwoorde. Die lid *Koe-* van die naam *Koega(s)* is soos die Auen (N1) en Kung (N2) woord [~]!ku, die !O !ku_ŋ (N3) woord !ku en die /Auni (S4) woord /xu:, 'thorn', ('doring') (Bleek 1929:84), en die lid *-ga* is vergelykbaar met die Auen (N1) woord #ha, 'spring (water)',

(‘fontein (‘water’)) (Bleek 1956:650), waar *g* met *h* afwissel. Die verbindings-*s* in die naam *Koegasrug* is moontlik die Afrikaanse possessief, of die vroulike enkelvoudsuitgang vir ’n fontein.

Doringrivier, Kaukou

Vir die *Doringrivier*, ’n sytak van die Kammanassierivier in die distrik George, is die naam *Kaukou* opgeteken. Schrijver (1689 in Godée Molsbergen III 1922:104) berig: “... alsoo wij ... weide met weinig water in drie gaten vonden, de plaats werd van de Hottentots *Kaukou*, dat is een Steekdoornrivier genaamt ...”; (“...ons het weiding met ’n bietjie water in drie gate gevind. Die plek word in Hottentots *Kaukou*, dit is Steekdoringrivier, genoem”), en Mossop (1931:257) spesifiseer: “*Kaukou* (i.e. Steekdoorns Rivier). Present Name or locality: Doorn R., tributary of Kamanassie R., dist. George.”. Die naam word soos volg deur Nienaber en Raper (1977:674) verklaar: “Die *kau-* is verbindbaar met die Nama *!kha* = ‘stechen’, (‘steek’) (Rust 1960 DNW 58) ... Die *-kou* is soos Nama *//khū-s* = ‘*Dornbaum*’, Kora *//xu-b* ens. ... reeds in 1685 opgeteken, toe as *choë* vir die *Acacia karoo*.” Schrijver se mededeling: “*Kaukou*, dat is een Steekdoornrivier” sou die verband kon stel met die /Xam (S1) woorde *!kū!kū*, ‘steek, prik’, en *!khou*, *~!kou*, ‘doringboom’ (Raper 2021:85, 20). Volgens Skead (1973:47) is die *Doringrivier* reg oos van die dorp Oudtshoorn geleë, en ’n wisselvorm van die naam is *Koukou*. Raper *et al* (2020:160) gee ‘*Doringrivier*’ aan as die huidige naam vir die ‘*Kaukou*’, soos Mossop hier bo ook. Dit is lid vir lid die vertaling van die naam *Kaukou*; die eerste komponent, *Kau-*, stem ooreen met die Sesarwa (S5) woorde *//kau*, *//ka:o*, ‘thornbush, thorn tree, prob. *Mimosa*’, (‘doringbos, doringboom, wsk. *Mimosa*’), vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *khou*, ‘a large thorn tree, an *Acacia* species’, (’n groot doringboom, ’n *Acacia*-spesie’), en *!kou*, ‘thorn tree’, (‘doringboom’) (Bleek 1956:561, 428, 445). Dit is opvallend dat Schrijver skryf van “*w weinig water in drie gaten ... de plaats werd van de Hottentots Kaukou genaamt*”; (“min water in drie gate ... die plek word deur die Hottentotte *Kaukou* genoem.”). Hierdie beskrywing dui die aard aan van die geografiese entiteit waarna die naam verwys, en dit word ook weerspieël in die tweede lid van die naam, naamlik *-kou*, wat in klank en betekenis vergelykbaar

is met die /Xam (S1) woorde !ka:ɔ, ‘waterpan’, en /ou, ‘little waterhole’, (‘klein watergat’), sowel as met die ≠Khomani (S2a) woord //k”xou, ‘waterhole’, (‘watergat’) (Bleek 1956: 408, 357, 611). Soos dikwels opgemerk, is die naam wat deur die inlanders aan ’n geredelik uitkenbare entiteit soos ’n seekoeigat gegee is, mettertyd op die hele rivier oorgedra.

Aan de Doorns, Nuy

Aan de Doorns is die naam van ’n dorpie op die oewers van die Nuyrivier, ongeveer 7 km suidoos van Worcester (Raper *et al* 2020:33). Nienaber en Raper (1977:942–943) meen dat die lid *nuy* ’n allofoon is van die Khoi-khoïnse woord ≠hūi, ‘*Weidenbaum bei Oranje*’, (‘wilgerboom by die Oranje’) (Rust 1960:72), en dat die naam *Nuyrivier* ‘Wilger(rivier)’ beteken. Die naam *Aan de Doorns* dui daarop dat die dorp aan ’n rivier lê, en dat hierdie rivier se naam *Doornrivier* is. Aangesien die rivier ook as die *Nuyrivier* bekend staan, is dit duidelik dat die naam *Nuyrivier* ‘doringrivier’ beteken. Die lid *Nuy* is dan vergelykbaar met die /Xam (S1) woord !kūi, !kuĩ, ‘doringboom, doringbos’, en met die sinoniem ˜!khu; ‘driedoorn’ (Bleek 1956:450). In hierdie woorde is die wisseling van *k* en *n* te bespeur, die nasaliteit wat in die /Xamwoorde met ’n tilde ˜ aangedui word, is in die naam *Nuy* met die nasale *n* gerealiseer.

Geelhouteboom, Aascoe

Gordon (Ms. 1 1778:120) teken op 13 Januarie aan: “*Spanden wy by dese rivier, die hier liep uit, aan de plaats, 'aas 'cou, of geel hout doornboom,*”); (“Ons span by hierdie rivier, wat hier diep loop, uit by die plek ‘aas ‘cou, of ‘geelhoutdoringboom’”), en weer op 11 Februarie 1786 (ms. 4 1786:138): “*dese plaats is Aascoe of geelhoute boom.*”; (“Hierdie plek is Aascoe of ‘geelhoutboom’.”). Vandag is Gordon se Aascoe die huidige plaas Geelhouteboom nr. Uit. Q. 4-211, distrik Kirkwood. Terwyl Gordon die naam aangee as “‘aas ‘cou, of geel hout doornboom” meen Nienaber en Raper (1977:155) die lid –cou of –coe is waarskynlik soos Koranna *chu-b* van ouds, Nama //khu, by Claudius 1685 *choë*, almal vir ‘doringboom’ (Nienaber 1963:249). Gordon se opgawe *Aascoe of geelhoute boom* suggereer ’n alternatiewe verklaring, naamlik

dat die eerste lid soos die Ki /hazi (S4b) woord /a:, 'yellow', ('geel'), is (Bleek 1956:369), en die tweede lid soos die //N !ke (S2) woord /k"u:, ook /khu, 'camelthorn tree', ('kameeldoringboom') (Bleek 1956: 369, 448). Die beswaar teen hierdie verklaring is dat die kameeldoringboom 'n *Acacia*-soort is, en die geelhout is 'n *Podocarpus*-spesie (Smith 1966:185, 222), en laasgenoemde is nie 'n doringboom nie. Indien *aascoe*, of 'aas 'cou, letterlik 'geel hout' beteken, wat wel die geval blyk te wees, dan is die komponent *Aa* soos die Ki /hazi (S4b) woord /a:, 'yellow', ('geel') (Bleek 1956:369), en die komponent 'cou soos die woord /kãu, ook /kau, /kãu en /gau, 'wood, tree', ('hout, boom') (Bleek 1956:412, wat in Auen (N1) en Kung (N2) voorkom.

Geelhoutsrivier, Cammacha

Die naam *Cammacha* is in 1752 deur Beutler as "Yellowwoods River" vir die hedendaagse *Geelhoutsrivier* opgeteken (Forbes 1965:20). Arrowsmith se kaart van 1884 gee "Kameka or Yellowwood", ("Kamka of Geelhout"), en Hall se kaart van 1856 gee "Kamka or Yellowwood River", ("Kamka of Geelhoutrivier"), in Xhosa aangepas as *iNcemerha*. Pettman (1931:37) meen die naam *Kamka* "appears to have reference to the lion, (*xami*, a lion; *!ab*, a river)."; ("blyk na die leeu te verwys, (*xami*, 'n leeu; *!ab*, 'n rivier)."). Nienaber en Raper (1977:270) is van mening dat dit waarskynliker is dat die Engelse naam *Yellowwoods* 'n vertaling van *Cammacha* is: "van sulke letterlike vertalings het ons oorfloedige voorbeelde, in eerste plek van rivier- en stroomname wanneer hulle redelik oud is". Hulle beskou die komponent *-cha* as die Nama-agtervoegsel *-xa*, 'ryk aan, volop van', en voeg by: "Ons moeilikheid is dat die Ou-Kaapse woord vir 'geelhout' nie opgeteken is nie". Die naam *Geelhoutsrivier* bestaan uit drie elemente, 'geel', 'hout' en 'rivier'. Die naam *Cammacha* bestaan uit ook drie dele, naamlik *Ca* (of *Ka*, indien die opgetekende spelling as *Kameka* ook in aanmerking gebring word), *mma* (of *me*), en *cha* (of *ka*). Indien *Geelhoutsrivier* wel die inheemse naam vertaal, is die komponent *Ca-* of *Ka-* fonologies vergelykbaar met die Hie (C1) woord /a, 'yellow', ('geel') (Bleek 1929:94), sowel as met die Ki /hazi (S4b) woord /a, 'yellow', ('geel') (Bleek 1956:369), en met die Kung (N2) en !O !kung (N3) woord

/kaŋ, 'yellow', ('geel') (Bleek 1929:94). Die komponent *mma* (in *Cammacha*) of *me* (in *Kameka*) is vergelykbaar met die /Auni (S4) woord *Omwa* of *Omwe*, 'wood, tree', ('hout, boom') (Bleek 1929:87), waar die stemhebbende bilabiale konsonant *m(m)* die bilabiale klapklank met nasale neweklank *Om* verteenwoordig; die komponent *cha* of *ka* is vergelykbaar met die Khatia (S4a) woord /a: en die /Xam (S1) woord /ka, 'river', ('rivier') en die Auen (N1) woord *#ka:*, 'riverbed', ('rivierbedding') (Bleek 1956:268, 295, 653). 'Geelhoutrivier' is dus lid vir lid die vertaling van *Cammacha* of *Kameka*.

Gras

Graslaagte, Daasdaap

Daasdaap is die naam van 'n nie-standhoudende stroom wat noord van Bleskrans ontspring en noordoos en ooswaarts vloei om in die Sobabe-soutpan uit te water (Topo-kadastrale reeks 1967 vel 3018 Loeriesfontein). Op die Topografiese reeks vel 3018 kom die naam voor as *Dasdap*. Die waterstroom vloei oor die plaas *Daas Daap*, wat daarna genoem is (Nienaber & Raper 1980:232). Op die plaas, noordoos van die driehoeksbaken nr. 72, is *Graslaagte* (Topografiese kaart vel 3018 Loeriesfontein van 1974). *Graslaagte* blyk 'n vertaling van *Daas Daap* en *Dasdap* te wees. Die lid *Daa(s)* of *Da(s)* stem fonologies ooreen met die Hie (C1) woord *dhoa*, 'grass', ('gras') (Bleek 1956:24); en, met inagneming van die dikwels voorkomende verwisselbaarheid van die stemhebbende medeklinkers *d* en *g*, met die /Nu //en (S6) woorde //gā en #ga, 'grass', ('gras') (Bleek 1956:644), die /Nu //en (S6) woord //gā, die Naron (C2) woord /gāʃa, 'grass', ('gras') (Bleek 1929:44), en met die Nama woord /gāb, 'Gras'; /gāxa, 'grasig, grasreich', ('grasagtig, grasryk') (Rust 1960:28). Die tweede lid, (s)daap of (s)dap, is vergelykbaar met die Naron (C2) woord *dabe*, 'valley', ('vallei, vlei') (Bleek 1956:20), en met die wisseling *d* en *t*, met die Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) woord *tabe*, 'vlei, a depression in the land', ('vlei, 'n laagte in die grond') (Bleek 1956:187). Met die wisseling *t*, *d* en *k* in aanmerking geneem, stem dit ook ooreen met die //N !ke (S2) woord ʔkā:, 'valley', ('vallei') en met develarisering, met die Khoi-khoi woord ʔab, 'valley', ('vallei')

3. Khoi-khoi

(Bleek 1929:89). Die Nama woord *ʔhawa*, ‘Fläche’, (‘vlakke’) (Rust 1960:22) vertoon die palatale klapklank en die wisseling van die stemhebbende bilabiale *b* en *w*.

Kafferskuilrivier, Goukou

Die *Goukourivier*, ook bekend as die *Kafferskuilrivier*, het sy bron in die Langeberg en vloei suidwaarts om by Stilbaai uit te mond (Raper *et al* 2020:243). Volgens Koopman (2002:6) was *Goukou* “the name of a Hassequa chief who had hosted an emissary of Cape Governor Simon van der Stel on the banks of the river more than 300 years ago.”; (“die naam van ’n Hassequa kaptein wat meer as 300 jaar gelede as gasheer opgetree het vir ’n afgesant van die Kaapse goewerneur Simon van der Stel op die oewer van die rivier.”). Koopman verklaar nie dat die rivier na die hoofman vernoem is nie, en die teenoorgestelde is moontlik, naamlik dat die hoofman sy naam van die rivier kon gekry het. Nicolaisen (1976:172-173) wys daarop dat die oudste plekname wat toegeken word, dié is wat na riviere, watergate, berge en ander natuurlike entiteite verwys, en dat die oudste plekname behoort terug te dateer tot die vroegste ‘stratum’ van nedersetting, en daarom ook tot die oudste gesproke taal. *Goukou* is ’n antieke naam, en kom uit ’n antieke taal. *Goukou* het dieselfde betekenis as *Kafferskuilrivier*. *Kafferskuil* is die Afrikaanse soortnaam vir die *Pronium palmita*, ook ‘palmiet’ genoem (Smith 1966:266, 362), in Engels ‘rushes’ of ‘bulrushes’. Die komponent *Gou* van die naam *Goukou* is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woord //xa⁻u, ‘rushes’, (‘biesies’) (Bleek 1956:633), ook ‘palmiet’ of ‘kafferskuil’. Die rivier neem waarskynlik sy naam van die kuil of watergat waar die biesies groei; die lid *kou* van die naam *Goukou* stem ooreen met die /Xam (S1) woord !ka^εo, ‘waterpan’, ‘kuil’ (Bleek 1956:408; Raper 2021:107). Die naam *Goukou* is dus afgelei van die /Xam naam //xa⁻u!ka^εo, waarvan *Kafferskuilrivier* die vertaling is. Die simbool ϵ in die woord !ka^εo dui aan dat die voorafgaande klinker *a* ’n geperste klinker is.

Kinkelbos, Nanaga

Volgens die Topo-kadastrale reeks 1969 vel 3324 Port Elizabeth is *Nanaga* die naam van plaas nr. Alx. Q. 3-25, en *Nanaga Hoogte*

is plaas nr. Alx. Q. 6-4. Nanaga Hoogte is ook by die kruispunt van die teerpaai wat Alexandra en Cookhouse bedien. Nienaber en Raper (1980:607-8) deel mee: “Die teerpad van Grahamstad af loop oor die Nanagas Hoogte en oor die grensplaas ten suide daarvan met die naam ‘Kenkelbosch Uitspanning’ ... Vandag word op kaarte die lid ‘Kenkelbosch’ ... gespel ‘Kinkelbos’, so vir die stasie en die poskantoor. Ons glo daar is goeie grond vir die vermoede dat ‘Kenkelbosch’ die ou *Nana*- vertaal. Ons werk hier met die argument dat as twee plekname bymekaar is, een inlands en die ander Hollands, albei oud, dan is die meegaande Hollandse naam in talle gevalle daaruit vertaal; ons meen dat dit hier ook bewys word. Daarvolgens is die ou naam te lees as */Nana-ga*. Die *-ga*, in Xhosa met hulle gutturale *-rha-*, is kennelik soos Nama *-xa-*, hoeveelhedsuffiks wat ongeveer beteken ‘baie’, ‘ryk aan’.” Dr. C.J. Skead het in 1979 in ’n brief genoem dat die Xhosanaam vir Nanaga *Ncanarha* is, en aangesien die *-c-* in Xhosa die dentale tongslag verteenwoordig, het Nienaber en Raper aangedui dat die suigklap in die lid *nana* die dentale / is. “In ons woordvoorraad is daar wel ’n */nana* wat beteken ‘*einherwanken, schwanken (von Schwachheit)*’, (heen-en-weer steier, swenk (van swakheid)’) (Rust 1969 DNW 271) ...” Volgens Smith (1966:291) is die kinkelbos die *Tetragona fruticosa*, so genoem “from the slight twist’ (Afr.: kinkel) in the stems or branches.”; (“van die effense kinkel in die stamme of takke”). Nienaber en Raper kom tot die slotsom: “Ons doen aan die hand dat Nanagas beteken die ‘Kinkelbosryke plek’.” Met inagneming van die verwisselbaarheid van *n* en *r* is die komponent *Nana* ook vergelykbaar met Boesmanwoorde vir ‘twist’, naamlik die Kung (N2) woord *//nanni, //narri*, en die Auen (N1) woorde *//kana, _kana*, ‘to twist’, (‘draai, krul’) (Bleek 1956:556, 615). Die lid *-ga* van die naam Nanaga is waarskynlik nie die hoeveelhedsuffiks nie, maar soos die Auen (N1) woord *!gā, !gāi*, ‘tree, bush’, (‘boom, bos’) (Bleek 1956:375), sodat *nana-ga* letterlik ‘kinkel bos’ beteken. Daar word opgemerk dat die laterale tongslag in die woord vir ‘to twist’ nie ooreenstem met die dentaal in die Xhosanaam of die Namawoord nie.

Leeubosrivier, Chamma

Die *Leeubosrivier* is 'n noordelike sytak van die Kromrivier, waarby dit 11 km wessuidwes van Humansdorp aansluit (Raper *et al* 2020:399). *Leeubos(sie)* is die Afrikaanse soortnaam vir die *Zygophyllum morgana*, waarvan die gepoeierde sade as 'n ou Kaapse geneesmiddel gebruik is teen stuiptrekkings, beroerte en verlamming (Smith 1966:321). Nienaber en Raper (1977:281) vereenselwig die eerste lid *Chamma* met die Ou-Kaapse woord *chamma*, 'leeu', en met die Nama woord *xami*, en die lid *-go* met die Ou-Kaapse woord *gau*, 'bos', Nama */goms*, 'Busch', ('bos') (Rust 1960:40, 13). Die komponent *cham* stem wel fonologies ooreen met die Namawoord *xami*, 'Löwe', ('leeu') (Rust 1960:40), ook met die /Nu//en (S6), Auen (N1) en Kung (N2) woord *xam*, en die Naron (C2) woord *xamba*, 'leeu' (Bleek 1929:54). In hierdie gevalle is die lid *chamma* fonemies naaste aan die Naron (C2) woord *xamba*; die manlike uitgang *-ba* word in die naam *Chamma* tot *-mma* geassimileer. Die komponent *-go* in die naam stem ooreen met die Kaaps-Saldanha dialektiese woord *gau*, 'bois', 'bos', die !O !Kuŋ (N3) woord *!gãu*, 'tree, wood, stick', ('boom, hout, stok'), en die !Xuhn en !O !Kuŋ (N3) woord *!o*, 'bos' (Raper 2020:289). Die oudste verklaring van die naam *Chamma* is egter '*Leeuwenrivier*', soos in 1752 deur Beutler opgeteken; die alternatiewe naam *Leeuwenbosch* is van latere datum. *Leeubosrivier* blyk die huidige naam te wees van wat Beutler (1752 in III 1922:330) opgeteken het as die *Leeuwenrivier*: "... quamen wy by de Leeuwenrivier in het Hottentot Chamma gent."; ("... kom ons aan by die Leeurivier in Hottentots Chamma genoem."). Forbes (1965:22) identifiseer die Leeuwenrivier as die Leeuwboschrivier naby Buffelsvlei. Hierdie vermoede word bevestig deur "die kennis dat Topo-kadastrale reeks 1969 vel 3324 Port Elizabeth die plaas Leeuwenbosch nr. Uit. Q. 3-78 in die distrik Humansdorp aandui. Deur die plaas vloei 'n rivier, 'n sytak van die Dieprivier, wat presies korreleer met die Leeuwbosch R. op Forbes se kaart nr 3." (Nienaber & Raper 1977:281). Indien *Leeuwenrivier* wel die vertaling van *Chamma* is, is die lid *-go* dan moontlik soos die /Auni (S4) woord *ḡō*, 'to flow, e.g. water flows', ('om te vloei, bv. water vloei') (Bleek 1956:195, 675), waar die klapklank met nasale neweklank *ḡ* in die woord *ḡō* deur die stemhebbende

velêre konsonant *g* in die komponent *-go* weergegee word. Albei verklarings van die riviernaam kan taalkundig bevestig word, maar die kronisiteit spreek ten gunste van die oudste optekening.

Palmiet

Palmietrivier, Houtema, Koutema

'n Aantal inheemse plekname is afgelei van die aanwesigheid van plantsoorte. So het vaandrig Isaq Schrijver in 1689 (Mossop 1931:244) die naam “*de Groote Palmit Revier*” opgeteken vir die rivier wat steeds as die *Palmietrivier* bekend is. Hartogh (1707:1) het onder datum 3 November verwys na “*den bij ons soo gent. palmit Rivier, door de Hottentots gent. Houtema, of Slangenrivier*”; (“die deur ons Palmietrivier genoem, deur die Hottentotte *Houtema* of *Slangrivier* genoem”), waarop Mossop (1931:208) opgemerk het: “It was the *Koutema* or Slang (Snake) River of the Hottentots”; (“Dit was die *Koutema* of *Slangrivier* van die Hottentotte.”). Nienaber en Raper (1977:575) het die verklaring van *Houtema* (of *Koutema*, ook *Koutima*) as ‘slangrivier’ aanvaar, en het die komponent *Hou-* (or *Kou-*) gelykgestel aan die Ou-Kaapse dialektiese woord *gou*, ook *kau*, Nama /*au-b*, ‘slang’, en die mening uitgespreek dat die naam na die baie slange verwys wat daar voorkom. Die komponent *-te-* of *-ti-* het hulle vertolk as die Nama vroulike meervoud *-di*, en die komponent *-ma* as ’n ou formant om plekke aan te dui, veral riviere. Krenz (1974 in Nienaber & Raper 1977:575) vertolk die komponent *tema* of *tima* as *duma*, ‘rivierloop’. ’n Beswaar teen hierdie verklaring is dat indien *Houtema* (*Koutema*, *Koutima*) ‘slangrivier’ beteken, die naam *Slangrivier* sou oorleef het, of ten minste deur meer as een skrywer opgeteken gewees het, maar dit is nie die geval nie. Hartogh verklaar uitdruklik dat die rivier “*bij ons soo gent. palmit Rivier*” was; (“die deur ons doe sogenaamde Palmietrivier”) was. Hollandse name blyk dikwels vertalings van inheemse name te wees, en *Palmietrivier* is blykbaar ook so ’n geval te wees. Die komponent *Hou* van *Houtema* (of *Kou* van *Koutema*, *Koutima*) is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woord //*xa*[̄]*u*, //*xa*[̄]*u-ka*, ‘rushes’, (‘biesies’) (Bleek 1956:633). Die term ‘rushes’ verwys spesifiek na *Juncus* spesies, en ‘palmiet’,

Prionum palmita, is die *Juncus serratum* (Smith 1966:404, 362). Die komponent *tema*, of *tima*, is moontlik vergelykbaar met die woord *duma* ‘rivierloop’, soos deur Krenz (hierbo) voorgestel, en met die woord *dumba* wat in Naron (C2), Tsaukwe (C2a), Auen (N1) en /Nu //en (S6) voorkom vir ‘rivier, rivierbedding’ (Bleek 1956:29).

Riet

Rietberg, Kaggakoe

In 1779 is *K’a Cha Chow* deur die reisiger Paterson opgeteken as die inheemse naam vir die *Rietberg* tussen Sidbury en Assegaaibos. Nienaber en Raper (1977:608) identifiseer *K’a Cha Chow* as *Kaggakoe*, tussen Alicedale en Grahamstad; hulle stem saam dat *Kaggakoe* die ou naam van *Rietberg* is, en meen dat *Rietberg* die inlandse naam vertaal. Volgens hulle is die eerste lid, *Ka-* soos Nama *#a*, ‘riet’; die tweede lid, *-ga-*, soos Nama *-xa-*, ‘ryk aan’, en die lid *koe* soos Nama */uib* = ‘berg, klip’, gedevelariseer uit Ou-Kaaps *koe*, *khoe*, ens. As die vroeë vorm van die naam, *K’a Cha Chow*, as grondslag gebruik word, blyk dit dat die lid *K’a* inderdaad ooreenstem met die Nama woord *#a*, ‘riet’, maar ook met die Auen (N1), Kung (N2), Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) woord *#a*; *#ã*: ‘riet’, en die komponente *K’a Cha* met die !O !kuj (N3) woord *!kai!’a*, ‘riet’. Die slotlid *Chow* van die naam is soos die /Xam (S1) woorde *!kau* en *!kou*, en die //N !ke (S2) woord *!kau*, ‘mountain’, (‘berg’) (Bleek 1929:59). *Kaggakoe* beteken dus letterlik ‘rietberg’, nie noodwendig ‘rietryke berg’ nie. Dat die naam wel Boesmans is, spreek ook daaruit dat die genusuitgang wat normaalweg in Khoi-khoins voorkom, hier ontbreek.

Rietfontein, Aakaap

Nog ’n vertaalde naam wat op riete wys, is *Rietfontein*, ’n stasie van die Londense Sendinggenootskap wat in 1801 deur die sendelinge William Anderson (1769-1852) en Johannes Jacobus Kicherer (1775-1825) gestig is. Borchers (1861:63) beskryf dit as “*de stasie Aakaap of Rietfontein van de zendelingen Kicherer en Anderson.*”; (“Die stasie Aakaap of Rietfontein van die sendelinge Kicherer en Anderson.”). Lichtenstein (in II 1916:391) gee in 1805 te kenne dat die naam “*in der Koranasprache Aa’tkaap*” is. Burchell

(I 1811:231) deel mee “Not far from here is the spot where the missionaries established themselves in 1801, at a place called Aakaap by the Hottentots, or Rietfontein (Reed Fountain) by the Dutch.”; (“Nie ver hiervandaan nie is die plek waar die sendelinge hulle in 1801 gevestig het, by ’n plek deur die Hottentotte Aakaap genoem, of Rietfontein deur die Hollanders.”). *Rietfontein* is ’n vertaling van *Aakaap*, ook opgeteken as *Aa’tkaap*, *A’akaap* (Skead 1973:190). Die eerste lid *A-* of *Aa-* is soos die Auen (N1) woorde *ʔa:* en *ʔã:*, ‘riet’ (Bleek 1956:640) en die //N !ke (S2) woord *ã*, ‘riet’ (Bleek 1929:69), vergelykbaar met die Namawoord *ʔab*, ‘riet’ (Nienaber 1963:430). Die tweede lid van die naam, *-kaap* of *-tkaap*, is soos die Auen (N1) woord *ʔha*, ‘fountain’, (‘fontein’) (Bleek 1956:650), die /Nu//en (S6) woorde *!kha:* en *ʔã*, ‘fountain’, (‘fontein’) (Bleek 1929:79), waar die klapklanke met die *t* weegegee is; ook die Kung (N2) woord *ʔn’hau*, ‘mountain spring’, (‘bergfontein’) (Bleek 1956:672). Hierdie komponent is dus nie verwant aan die Namawoord */ab*, ‘poel’ of ‘kuil’, soos Nienaber en Raper (1977:153) vermoed het nie, wat hulle in verband bring met “*Eine kleine oder mittelgrosse Vertiefung ... in der das ... Regenwasser längere Zeit stagniert, ist /a-b*”; (“’n Klein of middelmatige holte waarin reënwater oor ’n langere tyd gestagneer het.”) (Schultze 1907:159), terwyl die fontein by Rietfontein vars en helder was. Die genusuitgang *-p* in die naam *Aakaap* dui daarop dat dit in die rigting van Khoi-khoins aangepas is.

Rietkuil, Haubes

Haubes is die inlandse naam van *Rietkuil*, plaas nr. 518, wat aan die noordelike gedeelte van die Huabrivier lê, oor albei oewers (Nienaber & Raper 1980:406). Zaby (1979:52) deel mee *Rietkuil* was “*von altersher unter den Dama bekannt als !Haubes. Von !haub = ‘Felsbank’.*”; (“van oudsher onder die Dama bekend as *!Haubes*, van *!haub = ‘rotsbank’.*”) Die feit dat *Haubes* en *Rietkuil* albei name vir dieselfde plaas is, stel die vraag of die naam *Rietkuil* nie ’n vertaling van *Haubes* is nie. Dan is die lid *Hau-* gelyk te stel met die Kung (N2) woord *ˀ//kau*, ‘riet’ (Bleek 1956:561), die lid *-bes* moontlik die Hadza (C3) meervoudsuitgang wat ’n veelvuldigheid van riete aandui, of die Nama lokatiewe agtervoegsel. Taalkundig is albei verklarings moontlik. Ten gunste van eersgenoemde

verklaring, dié van Zaby, is die gemeenskaplike voorkoms van die frikatief *h* in die naam *Haubes* en die woord *!hau-* vir ‘Fels-Wasserbank’, (‘klip-, rotswaterbank’) (Kroenlein-Rust 1969:170), en die woord *!haus*, ‘die Felsbank (in Schichten liegend)’, (‘rotsbank (wat in lae lê)’ (Kroenlein 1889:156). Ten gunste van die tweede verklaring as ‘Rietkuil’ spreek die feit dat albei name, *Haubes* en *Rietkuil*, na dieselfde entiteit verwys, in feite sinonieme is. Dat die retrofleks-frikatiewe klapklank met velêre inset //k in die woord ~//kau (‘riet’) oorgaan tot die frikatiewe *h* in die naam *Haubes* (‘rietkuil’), is begryplik.

Wortel

Wortel, Garies

Die naam *Wortel* vir ’n plek in die Kuiseb-delta word deur Moritz (1972:2) bespreek: “*Weiter im Kuiseb-Delta liegt der Platz Wortel, der auch sehr früh beziedelt war: /Garies (= ‘grünes Gras’) ist der Name.*”; (Verder in die Kuiseb-delta lê die plek *Wortel*, wat ook baie vroeg beset is: */Garies (= ‘groen gras’) is die naam.*”). Hiermee stem Nienaber en Raper (1977:384) nie saam nie, maar beweer: “Die Afrikaanse naam *Wortel* is gewoonweg net die vertaling van die Namanaam *Garies*. Trouens, so volop is die *aree-* of *ariewortel* dat Alexander in 1836 die Kuisebrivier aangee as ‘Root River’. Die ‘ouer’ velare *k-* en *g-* in anlautposisie, soos in Ou-Kaaps, kom dikwels in Nama voor sonder die *k-* of *g-*. Mens kan dit devalarisasie noem, of meer positief, glottalisasie.” In die !O !kung (N3) woord //kari, ‘root’, en die Auen (N1) woord //kari, ook //kerri, ‘root fibre’, (‘wortelvesel’) (Bleek 1929:71; 1956:559), kom die velaar nog voor as *K*.

Ysterdoring

Yzerdoorn, Karkakob

Op die Afdelingskaart 1890 Uitenhage en Port Elizabeth word “Yzerdoorn or Karka Kob” as die naam opgegee van plaas nr. Uit. Q. 7-13. Die inlandse naam verskyn nie op die reeks S.A. 1972 skaal 1:50,000 vel 3324 BC nie, net die naam van die plaas Yzerdoorn nr. 159 wat oor albei oewers van die Grootrivier strek.

Nienaber en Raper (1980:486) meen die lid *-kob* stem ooreen met die Nama woord //khub, ‘*der Dorn*’, (‘doring’) (Rust 1960:14), en dat ‘Karkakob’ dalk die naam van die doringsoort kan wees, in welke geval die plaasnaam *Yzerdoorn* die vertaling van die inlandse naam *Karkakob* kan wees. In die vergelyking van //khub met *-kob* is die wisseling van *u* en *o* bespeurbaar. Boesmanwoorde wat ooreenstem met die Nama woord //khu-*b* is die /Xam (S1) woord *-!khu*, ‘doringboom, -bos’ (Raper 2021:20), die /Auni (S4) woord /xu:, die (N1) en Kung (N2) woord *!ku*, en die !O !kuŋ (N3) woord *!ku*, ‘thorn’, (‘doring’) (Bleek 1929:84). Daar is ook Boesmanwoorde vir ‘doring’ wat die variant *o* insluit, soos die /Xam (S1) woord /ko-*si*, /kosi, en die Auen (N1) woord *!ko:ʃi*, ‘thorns’, (‘dorings’) (Bleek 1956: 321, 644, 763). Indien *Yzerdoorn* die vertaling van *Karkakob* is, moet *Karka* seker ‘yster’ beteken, of ’n woord wees wat die een of ander eienskap van yster beskryf, soos ‘hard’ of ‘sterk’. Vergelykbare woorde wat ‘yster’ beteken, is die Ou-Kaapse woord *kaukuri* en die Hie (C1) woord //kaiho, ‘iron’ (Raper 2020:357-8), en die !Xuhn woord //aah, ‘yster, iron’ (Weich 2004:117). Woorde vir ‘hard’ wat met *Karka* vergelyk kan word, is die Koranna woorde //karri, *karoosing*, *karosa*, *karro(sa)*, die Nama woorde *!gari* en *garosa*, en die Naron (C2) woord *!gari*, ‘hard’ (Raper 2020:343). Die segment *kar-* in die Korannawoorde stem ooreen met die lid *Kar-* van die naam *Karkakob*, soos ook die Naron woord wanneer die uitruilbaarheid van die velare *k* en *g* in aanmerking kom. Ook vir die eienskap ‘sterk’ van yster bestaan Boesmanwoorde wat vergelykbaar met die lid *Kar-* is, naamlik die Kung (N2) woorde *!karra*, *!karre*, ‘strong’, (‘sterk’) (Bleek 1956:409); /yri:ja, en die Naron (C2) woord *!gari*, ‘hard, strong’, (‘hard, sterk’).

Onregstreekse verwysing na plant en dier

Gifkop, Katjiesberg, Kadiesberg

Gifkop is die naam van ’n heuwel ten suide van *Katjiesberg* naby Beaufort-Wes (Topografiese reeks 1974 vel 3222 Beaufort-Wes). Op die ooreenstemmende Topo-kadastrale reeks 1967 kom die naam van *Katjiesberg* as *Kadiesberg* voor. Walton (1984:103 1A) gee die naam aan as *Katjieskop*. Op die oog af sou mens die naam

Katjiesberg en *Katjieskop* as Afrikaans beskou, maar die voorkoms van die alloniem *Kadiesberg* skep die vermoede dat *Katjiesberg* 'n volksetimologiese vertolking van die hibridiese naam *Kadiesberg* is, en dat *Gifkop* 'n vertaling van die naam kan wees. Nienaber en Raper (1980:443) vereenselwig die komponent *Ka-* met die Namawoord *!gā*, 'Gift', ('gif') (Rust 1960:27); die komponent *Kadie* is vergelykbaar met die Hadza (C3) woord *k"ada*, 'poison from the pandzubi tree', ('gif van die pandzubi-boom') (Bleek 1956:118). Dit wil ook voorkom asof die naam *Katjiesberg* wel nie 'n volksetimologiese aanpassing van die naam *Kadiesberg* is nie, maar dat die komponent *katjie* ooreenstem met die Kung (N2) woorde *ka'i*, 'poison caterpillar', ('gifruspe') en *//kai*, 'poison', ('gif') en die Auen (N1) woord *_kai*, 'vegetable poison', ('plantaardige gif') (Bleek 1956: 77, 551). Ongelukkig is dit nog nie bekend na watter soort gif die naam *Gifkop* verwys nie. Dis egter duidelik dat die twee name *Kadies(berg)* en *Katjies(berg)*, as *Gif(kop)* vertaal, uit verskillende Boesmantale kom, maar dieselfde betekenis het. 'n Interessante verband word gesuggereer deur die Hie (C1) woord *//kadi*, 'scorpion', ('skerpioen'), wat fonologies en semanties met die lid *kadie* van *Kadiesberg* ooreenstem, en ook 'n regstreekse verband met 'gif' het, soos ook die /Nu//en (S6) woord *//kai*, 'scorpion', ('skerpioen') (Bleek 1956:550, 551), waar die intervokalise *d* geëlideer is.

Riet Vallei, Tkautkai

In sommige gevalle is dit moeilik om seker te wees watter van twee of meer verklarings van 'n naam die korrekte of mees geloofwaardige is. Vir *Buffeljagsrivier*, 'n sytak van die Breërivier naby Swellendam, is daar etlike allonieme en wisselspellings, naamlik *Riet Vallei*, *Bueffelsjagd's Revier*; *Buffeljagt R.*; *Buffeljachtsrivier*; *T'kaut'kai* (Hott.); en *Buffalye Agte Rivier* (Skead 1973:22). Paterson (1777:62) deel mee: "The river was so called from its being formerly a noted place for hunting buffaloes."; ("Die rivier is so genoem omdat dit voorheen 'n beroemde plek was vir die jag op buffels."). 'n Inlandse naam vir die rivier is dus *T'kaut'kai*, wat as 'Hottentots' aangegee word, en waarvan *Buffeljags* moontlik die vertaling is. Nienaber en Raper (1977:630) wys daarop dat die lid *T'kau-* vergelyk kan word met

Nama *gaob*, ‘Büffel’, (‘buffel’) (Rust 1960:13), en met woorde uit die Oostelike dialekte soos /*kaw* en *t’kau* vir ‘buffel’ (Raper 2020:287). Dit stem ooreen met die Kung (N2) woord /*kau*, en die Hie (C1) woord /*hao*, ‘buffalo’ (Bleek 1956:303, 287). Die tweede lid van die naam, *-t’kai*, sluit aan by Nama *!hai*, ‘Wild zu Pferde jagen, Jemand jagen’; (‘te perd wild jag, iemand jaag’) (Kroenlein 1889:153). Boesmanwoorde vir ‘jag’ wat hierby aansluit, is die Sesarwa (S5) woorde //*kai* en //*kāi* (Bleek 1929:48; 1956:550), en die Auen (N1) woorde *!kai* en *!gai* (Bleek 1929:48), ook die Sesarwa (S5) woord //*kai*, ‘to shoot, kill, hunt’, (‘om te skiet, dood te maak, jag’), wat in Naron (C2) as ‘to hunt food, collect’, (‘om kos te soek, bymeekaarmaak’) aangegee word (Bleek 1956:550). Nienaber en Raper (1977:670) kom tot die gevolgtrekking: “T’kaut’kai is dan letterlik ‘Buffeljag’. Die naam is sonder twyfel ’n vertaling uit Khoekhoens”. Maar daar is enkele bedenkinge oor hierdie verklaring. Nicolaisen (1976:173) wys daarop dat die oudste plekname wat toegeken word, dié is wat na riviere, watergate, berge en ander natuurlike entiteite verwys. Die oudste plekname “should go back to the earliest ‘stratum’ of settlement and therefore also to the earliest language spoken”; (“behoort terug te dateer tot die vroegste ‘stratum’ van nedersetting, en daarom ook tot die oudste gesproke taal.”). Daar kan dus verwag of vermoed word dat die naam *T’kaut’kai* dalk ouer is as die gejag te perd na buffels. Indien die naam *T’kaut’kai* die betekenis het van ‘buffeljag’, ontstaan die vraag waarom die generiese term, in hierdie geval ‘rivier’, ontbreek. Vir *T’kaut’kai* is ook ’n ander alloniem opgeteken, naamlik *Rietvallei*, soos by Skead hierbo aangehaal. Indien *Rietvallei* die vertaling van *T’kaut’kai* is, is die eerste komponent *T’kau-* te vergelyk met die Kung (N2) woord //*kau*, ‘reed’, (‘riet’) (Bleek 1929:69), en die tweede lid *-t’kai* met die !O !kuṅ (N3) woord *!gai*, ‘valley’, (‘vallei’) (Bleek 1929:89). Taalkundig is albei verklarings moontlik; logies moontlik ook.

3.2.4 Plekke na diere vernoem

Voëls

Aasvoëlberg, De Qua

'n Vertaling van die woord vir 'aasvoël' wat minder duidelik herkenbaar is, kom voor in die naam *De Qua* vir die *Aasvoëlberg*, 'n verhevenheid ongeveer 7 km noord-noordoos van Willowmore en 6 km suidoos van Perdepoort geleë (Raper *et al* 2014:89). Die naam *De Qua* is vir hierdie berg deur die reisiger en staatsman kol. Robert Jacob Gordon in 1777 opgeteken (Forbes 1965:84a). Nienaber en Raper (1977:990) meen dis “moontlik dat *Qua*, met die bepaalde lidwoord *De* uit Nederlands vooraan, die inlandse naam vir 'aasvoël' is. Die lid 'berg' is toegevoeg en nie vertaal nie.” As moontlike inlandse korrelate vir die woord *Qua* gee hierdie skrywers die woorde *kx'ao* en *ʒghai-p* aan, wat *aasvoël* (*Vultur kolbii*) beteken. 'n Naam soos *Aasvoël* is egter nie onomasties bevredigend nie; dit stel spreker en hoorder nie in staat om ondubbelsinnig te weet na watter entiteit verwys word nie. Die pleknaamgewingspatroon in Boesmantale is verder ook dat die generiese term deel van die naam vorm, en dat dit op die spesifieke term volg. Indien, soos vermoed is, *Aasvoëlberg* 'n vertaling van die naam *De Qua* is, is die komponent *De* nie die Nederlandse lidwoord nie, maar 'n volksetimologiese vervorming van 'n Boesmanwoord vir 'aasvoël', soos die Naron (C2) woord *k"eĩ*, of die /Nu//en (S6) woord *!gwe*, die Kung (N2) woorde *ʒnwe*, *ʒnu'e* en *to*; 'vulture', ('aasvoël') (Bleek 1929:89; 1956:392, 675, 206). Die komponent *Qua* stem ooreen met die Hie (C1) woord *!goa* en die Naron (C2) woord *ʒgnoa*, 'mountain', ('berg') (Bleek 1929:59; 1956:647).

Korhaansdrif, Garagas, Karahas

Reeds in 1779 het Gordon (Ms. 2 1779:87) berig: “... door eene schone sandige drift, weinig stroom, synde dit de Compagnies drift Garagas in het Hottentots.”; (“... through a beautiful sandy ford, little current, being the Company's Drift, Garagas in Hottentot.”), en bokant Garagas is ingeskryf: “*Korhaan*”. Nienaber en Raper (1977:378) deel mee dat *Garagasdrif* 'n ou naam van Ramansdrif is,

wat ook bekend is as *Korhaamsdrif*. Alexander (1836:147) beskryf die drif: “The ford of the Karahas, or Bustard, is not shallower than other parts of the river”, (“Die drif van die Karahas, of korhaan, is nie vlakker as ander dele van die rivier nie”), en op sy landkaart: “Karahas or Koran Ford.” Ander optekenaars van die naam skryf dit met ’n *H*- in plaas van die *K*-. So kom dit voor by Hahn (1879 kaart): “//Haraxas Ford”; by Schinz (1884-6 kaart): “//Haraxas Ford”, ensovoorts, nou met die laterale schналz vooraan. Schultze (1907:169) verduidelik: “//Haragas, Ramansdrift, fürth durch den Oranjefluss in das Warmbader Gebiet.”; (“//Haragas, Ramansdrift, drif in die Oranjerivier in die Warmbad-gebied.”). Die inlandse naam, wat gaandeweg deur Ramansdrif verdring is, is soos die Nama //haragas, xartsi-//ga-//gas, ‘Gackelhuhn’, (‘korhaan’) (Rust 1960:24), en Schultze noem ook die wisseluitspraak xaratsi-//gas, soos Nienaber en Raper (1977:523) uitwys. Met Alexander se anloutende *k*- wys hulle ook daarop dat “*k*-, *h*-, *g*- en *x*- mekaar anloutend afwissel.” Hierdie wisseling kom ook voor in Boesman-ekwivalente vir die verskillende komponente. Die /Xam (S1) woord *_kwakwara*, blykbaar verwysend na die roep van die korhaan, stem ten dele fonologies ooreen met die woorde *haragas*, *garagas*, *xaratsi-//gas* en die Auen (N1) woord *!nara* ‘vaal korhaan (Otis vigorsii)’ (Bleek 1929:51), laasgenoemde met die bykomstige wisseling van *n*, kom ooreen met die woorde *kara*, *hara*, *gara*, *xara*. Die Naron (C2) woord *!kamba*, *!ka:mba*, ‘brandkop korhaan’ (*Eupodotis afra*)’ (Bleek 1956:729), is vergelykbaar met die lid *Rama*- van die naam Ramansdrif wat betref die letteropvolging *a-m-a*, en die feit dat albei allonieme is vir ‘Korhaan(drif)’. Aangesien die gegewe woorde vir ‘korhaan’ met die inset *xa ga* as deel van die woord vir ‘korhaan’ voorkom, meen Nienaber en Raper “die lid -xa- ... is hier nie hoeveelheidsuffiks nie.”

Kraaiport, Koradaob

“Vandag is Koradaob die naam van die plaas Kraaiport nr. 124, en van die Kraaiportrivier wat sy oorsprong op die plaas het ...” (Nienaber & Raper 1980:559). Die naam Koradaob kom op Hahn se kaart van 1879 en op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) voor vir ’n uitspanplek, en op die DSWA reeks 1911 Blatt 19 verskyn die Afrikaanse naam in die Duitse spelling as *Kraiport*. Met

3. Khoi-khoi

die wisseling van *g*, *h* en *k* is die lid *Kora* van die naam *Koradaob* soos die Namawoorde *gorab* en *//hoarab*, ‘Krähe’, (‘kraai’) (Rust 1960:36), ook soos die Naron (C2) woord *hoara*, ‘crow’, (‘kraai’) (Bleek 1956:63). Die lid *-daob* is soos die Namawoord *daos*, ‘Pforte’, (‘poort’) (Rust 1960:47).

Kraaifontein, Kourkam, Kourkamma

Kourkam is die naam van ’n fontein en lokaliteit 4 km wesnoordwes van Kraaifontein en 43 km suidwes van Springbok, en 3 km oos van die Kourkammaberge. Die name *Kourkam*, *Kourkamma* en *Kraaifontein* vorm ’n drieluik waar die Afrikaanse naam kennelik die inlandse name vertaal. Die lid *Kour-* stem fonologies en semanties ooreen met die Ou-Kaapse woord *goura* wat in 1783 opgeteken is vir ‘kraai’ (Nienaber 1963:356), en met die /Xam (S1) woord *!gauru*, ‘crow, white crow’, (‘kraai, witkraai’) (Bleek 1956 379); die komponent *-kam* stem ooreen met die Ou Kaapse dialektiese woord *kamma*, ‘water’, ‘fontein’. *Kraaifontein* is dus ’n regstreekse vertaling van *Kourkam(ma)*.

Voëlrivier, Caniga

Caniga, ook opgeteken as *Canniga* and *Kaniga*, is die ou naam vir die huidige *Voëlrivier*, ’n sytak van die Sondagsrivier in die Oos-Kaap. Die alternatiewe name is in 1778 deur Van Plettenberg (in I IV 1932:41-42) aangegee: “*de Canniga of Vogelrivier, ... Caniga of Vogelrivier ...*” In dieselfde jaar het Gordon (Ms. 5 1786:59) die naam “*Caniga of Vogel riv.*” opgeteken, en op sy kaart (nr. 15 in Forbes 1965) “*Kaniga Riv.*” Forbes (1965:69) voeg hierby: “*Van Plettenberg ... called the river the Vogel, Caniga. ... The Vogel has survived, and by it Pearston has sprung up ...*”; (“*Van Plettenberg ... het die rivier die Vogel, Caniga, genoem. ... Die naam Voëlrivier het bly voortbestaan, en daarby het Pearston ontstaan ...*”). Die eerste lid van die inlandse naam, *Cani-*, word deur Nienaber en Raper (1977:272) gelykgestel met Ou-Kaapse woorde vir ‘voël’, soos die Kaaps-Saldanha *caneps*, ‘*poule*’ (De Flacourt 1655:58): “*dieselfde woord is in Nama ani-*, sonder die velaar, ’n frekwente verskynsel ...” Hulle meen die lid *-ga* is waarskynlik gelyk te stel met ‘rivier’: “*Ons word hierin gestaaf deur die feit dat die naam ... bewaar is in die ou plaasname Vogelrivier nr. Som. Q. 11A-12 en*

Vogel Rivier Poort nr. Som. Q. 14-8.” Wanneer die naam *Caniga* met Boesmanwoorde vergelyk word, val dit op dat die /Xam (S1) woorde vir ‘voël’ konsekwent met velêre anlaute gedokumenteer is, naamlik die /Xam (S1) woorde *k”ani*, *k”ānni*, *k”arri*, *k”aṛri*, ‘bird, little bird’, (‘voël’, ‘voëltjie’), en ook die Kung (N2) woorde *k”ani*, *k”ānni*, ‘bird’, (‘voël’) (Bleek 1956:119). Die Ou-Kaapse woord *k`ānniqua*, ‘*volucres; het gevleugelde*’; (‘voëls; die gevleueldes’) (Kolbe 1: 1727:434), en die Oostelike dialektiese woord *#kanip*, ‘*bird, voogel*’, (‘voël’) (Le Vaillant 1790:366), vertoon ook klapklanke, wat ooreenstem met die /Xam (S1) woord */kanni* ‘bird’, (‘voël’) (Bleek 1956:301). Die uitgang *-qua* by Kolbe is die meervoudsuitgang, soos ook deur Nienaber en Raper uitgewys.

Volstruisleegte, Amikoob

Daar is effens verwarring oor die naam *Amikoob* wat deur Nienaber en Raper (1977:186) aangegee word as die ou naam vir *Vogelstruis Leegte*, vir ’n plaas en ’n poskantoor in die distrik Willowmore, en vir die plaas *Volstruisleegte* 21 km noord van Willowmore. Gordon (Ms. 1 1778:45) berig: “... *kwamen by de veeplaats van Pieter van der Merwe ... ‘ami`co struisvogel been door de Hottentotten ... geheten ...*”; (“... kom by die veeplaas van Pieter van der Merwe aan ... *‘ami`co volstruisbeen deur die Hottentotte genoem*”), dus met die tweede lid *`co* teenoor die *-koob*. Die eerste lid *Ami-* is soos die Namawoord */amib*, ‘*Strauss (Vogel)*’, (‘volstruis’) (Rust 1960:59), en die Ou-Kaapse woorde *ammi*, *ammy*, ‘*een vogel struys, struthio*’, (‘volstruis’) (Nienaber 1963:508); ook vergelykbaar met die Kung (N2) woorde *#kam*, *#gam*, ‘ostrich’, (‘volstruis’) (Bleek 1956:656), dus met die palatale klapklank *#* en die wisseling van *k* en *g*. Die tweede komponent, *`co* of *koob*, stel Nienaber en Raper gelyk met die Nama woorde *#ko-b*, ‘*Knochen*’, (‘been’) (Rust 1969:249), en *'koop*, ‘bone’ (Appleyard 1850:13). Die Namawoord *#ko-b*, en ook die /Xamwoord *-//zo*, ‘been’ (Raper 2021:8), pas goed aan by Gordon se *`co*. Indien die moderne name *Volstruisleegte* en *Vogelstruis Leegte*, dus met die generiese term ‘leegte’ as deel van die naam, egter vertalings van die ou naam *Amikoob* is, kan die komponent *-koob* vergelyk word met die Sehura (C1a) woord *xobi*, ‘vlei, low land’, (‘vlei, laagliggende grond’) (Bleek 1956:260), die Auni (S4) woord *!howa*, en die Naron (C2) woord *!xubisa*, ‘vlei,

pan' (Bleek 1956:398, 502). In hierdie woorde is die wisseling van *k*, *h* en *x*, van *b* en *w*, en van *o* en *u* te bespeur.

Soogdiere

Aardvark

Beervlei, Udigauga

Beervlei is die naam van 'n vallei suid van die Beervleidam, 20 km noord van Willowmore in die Oos-Kaap. Ander name wat vir hierdie vallei opgeteken is, is *Beeren Valleij*, *Biervallei*, *Biervlei*, *Seahre Valley*, *Kriegavallei* en *Udigauga* (Skead 1973:11). Indien die komponent *Beer* in hierdie verband 'varkbeer', 'manlike vark' beteken (Kritzinger *et al* 1954:61), sou die verwysing na die erdvark (*Orycteropus afer afer*), in Engels 'antbear', kon wees. Die alternatiewe naam *Seahre* is blykbaar die aanpassing van 'n Boesmannaam met hierdie betekenis. Die lomonent *Sea-* is vergelykbaar met die Ki/hazi (S4b) woord *si'ai*, 'antbear', ('aardvark') (Bleek 1956:169), en die komponent *-hre* met die Hie (C1) woord *hore*, 'vlei, pan, marsh', ('vlei, pan, moeras') (Bleek 1956:64); *si'aihore* dus geëlideer tot *seahre*. In die alternatiewe naam *Udigauga* is die komponent *Udi* vergelykbaar met die /Nu//en (S6) woord *//go:de*, 'antbear', ('aardvark, erdvark') (Bleek 1956:532), en die komponent *gau* is vergelykbaar met die Sesarwa (S5) en /Nu //en (S6) woord */kau*, 'vlei, low lying land', ('vlei, laagliggende grond') (Bleek 1956:303).

Bobbejaan

Bobbejaankrans, Randberge, Narguab

Op die Kriegskarte (Sprigade & Moisel 1904) kom die naam *Narguab* voor, wat deur Nienaber en Raper (1980:616) geïdentifiseer is as "die plaas 'Bobbejaankrans' nr. 180, aan die Konkiep, oos van die bopunt van die Hunsberge." Op die DSWA-reeks 1910 Blatt 28 Oranjemündung-Holoog is dit ingeskryf as 'Pavianskranz', sy omgewing as 'Randberge'. Pastor Rust (1960 DNW 47) moderniseer die ou naam Nar(a)guab soos volg: 'Pavianskluft – /nera-//hâab'." Die woord vir 'bobbejaan' word deur Rust

(1969:288) aangegee as */nerab, /norab*, dus met die wisseling van die klinkers *e* en *o*, waarop Nienaber en Raper uitwys: "... volgens die opgawe van die naam in die Kriegskarte is gehoor '(/)narab'. Daar is dan 'n ruim mate van wisseling in die stamklinker *a/e/o*. Ook die *-ou-* van die volgende lettergreep verdonker tot *-ua-* in *-guab*, en die *//h-* is deur die Blankes gehoor as naastenby *//g-*, volgens die skrifbeeld. Die tweede lid is soos Nama *//hōa-* = 'krans', sodat *Nerahoa-b* (klapsuiers weggelaat) die ou *Nar(a)guab* is en letterlik beteken 'Bobbejaankrans', op 'n keer 'Pavianskrans' ...". Boesman-ekwivalente vir die eerste lid van die naam is die \neq Khomani (S2a) woord */nera*, die /Auni (S4) woord */nera-si*, en die Kung (N2) en Naron (C2) woord */nera*, mv. */nerasi*, 'baboon', ('bobbejaan') (Bleek 1956:347). Dit is dus moontlik dat *Bobbejaankrans* die inlanse naam *Narguab* vertaal. Dit is ook moontlik dat *Bobbejaankrans* 'n volksetimologiese vertolking van *Narguab* is wat as *Ner(a)guab* begryp word. Die optekening op die DSWA-reeks 1910 Blatt 28 van *Randberge* as die naam van die omgewing, en die twyfelagtige "ruim mate van wisseling in die stamklinker *a/e/o*", suggereer 'n ander verklaring van *Narguab*. Die lid *Nar-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die *//N* !ke (S2) woord \neq kā; 'ridge of rocks, krans' ('rant' as 'rand' vertolk), waar die nasaliteit wat in die *//N* !ke woord \neq kā: wat in die lid *Na(r)-* met 'n tilde aangedui word, as die anlaut *N* gerealiseer is; die lid *-(r)gua(b)* stem ooreen met die Hie (C1) woord *!goa*, 'mountain', ('berg') (Bleek 1956:653, 384), waar die wisseling tussen *o* en *u* waargeneem word. *Randberge* is dus 'n vertaling van *Narguab*; die slot *-b* is die manlike enkelvoudsuitgang.

Bok

Bokberg, Amieb, Ameib

McKiernan meld in 1874 dat "Amieb or Bokberg is a Rhenish mission-station" (Serton 1954:38). CH Hahn (in Quellen 26 1930:423) gee die spelling aan as *Ameib*; Th. Hahn (1879 Landkaart) as *!Ameib*. Die sendingstasie het sy naam gekry van die Bokberg, die hoogste spits in die Erongo-bergreeks in Namibië (Raper *et al* 2014:12). Die komponent *Am-* van die inlandse naam is vergelykbaar met die Ki /hazi (S4b) woorde $_//kum$, $k\lambda m$, $//\wedge m$,

3. Khoi-khoi

'springbok' (Bleek 1956:592, 629); die komponent *-eip-* of *-iep-* is vergelykbaar met die Kaaps-Saldanha dialektiese woord *hip*, '*pierre*', ('klip') (De Flacourt 1655:58); met die Kaapse dialektiese woorde *yqua*, '*klippen; rupes, scropuli*', ('klip, klippe') (Witsen II 1691 in 1 1916:221) en *heyqua*, '*een steenrots*', ('n steenklip') (Valentyn 1726:108a); met die Kaapse dialektiese woord *hêiqua* of *hyqua*, '*een rots, een steen*', ('rots, klip'), ook opgeteken as *hêiqua* (Kolbe 1 1727:433, 232); en met die Namawoord */ui-* 'klip', ook 'berg' (Nienaber 1963:218). Nienaber (1963:340) meld dat die slot *-p* van die woord *hip* die manlike enkelvoudsmarker is, en die agtervoegsel *-qua* in die tersaaklike gevalle die manlike meervoud aandui, sodat die stamwoord dus *hêi*, *hy*, *hêi*, *hi-*, *y-* en *hey*, 'klip' is, ook 'berg'. Hierdie stamwoord kan ook voorkom in die Korannawoord *saysin* wat deur Burchell (II 1812:181) as alternatief aangegee word vir die woord *sesin*, 'berg', soos in die voorbeeldsin "*kyse sesin (kyser saysin), many mountains*"; ("*baie berge*"). Die onderskeid tussen 'rots' en 'berg' is nie altyd duidelik nie, en dieselfde woord word vir albei begrippe gebruik, soos */ui-b* wat vir Koranna aangegee word as 'n rots, 'n berg (Engelbrecht in Nienaber 1963:340), en die /Xam (S1) woorde *!kau* en *!kou*, die //N !ke (S2) woord *!kau* (S2), die Auen (N1) en Kung (N2) woord *!num*, en so meer, wat vir beide 'berg' en 'klip' gebruik word (Bleek 1929:59, 80). Die afwisselbaarheid van die tweeklanke *ei* in *Ameib* en *ie* in *Amieb* word in die ou opgetekende woorde weerspieël. Die naam *Ameib* of *Amieb* is dus vergelykbaar met *//^m(h)ei*, ens., en die slot *-p* is die Khoi-khoi manlike enkelvoud. *Bokberg* is die vertaling van *Amieb/Ameib*, die Khoisannaam wat as plaasnaam bewaar is.

Bokkiesfontein, Biritigous

Twee verklarings van die naam *Biritigous* is opgeteken, beide deur Moritz (ms. Topnaars 1972:2): "*Eine weitere Werft dort [nl. Topnaars by of naby Walvisbaai] heisst Biritigous. (Paul Diamond – 26.6.1969 – nennt es Birigu/oub = 'Bokkiesfontein') – im Sand liegen Wasserläufe, von denen Bokkies trinken – Biritgous heisst soviel wie 'Ziegenmist'*"; ("*'n verdere werf daar [by of naby Walvisbaai] heet Biritigous (Paul Diamond – 26.6.1969 – noem dit Birigu/oub = 'Bokkiesfontein')*), in die sand geleë waterloop waarvan bokkies

suip – *Biritigous* beteken soveel as ‘Bokkiesmis’.”). Nienaber en Raper (1977:263) wys daarop “*Biri-s*, mv. –*ti* (nou –*di*) = ‘bokooie’. Diamond se /ou–*b*, fontein, is nou /aub, sy *biri-* is nou *piri-* ... die geheel ‘die plek waar daar bokmis is, Bokkiesmisplek’.” Dit blyk egter dat mnr. Diamond gelyk gehad het, en dat ‘Bokkiesfontein’ lid vir lid die vertaling van *Biritigous* is. Die lid *Biri* stem ooreen met die /Xam (S1) woord *biri*, ‘bok’, wat ook voorkom met die spellings *bəri*, *berri*., *berri*, *byri*, *peri*, *peri*, *piri*, ‘bok’ (Raper 2021:14); die komponent *gous* is soos die Nama woord /ous, ‘Quelle’, (‘fontein’) (Rust 1960:48), die Hie (C1) woord /gōāsa, ‘spring of water in sand’, (‘fontein of water in die sand’), en die Kung (N2) woord /ʔnʔhau, ‘mountain spring’, (‘bergfontein’) (Bleek 1956:280, 672). Hoewel albei verklarings, ‘Bokkiemisplek’ en ‘Bokkiesfontein’, taalkundig verantwoordbaar is, spreek die feit dat *Biritigous* die inlandse naam vir *Bokkiesfontein* is ten gunste van hierdie verklaring.

Buffel

Buffelsdrif, Pauqa, ɣauga

Die naam *Pauqa* is in 1689 deur vaandrig Isaq Schrijver opgeteken vir ’n plek aan die Kammanassierivier. Vir hierdie plek het Mossop (1931:223) die naam as *Xauga* geskryf, met die naam *Buffels Drift* daarby. Nienaber en Raper (1977:986) meen dat Mossop se spelling van die naam as *Xauga* korrek is. Hulle stel die komponent *Xau* gelyk aan die Oos-dialektiese woorde *t’aouw* (1691), *kaw* (1773) en *t’kau* (1778), en aan die Namawoord /gaob, ‘buffel’. Die lid –*ga* vertolk hulle as die Nama-agtervoegsel –*xa*, ‘ryk aan, baie’. ’n Beswaar teen hierdie verklaring is dat ’n naam soos “baie buffels” nie plek-onderskeidend is nie, en die generiese term buite rekening laat. Dit blyk eerder dat in hierdie geval *Buffels Drift* en die huidige Afrikaans vorm *Buffelsdrif* die naam *Xauga* (of *Pauqa*) regstreeks vertaal. Die komponent *Xau* stem ooreen met die Hukwe (C2b) woord *gau*, /*gau*, en die Kung (N2) woord /*gau*, /*kau*, ‘buffalo’, (‘buffel’) (Bleek 1956:44, 276), waar die wisseling van die stemhebbende velaar *g* en die stemlose velaar *k* as neweklanke by die alveolêre of dentale klapklank / voorkom. Die komponent *ga* wat in die wisselvorme *Xauga* en *Pauqa* voorkom beteken

'drif', 'n woord wat ook in die name *Haragas Drift*, 'Korhaansdrif', *Prieska*, *Presocas-drift*, 'bokdrif' en so meer voorkom. Die anlaut *P* in die variant *Pauga* is waarskynlik die skryfwyse vir die bilabiaale klapklank *ɔ*.

Buffeljagsrivier, Tkautkai

Skead (1973:22) gee 'n aantal verskillende spellings vir die naam van die *Buffeljagsrivier*, 'n sytak van die Breërivier, naamlik *Bueffelsjagd's Revier*, *Buffeljagt R.*, *Buffeljachtsrivier*, *Buffalye Agte Rivier*, en die inlandse naam *T'kaut'kai*. Paterson (1790:62) verstrek die rede vir die naam: "The river was so called from its being formerly a noted place for hunting buffaloes"; ("Die rivier is so genoem omdat dit voorheen 'n beroemde plek was vir die jag op buffels."). Dit blyk dat *Buffeljags* die vertaling van *T'kaut'kai* kan wees. Nienaber en Raper (1977:630) meen die komponent *T'kau* kan vergelyk word met die Namawoord *gaob*, 'Büffel', ('buffel') (Rust 1960:13), en met die Oostelike dialektiese woorde */kaw*, *t'kau*, 'buffel' (Raper 2020:287). Hiermee kan vergelyk word die Kung (N2) woorde */kau* en */gau*, (Bleek 1956:303), die Hie (C1) woord */hao*, (Bleek 1956:287), die Hukwe (C2b) woord */gau*, die Hei//kum (N2a) woord */gaub*, 'buffalo', ('buffel') (Bleek 1956:276), die Khwe woord */áò*, 'buffalo' (Kilian-Hatz 2003:245), en die !Xuhn woord */ao*, 'buffalo', 'buffel' (Weich 2004:137). In hierdie gevalle is die wisseling van die tweeklanke *au* en *ao* en van die konsonante *g* en *k* te sien, sowel as glottalisasie of develarisasie. Die !Xam (S1) woord *!kau* vertoon die serebrale tongslag, terwyl die Hukwe (C2b) woord *gau*, 'buffalo', ('buffel'), sonder klapklank voorkom (Bleek 1956: 412, 44). Die komponent *t'kai* is soos die Namawoord *!hai*, 'Wild zu Pferde jagen, Jemand jagen', ('wild te perd jag, iemand jaag') (Kroenlein 1889:153), ook die Sesarwa (S5) woorde *//kai* en *//kâi*, die Auen (N1) woorde *!kai* en *!gai*, 'hunt', en die Sesarwa (S5) woord *//kai*, 'to shoot, kill, hunt', ('om te skiet, dood te maak, jag), wat in Naron (C2) as 'to hunt food, collect', ('om kos te soek, bymeekaarmaak'), aangegee word (Bleek 1929:48; 1956:550). Nienaber en Raper (1977:670) kom tot die gevolgtrekking: "T'kaut'kai is dan letterlik 'Buffeljag'. Die naam is sonder twyfel 'n vertaling uit Khoekhoens". Of Boesmans.

Buffelskop, Kousas

Kousas, 'n plaas noord van Keimoes, ontleen sy naam aan die heuwel met dieselfde naam, in Afrikaans bekend as *Buffelskop* (Nienaber & Raper 1977:779). Mossop (1935:6-7) verwys na Wikar se landkaart van 1779 waarop hierdie heuwel ingeteken is, en wys daarop dat die kranse daarvan soos die krom horings van 'n buffel lyk. Die naam *Buffelskop* is 'n vertaling van *Kousas*; die komponent *Kou* is vergelykbaar met die Namawoord /*gaob*, 'Büffel', ('buffel') (Rust 1960:13), /*gáob*, 'der Büffel, Wildebeest', ('buffel, wildebees') (Kroenlein 1889:80b), die Hukwe (C2b) woorde *gau* en /*gau*; die Kung (N2) woord /*kau*, ook /*gau*; en die Hie (C1) woord /*hao*, 'buffalo', ('buffel') (Bleek 1956:44, 276, 287). In hierdie woorde is die verwisselbaarheid van die medeklinkers *g*, *h* en *k* te bespeur. Die lid *-sas* van die naam *Kousas* is vergelykbaar met die Hadza (C3) woorde /*a*, /*a* en //*a*, 'hill', ('heuwel, kop') (Bleek 1956:369, 514), met die slot *-s* die vr. ekv.

Buffelslandrivier, Taucoee

Gordon (Ms. 1 1778:37) teken aan dat sy geselskap "met allerley draayen omtrent middag by de grote rivier, dewelke midden door de cloof draayde, en 'tau'coe'e genaamt is op Hottentots buffelsland rivier ...[aangekom het]."; ("met allerlei draaie omtrent middag by die groot rivier, wat deur die kloof kronkel, en op Hottentots tau'coe'e Buffelslandrivier genoem [aangekom]."). Nienaber en Raper (1977:1020) wys daarop dat 'tau'coe'e die ou inlandse naam is vir die huidige *Grootrivier*, 'n sytak van die *Gouritsrivier* in die distrik Mosselbaai. Hulle verbind die komponent *tau* met die Ou-Kaapse woord *t'aouw* vir 'buffel', wat in 1691 deur Schrijver opgeteken is, "ook *t'kou*, ... in Nama /*gao*. Die *cou* sal dan korreleer met bv. Kora !*gū-b*, Nama ook !*gū-* en !*hū-* = 'Land', ('land, landstreek') (Rust 1960 DNW 38). Is die slotlid miskien gelyk te stel met Nama /*a-* = 'rivier', in hierdie streek onder die *Gourits-sprekers* 'e, met die stomp aksent soos !? In Nama is die opgawe hiervolgens te lees as !*Gao-!gu!a(b)*." Daar is ook Boesmanwoorde vir 'buffel' wat gelykgestel kan word met die komponent 'tau, onder andere die Kung (N2) woorde /*kau* en /*gau*, (Bleek 1956:303), die Hie (C1) woord /*hao*, (Bleek 1956: 287), die /Xam (S1) woord !*kau* (Bleek 1956: 412), die Hukwe (C2b) woord

/gau, die Hei//kum (N2a) woord /gaub, ‘buffalo’ (Bleek 1956:276); die Khwe woord /áò (Kilian-Hatz 2003:245), en die !Xuhn woord /ao, ‘buffalo’ (Weich 2004:137). Boesmanwoorde vir ‘land’ wat met die komponent ‘coe van die naam ‘tau’coe’e ooreenstem, is die /Xam (S1) woorde !khou, ‘land’; !khouhu, //kauguh, //kauxu ‘land, field’, (‘land, veld’) (Bleek 1956:429, 562). Die slotlid –’e stem ooreen met die /Auni (S4) woord #ei, ‘river’ (Bleek 1956:643). Soos opgemerk, deel Gordon mee dat hulle omtrent middag by ‘de grote rivier’ aangekom het. Nienaber en Raper merk op dat die transkripsie enigszins onseker is, en dat dit deur hulle soos deur die transkribent aangegee word, nl. ‘tau ‘cou’ e. Indien daar vermoed kon word dat ‘grote rivier’ soos deur Gordon beskryf, en die hedendaagse naam *Grootrivier* die vertaling van ‘Tau’cou’e is, sou die lid ‘Tau gelykgestel kon word met die /Xam (S1) woord !kaɛu, !kau, ‘groot’ (Raper 2021:31), waar die simbool ‘ die serebrale klapklank ! verteenwoordig en die verwisselbaarheid van t en k voorkom, en die komponent *coue* ooreenstem met die Hie (C1) woord *kwe*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:112).

Bul

Bulbekpas, Kopumnaas

“‘Kopumnaas or ‘Bull’s Mouth Pass’” is ’n naam wat deur Alexander (I 1838:297) opgeteken is. Die bergpas is so genoem omdat dit baie gevaarlik was, en omdat die kranse van die berge soos die horings van ’n bul gelyk het. Alexander verstrek ook die betekenis van die woord ‘Kop in die pleknaam as “‘kop, ‘bull’.” Die aanhalingstekens in die komponent ‘Kop dui die klapklank aan, en die woord stem ooreen met die Oostelike Kaapse dialektiese woord *ho* wat Sparrman (II 1785:350) opgeteken het vir ‘bul’. Hierdie woord, wat geen sigbare klapklank of genusuitgang –b of –p vertoon nie, word deur Nienaber (1963:236) vergelyk met die Namawoord //gob, ‘bul’; die lid –omnaa–s is soos die Nama woord *am–!na–b*, ‘Mund.(M–höhle)’, (‘mond, mond-opening’) (Rust 1960:43), waar die slotte –b en –s die manlike en vroulike enkelvoud onderskeidelik is. Boesmanwoorde wat met die komponent *Ko*-vergelykbaar is, is die Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) woord /ko en die /Xam (S1) woord !go–ai, ‘bull’ (Bleek 1956:317, 384); the

N/uu woord *g//oo*, ‘bull’ (Shah & Brenzinger 2016:121), die Khwe woord *kx’dò*, ‘bull’ (Kilian-Hatz 2003:245), en die komponent *g//oq* van die !Xuhn woord *gumi g//oq*, ‘bull’, waar die simbool *q* “pharyngalisation” aantoon (Weich 2004:137). Die komponent *gumi* van die woord *gumi g//oq* beteken ‘os’ (Weich 2004:258). Die komponent *-pum* van die naam *Kopumnaas* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde /*k_Λm*, *s_Λm*, ‘mond toemaak’ (Raper 2021:55), waar die simbool *Λ* soos die *u* in die Engelse woord ‘bun’ uitgespreek word, soos Alexander dit ook sou gehoor en volgens die Engels ortografie sou opgeskryf het. Ook vergelykbaar met die lid (*p*)*um* is die /Auni (S4) woord *≠ku*, *≠kūe*, ‘mouth’, (‘mond’) (Bleek 1956:664); die aanvangsklapklank *≠* is blykbaar ’n oorblyfsel of verskuiwing van ’n vroeëre lipklapklank *θ* wat in die komponent *-pum* as *p* voorkom, terwyl die nasaliteit in die variant *≠kūe* as *m* in die komponent *pum* gerealiseer is. Die komponent *-naas* in die pleknaam is verwant aan die //N !ke (S2) woord /*kāε*, ‘valley’, en die Auen (N1) woord /*ka*, ‘path’ (Bleek 1956:295), die ‘route’ van Alexander. Dis moeilik om die komponentindeling en –vergeliking presies te bepaal. Die eerste komponent van die naam *Kopumnaas* kan òf *Ko* òf *Kop* wees, in welke geval die Khoi-khoïnse genusuitgang reeds ingang gevind het. Dan sou die tweede lid *u(m)* kon gewees het, en die slotkomponent (*m*)*naas*, wat ’n poging was om die dentale klapklank in skrif weer te gee.

Dassie

Dassiefontein, Aunas, Ouxas

Dassiefontein is die naam van plaas nr. 87 in die distrik Keetmanshoop. Kroenlein (1889:285) gee die Namawoord *!ôus*, ‘*der Dachs (Klippdachs)*’, (‘das, klipdas’), waarvoor Nienaber en Raper (1977:977) die aanhaling verstrek: “*!Ôuxas (Dassiefontein): Dachsquelle, Platz in den Karasbergen*”; (“*!Ôuxas (Dassiefontein): Dachsquelle, ... plek in die Karasberge*”), en hulle ontleed dit só: “*Nama !ôu-* = ‘(klip)das’, *-xa-* = ‘baie’, die *-s* lokatief by ’n bronnaam, dus: ‘Fontein (implisiet, met die *-s*) waar daar baie (*-xa-*) dassies (*!ôu*) is.”. Daar is ook Boesman-ekwivalente vir die komponente van die inlandse pleknaam. Die komponent *!Ôu* van die naam *!Ôuxas* is soos die *≠Khomani* (S2a) woord *!ᵛoũ*, ‘dassie’

(Bleek 1956, 492). Die lid *xa* (of *cha*) is egter waarskynlik nie die meervoudsuffiks nie, maar 'n generiese term vir 'fontein', soos die //N !ke (S2) woord !kha, 'spring', ('fontein') en die Auen (N1) woord #ha, 'fountain, spring' (Bleek 1929:79, 1956:650). Die slot -s is die vroulike enkelvoudsuitgang (Nienaber & Raper 1977:977). Hahn (1879 kaart) gee die alternatiewe naam van die plek aan as !Aun-!as, wat deur Nienaber en Raper (1977:242-3) vertolk word as synde afgelei van die Namawoorde !âu-, 'klipdassie', en !as, 'plek'. Die komponent !Aun van die variant !Aun-!as stem ooreen met die Naron (C2) woord !ãuŋ, 'rock dassie', met sy sinoniem !ʔoũ (Bleek 1956:372), en die komponent !a met die /Nu //en (S6) woord #ã, 'spring' (Bleek 1929:79), terwyl die slot-s weer die aanduiding is van die vroulike enkelvoud. !Ôuxas en !Aun-!as is name met dieselfde betekenis uit verskillende tale vir dieselfde plek. !Ôu en !Aun is variante, die nasalering van !Ôu- deur die *n* in the component !Aun verteenwoordig, en die klinkers *o* en *a* verwisselbaar.

Eland

Elandsfontein, Canaga

Canaga is 'n vroëre naam van *Elandsfontein*, 'n lokaliteit op die plaas Elandsfontein nr. Geo. Q. 3-41, oos van Joubertina (S.A Vel 3323 DD Joubertina 1975). 'n Kaaps-Saldanha dialektiese woord vir 'eland' is *cana* (De Flacourt 1658:55; Nienaber 1963:264). Hierdie woord korreleer presies met die komponent *Cana* van die naam *Canaga* (Nienaber & Raper 1980:215). Die Afrikaanse naam *Elandsfontein* is 'n vertaling van *Canaga*. Die komponent *ga* is vergelykbaar met die Namawoord #gã(b), #gãs, 'Wasserloch, puts', ('watergat, puts') (Rust 1960:72); ook met die Auen (N1) woord #ha, 'spring', ('fontein') (Bleek 1956:650); die stemlose velêre glyklank *g* van die komponent *ga* stem ooreen met die alveolêre klapklank met stemlose velêre neweklank #h in the word #ha. In die Kaaps-Saldanha dialektiese woord *c ma*, 'fontaine', ('fontein') (De Flacourt 1658:55) verteenwoordig die medeklinker *c* die klapklank, en die nasaliteit van die klinker *ã* in die Namawoord #gã(b), #gãs word gerealiseer as *m* (Nienaber 1963:268).

Elandspad, Gantouw

Elandspad is die naam wat in 1707 vir 'n kloof of vallei deur Hartogh opgeteken is as *Gantouw*: “*de Cloof van het Gebergte die door de Hottentots Gantouw werd gent. en door ons het Elandspat*”; (“die kloof van die gebergte wat deur die Hottentotte *Gantouw* en deur ons *Elandspad* genoem word.”) (II 1916:8). *Elandspad* is 'n vertaling van die naam *Gantouw*. Die komponent *Gan-* stem fonologies ooreen met die Oostelike dialektiese woord *t'gann*, ook deur Sparrman (II 1785:205, 250) aangegee as *t'kan*, ‘eland, of Kaapse eland’. Die klapklank wat deur die simbool *t'* aangedui word, vergesel die stemhebbende velêre neweklank *g* in die woord *t'gann*, maar vergesel die stemlose velêre neweklank *k* in die woord *t'kan*, met nasaliteit in albei woorde met die konsonant *n* weergegee. Die Namawoord *!kani*, ‘*Elan*’, (‘eland’) (Rust 1960:17), vertoon die serebrale tongslag met stemlose velêre neweklank *!k*, wat ook voorkom in die /Auni (S4) woorde *!kã*, waar die tilde gebruik word om die nasaliteit aan te dui, en *!khan*, waar hierdie funksie deur die nasale konsonant *n* verrig word. Die klapklank wat in hierdie woorde ingelyf is, is die serebrale *!*, wat ook in die Koranawoord woord *!kans*, ‘eland’, voorkom met die ejektiewe neweklank (Nienaber 1963:265), en *!xana* (Maingard 1932:315), met die frikatiewe neweklank. Nama vertoon woorde met die affrikate *kx* en die ejektiewe *k*, soos in die woorde *kxans* (Schultze 1907:274) en *!kani*, ‘*Elan*’, (‘eland’) (Rust 1960:17). 'n Verskillende klapklank, die palatale klapklank *ʃ*, kom voor in die /Xam (S1) woord *ʃkanthi*, ‘eland bull’, (‘elandbul’) (Bleek 1956:656), terwyl die laterale klapklank in die !Xuhn woord *n//ang*, ‘eland’, voorkom (Weich 2004:156).

Esel

Eselrivier, Kohakoeka

In 1752 het Beutler die naam “*Kohakoeka ofte Ezels rivier*”, (“*Kohakoeka* of *Eselrivier*”) opgeteken vir 'n waterstroom wat volgens Forbes (1965:20) “was probably on either the farm Paardefontein or on Groenekloof”; (“wat waarskynlik op òf die plaas Paardefontein of op Groenekloof was”). Vroeë reisigers het soms na die kwagga (*Equus quagga*) verwys as *ezel*, soms

as *perd*, ook met bykomstige beskrywende voornaamwoorde soos ‘streepesel’, ‘wilde-esel’, ‘wildeperd’, sodat die leser nie altyd seker was of daar na die sebra of the kwagga verwys is nie. Nienaber en Raper (1977:743) kom dus tot die gevolgtrekking “Eselsrivier kan dus inderdaad die inboorlingnaam vertaal”. Die komponent *Koha* van die naam *Kohakoeka* stem ooreen met die Hie (C1) woord *koha*, ‘zebra’, (‘sebra’) (Bleek 1956: 97). Nienaber en Raper (1977:743) stel voor *Kohakoe* is die meervoudsvorm van *koha*, met die lid *koe* soos die Nama manlike meervoudsaanduiders *-gu*, en die komponent *ka* van *Kohakoeka* soos die Namawoord *!ka*, ‘rivier’, wat ooreenstem met die /Xam (S1) woord /k’a, die Auen (N1) woord #ka:, en die Kung (N2) woord ʔ!kã, ‘river’ (Bleek 1929:70). Forbes (1965:20) noem dat *Kohakoeka* waarskynlik op òf die plaas Paardefontein of op Groenkloof was, soos hierbo genoem. Dit open die moontlikheid dat *Paardefontein* die naam *Kohakoeka* in sy geheel vertaal, en dat *Koha*- wel ‘sebra, esel, perd’ beteken, maar die komponent *koeka* is dan eerder vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /kooa, ‘fontein’ (Bleek 1956, 318).

Gemsbok

Gemsbok Horn, Tsongna, Konga

Tsongnapan is geleë op die plaas *Gemsbok Horn* nr. 3036/1918, net wes van *Kongapan* op die plaas *Konga* (Topo-kadastrale kaart 1962 vel 2720 Abiekwaspits). Die name *Tsongna, Konga* en *Gemsbok Horn* is deel van dieselfde toponimiese konfigurasie, en het moontlik dieselfde betekenis; met ander woorde *Gemsbok Horn* is die vertaling van die inheemse naam waarvan *Tsongna* en *Konga* verskillende skryfwyses is. Engelbrecht (1925:31) teken aan “Konga (/ko /na) = ‘gembokhoring’”; Nienaber en Raper (1977:1062) beweer ook dat *Gemsbok Horn* afgelei is van *Tsongna*. Hulle meen dat die komponent *-nga* van die naam *Konga* en die komponent *ngna* van die naam *Tsongna* pogings is om die Namawoord //nâ-b ‘das Horn’, (‘horing’) (Rust 1960:32) in skrif weer te gee, en dat *Tso-* en *Ko-* geskrewe wergawes is van die woord /ko, ‘gembok’ (Nienaber & Raper 1977:756). Hierdie woord is fonologies vergelykbaar met die Naron (C2) woord /ko, ook /xo, ‘gembok’ (Bleek 1956:317), en met die

Hie (C1) woord //kxo ‘gemsbok’ (Bleek 1929:41). Die tweede lid van die naam, weergegee as *-gna* en *-ngna*, word gelykgestel met die Namawoord //nâ-(b), ‘das Horn’, (‘horing’) (Rust 1960 31), vergelykbaar met die Hie (C1) woord η//gaa, ‘horn’ (Bleek 1956:150).

Hartbees

Hartbeesrivier, Amabiep

Op die Sensuskaart van 1891 word die inlandse naam van die *Hartbeesrivier* aangegee as “Tc!Amabiep or Hartebeest River”. Die komponent Tc!Ama- van die naam Tc!Amabiep word deur Nienaber en Raper (1980:165) gelykgestel aan die Namawoord //khama, ‘hartbees’, terwyl die lid *bie* beskou word as die lokatiewe insetsel, en die slot *-p* as die manlike enkelvoud wat in hierdie geval ’n rivier identifiseer. Boesmanwoorde vir ‘hartbees’ sluit die Hie (C1) woord //kama en die Naron (C2) woorde //xama en //kamaba in (Bleek 1929:45), wat soos die Namawoord //khama die laterale tongslag vertoon. Die /Xam (S1) woord !ka: en die Sehura (C1a) woord #kama, ‘hartebeest’ (Bleek 1956:401, 646) vertoon die palatale en serebrale klapklanke onderskeidelik. Die slotlid *-bie(p)* van die naam Tc!Amabiep is moontlik vergelykbaar met die Hadza (C3) meervoudsmorfeem *bi* (Bleek 1956:15), plus die lokativerende manlike enkelvoudsuitgang *-p* wat hier ’n rivier aandui.

Hartbeesrivier, Camaghaap, Gamagha, Camagaqua, Cammagaqua

Vir die *Hartebeestrivier* wat naby Kakamas by die Oranjerivier aansluit, het Gordon etlike name opgeteken, onder andere *Camaghaap*, *Gamagha*, *Camagaqua* en *Cammagaqua* (Nienaber & Raper 1977:629). Wat die naam *Camaghaap* betref, stel Nienaber en Raper die komponent *Cam(m)a*, deur hulle as *Kamma* vertolk, gelyk met die Namawoord //khamab, ‘hartbees’; die komponent *g(h)a* met die Nama-agtervoegsel *-xa*, ‘baie’, en die komponent *-ap* met die Namawoord !ab, ‘rivier’. In die variant *Cam(m)agaqua* beskou hulle die komponent *-ga* as òf die agtervoegsel *-xa*, ‘baie, oorvloed van’, òf die Nama manlike enkelvoud, en die slotlid *-qua* as ’n minder gewone vorm van die woord (!)ka-(b), ‘rivier’. Gordon se weergawe van *Cam(m)a-* stem ooreen met

Burchell (I 1812:59) se optekening van “*Caama* (or *Kaama*)” vir ‘hartbees’, vergelykbaar met die Hie (C1) woorde *khama*, //kama, die Sehura (C1a) woord #kama, en die Naron (C2) woord //xama, //kamaba, ‘hartebeest’ (Bleek 1929:45; 1956:88, 632, 656). Die komponent *-qua* van die naam *Cam(m)agaqua* is soos die /Xam (S1) woord !kwa, !khwa:, !khoa, ‘running water’, ‘river’, (‘lopende water, rivier’) (Bleek 1956:437); die komponent *gha(ap)* van die variant *Camagha(ap)* is gelyk te stel met die /Xam (S1) woord /k’a, die Auen (N1) woord #ka:, die Kung (N2) woord ʔ!kã, en die Khoi-khoiwoord ʔ!a:b, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1929:70). *Hartbeesrivier* is dus die regstreekse vertaling van die inheemse naam in elke geval. Die komponent *Gama* van die variant *Gamagha* is soos die Naron (C2) woord //xama, ‘hartebeest’ (Bleek 1956:632), waar die Hollandse en Afrikaanse stemlose velêre frikatief fonologies ooreenstem met die Naron *x*, en die komponent *-gha* met die /Xam (S1) woord /k’a, die Auen (N1) woord #ka:, en die Kung (N2) woord ʔ!kã, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1929:70).

Hartebeeste Rivier, Gamkana

Gamkana is in 1689 deur Schrijver opgeteken vir ’n rivier wat deur Mossop (1931:12) geïdentifiseer is as the *Hartebeest River* suid van Zuurbraak. *Gamkana* is ook die inlandse naam van die plaas *Hartebeeste Rivier* nr. Sw. Q 3-1 in die distrik Heidelberg. Ook in hierdie geval blyk die Hollandse en Afrikaanse naam die inlandse naam te vertaal. Die lid *Ga(m)-* is vergelykbaar met die //N !ke (S2) woord !ga:, ‘hartebeest’ (Bleek 1929:45), en met die N/uu woord !aa, ‘red hartebeest’, (‘rooihartbees’) (Shah & Brenzinger 2016:140), waar die serebrale klapklank en die klinkerpatroon *a – a* opgemerk word. Die komponent *(m)kana* van die naam *Gamkana* is vergelykbaar met die Sesarwa (S5) woord //k”anna, ‘waterpits’, (‘watergat’) (Bleek 1956:603), ook //gãna ‘waterpit’, (‘watergat’) (Bleek 1956:557), waar die genasaleerde bilabiale anlaut *m* van *(m)kana* die nasalering van die klinker *ã* in die woord //gã weerspieël.

Hartbeesrivier, Kenhardt

Kenhardt is die naam van ’n dorp aan die Hartbeesrivier, 110 km suid van Upington en 227 km noordwes van Carnarvon. Dit

blyk dat *Kenhardt* die aanpassing is van 'n inlandse naam wat 'Hartbeesrivier' beteken. Die komponent *Ke-* van die dorpnaam is fonologies vergelykbaar met die /Auni (S4) woord *!kʰe*, 'hartebeest' (Bleek 1929:45), en die komponent *-hardt* is 'n aanpassing van 'n woord soos die Kung (N2) woorde *ˀ!kā*, 'river', ('rivier') en *!!kaā*, 'riverbed'. ('rivierbedding') (Bleek 1929:70; 1956:749). Die nasalering wat in die woorde *!kā* en *!!kaā* met die tilde aangedui word, word in die naam *Kenhardt* met die nasale *n* gerealiseer.

Jakkals

Jakkalswater, Gaarseep

Gaarseep, die naam van 'n lokaliteit tussen Steinkopf en Vioolsdrif, is deur Nienaber en Raper (1980:261) verklaar as "Plek waar daar kokerbome is", van die Namawoord //gara, (*Aloe dichotoma*), plus die plekaanduidende morfeem *-se(e)* en die manlike enkelvouduitgang *-p*. Die Topografiese landkaartreeks 1970 vel 2917 BB gee die naam aan as "*Jakkalswater Gaarseep*", wat die moontlikheid van vertaling opper. In hierdie geval is die komponent *Gaar-* fonologies and semanties vergelykbaar met die Kung (N2) woorde /kara, met sy sinoniem /kari, 'jackal, *Canis mesomelas*', ('jakkals, *Canis mesomelas*') en *garikgari*, 'black-backed jackal', ('rooijakkals') (Bleek 1956:302, 44), en die Naron (C2) woord /geri, 'jackal, *Canis mesomelas*', ('jakkals, *Canis mesomelas*') (Bleek 1956:278); hierdie woorde vertoon die afwisselbaarheid van die stemhebbende en stemlose velere konsonante *k* en *g*, en van die klinkers *a* en *e*. Die lid *-seep* van die naam *Gaarseep* is vergelykbaar met die Hie (C1) woord *džiba*, 'pool', ('poel') (Bleek 1956:33), die Sesarwa (S5) woord *tʃe*, 'well', ('put') (Bleek 1956:227), en die Kung (N2) woord *sija*, 'pit', ('put, kuil') (Bleek 1956:169), plus die Khoi-khoïnse manlike enkelvoud *-p*, 'n variant van *-b*.

Jakkalsputs, Koesaas

Danksy Forbes (1965:89) was dit moontlik om die ou inlandse naam *Koesaas* gelyk te stel met sy Afrikaanse naam *Jakkalsputs*. Gordon (1779 kaart nr. AG 7146) teken op: "*Koesaas, somtijds*

3. Khoi-khoi

water in een klip gat”; (“Koesaas, partykeer water in ’n klipgat”), en ook (Ms. 2 1779:1-2): “... omtrent Koesaas inham ... peilde van daar te minstens vyf myl sover sien kon ... tot omtrent koesaas ...”; (“Omtrent by Koesaas se inham ... daarvandaan ten minste vyf myl gepeil sover as wat ek kon sien ... tot omtrent by Koesaas.”). Daarop vertel Forbes (1965:89): “The inscription at Koesaas on the Gordon Map ... probably refers to the ‘fresh water in winter’ at Jackals Pit shown on the Admiralty Chart ...”; (“Die inskrywing by Koesaas op Gordon se kaart ... verwys waarskynlik na die ‘vars water in die winter’ by Jackals Pit (‘Jakkalsputs’) wat op die Admiraliteitskaart verskyn ...”). Die lid *-aas* van die naam *Koesaas* “is soos Nama *!ā-b* = ‘Loch’ (‘gat’) (Rust DNW 1960 39), die *-s* dan lokatief, en *Koes-* soos in *Kosi(pan)* ... vir ‘(baster- of draai)jakkals.” (Nienaber & Raper 1977:742). Die vereenselwiging van *Kosi* met *Koes* merk ons op by Pettman (1931:14): “The names Koesberg (O.F.S.) and the Kosi Pan (Great Namaqualand) both embody the Bushman word Koes, the Draai Jakhals (*Vulpes chama*).”; (“Die name Koesberg (OVS) en die Kosipan (Groot-Namakwaland) sluit albei die Boesmanwoord *Koes*, die Draaijakkals (*Vulpes chama*) in.”). Nienaber en Raper (1977:767) merk op: “Besonder boeiend is die klinkerwisseling *kos-* en *koes-*. Volgens die eerste skrywer kry ons dit as wisseling in ‘bosjesman’ en ‘boesjesman’, laasgenoemde het ontwikkel tot ‘boesman’. Of dit ’n Boesman- of (ook) ’n Khoekhoense woord is, laat ons in die midde, ook of die jakkalssort deur Pettman korrek aangegee is. Die draaijakkals is in Nama *!kamab* [*!khamab*] (Rust 1960 DNW 52 s.v. ‘*Silberschakal*’), en die *!khosi* sal dan betrekking hê op die draaijakkals se ‘*entswischen, drehen, wenden*’, (‘ontsnap, ontkom, draai, omdraai’) (Krenz FK 1974 Boer Aantekening).” Dit blyk dat Pettman gelyk gehad het en dat die woord *Koe(s)* wel Boesmans is. Die komponent *Koe-* van die naam *Koesaas* is fonologies en semanties soos die Auen (N1) woord *!ku*, ‘Jackal, silver (*Vulpes chama*)’, (‘silwerjakkals, (*Vulpes chama*)’) (Bleek 1929:50); die lid *-saa* is soos die //Xegwi (S3) woord *//’a*, ‘waterhole, pool’, (‘watergat, poel’) (Bleek 1956:514), waar die stemlose laterale tongslag // met die stemlose alveolêre glyklank *s* verteenwoordig is, en die slot *-s* is die bygevoegde vroulike enkelvoud wat die puts aandui.

Jakkalswater, Guigams

Die naam *Jakkalswater* verskyn op Hahn se kaart (1879) vir *Kl.(ein) Guigams*, in teenstelling met die *Kriegskarte* (Sprigade & Moisel 1904) se *Gr.(oot) Guigams* vir *Lewater*, aan die Omarururivier. Nienaber en Raper (1977:477) neem aan dat ‘Lewater’ die vertaling van *Guigams* is, van Nama //goe, ‘*liegen*’, (‘lê’) (Rust 1960:39) en *gams*, ‘water’, en meld verder: “Die lid *gui-*, Nama //goe = ‘lê’, verwys seker na die diere wat daar gerus het na hulle water gedrink het.”. Indien die verklaring korrek is, is die komponent *Gui* fonologies en semanties vereenselwigbaar met die /Xam (S1) woord //kui, ‘to lie in wait for, make a screen of bushes or a watch-house’, (‘om voor te lê, ’n skerm van bossies of loerhuis te maak’) (Bleek 1956:591), waarvan //kuitən die beklemtoonde nominatief is. Dit lyk dus asof *Lewater*, vermoedelik as *Lêwater* bedoel, die vertaling van *Guigams* kan wees. Aan die ander kant kan *Jakkalswater* ook taalkundig uitgewys word as die vertaling van *Guigams*. Soos genoem, kom die naam *Jakkalswater* op Hahn se kaart (1879) voor vir *Kl.(ein) Guigams*, in teenstelling met die *Kriegskarte* (Sprigade & Moisel 1904) se *Gr.(oot) Guigams* vir *Lewater*. In hierdie geval is die komponent *Gui* te vergelyk met die /Xam (S1) woord !gwi, ‘jakkals’, waarvan die beklemtoonde nominatiefvorm !gwitən is (Raper 2021:vi); ook met !gwita, ‘camma fox, silver jackal, *Vulpes caama*’, en die Auen (N1) woord #goe, ‘black-backed jackal’, (‘rooijakkals’) (Bleek 1956:393, 648; Möller 2017:115). Die lid *gams* is wel vergelykbaar met die Namawoord //gams, ‘Wasser’, (‘water’) (Rust 1960:72).

Jakalsfontein, Girichas

Die inlandse naam *Girichas* is in Duits vertaal as *Schakalsquelle*, en in Afrikaans as *Jakalsfontein*. Olpp (in *Quellen* 16 1930:55) gee “*Girichas (Schakalsquelle)*”, (“*Girichas (Jakkalsfontein)*”), en op die *Kriegskarte* van Sprigade en Moisel (1904) kom voor “*Jakalsfontein (Girichas)*”. Tans is *Jakalsfontein* die naam van plaas nr. 94 in die distrik Mariental. Nienaber en Raper (1977:414) wys uit dat die lid *Giri* soos die Nama /giri, ‘jakkals’ is, en meen “-xa- = ‘baie’, en die -s dui die fontein aan wat in die vertaling opgeneem is. Dus ‘Die Jakkalsryke bronplek’.”. Die komponent *Giri* stem ook ooreen met die Naron (C2) woord /giri,

3. Khoi-khoi

'jackal', ('jakkals') (Bleek 1956:279), en die komponent *cha-s* is soos die Auen (N1) woord *#ha*, 'spring', ('fontein, waterbron') (Bleek 1956:650), en die Namawoord *#gã-*, '*das Wasserloch*', ('watergat') (Nienaber 1963:268), verwant aan die Naron (C2) woord */goãsa*, 'spring of water in sand', ('waterbron in die sand') (Bleek 1956:280); die slot *-s* van die naam is die vroulike enkelvoudsuitgang. *Jakalsfontein* is dus lid vir lid die vertaling van *Girichas*.

Jakkalswater, Khoromus

Khoromus is die naam vir 'n fontein en windpomp langs die hoofweg tussen Steinkopf en Vioolsdrif, noordwes van Kalkmyn in die Aribesberge (Nienaber & Raper 1980:508). Volgens 'n vraelys van Opmeting en Kartering (1965), geteken deur AC Kruger, is *T'Gorrômus* 'n naam wat deur ouer inwoners gebruik word vir *Garramoes* in die distrik Springbok, 68 km noord van die dorp Springbok, en die naam *T'Gorrômus* is verklaar as "Water (of fontein of put) by die harde (kalkerige) plek." Nienaber en Raper (1980:508) vereenselwig *T'Gorrômus* met *Khoromus*, en verklaar dit aanvanklik as '*Kalkfontein*', van die Nama *!khorô*, '*Kalkstein*', ('kalkklip') (Rust 1960:34), "en *mû-* = 'oog', of, oordragtelik, 'borrelbron', by *mû* = 'om te sien/kyk'.". Nienaber en Raper (1980:299) neem egter ook kennis daarvan dat die amptelike instansies die naam *Garramoes* gebruik (Opmeting kaart 1965), en aangesien hulle die naam *Gaarseep* as *//Garase-b*, '*Kokerboom-plek*', verklaar het, meen hulle *Garramoes* beteken '*Kokerboom-plek*': Maar Nienaber en Raper meen dat *Khoromus* en *Gaarseep* verskillende spellings van dieselfde naam is; "Dit gaan blykbaar om die *-o-* of die *-a-* in die eerste lettergreep; is dit *Ga(r)-* of *Go(r)-*, m.a.w. is dit die 'amptelike' of die plaaslike uitspraak?. Die amptelike uitspraak is ook maar die plaaslike uitspraak soos dit ten tye van die dokumentasie gehoor was, en dit sal wel ook veel ouer wees as die wat in 1965 van ou mense gehoor is. Noordwestelik van *Garramoes* (ofte *Khoromus*) lê *Gaarseep*, verklaar as *//Garase-b* = '*Kokerboom-plek*' ... en dan lyk dit vir ons of *Garramoes* gewoonweg net *//Garamûs* is: *//gara* = '*Die Aloe, der kokkerboom*', ('aalwyn, kokerboom') (Kroenlein-Rust 1969:83); *mû-s* = 'oog, bronoog, fontein', die geheel dan '*kokerboomfontein*'. Die keuse is

dan tussen ‘Kokerboomfontein’ en ‘Kalkfontein’. Wat ons betref: dit lyk of die omstandigheds-argumente die eersgenoemde verklaring (nl. van ‘Kokerboomfontein’) begunstig.” Dit blyk egter dat nóg ’n verklaring moontlik is, wat basies dieselfde verklaring vir *Khoromus* en *Gaarseep* gee. Die Topografiese kaart vel 2917BB van 1970 gee die inskrywing “*Jakkalswater* ‘*Khoromus*’.” Dit suggereer dat *Jakkalswater* en *Khoromus* twee name vir dieselfde plek is, en dat die name dieselfde betekenis het. *Jakkalswater* is inderdaad die vertaling van *Khoromus*, die moderne spelling van *T’Gorrômoes*. Die komponent *Khoro* is vergelykbaar met die /Xam (S1), //ŋ !ke (S2) en ≠Khomani (S2a) woord *koro*, ‘jackal’, (‘jakkals’) (Bleek 1956:101). Die komponent *T’Gorrô* van die ouer vorm *T’Gorrômoes*, waar die tweeklank *T’g* ’n klapklank aandui, is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde //kooru, //kuru, en *koro*, ‘jackal’, (‘jakkals’) (Bleek 1956:593). In die naam *Garramoos* is die lid *Garra* gelyk aan die Kung (N2) woord /*kara*, ‘jackal’, (‘jakkals’) (Bleek 1929:49), waar die velêre medeklinkers *g* en *k* afwisselbaar is. Die komponent *-mus* of *-moes* is soos die Namawoord *mû-s*, verwant aan die Heikum dialektiese (N2b) woord *mu*, *mui*, ‘eye’, (‘oog, bronoog, fontein’) (Bleek 1956:139).

Kameelperd

Kameelhaar, Naiub

F Rust (snr.) van Berseba (1888 in Quellen 19 1930:1) het verslag gedoen oor: “*Zwei gute Wasserplätze, !Nai-/ub (Kameelhaar) im /Asabfluss und Goa-mus*”, (“Twee goeie waterhaalplekke *!Nai-/ub* (Kameelhaar) in die /Asabrivier en *Goa-mus*”), en Rust (1969:278) het dit gesitueer as “*!Nai-/ûb: Kamelhaar (bei Keetmanshoop)*”, (“*!Nai-/ûb: Kameelhaar (by Keetmanshoop)*”). Die komponent *Nai-* is volgens Nienaber en Raper (1977:842) soos Nama *!naeb*, *!naib*, *-s*, ‘*die Giraffe (der Traber)*’, (‘die kameelperd (die drawwer)’), by *!nae*, ‘draf’, en /*û-b*, ‘*das Haar, die Wolle*’, (‘haar, wol’) (Kr.-R. 1969 NW 278, 268). Rust (1960:27) gee vir ‘kameelperd’ die woord “*Giraffe, !neib*” aan, wat ooreenstem met die Heikum (N2a) woord *!neib*, ‘giraffe’, (‘kameelperd’) (Bleek 1956:477). Die komponent *-ub* van die pleknaam stem ook ooreen

3. Khoi-khoi

met die Naron (C2) /ũ:, ('hair', ('hare')) (Bleek 1929:45), met die slot *-b* die bygevoegde genusuitgang.

Kameelpoort, Goaseb

Goaseb is die naam van 'n motorbushalte op die plaas Kameelpoort, 110 km vanaf Gobabis in Namibië. Vedder (1947 vraelys vir die Pleknamekomitee) meen die naam beteken 'Olifant' (Nienaber & Raper 1977:433), soos die Namawoord *#koab*, '*Elephant*', ('olifant') (Rust 1060: 17). Aan die hand van talle voorbeelde waar 'n motorbushalte die naam van die plaas aanneem waarop dit geleë is, is die moontlikheid groot dat dit ook hier die geval is, en *Goaseb* en *Kameelpoort* dieselfde betekenis het, naamlik dat die plaas en die motorbushalte nie na die olifant genoem is nie, maar na die kameelperd, *Camelopardalis giraffae*. Die komponent *Goa* van die naam stem dan ooreen met die Kung (N2) woord *goa*, 'giraffe', ('kameelperd') (Bleek 1956:47).

Kat

Katrivier, Hunca

Die *Katrivier* is 'n sytak van die Groot-Visrivier. Dit ontspring in die Winterberg ten noordweste van Seymour en 30 km noord van Fort Beaufort, en vloei suidwaarts om noordwes van Fort Brown by die hoofstroom aan te sluit (Raper *et al* 2020:341). Die naam *Katrivier* verwys na die wildekat, *Felis lybica cafra*, wat daar aangetref is. *Katrivier* is 'n vertaling van die inlandse naam *Hunca*; die komponent *Hun* is vergelykbaar met die Hukwe (C2b) woord *unu*, 'Grey Wild Cat, *Felis ocreata*' (Bleek 1956:248); die komponent *-ca* stem fonologies ooreen met die /Xam (S1) woord /*ka*, die /Nusan (S6a) woord /*a*; die Auen (N1) woord *#ka*: en die Kung (N2) woord *!kã*, wat almal 'rivier' beteken (Bleek 1956:268, 295, 653). Hierdie rivier het sy naam gegee aan die die Katbergpas en die Katrivier-Nedersetting.

Koedoe

Koedoeberg, Chaihommi, Xaihommi

Tydens veldwerk oor Khoi-khoi-plekname in 1977 het SD Hanse van Leonardville in Namibië meegedeel: “Koedoeberg, Xaihommi, ons noem hom Xaihommi.” (Nienaber & Raper 1980:218). Rust (1960:37) gee die Namawoord aan as *Kudu: xai(-s)*. Hierdie Namawoord stem presies ooreen met die woord *xai*, ‘koedoe’, wat in /Nu //en (S6), Heikum (N2a) en Naron (C2) voorkom, verwant aan die Naron (C2) woord *kxai* en die //N !ke (S2) woord *k”āi*, ‘koedoe’ (Bleek 1956:255, 116, 118). Die uitruilbaarheid van die velêre medeklinkers *k*, *x* en *kx* kan in die onderhawige woorde opgemerk word. Die lid *-hommi* is soos die Namawoord *!homi*, ‘Berg’ (Rust 1960:10), verwant aan die Kung (N2) woord *!koma*, ‘mountain, mountainous country’, (‘berg, bergagtige gebied’), waar die verwisselbaarheid van *h* en *k* intree, en soos die /Xam (S1) woord *!hum*, ‘berg’, waar *u* en *o* verwissel (Bleek 1956:441, 399; Raper 2021:10).

Olifant

Olifantsrivier, Khoaeib, Koaeb

Die ou inlandse naam vir die Olifantsrivier in Namibië is *Khoaeib*, ook opgeteken as *Koaeb*. Op Hahn se kaart van 1879 word die naam aangegee as “†Khoaëib or Klein Ouöb R.”, en Kiepert se kaart van 1893 wys “†Koaeb od. Klein Ouob.” Die betekenis word op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) aangegee: “*Koaeb (Elephanten Fl.)*.” Budack (1965:227) verduidelik die naam as “(”)Koá-eib, ‘Olifantuitsig’; #koáb = ‘olifant’; eis, eib = ‘gesig, vlakte’, maar ook ‘uitsig’.”, waarop Nienaber en Raper (1977:703) reageer: “Die nodige is deur dr. Budack gesê.”. Hulle verduidelik verder: “Die ‘Klein-Auob is ’n sytak van die Auob, sy alternatiewe naam is die Koaeb wat ten dele, nl. in die hoofbestanddeel van #khoá = ‘olifant’, voortleef in die vertaling as Olifantsrivier.” Eintlik blyk dit dat albei komponente van die naam Koaeb, of Khoaeib, vertaal is. Die lid *Khoa* of *Koa* stem nie alleen ooreen met die Namawoord #khoa, ‘Elephant’, (‘olifant’) (Rust 1960:17) nie, maar ook met die Auen (N1) en Kung (N2) woorde #koa, #khoa,

‘elephant’, (‘olifant’) (Bleek 1956:663). Interessante wisselvorme is te bespeur in die //N !ke (S2) woorde /xwa: en #xoa (Bleek 1956:367; Möller 2017:157), en die Khwe woord #xóa, ‘elephant’, (‘olifant’) (Kilian-Hatz 2003:268), waar die wisseling van die velêre medeklinkers *k*, *kh* en *x* voorkom. *Olifantsrivier* is lid vir lid die vertaling van die naam *Khoa-* of *Koeib*; die komponent *-ei-* *b* is soos die /Xam (S1) en /Auni (S4) woord #ei, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:643), en die slot *-b* is die bygevoegde manlike enkelvoud wat dikwels by riviername voorkom.

Perd

Perdekop, Karatara

Karatara is die naam van ’n bedersetting, ’n bosreservaat, ’n poskantoor en ’n rivier tussen Geoge en Knysna (Topo-kadastrale reeks 1969 vel 3322 Oudtshoorn). Volgens SESA (6 1972:300) is die naam van Khoi-khoi-oorsprong en beteken dit “deep and dark”. (‘diep en donker’). Mnr. L. Pienaar (brief 1973 in Nienaber & Raper 1977:649) meen die naam beteken moontlik ‘klief in die rots’, terwyl mnr. RF Morris (brief 1975) meedeel: “Locally it is said to mean ‘Separate stones’; ‘Askleurige water’; ‘Diep en donker’; ‘Cleft in a rock’; ‘Laughing water’. I think ‘kara’ means separate, and ‘tara’ ‘woman’ ...”; (“Plaaslik word beweer dat dit ‘verskeie klippe, afsonderlike klippe’; ‘askleurige water’; ‘diep en donker’; ‘gleuf in ’n rots’; ‘laggende water’, beteken. Ek dink ‘kara’ beteken ‘afsonderlik’, en ‘tara’, ‘vroumens’...”). Nienaber en Raper (1977:649) verduidelik: “/kara = ‘anders, vreemd’, en *-tara* = ‘gehude vrou.’”, en vervolg: “Die opmerklike is dat twee bolope van die rivier aan die hange van Perdekop ontspring. Ons meen dat Perdekop regstreeks uit Khoekhoens vertaal is, ’n verskynsel wat hom op topografiese gronde meermaals geopenbaar het. Ook taalkundig is dit versoenbaar. ‘Hings’ is in Nama #kara-hab (Rust 1960 DNW 47), die eerste lid #kara stem ooreen met die *Kara-* in die pleknaam. Die tweede lid van die pleknaam, nl. *-tara*, moet dan ‘kop’ beteken. Meinhof het vir ‘Berg’, *!are-b* opgeteken ... wat goed ooreenstem met *-tara*. *Karatara* is dan letterlik ‘Perdekop’ wat in Nama #kara-!are sou wees.”. Die lid *Kara* van die naam toon fonologiese ooreenkoms met die Seroa (S2d) woord *karkən*,

'horse', ('perd') en met die verwisselbaarheid van *p* en *k*, ook met die /Xam (S1) woord *para*, 'horse', ('perd') (Bleek 1956: 82, 156). Met inagneming van die verwisselbaarheid van *r* en *n* is die komponent *-tara* van *Karatara* moontlik te vereenselwig met die (N2b) woord *tanaba*, 'head', ('kop'), wat Bleek (1956:192) vergelyk met die Namawoord *tanas*, waar die slot *-s* die fem. Sing. is. Die segment *-ba* van *tanaba* herinner aan die Naron (C2) manlik enkelvoutsuitgang *-ba* (Bleek 1956:13). *Perdekop* is dan lid vir lid die vertaling van *Karatara*.

Ratel

Ratel Kraal, Goubogab

Goubogab is die naam van 'n gebied ten suide van en aangrensend aan die plaas *Ratel Kraal* Nam. Q. 6-15, langs die hoofpad tussen Springbok en Pofadder (Nienaber & Raper 1980:363). Die naam word op die Topografiese landkaartreeks 1975 vel 2918 Pofadder aangegee as 'Rooi-T'Goubogab', en op die voltooide vraelys van 1976 in die argief van die Pleknamekomitee as "Rooigoubogab. Gebied. Lê 13 myl (21 km) noord van Springbok. Oorsprong onbeken", en [in ander hand]: "Ratel". Nienaber en Raper (1980:363) wys daarop dat woorde vir 'ratel' in Nama /*harebab* (Rust 1960:32), /*laûs* (Shortridge 1934 I:193) en /*hariseb* (Krenz 1979 in Nienaber & Raper 1980:363) is, woorde wat "almal heeltemal te ver (staan) van die grondwoord *goubo-* (die *-ga* kan wees soos Nama *-xa-* = 'baie', of soos *#gâ-* = 'gat met oopgekrapte water,' of soos *#gâ* = 'vlakte', ens.). Met inagneming van die klank, maar ook gelet op die aanwesigheid van die aardvark hier, (vegelyk *Koeboegas* wat net wes van Rooigoubogab lê), kan eerder gedink word aan Nama /*khuwu-* = 'aardvark'. Die pleknaam is hibridies. 'Die aardvark(gate, -vlakte) in die rooi grond.' Indien die segspersoon of lid van die PNK gelyk het wat 'Ratel' op die vraelys ingeskryf het, en met die feit in gedagte dat *Goubogab* aan die plaas *Ratel Kraal* grens, kan die komponent *Gou-*, *T'Gou-*, fonologies en semanties vergelyk word met die /Xam woord *!khöu:* met sy sinoniem *!ka:o*, 'ratel, *Mellivora capensis*' (Bleek 1956:428), en met die Kung (N2) woorde //hau, //hou, //haob en //kao, 'ratel' (Bleek 1956:541, 558). Die tweeklank

T’G in die naam *T’Goubogab* verteenwoordig ’n klapklank wat in die ooreenstemmende Boesmanwoorde as die serebrale klapklank / en die laterale klapklank // weergegee is. Die komponent *boga(b)* van *Goubogab* is vergelykbaar met die Hadza (C3) woord *boko, boku* ‘home’, d.i. ‘tuiste, kraal’ (Bleek 1956:17, 725), waar die velêre medekonsonante *g* en *k* met mekaar afwissel, soos deur Bleek (1956:40) verduidelik: “G. The voiced velar explosive is found in all Bushman languages as initial sound, in second syllables where it interchanges with *k* and *t* ...”; (“G. Die stemhebbende velêre plofklank word in alle Boesmantale as aanvangsklank teëgekrom, in tweede lettergrepe waar dit met *k* en *t* afwissel.”).

Renoster

Renosterbos, Nabahi

Rhinoster Hoek is die naam van die plaas nr. Uit.Q. 11-12 in die Oos-Kaap. Hierdie naam is ’n gedeeltelike vertaling van die naam *Naba.hi* wat deur kolonel Robert Jacob Gordon (Ms. 5 1786:126) opgeteken is vir ’n beboste gebied waardeur die riviertjie *tSaap Camma* gevloei het. Bokant die naam *Naba.hi* het Gordon ingeskryf “*rinoster bos*”, wat duidelik ’n vertaling van die inheemse naam is. Die komponent *naba* stem ooreen met die Kung (N2) woord *naba*, ‘white rhinoceros’, (‘witrenoster’) (Bleek 1956:142), die Auen (N1), Kung (N2) en Naron (C2) woord *!naba, !nabba*, en die Naron woord *ʒnabba*, ‘rhinoceros’, (‘renoster’) (Bleek 1929:70; 1956:472, 669). Die komponent *hi* van die naam *Naba hi* is gelyk te stel met die Hie (C1), Naron (C2) en Kung (N2) woord *hi*, ‘bush’, (‘bos’) (Bleek 1956:61). Nienaber en Raper (1977:828) vermoed dat die lid *Hoek* van die plaasnaam impliseer dat die plaas deel was van die voormalige bos.

Nabaghakou, Renosterkop

Ook vernoem na die renoster is *Nabaghakou*, waaroor Gordon (Ms. 5 1786:41) geskryf het: “Die punt van die berge of liever Swarteruggens, *‘Nabagha`kou* ... [en daaronder] ruie berg of renoster.” Ook op Gordon se kaart nr. 3 (kaart 15 in Forbes 1965) word net suid van Graaff-Reinet aangegee: “*Rhinoster Berg* maar dit is alles die Swart Ruggens”. Nienaber en Raper (1977:827) wys

daarop dat Gordon se Rhinoster Berg met die huidige Rhenoster Kop korreleer soos op Topo-kadastralereeks 1966 vel 3224 Graaff-Reinet aangedui. Hulle stem saam die komponent *Naba* word verklaar soos hierbo; maar meen die *-gha* is soos Nama *-xa*, 'die omvangsuffiks vir 'ryk aan, volop', en *'kou* is soos in Ou-Kaaps *cou*, 'berg'. Die lid *kou* van die naam *Nabaghakou* is soos die /Xam (S1) woorde //xau, ook _/kao, 'hill' (Bleek 1929:46), 'heuvel, bult, koppie' (Raper 2021:34), !kou, 'berg' (Raper 2021:10). en pas by die generiese term *Kop* in die moderne naam *Rhenoster Kop*.

Renosterkop, Nawaptana

Nawaptana, vertaal as *Renosterkop*, is die naam wat deur Hendrik Wikar in 1779 opgeteken is vir 'n heuvel op die suidelike oewer van die Oranjerivier, tussen Kakamas en die Augrabieswaterval (Mossop 1935:120). Die komponent *nawap*, 'renoster', is soos die Namawoord !*nawab*, 'Nashorn', ('renoster') (Rust 1960:19); die slot-uitgange *-b* en *-p* afwisselbare manlike enkelvoud-aanduiders. Die Kaaps-Saldanhawoord *naua* wat deur De Flacourt (1658:55) opgeteken is, waar die *u* met *w* afwissel, vertoon geen genusuitgang nie, 'n kenmerk wat gedeel word met die Khwe-woord *ngyaáwá*, 'white rhinoceros', ('witrenoster') (Kilian-Hatz 2003:337). Die dentilabiale konsonant *v* in hierdie woord wissel af met die klinker wat as *u* in die woord *naua* voorkom, en met die bilabiale *w* in the Namawoord !*nawab*, 'Nashorn', ('renoster') (Rust 1960:45). Die intervokaliëse konsonant *b(b)* wat met *w* afwissel, word aangetref in die Hie (C1) woord *gaba*, 'rhinoceros', ('renoster'), die Kung (N2) woord *naba*, 'white rhinoceros', ('witrenoster'), die Auen (N1) en Kung (N2) woord !*nabba*, 'white rhinoceros', ('witrenoster'), en die Naron (C2) woord *#nabba*, 'rhinoceros', ('renoster') (Bleek 1956:41, 142, 472, 669). Die komponent *tana* van die naam *Nawaptana* is vergelykbaar met die Ukuambi dialektiese (N2b) woord *tanaba*, 'head' (Bleek 1956:192) en die Namawoord *tanás*, 'Kopf', ('kop, hoof') (Rust 1960:36). Die uitgange *-ba* in die woord *tanaba* en *-s* in die woord *tanás* is die manlike en vroulike enkelvoudsmerkers onderskeidelik. Die woord 'kop' word dikwels vir 'n heuvel gebruik.

Seekoei

Seekoeirivier, Koekaup, Koekauwp

Gordon het op sy kaart van 1778 (in Forbes 1965 kaart 15) meegedeel: “Die Noekeis noem die Plettenbergs Rivier Koekaup.” en in 1779 het Gordon (ms. ongepagineerd) geskryf: “... hulle noem die Plettenbergs rivier *koe kauwp*”. Hierdie rivier word deur Forbes (1965:101) geïdentifiseer as “now the Zeekoe.” Dit blyk dat ‘Seekoeirivier’ die inlandse naam vertaal. Borchards (1861:70) het die Korannawoord *t’koes*, ‘seacow’ opgeteken, waar die *t’* die klapklank voorstel, wat goed ooreenstem met die lid *Koe-* van die riviernaam. Nienaber en Raper (1977:735) verbind die komponent *Koe* met die Namawoord *!kao-s*, *!khau-s* vir ‘seekoei’, en meen: “Uiterlik pas die tweede lid die beste daarby, maar hy sal wel ‘rivier’ vertaal, en die ou naam kan met Nama van vandag miskien so verbind word: *!kau-!(k)ab*, letterlik ‘Seekoei-rivier.’” Boesmanwoorde wat met die eerste komponent van die naam ooreenstem, is die Auen (N1) woord *!kau*, en die Kung (N2) woord *!kou*, ‘hippotamus’, (‘seekoei’) (Bleek 1929 47).

Seekoeisteek, Kougaas

Ook na die seekoei genoem is *Seekoeisteek*, wat deur Van Vreeden (1970:19) geïdentifiseer is as Wikar (1779:70) se ‘*Kougaas*’. Gordon het dit op sy kaart AG 7146.7 opgegee as “Koega font.” in “Cari Bergen” in Klein-Namakwaland. Nienaber en Raper (1977:731) wys uit dat *Seekoeisteek* die inlandse naam vertaal, “naamlik uit *!Khao-!khā-s*, *!khao* = ‘seekoei’, *!kha-* = ‘stechen’, (‘steek’) (Kr.-R. 1969 NW 227).” Bleek (1929:79) gee die ‘Hottentot’ woord *!kha* aan vir ‘to stab’, (‘om te steek’), en die Naron (C2) *!kau* vir ‘to pierce’, (‘deursteek, deurboor’), wat met die lid *gaa-* van Wikar se *Kougaas* en die lid *-ga* van Gordon se *Koega* ooreenstem. Die slot *-s* van *Kougaas* is die vroulike enkelvoud wat dikwels ’n fontein aandui, en wat deur Gordon spesifiek as *font(ein)* in die naam *Koega font.* genoem word.

Skaap

Skaaprivier, Gutsiob

Die riviernaam *Gutsiob* is deur Schultze (1907:168) verklaar as “*Gutsi-//ob, das Schaap-Rivier südlich von Anenous, ‘wo die Schafe (gun) starben (//o)’*.”; (“*Gutsi-//ob, die Schaap-Rivier ten suide van Anenous. ‘waar die skape (gun) vrek (//o)’*.”). Nienaber en Raper (1977:489) het hierdie verklaring aanvaar. Daar is egter later besef dat die komponent *-ob* in die riviernaam *Gutsiob* ooreenstem met die komponent *-ob* in ander riviernaam soos *Auob, Hamob, Nossob*, wat as ’n fluviale suffiks herken is wat ‘rivier’ beteken. *Gutsiob* is ’n rivier, en die komponent *-ob* identifiseer dit as sodanig. Die komponent *Gu-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die Sesarwa (S5), Auen (N1) en Kung (N2) woord *gu:* en die !O !kung (N3) en Naron (C2) woord *_gu:*, ‘sheep’, (‘skaap’) (Bleek 1929, 74), waar die simbool *_* ’n lae stemtoon voorstel, en die dubbelpunt : toon dat die *u* ’n lang vokaal is. Die komponent *-tsi-* is waarskynlik soos die /Xam (S1) woord *ˀ/i:*, ‘om te vloei; rivier’ (Bleek 1956:292), waarby die toutologiese term *-ob*, ‘rivier’, bygevoeg is. The Hollandse naam *Schaap-Rivier* en sy Afrikaanse eweknie *Skaaprivier* is dus regstreekse vertalings van *Gutsiob*. Schultze se verklaring is dus moontlik ’n volksetimologiese vertolking.

Skaaprivier, Kubaub

’n Ander Skaaprivier, ’n sytak van die Visrivier in Namibië, wat by Seeheim daarby aansluit, is in Duits bekend as *Schafffluss* en in Nama as *Kubaub* (Nienaber & Raper 1980:571). Al hierdie name het dieselfde betekenis. Die eerste lid van die inlandse naam, *Kuba-*, is soos die Naron (C2) woord *ku:ba*, ‘sheep’ (‘skaap’) (Bleek 1929:74), waar die *-ba* die manlike enkelvoud is. Die komponent *-ub* is ’n variant van die woord *-ob*, ‘rivier’, wat ook in name voorkom soos *Auob, Hamob, Gutsiob* en *Nossob*. Hierdie afwisseling van *u* en *o* kom ook voor in die naam *Swakop*, waarvoor die ou spelling *Schwakaup* opgeteken is.

Slang

Slangkop, Sonoab

Daar is verskeie verklarings opgeteken vir die naam *Sonoab*. Alexander (1836) gee op sy landkaart “Sonuwap Hill”, en Knudsen (1842 in Moritz 29/4 1915:41) “... nach der Quelle So-`Noab unweit von Tibets Platz ...”; (“ ... na die fontein So-`Noab nie ver van Tibets se plek nie ...”), volgens sy stelsel te lees as *So-//noab*. Heidmann (1869 in Quellen 21 1930:48) teken aan: “Auf Schlangenkopf ..., ”, maar Kroenlein (1869 in Quellen 24 1930:111-112) verklaar dit anders: “So-//noab (Schneide-Falle), oder wie es die Händler zu nennen beliebten: Slangkop. ... So-//Noab (Schneide-Falle) heisst eigentlich nicht der Platz selbst, sondern der äusserst schöne, wohlgebildete Kegelberg, an dessen Fuss er liegt, und den alten Naman als ‘Falle’ mit seinem ‘Riemen’ daran erschienen sein musste”; (“So-//noab (Schneide-Falle), of soos die handelaars geneig is om dit te noem: *Slangkop*. ... So-//Noab (Schneide-Falle) is eintlik nie die naam van die plek self nie, maar die uiters pragtige, welgevormde kegelberg aan die voet waaraan dit geleë is, en vir die ou Namas soos ‘valle’ of ‘strikke’ met hulle ‘rieme’ daaraan moes gelyk het.”). Die *Kriegskarte* van Sprigade en Moisel (1904) gee die naam egter ook aan as “*Sonoab (Schlangenkopf)*”. Schultze (1907) erken: “So-//Noab, *Slangkop*. Die Etymologie ist mir unklar geblieben. Lautlich stimmen die Wortbestandteile überein mit *sob* = ‘Lunge’, und //noab = ‘Zwerchfell’.”; (“So-//Noab, *Slangkop*. Die etimologie bly vir my onduidelik. Klankmatig stem die bestanddele ooreen met *sob* = ‘longe’, en //noab = ‘mantelvlies, midde(l)lyf.’). Dan het Budack (1965:234) dit só gestel: “*Sō-//noáb*: ‘Toetrekstrik’: *sō* = toeslaan, toetrek (van ’n trapval of stel); //noáb = ‘Mäusefalle, Fallstrick, Fangnetz, Schlinge’.” Op hierdie mededelings reageer Nienaber en Raper (1977:1007) soos volg: “Hoe ook al, ons het hier ’n mooi poëtiese siening. Maar dit is nie die enigste nie. Die berg maak ook ’n ander indruk wat weergegee word met ’n Afrikaanse naam en wat die ou naam verdring het, en wel van redelik vroeg af. Die Afrikaanse naam het ook ’n Duitse teenstuk gehad, (vgl. Heidmann, hoewel dit veel ouer is). ... ‘Slangkop’ is nie ’n vertaling van die ou naam nie, dit is ’n selfstandige benaming.”. Dit is begryplik dat so ’n afleiding gemaak kon word, want Khoi-

khoi-woorde vir ‘slang’ en ‘kop’ wat fonologies en semanties met *So-* en *-//noab* ooreenstem, lê nie voor die hand nie. Selfs Boesman-ekwivalente sluit veral nie by die lid *So-* aan nie. Indien aanvaar word dat die anlaut *S-* ’n poging was om die dentale glyklank / weer te gee, en dat die geronde klinker *o* ’n skriftelike weergawe kan wees vir die tweeklank *ao* of *au*, kan gedink word aan die Namawoord /*aob*, ‘*Schlange*’, (‘slang’) (Rust 1960:53), of die Korannawoorde /*aob*. /*aub*, ‘slang’ (Nienaber 1963:458). Die komponent //noab van die naam *So-//noab* bevestig egter dat ‘Slangkop’ en ‘*Schlangenkopf*’ wel vertalings van die inheemse naam is, minstens in sy tweede komponent. Die lid //noa stem ooreen met die Naron (C2) en Kung (N2) woord //noa, //nōa, ‘hill, kopje’, (‘heuwel, koppie’) (Bleek 1956:620), en die slot *-b* is die toegevoegde manlike enkelvoud.

Springbok

Springbokfontein, Gaogob

Springbockfontein word deur Köhler (1959:32) aangegee as alternatiewe naam van *Gaogob*: “... the Khoi of !Am-eib ... moved to !Gao-gob (Springbockfontein on the western Erongo) ...”; (“Die Khoi-khoi van !Am-eib ... het na !Gao-gob (Springbokfontein aan die westelike Erongo) getrek ...”). *Springbockfontein* is plaas nr. 31, ten weste van die Eongoberge geleë. Nienaber en Raper (1980:292) wys daarop: “Prof. Köhler se tekste skryf die eerste komponent as !Gâo-, en ook sonder nasaal as !Gao-, voorafgegaan deur die !. In ons woordeboeke kom geen !gâo voor nie, wel ’n !gao = ‘afsny, ophou, wag’ (Kr.-R. 1969 NW 91). Miskien beteken die naam iets soos ‘Plek waar die uitsig ophou/afgesny is’, by gō = ‘sehen, hinblicken’, (‘sien, uitkyk’) (Kr.-R. 1969 NW 109)”. Eintlik is *Springbokfontein* blykbaar wel ’n vertaling van die inlandse naam; die komponent *Gao-* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die Khatia (S4a) woord #*kauo*, ‘springbok’ (Bleek 1956:658), die wisseling van *g* en *k* in ag genome, en die lid *-gob* met die !O !kuŋ (N3) woord ʔ//go, ‘water’ (Bleek 1956:531), dalk verwant aan die Seroa (S2d) woord *kho*, ‘water’ (Bleek 1956:89), dus ‘fontein’.

Springboktrek, Kumchuchanub

In die Aktekantoor Windhoek lees dokument Z Bu U V S 55 Aroab soos volg: “Kumchuchanub, *siehe Springbocktrek.*”; (“Kumchuchanub, *kyk Springbocktrek.*”). Vandag is Springboktrek die naam van plaas nr. 266, distrik Windhoek, ten noorde van die Karubeamsberge. Nienaber en Raper (1980:579) wys uit dat *Springbo(c)ktrek* ’n vertaling van die ou naam *Kumchuchanub* is: “Die *Kum-* is soos Nama //gû- = ‘*Springbock*’, (‘springbok’) (Rust 1960:58), d.w.s. die nasaliteit van die stamklinker, die -û- is gerealiseer uit die -m van *Kum-*. Die wisseling van -k- en -g- (by //gû) is gewoon. Die -chu- is wel te waardeer as die mv. ml. -gu-. *Kumchu* = ‘springbokke’. Die -chanu- moet dan die lid ‘trek’ vertaal en sal verband hou met die Nama *xanu* wat vandag veral beteken om te ‘trek’ deur vlak water, soos deur vleie ens.” Daar is ook Boesmanwoorde wat goed aansluit by die komponente van die naam *Kumchuchanub*. Die lid *Kum-* stem ooreen met die /Auni (S4) woord //kum, ‘springbok’ (Bleek 1929:47), die komponent -chu- met die /Xam (S1) meervoudsuitgang -gu (Bleek 1956:50), *Kumchu* dus ‘springbokke’, hoewel die versoeking bestaan om die lid *chu* te koppel aan die //ŋ!ke (S2) woord //k”u-u, ‘pull down’, (‘aftrek’) (Bleek 1956:609). Maar Nienaber en Raper se stelling: “Die -chanu- ... sal ... veral beteken om te ‘trek’ deur vlak water, soos deur vleie ens.” bring die betekenis van *chanu* in verband met ’n drif, soos die Korannawoorde “*xanu*, to wade through, *xanub* a drift”; (“*xanu*, om deur te waad, *xanub*, ’n drif”). (Engelbrecht 1936:18).

Springbokvley, Guchas

Die plaas *Springbokvley* in die distrik Windhoek in Namibië het ’n naam wat ’n vertaling van *Guchas* is, soos in die *Kriegskarte* (Sprigade & Moisel 1904) aangegee word: “*Springbokvlei* (*Guchas*)”. Hahn se landkaart van 1879 gee die spelling aan as “//*Guchas*”, dus met die laterale klapklank, soos dit ook op Kiepert se kaart van 1893 aangegee word. Aan die hand van laasgenoemde twee opgawes van die naam het Nienaber en Raper (1977:471) die komponent *Gu* van *Guchas* as die Namawoord //gû-, ‘springbok’, vertolk. Hierdie komponent *Gu-* is ook vergelykbaar met die Auen (N1) woord !gûb, ‘springbok’ (Bleek 1956:388). In

die afwesigheid van 'n Namawoord vir 'vlei' wat ooreenstem met die lid *-cha* van die naam *Guchas*, het hulle 'n verband gesoek met die Namawoord *-cha-* of *-xa-*. 'baie, veelvuldig', en die slot-*s* die vroulike enkelvoud wat 'n fontein aandui. As aanvaar word dat *Springbokvley* 'n volledige vertaling van die inlandse naam *Guchas* is, en dat die komponent *-cha-* 'vlei' beteken, kan gesien word dat hierdie woord inderdaad vergelykbaar is met die //ŋ!ke (S2) woord *ˀ/kā:*, 'vlei' (Bleek 1929:89), waar die stemlose velêre frikatief *ch* fonologies met die stemlose alveolêre of dentale klapklank met velêre neweklank */k* ooreenstem.

Steenbok

Steenboksrivier, Aries

Ariesfontein is die naam van 'n spoorwagsylyn 30 km oos-noordoos van Lime Acres, op die roete Koopmansfontein – Postmasburg. Die naam van die sylyn is blykbaar geneem van die *Steenboksrivier* na die noorde, in die inlandse taal bekend as *Aries*. Hierdie naam is soos die Nama woord *!aris*, 'Steinbock', ('steenbok, klipbok') (Rust 1960:59), en die Heikum (N2a) woord *!aris*, 'steenbok, *Raphicerus campestris campestris*' (Bleek 1956:371). Ook vergelykbaar is die Ou-Kaapse woord wat deur De Flacourt (1658:580) as *harib*, 'cerf', 'steenbok' (Nienaber 1963:467) opgeteken is, met die *h-* soos in Frans onuitgespreek, en in Oos-Kaaps as *ʌ-harib*, 'steenbuck, steenbock', ('steenbok') deur Le Vaillant (1790:367) opgeteken, getransliterer as */harib*, met die dentale klapklank (Nienaber 1963:467).

Steenbokrivier, Gawdachama

Hartogh (1707 Ms. o.d. 17 November) berig: "... en daarna aan de Steenbokkenrivier, 'van de Hott. gent. gawDachama' waar wij onse nagtrust nemen."; ("... en daarna aan die Steenbokkenrivier, deur die Hottentotte *gawDachama* genoem, waar ons ons aandrus geneem het."). In sy opsomming van die reis word die inlandse naam aangegee as '*gam Dachama*', blykbaar 'n wanlesing van die *w* van die eerste lid as *m*, en hierin gevolg deur latere skrywers. Nienaber en Raper (1977:361) wys daarop dat die komponent *chama* vergelyk kan word met die Ou-Kaapse woord *kamma*, 'rivier

of water; *fluuius vel aqua*' (Witsen 1691 in 1 1916:217) en met die Nama woord //gami, //gams, 'Wasser', ('water') (Rust 1960:72). Ook vergelykbaar met die komponent *chama* is die Hadza (C3) woord *kamua*, 'river, water, waterhole', ('rivier, water, watergat') (Bleek 1956:79). Indien die lettergreepverdeling van die naam wel *Gauda-chama* is, en *chama* gelykgestel word met *kamma*, //gami ensovoorts, is die eerste lid van die naam *gawDachama*, waar die *w* met *u* kan afwissel, dan moontlik *gawda* of *gauda*. Nienaber en Raper stel dit so: "As die *-m-* 'n *-w-* was en die *gamda-* in feite 'n *gawda-* was, dan het dit ooreengekom met Grevenbroek 1695 se opgawe vir 'steenbok' in Ou-Kaaps, nl *gauda*. ... As ons *Gamdachama* kan lees as *Gawdachama*, met *gauda* = 'steenbok' en *-chama* as *-kamma* = 'rivier', dan is dit ook taalkundig duidelik dat die naam Steenbokrivier die ou inlandse naam in vertaalde vorm is." Die komponent *gauda-* stem ooreen met die Ou-Kaapse woord *gauda*, 'dama', ('steenbok') (Grevenbroek 1695 in Nienaber 1963:469); die lid *gau* is vergelykbaar met die Auen (N1) woord /*au*, /*ou*, 'steenbok' (Bleek 1956:367), waar die wisseling van *a* en *o* sigbaar is en die anlaut *g* die tongslag vervang.

Wolf, hiëna

Wolweberg, Theima Koethama

Starrenburg het in 1707 die naam *Theima Koethama* soos volg opgeteken: "Wij namen ... agter den *Theima Koethama*, of *Wolvenberg*, *weder ons verblyf*."; ("Ons neem weer ons verblyf agter die *Theima Koethama*, of *Wolweberg*,") (Valentyn 1726:95). Daarop verduidelik Mossop (1931:259): "*Theima Koethamma*; present name or locality: *Wolweberg*, a hill near Graafwater."; "*Theima Koethamma*; huidige naam of plek: *Wolweberg*, 'n heuwel naby Graafwater.". Die huidige naam vir die berg is egter *Wolfberg*, volgens die Topo-kadastrale reeks 1967 vel 3218 Clanwilliam. Nienaber en Raper (1977:1025) meen dat "Wolweberg 'n selfstandige naamgewing van die kant van die Blankes is, want hoewel ons 'n dosyn optekeninge van 'wolf' (hiëna) in Ou-Kaaps het, kon ons nie een van hulle met gerustheid aan die Khoekhoense naam verbind nie. Vgl. HOTT 534-5." Soos deur hierdie skrywers aangedui, en ook deur Nienaber (1963:534)

bevestig, let ons daarop: “die S.A. sg. wolf is ’n hyena (*Hyaena striata* en *Crocuta crocuta*).” (Boshoff & Nienaber 1967:729). Daar is wel Boesmanwoorde vir hiëna wat met die komponent van die naam Theima Koethama ooreenstem, en aandui dat ‘Wolvenberg’ die vertaling van die inlandse naam is. Die komponent *Theim(a)* is vergelykbaar met die /N !ke (S2) en Sesarwa (S5) woord /xāi , en die /Auni (S4) woord /kāin, ‘brown hyena’, (‘bruin hiëna’) (Bleek 1929:48), waar die *g* met *k* en die tweeklank *āi* met *eī* afwissel, en die nasale *m* deur die tilde ~ verteenwoordig word. Daar word daarop gewys dat Mossop (VRS XII 1931:259) die Afrikaanse naam aangee as ‘Wolweberg’ dus in die meervoudsvorm, soos Starrenburg se weergawe as ‘Wolvenberg’ (Starrenburg 1705 in Valentyn 1726:95). Die feit dat die meervoudsvorm deur beide Starrenburg en Mossop gegee word, dui aan dat die lid *koe* die meervoudsuitgang kan wees, vergelykbaar met die /Xam (S1) meervoudsuffiks *-gu* (Bleek 1956:50), sodat *Theimakoe-* ‘hiënas’, ‘wolwe’, beteken. Die komponent *thama* is vergelykbaar met die Ou-Kaapse woord *quamma*, ‘berg’, soos deur Sparrman opgeteken (Nienaber 1963:218), en moontlik met die Nogau (N1a) en //N !ke (S2) woord //khami, ‘mountain’, ‘berg’ (Bleek 1956:573).

Ystervark

Ystervarkvlei, Nougab

Nienaber en Raper (1980:651) meen “Ystervarkvlei is die woordelike vertaling van Nougab”, verwysende na die Topografiese reeks 1975 1:50,000 vel 2919 CB *Heuningvlei*, waar *Nougab* in dieselfde topografiese kompleks voorkom as *Ystervarkvlei*, *Yzer-Vark-Vlei* en *Nougap*. Die lid *Nou-* is soos die Oos-Kaapse woord *#nou-ap*, ‘porcupine’, (‘ystervark’) (Le Vaillant 1790:366), die Namawoord *!noa-b*, ‘*Stachelschwein*’, (‘ystervark’), die Korawoord *!noās*, ‘ystervark’ (Nienaber 1963:539), en die Heikum (N2a) *!noab*, ook *!noe*, ‘porcupine’ (Bleek 1956:479). Die tweede lid, *-gab*, is soos Nama *#gāb*, ‘*die Vley*’, (‘vlei’) (Rust 1969:97) en die //N !ke (S2) woord /kā:, ‘vlei’ (Bleek 1929:89), sodat *Ystervarkvlei* lid vir lid die vertaling van *Nougab* is.

Vis*Groot-Visrivier, Kaukai*

Kaukai is 'n ou naam vir die *Groot-Visrivier*. Daarvan het Sparrman (2 1785:146) geskryf: "From t'Kau-t'kay, or the great fish river, to the t'Kamsi-t'kay, or the white river, they reckon seven days journey"; ("Van t'Kau-t'kay, of die Groot-Visrivier, tot by die t'Kamsi-t'kay, of die Witrivier, skat hulle sewe dae se reis"), en op bl. 190: "Near the river t'kau-t'kai, or Great Visch-river."; ("Naby die t'kau-t'kai, of Groot-Visrivier."). Nienaber en Raper (1977:672) wys daarop dat in hierdie geval verwys word na die Groot-Visrivier in die Oos-Kaap. "Ons het hier dieselfde woord in *t'kau* (die *t'* is die suigimplosief) as die //*Ou-b* wat die Grootvisrivier in Namibië benoem. ... Oor die *t'kau* van Sparrman kan wel geen twyfel bestaan nie, dit is vir 'vis' ... Die *t'kay* of *t'kai* is gewoonweg Ou-Kaaps vir 'groot', Nama *kai*. Anders as die Grootvisrivier in Suidwes-Afrika waar die b.nw. ... vooraan geheg is, is die 'Groot' hier 'n deel van die oorspronklike naam gewees en is dit in die vertaling opgeneem." Hiervolgens beteken *t'kau-t'kai* letterlik 'vis groot', wat eintlik nie patroonmatig vir plekname is nie. In sy 'Woordelys' gee Sparrman self (II 1785:350) die woord *t'gau* vir 'fish' aan, dus met die stemhebbende velêre konsonant *g*, anders as in die lid *t'kau* van die riviernaam. Namawoorde vir 'vis' vertoon die tweeklank *ou*, soos, //*ou-p* (Tindall in Nienaber 1960:501); //*ou-b*, '*Fisch, der Fischfluss*', ('vis, die Visrivier') (Kroenlein 1889:280), en //*oub*, '*Fisch*', ('vis') (Rust 1960:22). Rust (1960:28) gee *gei* aan vir 'gross', 'groot', dus sonder 'n klapklank; Nienaber (1963:291) verduidelik: "Die b.nw. ['groot'] verskyn in Na. as *géi*, '*gross, hoch*', ('groot, hoog') (Kroenlein), in Kor. as *kei* (Wuras 31), *gai* (Engelbrecht 15) of *kai* (Meinhof 128), lg. ook in Griekwa (Meinhof 151), telkens dus sonder tongslag." Daarenteen vertoon die tweede komponent van die riviernaam *t'kau-t'kai* wel 'n tongslag, wat aantoon dat dié lid waarskynlik nie 'groot' beteken nie. Dit beteken inderdaad 'rivier', wat klankmatig en semanties ooreenstem met die !O !Kung (N3) woord *!kai*, 'river' (Bleek 1956:405), waar die simbool *t'* die serebrale klapklank ! verteenwoordig. Dieselfde simbool word vir die eerste komponent van die naam, *t'kau*, gebruik, wat dit baie waarskynlik maak dat

hierdie woord te vergelyke is met die /Xam (S1) en Auen (N1) woord /kaɛu, /kau, 'big', ('groot') (Bleek 1956:412) eerder as met bogenoemde Namawoorde en die Kung (N2) en !O !Kung (N3) woord //au, en die Kung (N2) woord //ou, ook //au, 'fish', ('vis') (Bleek 1956:518, 626), waar die aangegewe klapklank die laterale // is. Dus, moontlik 'Visrivier', maar waarskynliker 'Grootrivier'.

Werktuie/Gebruiksartikels

Skraapklip, Khomuis

Budack (1965:227) verduidelik: “//Khōm-/uis, 'Skraapklip', //khòm = 'angebranntes Essen aus dem Topf kratzen' (Kroenlein 1889:215); (/Khōm-/uis, 'Skraapklip', /khòm = 'aangebrande kos uit die pot krap'.”). (Plek op die teenswoordige plaas Skrapklip nr. 39, oos van Keetmanshoop).” ’n Soorgelyke verklaring word deur J Boois in ’n veldwerkonderhoud gegee: “//Khoms is ’n soort klip wat gebruik word vir velle looi; met daardie klip word daar ook geskraap.” Nienaber en Raper (1977:706) bevestig dat die plase Skrapklip-Noord en Skrapklip-Suid vertaalde name dra. Die Sesarwa (S5) woord //k”um, 'to tan in native fashion, to pound', ('om op inlandse wyse te looi, om te stamp, om te maal') (Bleek 1956:608) vertoon die wisseling van die vokale o en u, maar stem in ander opsigte ooreen met die Namawoord //khom. Die lid -ui van die inlandse naam *Khomuis* vir *Skrapklip* beteken 'klip', en het sy kognate in die //Kxau (S2b) woord *goe*, 'round grinding stone', ('ronde maalklip'), die //N !ke (S2) woord *xui*, 'grinding stone', ('maalklip'), die /Xam (S1) woord *!hui*, 'flat sone with hollow in the middle', ('plat klip met ’n holte in die middel'), en die Sehura (C1a) woord 'ui met sy sinoniem !oe, 'stone', ('klip') (Bleek 1956: 48, 261,399, 689).

Snyklip, Kareedouw

Kareedouw is die naam van ’n omgewing of lokaliteit aan die hang van die Kareedouwberge, 34 km wessuidwes van Humansdorp en 6 km oossuidoos van Clarkson (Raper *et al* 2014:469). Dit blyk op grond van topografiese en fonologiese ooreenkoms dat *Snyklip* sinoniem is met *Kareedouw*. Die komponent *karee* is vergelykbaar met die Hie (C1) woord *kare*, 'to cut up meat to dry', ('om vleis op

te sny om te droog') (Bleek 1956:61), verwant aan die Khoi-khoi woord //hari, 'to cut a skin into thongs', ('om 'n vel in rieme te sny') (Bleek 1929:31); die komponent *douw* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde !kau, !kou, 'stone', ('klip') (Bleek 1929:89), en die Namawoord !haub 'Felsbank'. ('rotsbank, klipbank') (Rust 1960:21). In hierdie geval stem die stemhebbende alveolêre medeklinker *d* van die woord *douw* ooreen met die serebrale of palato-alveolêre klapklank ! in die woord !kau of !kou (Bleek 1956:368). Die wisselwerking tussen Boesmans, Khoi-khoins en Afrikaans is ook in hierdie toponiem te bespeur. Die naam verwys blykbaar na 'n klip waarop velle in rieme ens. gesny is.

Schuitdrif, Naob

Sprigade en Moisel (Kriegskarte 1904) gee "Schuitdrif (Naob)" aan as die naam van 'n drif in die Oranjerivier. Nienaber en Raper (1977:857) gee te kenne dat *Schuitdrif* die vertaling van die ou naam *Naob* is, en stel dié naam gelyk aan "Nama !nao- = 'boomstomp', wat as 'skuit' gedien het vir oorvaart daar, en waarop die goed gelaai word; Nama !nao = 'laden, packen, bepacken', ('laai, pak, bepak') (Kroenlein-Rust 1969 NW 281), wat oorgeroei moes word. ... Die -drift is 'n toevoeging." 'n Meer regstreekse vertaling van die naam *Naob* as *Schuitdrift* is die Kung (N2) woord /nou, 'boat', ('boot, skuit'), verwant aan die Auen (N1) woord /nu, 'wooden bowl, dish, boat, bath', ('houtbak, skottel, boot, bad') (Bleek 1956:350, 351).

Bedryf, werktuig

Beenbreek, Khonus

Hoewel die naam *Khonus* konsekwent as #*Kho-/nus* deur Heider (1877 in Quellen 6 1929:21) en Th Hahn (1879 landkaart) aangedui is, volgens laasgenoemde vir 'n uitspanning by 'n fontein, is die alternatiewe naam *Beenbreek* eers op Sprigade en Moisel se *Kriegskarte* (1904) aangegee as "Konus (Kl. Beenbreek)". Op die DSWA-reeks 1910 (Blatt 20 Maltahöhe-Rehoboth) word die pleknaam aangegee as "Beenbreck", en met dieselfde spelling op die SWA-landkaartreeks vel 2316 Rehoboth. Nienaber en Raper (1980:507) wys daarop dat *Beenbreek* vandag plaas nr.76

is waaroor die teerpad tussen Stampriet en Dordabis loop. Hulle verbind die komponent *Kho-* van die naam *Khonus* met die Namawoord *#khō*, ‘*der Knochen*’, (‘been’) en die lid *-nu-* met Nama */nū*, ‘*das Bein*’, (‘been’), en kom tot die gevolgtrekking: “Die element ‘breek’ is nie uitgedruk nie, volgens die woorddele wat met die bepaalde suigmedeklinkers voorafgegaan is, want ‘breek’ is in Nama *khowa*, *!khowa*, *//khowa*, telkens met ’n ander schmalz as *ʔ*.” Dit lyk egter vreemd dat die tweeledige naam *Khonus* of *Konus* herhaaldelik sou voorkom met die alternatiewe naam *Beenbreek* as daar nie sprake van die vertaling van albei komponente was nie. Die samestelling ‘beenbeen’ lyk onlogies terwyl die betekenis as ‘beenbreek’ duidelik is. Indien daar toegegee word dat klapklanke (suigmedeklinkers) verwisselbaar kan wees, veral in verskillende tale, sou die lid *Kho* vergelyk kan word met die Naron (C2) woord *kōa*, die Kung (N2) woord *//koa*, *!!koa*, en die Naron (C3) woord *//kʷ//kowa*, ‘to break’, (‘om te breek’ (Bleek 1956:96, 582, 608). Die komponent *-nu* van die naam *Kho-nu-s* is vergelykbaar met die Auen (N1), Kung (N2) en !O *!kuŋ* (N3) woorde *!ʔu*; *!ku*; die !O *!kuŋ* (N3) woorde *!ʔu*, *!ʔo*, en die Nogau (N1a) woord *ʔu*, ‘bone’, (‘been’) (Bleek 1956:492, 676). Die slot *-s* is die vr. ekv. as aanduider van die fontein waar die uitspanning was. *Beenbreek* is dus lid vir lid ’n vertaling van die inlandse naam.

Bakoven, Koekenaap

Koekenaap is die naam van ’n nedersetting omtrent 50 km noordwes van Lutzville en 106 km suid van Bitterfontein. Die naam word verklaar as Khoi-khoins vir ‘rivier waar vleis gesny is’ (Nienaber & Raper 1977:735), ’n verklaring wat berus op ’n mededeling van Gordon (Ms. 2 1779:96) dat “*Kokenaap een verbastering (is) van Ko kau kaap, of vlees sney rivier*”; (“*Kokenaap* ’n verbastering is van *Ko kau kaap*, of ‘vleissny-rivier’.”). Die oudste optekening van die naam is egter dié van Hop-Brink (1761 in Mossop 1947:14) wat skryf van “*een plaats Koekenaap, in ’t Duyts Bakoven gent.*”; (“’n plek Koekenaap, in Duits Bakoven genaamd.”). Op grond van Boesmanwoorde wat ooreenstem met Brink se verklaring van die naam is dit duidelik dat hy gelyk gehad het, en dat *Koekenaap* inderdaad ‘bakoond’ beteken. Die

komponent *Koeken-* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *!kau:gən, !khau:gən*, ‘to bake in a hole in the ground’, (‘om in ’n gat in die grond te bak’), en die werkwoord *!kau:gən !kau:gən, !kao:gən* en *!khau:gən*, ‘to roast, bake, broil’, (‘om te braai, bak, stowe’) (Bleek 1956:413, 415); die slotkomponent *-aap* van *Koekenaap* is vergelykbaar met die Namawoord *ab*, ‘Loch’, (‘gat’) (Rust 1960:39). Die Boesmans het naamlik van hulle kos gaargemaak in gate in die grond wat met warm klippe verhit is.

Potjiesrivier, Chamika

Pettman (1931:37) meen die naam *Chamika*, “borne at one time for a branch of the Kammassie River (xami, a lion, !ab, a river) has completely disappeared, the little river now known as the *Potjies Rivier*.”; (“eens deur ’n tak van die Kammassierivier gedra (xami, ’n leeu, !ab, ’n rivier), het heeltemal verdwyn, en die klein riviertjie is nou as die *Potjiesrivier* bekend.”). Die alternatiewe name *Lion River* en *Lion Valley* is ook al opgeteken as sinonieme vir *Chamika* (Skead 1973:183), en omdat die lid *Chami-* van die naam *Chamika* soos die Namawoord *xami*, ‘leeu’, klink, het Nienaber en Raper (1977:280) Pettman se verklaring van die naam as ‘Leeurivier’ aanvaar. Aan die ander kant is *Potjies Rivier* as ’n alternatiewe naam vir *Chamika* opgeteken, naamlik, en wel deur Sparrman (I 1785:304). *Potjiesrivier* blyk ’n vertaling van *Chamika* te wees; die komponent *Cham-* stem ooreen wat klank en betekenis betref met die //N !ke (S2) woord *≠kam*, die /Auni (S4) woord *≠am* en die Hie (C1) woord *ama*, ‘pot’ (Bleek 1929:67); die komponent *-ka* van die naam stem ooreen met die /Xam (S1) woorde */k’a, /ka* en */k”a*, ‘rivier’ (Raper 2021:71) en die Khoi-khoiwoord *_!a:b*, ‘rivier’ (Bleek 1929:70). Maar die eerste lid is *Chami*, nie *Cham* nie, en ’n meer bevredigende verklaring lê nie voor die hand nie. Die Boesmans het volstruiseierdoppe as potte gebruik, en as die tweeklank *Ch* die skryfvorm vir die laterale tongslag // was, en die uitruilbaarheid van die bilabiale *m* en *b* ook hier geld, sou die lid *Chami-* met die Naron (C2) woord *//kabi*, ‘ostrich eggshell’ (‘volstruiseierdop’) ooreenstem (Bleek 1956:549), sodat *Potjiesrivier* tog as die vertaling van *Chamika* herken kon word. Volstruiseierdoppe is gebruik as bekere en ander houers, soos potte.

Plattbeen, Liefdood, Aos

Soms is daar plekname waarvoor verskillende verklarings gegee word wat taalkundig ewe moontlik is, en waaroor onsekerheid bly voortbestaan. So 'n naam is Aos. Hahn se kaart van 1879 toon “/Â-//ōs” vir 'n uitspanning aan die ≠Goub (Backrivier). Op Veillet se kaart (s.j.) kom die naam sonder klapklanke voor as “A os”, en op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) as “Aos” vir 'n waterbron. Die eerste verklaring wat Nienaber en Raper (1977:203) aanhaal, is dié van Th Hahn (1881:24) [Tsunì //Goam]: “... //Â-//ōs, ‘Dying from love’, has probably been the scene of a very tragical love affair.”; (“//Â-//ōs, ‘sterwend van liefde’, was wararskynlik die toneel van 'n baie tragiese liefdesverhouding.”). Nienaber en Raper (s.v.) merk egter op dat Aos in die ou dae 'n uitspanning by 'n bron op die pad van Karasburg na Aroab was, op presies die korrelaat waar die plaas Plattbeen tans geleë is. Hulle meen ‘Plattbeen’ kan dalk 'n vertaling van Aos wees, met die lid A- soos Nama ≠(h)am, ‘platt (niedrig)’, (‘plat (nederig)’), en -os soos Nama ≠(kh)ō-s, ‘Knochen’, (‘been’) (Rust 1960:203), “met die kh- gedeglotaliseer, wat 'n heel frekwente verskynsel is.” Ook Boesman-ekwivalente bevestig die moontlikheid van hierdie verklaring. Die lid A- is op dieselfde wyse vergelykbaar met die //N !ke (S2) woord /k'ā, ‘Flat (adj.)’ (Bleek 1929:39). Die lid -o(s) is vergelykbaar met die woord !o, !:o, ‘bone’, (‘been’), wat in Auen (N1), Kung (N2) en !O !kuŋ (N3) voorkom, met sy sinoniem ʔ!ʔu: (Bleek 1956:492), en met die Xam (S1) woord ʔʔ'o, ʔʔ'o:, ‘some bone used as a knobkerrie’, (‘n been wat as 'n knopkierie gebruik word’) (Bleek 1956:625). In 1980 het Nienaber en Raper (1980:177) egter van mening verander op grond van twee landkaarte waartoe hulle toegang gekry het, nl. DSWA reeks 1911 Blatt 29 Warmbad, wat “Liefdood” op die plaas Plattbeen aangee, en die SWA reeks 1974 vel 2718 Grünau, met “Liefdood” op plaas Plattbeen nr. 300. Hulle kom tot die gevolgtrekking: “Liefdood bestaan dus nog as naam, en is as sodanig 'n vertaling uit Khoekhoens. Die bykomende inligting is belangrik en hierdie artikel vervang nou die vorige oor Aos. Nama //â = ‘eroties liefhê’, en //ō = ‘dood’ (Rust 1960 DNW 39 en 61 resp.), met die fem. sing. hier as indeks van 'n bronnaam.” Die komponent A- is ook vergelykbaar met die /Xam (S1) woord //ā:, ‘to love (Na. //ā)’, (‘om lief te hê’) (Bleek

3. Khoi-khoi

1956:513), en die komponent –o met die Hie (C1) woord oo, ‘to die, death’, (‘om te sterwe, dood’), die (N1) woord //o, //o:, ‘to die, kill’, (‘om te sterwe, dood te maak’); die Naron (C2) woord //o, ‘dead’, (‘dood’), en die Kung (N2) woord ≠o, ‘to die of hunger, be ill’, (‘om van honger te sterf, siek wees’) (Bleek 1956:154, 624, 675), en die slot –s die vr. ekv. Aos kan dus Plattbeen of Liefdood beteken; menings verskil oor die mees waarskynlike verklaring.

Plattbeen, Garabis

//Garabis is op Th. Hahn se kaart van 1879 aangegee as die naam van ’n uitspanning aan die ≠Goub of Bakrivier, en op Veillet se kaart (s.j.) as “Garabis. Post Office.” Wandres (1892 in Quellen 9 1929:105) deel mee: “Die Entfernung Warmbad-//Garabis (Plattberg) im Backfluss beträgt 90 nautische Meilen ...”; (“Die afstand van Warmbad na //Garabis (Platberg) in die Backfluss is 90 seemyl ...”). Ter verduideliking voeg Nienaber en Raper (1977:377) by: “Nou plaas Plattbeen, vroeër nr. 90, nou nr. 300, distrik Keetmanshoop ... aan verkeersweg Karasburg. – Aroab. ... Indien ’n vertaling, dan moet die ou //gara- ‘plat’ beteken, maar bande met die huidige voorraad ontbreek nog.” Plattbeen is eintlik ’n regstreekse vertaling van //Garabis. Die plat been van mens en dier is seker die skouerblad, en die komponent //Gara van die naam //Garabis is soos die Namawoord //garab, ‘Schulterblatt’, (‘skouerblad’) (Rust 1960:55), deur Bleek (1929:74) as //ga_ra, ‘shoulderblade’, (‘skouerblad’) aangegee, vergelykbaar met die Naron (C2) woord //nara, ‘shoulderblade’, (‘skouerblad’) (Bleek 1929:74); die laterale klapklank // kom in albei woorde voor, en die g en n wissel mekaar af. Die lid –bi is ’n lokatiewe suffiks, en die slot –s is die vroulike enkelvoud wat ’n fontein aandui.

Platberg, Grootberg, Abeep

Vir die *Grootberg* ten weste van Doornpoort aan die Oranjerivier gee die Sensuskaart van 1891 die naam aan as “Tn.Abeep or Plat Berg”. Nienaber en Raper (1980:156) aanvaar dat ‘Plat Berg’ die vertaling van *Tn.Abeep* is, en stel die komponent *Tn.Abeep* gelyk aan die Namawoord ≠hawa, ‘platt’, (‘plat’) (Rust 1960:48). Hierdie woord is verwant aan die Naron (C2) en //N !ke (S2) woord /ka:ba, ‘flat’, (‘plat’) (Bleek 1929:39), waar die wisseling

van *w* en *b* te bespeur is. 'n Ander moontlikheid sou wees om die komponent *Tn.A-* gelyk te stel met die //N !ke (S2) woord /k'ã, 'flat', ('plat') (Bleek 1929:39), waar die dentale of alveolêre konsonant plus nasale *Tn.* sou ooreenstem met die dentale of alveolêre klapklank met nasalering /~. Die komponent *-beep* is 'n Nama plekaanduidende agtervoegsel wat ook as *-beb* voorkom (Nienaber & Raper 1977:161). Die moontlikheid bestaan ook dat die Afrikaanse alloniem vir *Abeep*, naamlik *Grootberg*, die vertaling van die inlandse naam is. Die aanvangskomponent *Tn.-* is 'n poging om die klapklank in skrif weer te gee, sodat die lid *Tn.A-* vergelykbaar is met die //Xegwi (S3) woord /a:, die //Nu //en (S6) woord /na:, die //N !ke (S2) woorde /a:, /ã:, die Auen (N1) woord /kã, en die Auni (S4) woorde /ã, /kã, 'big', ('groot') (Bleek 1929:22; 1956:267, 295, 368, 402). Beide name, *Grootberg* en *Plat Berg*, is toepaslik op die berg, wat groot en plat is. Die oudste opgetekende naam *Plat Berg* kon die primêre vertaling gewees het, maar albei is taalkundig verdedigbaar, en die vertaling as *Grootberg* leef as alloniem voort.

Packriemrivier. Pakriemrivier, Geikaub, Geikhoub

Die name “!Gai-/Khôub R.” vir 'n rivier, en “!Gei-/Khôus” vir 'n bron en uitspanning aan die rivier, verskyn op die kaart van Th Hahn (1879). Op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) word die name aangegee as “Geikaub” en “Geikous” onderskeidelik. Hierdie opgawes korreleer presies met die huidige *Packriemrivier* soos op die SWA-landkaartreeks 1973 vel 2416 Mariental aangedui. Die Namawoord vir 'pakriem' is !gai-!hôub (Rust 1960:50), by !gai, 'pak, vasbind', en !hôub, 'der Riemen, der Gurt', ('riem, gordel') (Rust 1969:192). Nienaber en Raper (1977:316) wys uit dat Hahn se opgawe van die dentale suigklap / by die lid *-/Khôub* en *-/Khôus* van die name !Gai-/Khôub en !Gei-/Khôus nie strook met die huidige skryfwyse van die woord in Nama nie. Dit geld ook vir die Boesman-ekwivalente van die woord. Die komponent *Gei-* van die naam *Geikhoub* of *Gaikhoub* is soos die /Auni (S4) woord !gai, 'to tie, untie', ('om vas te maak, los te maak') (Bleek 1956:375); ook die //N !ke (S2) woord !kai (Bleek 1929:85), die Naron (C2) woorde #kai:, #kei, #kai en #kãekau, 'to tie', ('vasmaak') (Bleek 1956:654); die Auen (N1)

3. Khoi-khoi

woord //eĩ, (Bleek 1956:784); die Hie (C1) woord *kae*, die Naron (C2) woord *!kai*, en die Khoi-khoi woord *!qai* (Bleek 1929:85). In hierdie verskillende opgetekende woorde is die wisselinge van die tweeklanke *ai*, *ae* en *ei*, en van die velêre konsonante *g* en *k* sigbaar, en ook die verskeidenheid klapklanke wat voorkom; die serebrale *!*, die laterale //, en die palatale *ʒ*. Die tweede komponent van die naam, *-kkaub*, *-khoub*, stem wat klanke en betekenis betref ooreen met die /Xam (S1) woord *!hāu*, *!hōu*, en die Khoi-khoi-woord *!hoüb*, ‘thong’, (‘riem’), sowel as met die Sesarwa (S5) woord */kʼäü*, ‘thong’, (‘riem’) (Bleek 1929:84), laasgenoemde met die dentale suigklank soos by Hahn.

Bitterheuningberge, Ou Naab se Kop

Ou Naab se Kop is die inlandse naam van die *Bitterheuningberge* wat ongeveer 64 km wes van Aggeneys and 83 km noord van Kamassies geleë is. In dieselfde toponimiese konfigurasie lê *Naab se Berg* en *Naab se Koppe*. Opmeting en Kartering se argief van 1965 gee *Naab se Berg* aan as 51 km noordoos van Springbok, en *Naab se Koppe* 65 km noordoos van Springbok. Die name is blykbaar afkomstig van die plaas *Naab* nr. Nam. Q. 5-12. waarop die berge geleë is. Schultze (1907:170) gee “#Hāb, Naap, ca. 28 engl. Meilen [45 km] östlich von Steinkopf. Bankwasser zur Sommerregenzeit. ‘Die Not.’”; (“#Hāb, Naap, omtrent 28 Engelse myl [45 km] ten ooste van Steinkopf. Bankwater in die somerreëngety. ‘Die Nood.’”). Nienaber en Raper (1977:824) meen “Naab ... beteken ‘Nood, gebrek, ontbering’, die geheel ‘Noodsberg.’” Die plaasnaam *Naab* is hiervolgens afgelei van die Namawoord *#hāb*, ‘Not, Mangel leiden’, waarskynlik verwysend na ’n skaarste aan water. Die feit dat hierdie berge twee name het, een inlands en die ander Afrikaans, werp egter nuwe lig op die saak. Soos in talryke sulke gevalle, is hier ook sprake van vertaling, met ander woorde *Bitterheuning(berge)* is die vertaling van *Ou Naab (se Kop)*, *Naab (se Berg)*. Die komponent *Ou* stem ooreen met die Namawoord *ou*, ‘bitter’ (Rust 1960:11), vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde */u*, ‘salt, also used for brackish, bitter’, (‘sout, ook vir brak, bitter gebruik’) (Bleek 1956:662, 358), en *//kʼaowa*, ‘bitter’ (Bleek 1929:22). Die komponent *Naab* is vergelykbaar met die Namawoord */ab*, ‘Honigwabe (braun mit Larven)’, (‘heuningkoek

(bruin met larwes'), ook *#naob*, '*Honigwabe (gelb)*', ('heuningkoek (geel)') (Rust 1960:32), en met die Kung (N2) woord *ˀ/naï*, 'honey' (Bleek 1929:47).

Riemvasmaak, Konkaib

Riemvasmaak is die naam van 'n warmwaterbron in die Moloporivier wat deur rumatieklyers besoek word, van 'n sendingstasie waar vader Veillet van Pella 20 jaar lank sendeling was, en ook die naam van Riemvasmaakkop (Nienaber & Raper 1977:757). Die plek was vroeër bekend as *Konkaib*, van die Nama *#Kōn-//Kaib* 'fasten the thongs', "which was done by an old Damara to sink down along the rocky walls those rheumatics who wanted to make a cure at the springs down in the gorge of the Molopo"; ("'maak die rieme vas', wat deur 'n ou Damara gedoen is om rumatieklyers teen die rotsige wande te laat afsak wat genesing by die fonteine in die kloof van die Molopo wou hê.") (Veillet 1974 brief in Nienaber & Raper 1977:757). Nienaber en Raper bevestig dat die naam Riemvasmaak 'n letterlike vertaling is wat die ou naam behou. Hulle verbind die komponent *-kaib* met Nama *!gai*, 'binden', 'bind' (Kroenlein-Rust 1969:87), "sodat die *Kon-* dan moet ooreenstem met 'riem'. 'Met 'n riem bind' is in Nama *!hōu* (Kroenlein-Rust 1969:192), d.w.s. die genasaleerde *-ōu-* is konsonanties gerealiseer as *-n-*, *!hōu* word in die uitspraak benader as *!ho(u)n*, en die latere *-h* van Nama van vandag het ontwikkel uit die ou *k-*, die naam is immers oud. Vir *h-* en *k-* vgl. 5 C 3 [in Nienaber 1063]". 'n Meer regstreekse verklaring van die naam *Konkaib* is dat die komponent *Ko-* ooreenstem met die /Xam (S1) woord *//kho*, *-//kho:wa*, 'to put down, pack up, pull tight', ('om neer te sit, op te pak, styftrek') (Bleek 1956:575), en met die !O !kuŋ (N3) werkwoord *!ko(n)*, 'to tie, to strap on', ('om vas te maak, vas te gord, vas te maak') (Bleek 1956:383), en die komponent *(n)kaib* met die Naron (C2) woord */kaiba*, */kaim*, 'thong', ('riem') (Bleek 1956:297). In die laasgenoemde woorde blyk die variabiliteit van die stemhebbende bilabiale medeklinkers *b* en *m*, wat ook te bespeur is in die slot-*b* van die pleknaam. Die onsekerheid oor die lettergreep-indeling *!ko(n) (n)kaib* is te wyte aan die nasalering in die Nama-ekwivalent vir die werkwoord *!hōu*, 'to fasten', 9 'om vas te maak'), en die

Naron (C2) werkwoord *k"wōōū*, 'to tie on', ('om aan te bind'), albei waarvan genasaleer is, terwyl die woord *!ko* nie genasaleer is nie, hoewel sy sinoniem *!go* 'n stemhebbende neweklank het.

Eendop, Guigabiseb

Guigabiseb is die naam van 'n plaas naby Rooiwater in die distrik Namakwaland, Noord-Kaap, waarop die heuwel *Eendopkop* staan; die Afrikaanse naam van die plaas is *Eendop* (Nienaber & Raper 1977:476). Schultze (1907:170) verduidelik die naam as “/Gui-/gabiseb ... ‘wo nur ein (/gui) Becher (/gabis) Wasser zu erhalten ist”); (“/Gui-/gabiseb ... waar net een (/gui) beker (/gabis) te verkry is.”). Die lid *Gui-* is soos die Namawoord */gui*, ‘ein’, (‘een’) (Rust 1960:16), ook vergelykbaar met die Naron (C2) woord */gui*, ‘one’, (‘een’) (Bleek 1956:283). Die komponent *-gabis* van die naam *Guigabiseb* is soos die Namawoord */gawis*, ‘Becher’, (‘beker’) (Rust 1960:8), wat van Schultze se opgawe en die naam van die plaas verskil deur die uitruilbaarheid van *b* en *w*. Die lid *-gabis* is ook vergelykbaar met die Naron (C2) woord */kabis*, ‘eggshell, ostrich eggshell’, (‘eierdop, volstruiseierdop’) (Bleek 1956:549), waar die wisseling van *k* en *g* sigbaar is. Die Namawoord */gabis* of */gawis* is 'n leenwoord van die Naron */kabis* wat tans ook gebruik word om na 'n drinkbeker te verwys; in vroeëre tye het Boesmans uit volstruiseierdoppe gedrink. Die uitgang *-seb* is lokativerend. Dis heel moontlik dat die naam nie ontstaan het omdat slegs een beker water te kry is nie, maar dat dit na die vorm van die kop verwys wat soos 'n volstruiseierdop lyk.

3.2.5 Geomorfologie/Bodemgesteldheid

Kalkrand, Anas

Kalkrand is die naam vir die stasie en nedersetting op die plaas Goudini, tussen Rehoboth en Marienthal, waarvan *Anas* die inlandse naam is. Rudolf Däusab, via die plaaseienaar mnr. T Keramin, gee die naam aan as *!Anas*, maar verklaar dit as ‘Uintjiesgat’, wat Nienaber en Raper (1980:400) vereenselwig met die *!hanni*-uintjie (*Moraea* sp.). *Anas* is egter die naam van 'n heuwel wat in Afrikaans *Kalkrand* heet, en nie die naam van 'n gat nie. *Anas* beteken ook ‘kalkrand’; die lid *A-* is soos die Tsaukwe

(C2a) woord *ʒa* ‘kalk’ en die lid *na-* is soos die Hadza (C3) woorde *!a* en *//a*, ‘hill’, (heuvel, kop, rand’) (Bleek 1956:369, 514), waar die onderskeidelike klapklanke deur die *n* vervang is.

Klipfontein, Garunaob

Garunaob is ’n ou naam vir *Klipfontein* in die gebied van die Velskoendraers in Namibië. Fenchel (1882 in Quellen 18 1930:44) rapporteer: “*Am andern Morgen erreichte ich einen Brunnen //Garu//noâb, der nur wenig Wasser hatte.*”; (“Die volgende môre bereik ek ’n bron, *//Garu//noâb*, wat net min water gehad het.”). Hegner (1886 in Quellen 14 1929:77) skryf: “*Aller Wahrscheinlichkeit nach wird //Garu//noab zum Sammelplatz für die Bauern werden ...*”; (“In alle waarskynlikheid sal *Garunoab* die versamelplek vir die boere word.”). Die naam word effens anders gespél deur Papst (1887 in Quellen 23 1930:53): “*Mr. Spangenberg ... wohnt nun in der Nähe auf //Garu//nâob im Gebiet der Velschoendragers ...*”; (Mnr. Spangenberg ... woon nou naby *//Garu//nâob* in die gebied van die Velskoendraers.”). Op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) is “*Klipfontein (Spangenberg’s Farm)*” ten ooste van *Garunâob*, en Nienaber en Raper (1980:300) wys daarop dat *Klipfontein* waarskynlik ’n vertaling van die ou naam *//Garunaob* of *//Garunoab* is. Hulle meen die lid *//Garu-* “kan net wees soos Nama *//garu-* vir ‘*Wasserbecken im Fels, die Wasserbank (in natura)*’, (‘watergat in rots, waterbank (in die natuur’) (Kr.-R. 1969:84) wat regstreeks aansluit by die eerste lid van die plaasnaam *Klipfontein*. Die tweede lid sal ... beteken ‘fontein’ ... as ons die wisseling van *-n-* en *-b-* in gedagte hou asook die betekenis, saam met die suigklap ... is die lid soos Nama *//hoa-* = ‘*Loch, Vertiefung*’, (‘gat, glooiing’) of ’n holte (Kr.-R. 1969 NW 187).”. ’n Hie (C1) woord *karo*, ‘stone’, (‘klip’) (Bleek 1956:82), sluit ook aan by die betekenis van ‘klip’, en die Kung (N2) woord *ʒnʒhau*, ‘spring’, ‘mountain spring’, (‘fontein, bergbron’) (Bleek 1956:672) by die variant wat die tweeklank *ao* vertoon, en dui dalk op fonologiese en ortografiese aanpassings om by die opgetekende spellings uit te kom.

Granietkop, Goaroes

Granietkop nr. 522, was “von altersher unter den Dama bekannt als !Goaroes. Von Zebra; !goarob = ‘Zebra.’”; (“van oudsher af onder die Damara bekend as !Goaroes, van ‘sebra’; !goarob = ‘sebra.’”) (Zaby 1979:51). Die Namawoord vir ‘sebra’ is !goreb (Rust 1960:75), wat volgens Nienaber en Raper (1980:336) moontlik in Damara ’n wisseluitspraak van die begrip is: “die uitgang –s (van die vr. ekv.) maak dit moontlik dat die beginpunt van die Khoekhoense naam nie die kop was nie, maar die drink- of waterplek.”. Tog lyk dit asof *Granietkop* wel die vertaling van *Goaroes* kan wees; die komponent *Goa-* stem ooreen met die Mohissa (C1b) woord *’goa*, ‘stone’, (‘klip’), ook met die Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b) woord *≠gnoa*, ‘mountain, stone, rock’, (‘berg, klip, rots’) (Bleek 1956: 688, 384, 647), en die Hie (C1) woord //gwa, ‘stone’, waar die *o* met *w* afwissel, en ook met die Naron (C2) en Kung (N2) woord //nōa, ‘stone, hill’, (‘klip, kop’), met die wisseling *’g* en //n (Bleek 1956:536, 620). Die letter *r* kom selde as aanvangsklank in Boesmanwoorde voor, maar word dikwels in een of ander vorm in die tweede lettergreep aangetref (Bleek 1956:159). Die komponent *–roe-* kan vergelyk word met die woord /gu en sy sinoniem !ku, ‘head’, (‘kop’), wat voorkom in Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b); met die Hukwe (C2b) woord *xu*, ‘head’, (‘kop’), wat ook voorkom in /Xam (S1), //N !ke (S2), ≠Khomani (S2a) en //Xegwi (S3); met die woord !nō:, -!no, ‘hill’, (‘heuvel, kop’), wat voorkom in //N !ke (S2), Ki /hazi (S4b) en //K”au-//en (N1); en ook met die /Nusan (S6a) woord !gou, ‘mountain, hill’, (‘berg, kop’), met sy sinoniem !kau (Bleek 1956:282, 261, 479, 387, 479). Die slot *–s* vir die vr. ekv. word ook gebruik vir voorwerpe wat rond is, soos ’n ronde kop, wat goed aansluit by die klipkop van graniet.

Steinkopf, Tarakhois, Karakhois

Tarakhois, ook *Karakhois* geskryf, is ’n ou naam vir die dorp Steinkopf 45 km noordnoordwes van Springbok in Namakwaland (Nienaber & Raper 1977:1018). Knudsen (1845:16) het opgeteken: “/Khara-khois, Steinkopf”, en Schultze (1904-5) het verduidelik: “Ort, wo eine andersartige (/kxara) Frau (kxoës) ist. Wahrscheinlich wie in so vielen Fällen eine Anspielung

auf ein persönliches Erlebnis, das bekant genug wurde, um dieser Grundwasserstelle den Namen zu geben.”; (“Plek waar ’n vreemde of anderssoortige (/kxara) vrou (kxoës) is. Waarskynlik soos in so baie gevalle ’n sinspeling op ’n persoonlike belewenis wat bekend genoeg geword het om hierdie grondwaterbron hierdie naam te gee.”). Laidler (1927:148) verskaf ’n soortgelyke verklaring: “*D/kara kois, foreign woman. A man came from the Cape and in a bushy place found a spring that had never been seen by those living nearby. Hence ‘Foreign woman’. This is near Steinkopf.*”; (“*D/kara kois, ’n vreemde of uitlandse vrou. ’n Man het van die Kaap gekom en in ’n beboste plek ’n fontein gevind wat nog nooit deur diegene wat daar naby gewoon het, gesien is nie. Derhalwe ‘Vreemde vrou’. Dit is naby Steinkopf.*”). In teenstelling met Schultze en Laidler, wat die benoemde entiteit as ’n ‘*Wasserstelle*’ of ‘spring’ (‘fontein’) beskou, meen Pettman (1931:20) dat die naam na ’n verhewenheid verwys: “/Kara-Khois (/kara, to differ; khois, a woman) is a remarkable hill in Little Namaqualand; there is a spice of humour in the name, which represents this singular hill as a peculiar woman; the Dutch have perpetuated the idea, by calling the hill *Byzondermeid*.”; (“Kara-Khois (/kara, om anders te wees, om te verskil; khois, ’n vrou) is ’n merkwaardige heuwel in Klein-Namakwaland; daar is ’n tikkie humor in die naam, wat hierdie uitsonderlike heuwel as ’n eienaardige vrou uitbeeld; die Hollanders het hierdie gedagte verewig of bestendig deur die heuwel *Byzondermeid* te noem.”), In ’n brief van 17 Junie 1965 het mnr. Piet van Heerde geskryf: “Tarakhois. Gewoonweg word dit vertaal ‘Biesondermeid’. Majoor Leipoldt het gesê dat Tarakhois nie ‘besondermeid’ is nie maar ‘besondereid’ omdat die rotsformasie uit ’n besondere rotsformasie bestaan het. Oorlede dr. Izak van Niekerk se moeder het verklaar dat Tarakhois beteken ’n besonder, ’n vooraanstaande vrou.” Daarby het mnr. Van Heerde sy eie verklaring bygevoeg, waarby hy die tweede lid van die naam as *khu* aangee: “Die *Khu* het dan gestaan vir ryk, vir hoof- of vernaamste vrou. Dan kry ons *Tarakhus*, die hoofvrou van een van die Engelbrechts, en dan kry ons die uitgesoekte vrou, die vernaamste vrou, die *Besondermeid*. *Tara* is steeds vrou, *Khu* of *Khus* die betere of uitgesoekte vrou.” Nienaber en Raper (1977:1019) verduidelik: “Mnr. Van Heerde

3. Khoi-khoi

sien die naam as 'n samestelling van Nama *tara-s* 'Ehefrau' en *!khū*, 'reich', vernaam. ... Feit is dat 'Bysondermeid' 'n vertaling van /Khara-khoes is, dat k- en t- kan afwissel ... dus lyk dit of Tara- en Kara- gewone wisselvorme is." Nou is dit insiggewend dat mnr. van Heerde die tweede lid van die naam as *ku* of *khu* aangee. Soos in soveel gevalle waar daar onsekerheid oor die verklaring van 'n inlandse naam is, en verskillende verklarings aangebied word, soms met volksetimologiese vertolkings, ontstaan die vraag of ons nie ook in hierdie geval 'n antieke inlandse naam het wat dalk in vertaalde vorm voortleef nie, met ander woorde of *Steinkopf* die naam *Tarakois*, *Tarakhois*, *Karakois*, *Karakhus*, of hoe ookal geskryf, vertaal nie. Dan stem die lid *Tara* of *Kara* ooreen met die /Xam (S1) woord *!kara*, 'stone', ('klip, steen', Duits 'Stein'), *-!kara*, 'flat stone', ('plat klip'), en die lid *khus* met die Naron (C2) woord *!ku:ǰa*, 'head', ('kop') (Bleek 1956:409, 454). Kokot (SESA 10 1974:265) deel egter mee: "... in 1818 the London Missionary Society sent Heinrich Schmelen to found a mission station there. Dr. Karl Friedrich Adolf Steinkopf, minister of the German congregation in London, donated a considerable sum of money for the purpose, and in gratitude the station was named after him." Die taalkundige (fonologiese, semantiese en ortografiese) ooreenkoms tussen *Steinkopf* en *Karakhus* is onmiskenbaar, en dis heel moontlik dat die naam *Steinkopf* letterlik in die inlandse taal vertaal is. Dis waarskynlik dat die inlandse naam die familienaam vertaal en dus van meer onlangse datum is.

Vuursteenkop, Dwykarante

Vuursteenkop is die naam van 'n heuwel 1 011 meter hoog 57 km noord-noordoos van Oudtshoorn en 42 km oos van Prince Albert. Net suid van hierdie heuwel is die *Dwykarante*. Hierdie rante lê 75 km oos van die Dwykarivier en is dus nie geografies of onomasties met die rivier verbindbaar nie. Daar is wel so 'n verbintenis tussen *Dwykarante* en *Vuursteenkop*, wat die moontlikheid van vertaling opper. Die komponent *Dwy-* is semanties en fonologies vergelykbaar met die the Kung (N2) woord /*wi:*, 'flint', ('vuursteen') (Bleek 1956:362), waar die dentale klapklank /*d* deur die dentale medeklinker *d* verteenwoordig word, en die *y*

en *i* mekaar afwissel; die komponent *-ka* is vergelykbaar met die Hadza (C3) woords *!a*, ‘hill’, (‘heuwel, kop’), en *//a*, ‘stone, hill’, (‘klip, kop’) (Bleek 1956:369, 514), waar die tongslae *!* en *//* met die stemlose konsonant *k* vervang is. *Vuursteenkop* is dus die regstreekse vertaling van *Dwyka*.

Steenrivier, Ikunsaij

Schrijver het in 1689 die volgende oor die rivier *Ikunsaij* opgeteken: “... sloegen wij ons met den avond an een kleine en klippige rivier ter neder, daar wij weijnig weiding vonden, en word de geseide rivier van de Hottentots *Ikunsai* of *Steenrivier* gent.”; (“... gooi ons met die aand aan ’n klein en klipperige rivier neer, waar ons min weiding vind, en die genoemde rivier word deur die Hottentotte *Ikunsai* of *Steenrivier* genoem (in Godee Molsbergen III 1922:116).” Ou-Kaapse woorde vir ‘klip’ sluit in die Kaaps-Saldanha dialektiese woord *hip*, ‘*pierre*’ (De Flacourt 1655:58), die Kaapse dialektiese woorde *yqua*, ‘*klippen; rupes, scropuli*’, (‘klippe’) (Witsen II 1691 RZA I:221), *heyqua* ‘*een steenrots*’, (‘n klip, rots’) (Valentyn 1726:108a), en *hêiqua*, s. *hyqua*. ‘*rupes, s. scropulus; een rots, een steen*’, (‘n rots, ’n klip’) (Kolbe I 1727:433). Nienaber (1963:341-342) wys uit: “Ons het hier verskillende spellingpogings. Nama verskyn as */ui-s*, ‘*der Stein, der Felsen*’, (‘klip, rots’), verwant aan */ui-b*, ‘*der Berg*’. ... Die suffiks word geskryf met *-p* of *-b* vir die ekv. manl., of met *-qua* vir die mv. manl., met *-a-* objectivi. ... Die woord kom dikwels in plekname voor, so in die mv. by Schrijver 1689 wat vertel ... ‘*Ikunsaij* of *Steenrivier*’ ... dus in Nama oorgebring, */ui-ga-se* plus *!a-b(i)*, ‘*klipperige rivier*’.” Nienaber en Raper (1977:596) het blykbaar van hierdie verklaring afgesien, en verklaar: “Ons het die betekenis maar vind dit moeilik om dit oortuigend met die bestaande woordvoorraad te vereenselwig.”. Die suffiks *-qua* is in hierdie geval blykbaar nie die manl. mv. nie. (Valentyn 1726:108a) gee die woord aan as *heyqua*, ‘*een steenrots*’ en (Kolbe I 1727:433) as *hêiqua*, s. *hyqua*. ‘*rupes, s. scropulus; een rots, een steen*’, (‘n rots, ’n klip’). Die vertaling as ‘*een steenrots*’ en ‘*een rots, een steen*’, (‘n rots, ’n klip’), dui aan dat die enkelvoud aangegee word. Indien die slot *-a* in die woord *heyqua*, *hêiqua* of *hyqua* wel die ‘objectivi’ is, soos Nienaber uitwys, is die stam van die woord *heyqu* of *hyqu*, wat fonologies en semanties ooreenstem

met die lid *Iku* van die naam *Ikunsaij*, dus ‘klip’ of ‘steen’ (Hollandse uitspraak van *y* is soos die Afrikaanse *u* wat ’n geronde *i* is). Die slotkomponent, *-nsaij*, is vergelykbaar met die !O *!kuj* (N3) woord *!kai*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1929:70), met die /Auni (S4) woord *#ei* ‘river’, (‘rivier’), en met die //N *!ke* (S2) woorde */k”eĩ*, ‘river’, (‘rivier’), */k”eĩ*, ‘riverbed’, (‘rivierbedding’) (Bleek 1956:643, 339, 749), waar die spelling *-ns-* die betrokke tongslag verteenwoordig.

Modderfontein, Agabees

Etlke plekname verwys na die modderige geaardheid van die benoemde entiteit, Laidler (1927:148) skryf oor “P/aga bees, Modderfontein, mud spring; a common name.”, (“P/aga bees, Modderfontein, ’n algemene naam”). Hierop verduidelik Nienaber en Raper (1977:171): “Laidler se *P/aga* is “te lees as *#Aga*; die *-bees* (*-bes*, *-bis*) is plekbenoemende formans, veral by (oop) waters, en by fonteine is die genussuffiks gewoonlik die vroulike (*-s*). Die vertaling met ‘modder’ is ’n indirekte vertaling van *#aga*, *#a* = ‘riet’, *#aga* = ‘rietryk’ of ‘rietagtig’, en waar riet staan, daar is ook modder.” Dis interessant en insiggewend dat Laidler die klapklank by die naam aangee as die palatale *#*, wat ons in staat stel om die lid *P/a* te begryp as die Kung (N2) woord *#ka*, ‘clay’, (‘klei’), en die komponent *-ga* as vergelykbaar met die Auen (N1) woord *#ha* = ‘spring, fountain’, (‘waterbron, fontein’) (Bleek 1956:654, 650), sodat *Modderfontein* die regstreekse vertaling van *Agabees* is, die lid *-bees* die bygevoegde lokatiewe suffiks, soos hierbo uitengesit.

Swartmodderrivier, Nuahoë, Guanib

Alexander (1836) gee op sy landkaart die name “Nuahoë (Guanib)” aan. Op Th. Hahn se kaart (1879) is “*#Nua-//Hoes R.*” wat aan die suidwestelike kant van !Han-*#ami* van wes na oos loop, en in sy *Collectanea* (1901:39) gee hy “*#Nua//hoes, Fluss nördlich von #Khûias*”; (“*#Nua//hoes*, rivier ten noorde van *#Khûias*”). Nienaber en Raper (1977:918) wys daarop dat Hahn dit aangee “as ’n voorbeeld van naamgewing n.a.v. ’n ooreenkoms met ’n opvallende saak. Die saak is hier die *//hoe-s* = ‘(Milch) eimer’, (‘(melk)emmer’) van hout (Rust 1960:16), ook genoem ‘bamboes’. In die rivier is daar sulke holtes wat aan die ‘bamboese’

laat dink. Die kleur ($\neq n\ddot{u}a$ = 'swart') sal op die bodemgesteldheid slaan. 'Swart houtemmer-rivier.'" Wat die alternatiewe naam *Guanib* betref, wys Nienaber en Raper (1977:372) daarop dat dieselfde name, "Nuahoë (*Guanib*)", ook deur Sprigade en Moisel (1904) op hulle Kriegskarte saam genoem word, en noord daarvan gee hulle "*Schwarz-Schlamm*" aan. Hulle deel mee dat hierdie riviertjie vandag bekend staan as die Swartmodderrivier, noordwes van Helmeringhausen, en dat die inheemse naam in die vergetelheid geraak het. Hulle meen dat die eerste deel van die naam, *Gua-*, soos die Namawoord $\neq goa$ vir 'modder' is, dat die lid *-ni* die lokatief is, en die slot *-b* die ml. ekv. is wat gewoon is by riviernaam, dus 'Modderrivier', en dat die kleur 'swart' in die inheemse naam bygedink is, terwyl dit in die Duitse en Afrikaanse name eksplisiet uitgedruk is. Die name *Nuahoë* en *Guanib* is van betrekking op dieselfde rivier, wat suggereer dat hulle dieselfde betekenis kan hê, en dat daardie betekenis in die Duitse vertaling "*Schwarz-Schlamm*" en die huidige naam *Swartmodder(rivier)* weerspieël word. Die lid *Nua-* van die naam *Nuahoës* stem ooreen met die /Xam (S1) woord */nua*, 'swart' (Raper 2021:88), en die lid *hoe-* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!nǝ*, 'mud', ('modder') van die werkwoord *!nǝ!nǝ*, 'to become muddy, to be made muddy', ('om modderig te word, om modderig gemaak te word') (Bleek 1956:482), waar die wisseling van *n* en *h* sigbaar is (Nienaber 1963:181). Met inagneming van die verwisselbaarheid van *g* en *n* (Nienaber 1963:180) is dit duidelik dat *Gua* en *Nua* albei ooreenstem met die /Xam (S1) woord */nua*, 'swart' (Raper 2021:88). Die lid *ni-* van die naam *Guanib* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *~/i:*, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:292), wat soms ook vir 'rivier' gebruik word, en die slot *-b* van die naam *Guanib* is die manlike enkelvoud.

Moerasrivier, Goadar

In 1752 het Beutler (in Godee Molsbergen III 1922:303) die pleknaam *Goadar*, 'Moerasrivier' opgeteken; hy skryf: "... *passeerde daar meede de rivier Goadar, beteykende Moerasrivier.*"; ("... gaan daarmee oor die rivier *Goadar*, wat *Moerasrivier* beteken."). Forbes (1965:17) identifiseer die *Goadar* soos volg: "They crossed their *Goadar River*, ... which is probably the stream flowing S.E. to join

3. Khoi-khoi

the Kwelegha on its south bank a mile from its mouth.”; (“Hulle het hulle Goadarrivier gekruis, ... wat waarskynlik die stroom is wat suidoos vloei om by die Kwelegha aan sy suidelike oewer ’n myl van sy monding aan te sluit.”). Die Goadar word deur Skead (1973:65) as die Gonubierivier geïdentifiseer. Nienaber en Raper (1977:425) wys uit: “die eerste gedeelte [van die naam is] soos Nama #goa, Kora #koa, wat beteken ‘klei, modder’, samehangend te dink by ‘moeras’ of ‘modderasie’, maar die *-dar* is nie met sekerheid te verklaar nie. Daar is gemeen dat die *-da-* moontlik diminutief-formans is, die ‘moddertjie’, maar dit skep net ander probleme.”. Die komponent *Goa-* van die naam stem ooreen met die Oostelike dialektiese woord *goa*, ‘mud’, (‘modder’) (Beutler 1752 in Godee Molsbergen III 1922:303), en is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord #gwa, ‘clay’, (‘klei’) (Bleek 1956:469); die stemhebbende velêre konsonant *g* verskyn in albei woorde, en die half-vokaal *w* wissel af met die half-geslote klinker *o*. Die komponent *-dar* van die naam *Goadar* is moontlik ’n aangepaste woord vir ‘rivier’, vergelykbaar met die Khatia (S4a) woord /a:, die /Xam (S1) woord /ka, ‘river’, (‘rivier’); of die Auen (N1) woord #ka:, ‘riverbed’, (‘rivierbedding’) (Bleek 1956:268, 295, 653).

Zandkraal, Gouna, Gouna se Laagte

Op die suidelike deel van die plaas *Zandkraal* nr. Clv. Q. 2-44 in die distrik Calvinia is *Gouna* en *Gouna se Leegte* geleë (Topografiese reeks 1972 vel 3120 Calvinia). ’n Verklaring dat *Zandkraal* ’n vertaling van *Gouna* sou wees, sou Nienaber en Raper (1980:366-7) verwag het, maar in hulle woordeskat het hulle geen woorde gevind wat ’n verband tussen *Gou-* en ‘sand’ daarstel nie: “... ons is baie meer tevrede om sonder topografiese kerne hier liewers af te gaan op die klankassosiatiewe ooreenkoms van hierdie naam met die Khoekhoense woord vir die *Carpobrotus edulis*, of die *ghoena* of *gouna* (Smith CA 1966 CNSAP 227) vir ’n soort eetbare veldvy.”. Hoewel daar blykbaar geen Khoi-khoi-woorde gevind kon word wat fonologies en semanties met ‘sand’ verband hou nie, is daar die /Xam (S1) woorde !kãũ, !aũ, !kãũ, !oũ ‘sand’ (Bleek 1956:751), wat met die komponent *Gou-* ooreenstem, waar die wisseling van *g* en *k* sigbaar is. Die komponent *-na* is vergelykbaar met die Naron (C2) woorde #ka:, ‘plain, flat land’, (‘vlakke, plat

land'), en *#ha*, 'field, plain', ('veld, vlakte'), sowel as met die /N/ke (S2) woord /*kā*:, 'valley', ('vallei') (Bleek 1956:653,650, 295), wat ongeveer met die generiese term *Leegte* ooreenstem.

Modderfontein, Hoisabes

Brink (in Mossop 1947:30, 58) het op 30 September 1761 opgeteken: "*Marcheeren wy wederom al tusschen klippige gebergens ... vonden aldaar een fonteyn, welkers water sterk naar modder smaakte*"; ("... ons marsjeer weer ... al tussen klipperige berge ... het daar 'n fontein gevind waarvan die water sterk na modder smaak"), wat Mossop vn. 30 identifiseer as "Modderfontein, permanent spring"; ("Modderfontein, standhoudende fontein"). Gordon (Ms. 2 1779:86) teken op: "*... by het pad komende na Compagnies drift daar de togt by dese rivier quam volgen wy het en hielden middag by Modder fontein ...*"; ("... toe ons by die pad na Compagnies drift kom waar die tog by hierdie rivier aangekom het het ons dit gevolg en hou in die middag by Modder fontein ..."), en bokant *Modder fontein* is ingeskryf: "*hoi sa bees*". Op Gordon se kaart AG 7146 staan: "*Modder font of Hoisabees.*" Nienaber en Raper (1977:561) identifiseer die plek as "geleë aan Leeuwenrivier, d.i. die Houms, ten Noorde van Oranjerivier." W Van Reenen skryf in 1791 (in Mossop 1935:300): "*Van ... Doordrift ... na de Sandfontein op de Onsabees ...*". Byna 'n honderd jaar later, op Th Hahn se kaart van 1879, staan "*//Hoesabes*", en op die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) verskyn die naam as "*Hoesabis (Sandftn)*" vir 'n bron. Th Hahn (1901) gee die naam aan met die serebrale klapklank as "*!Hoëtsabis, aus Hui-a-tsabis, im !Gami-#nūsgebiet*", *vergleiche !Hu, Land, Erdem !Hoëtsabes*", en "*IA contrahiert zu E. !Hoëtsabes hiess ursprünghlich !Huëtsabes, wurde dann !Huëtsabis = !Hoëtsabe.*"; ("*ia verander na e. !Hoëtsabes het oorspronklik !Huëtsabes geheet, word toe !Huëtsabis = !Hoëtsabe.*"). Nienaber en Raper (1977:561) verduidelik: "Die huidige naam is Sandfontein nr. 131 ... aan die Hounsrivier en suid van Warmbad. ... Die ou naam Modderfontein het verdwyn vir hierdie plek, en Sandfontein het die inlandse Hoe/Hoisabes verdring. ... Interessant dat Hahn 1879 die laterale suigklap // gebruik, toe nog denkend aan *//hoe-s = 'der Milcheimer ... aus Weiden- oder Aruholz gefertigt'*, ('melkemmer ... van wilger- of Aru-hout gemaak') (Kr.-R. 1969

NW 188), maar Hahn 1901 gebruik nou die serebrale klap ... wat daarop neerkom dat ... Hoesabes ... die ou inlandse naam is van wat nou bekend is as Sandfontein, en wel in vertaling. Die *-be-* of *-bi-* sê dat dit 'n pleknaam is, die *-s* meer bepaaldelik dat dit 'n fonteinnaam is, die *-tsa-* is 'n formans wat die grondwoord adjektiveer in plekname (Hahn), hier die woord *!hū* = 'die Erde, der Erdgrund' (Kr.-R. 202), hier bepaaldelik 'sand'.". Die naam van die waterbron is reeds in 1761 opgeteken as 'Modderfontein'. Die vroegste verklaring van die naam *Hoisabees* as 'Modderfontein' is dié van Gordon in 1779. Dit lyk logies om die vroegste verklaring as 'Modderrivier' te aanvaar, veral omdat die rede vir die naam verstrekkend is, naamlik dat die water "*sterk naar modder smaakte.*" Die bevestiging deur Mossop (1947 soos hierbo aangehaal) dat die fontein 'n 'permanent spring' is, maak dit minder waarskynlik dat dit 'n 'sandfontein' is. Daarby ontbreek in die Boesman- en Khoi-khoitale woorde vir 'sand' wat fonologies of ortografies met 'Hoe- of Hoi- ooreenstem, en die voorstanders van die naam as 'Sandfontein' aanvaar 'grond, aarde' as verwysend na 'sand'. Taalkundig is daar ook steun vir die verklaring van die naam as 'Modderfontein'. Die komponent *Hoe* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!nōe*, 'modder', *!nō!nōe*, 'modderig maak, modderig word' (Raper 2021:55), waar *h* en *n* uitruilbaar is; die lid *-sa-* is die /Xam (S1) verbale partikel 'to become', ('om te word') (Bleek 1956:161), en die lid *-be-s* is die lokativerende suffiks met die slot *-s* wat die fontein aandui.

Sandrivier, Buffelsrivier, Koussie

Koussie is die naam van 'n rivier wat in die Kamiesberg tussen Springbok en Kamieskroon ontspring en verby Spektakel vloei om tussen Hondeklipbaai en Port Nolloth by Kleinsee in die Atlantiese Oseaan uit te mond. Van der Stel (1685 in Nienaber & Raper 1977:779) vertel: "... *de Zandrivier, en door de Amaquas Hottentots Touse genaamt, ... welke de gedagte Sonqua zeide de rivier, by hen Touse genaamt ... te wezen ... Deze zoo hy zeide, bekomt haaren naam van 2 buffels, die zy Touse noemen, en die door hen in de zelve gevonden zyn; zoo dat haare regte naam de Buffelsrivier zou wezen.*"; ("... die Sandrivier, en deur die Amakwas Hottentotte Touse genoem ... wat die ... Sonkwa sê die rivier is wat deur hulle

Touse genoem is ... Hierdie rivier, so sê hulle, kry sy naam van 2 buffels, wat hulle *Touse* noem en wat hulle daarin gevind het; sodat sy regte naam die Buffelsrivier sou wees.”). Op Van der Stel se landkaart (nr. 851) is aangeteken: “*Sant Rivier of bij d’Hott. gent. Tausi welck in ’t duyts geseht is Buffels Rivier.*”; (“*Sandrivier* of deur die Hottentotte *Tausi* genoem, wat in Duits *Buffelsrivier* is.”). Twee Hollandse name word dus vir die *Touse* of *Tousi* opgeteken, naamlik *Zandrivier* en *Buffelsrivier*; daarna het optekenaars blykbaar deur die bank die naam ‘Buffelsrivier’ aangegee, met verskeie spellings van die inlandse naam. Wikar skryf in 1779 (in Mossop VRV 15 1935:192) “*Mond van de Kause off Buffels Rievier na beduiding.*”; (“*Monding van die Kause of Buffelsrivier na beduiding*”). W. van Reenen (in Mossop 1935:298) teken in 1791 die naam aan as “*de Cousie of Buffelsrivier*” aan. Albrecht (1806 in Moritz Reise 31/1 97) gee “*Kouze- oder Büffelfluss*”, en Alexander (1 1836:35) “the Kowsie, or Buffalo river.” Tot in hierdie stadium is die inlandse naam sonder tongslag opgeteken; daarna word die dentale schnalz aangegee deur Knudsen (1845:16) in die naam “/*Gausib*: Buffels River”; deur Kroenlein (1889:80) as “/*Gáosib*, der *Büffelfluss* (*Klein-Namaland*)”; (“*Gáosib*, die Buffelsrivier (*Klein-Namakwaland*)”); en deur Schultze (1907:168) as “/*Gaoseb*, *Büffelrivier*”. Hieruit blyk dit dat die meerderheid optekenaars verklaar dat *Buffelsrivier* die naam *Koussie* vertaal. Dit is taalkundig moontlik. Die inlandse naam kom voor as *Koussie*, variante *Touse*, *Tousi*, *Cous*, *Cousie*, *Kouwsie*, *Kauzi*, */Gaosib*, */Gaoseb*, wat die uitruilbaarheid van die anlaut T-, K-, C- en G vertoon. Die eerste komponent van die inlandse naam stem fonologies en semanties ooreen met die Ou-Kaapse woord *t’auw*, die Oostelike dialektiese woorde */kaw*, *t’kau* en */kaop*, die Koranna woorde */kaaub*, */gaob* en */aob*, die Nama woord */gaob*, die Kung (N2) woorde */kau* en */gau*, die Hei//kum (N2a) woord */gaub*, die Hie (C1) woord */hao*, die Hukwe (C2b) woorde *gau* en */gau*, die !Xung woord */ao*, en die Khwe woord */áò*, ‘buffalo’, (‘buffel’) (Raper 2020:287-288). Nienaber en Raper (1977:780) verklaar: “Oor die betekenis is daar geen twyfel nie. ... Van die begin af is die inboorlingnaam vir die soms droë sandriviertjie vertaal as ‘Buffelsrivier’, en wel uit die mond van Namas en San. ... Die oorspronklike en die vertaalde name het naas mekaar bestaan, selfs tot vandag toe, en die eie naam van Van der Stel en geselskap (*Sandrivier*) het verval, hoewel

dit blykbaar redelik lank gebruik is, so bv. praat Brink, 1761, byna 'n eeu na Van der Stel net van 'Sandrivier', en ook nog later doen Gordon dit." Volgens ons bronne lyk dat asof 'Sandrivier' die vroegste opgetekende nie-inlandse naam was vir hierdie "soms droë sandriviertjie". Die komponent *Kou* is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *!kãũ*, 'sand', en *!ãu*, *!k'aũ* en *!oũ*, 'earth, ground, sand, stone, dust', ('aarde, grond, sand, klip, stof') (Bleek 1956:372; 1929:71). Die slotkomponent *-se*, *-sie*, *-si* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *ˀ/i*, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:292), wat soms ook vir 'rivier' gebruik is. Die oudste optekening van die naam as *Touse* en *Tausi* is naaste aan die /Xam (S1) naam *!oũˀ/i*, 'Sandrivier', waar die anlaut *T* die serebrale klapklank *!* verteenwoordig, en die dentale of alveolêre suigklank */* met die alveolêre frikatief *s* ooreenstem.

Sandveld, Gab, Gaab, Gu

Hartman (1903 kaart) gee die inligting: "Omaheke oder /Gab (Sandfeld) ... (Sandfeld von den Sandfeld Buschmännern !Gu genannt)."; ("Omaheke of /Gab (Sandveld) ... Sandveld, deur die Sandveld-Boesmans !Gu genoem."). Die Kriegskarte van Sprigade en Moisel (1904) gee *Gab* sonder die dentale klapklank. Nienaber en Raper (1980:261) is van mening dat die naam /*Gab* los staan van die Duits-Afrikaanse naam *Sandfeld/Sandveld*, en dat dit verband hou met die Namawoord */gã*, 'beskutting, skuiling' (Kroenlein-Rust 1969:73), soos in 'n bos, tussen struik, in grotte, en so meer. Die feit dat /*Gab* as alternatiewe naam vir 'Sandfeld' aangegee word, suggereer egter dat die Europese naam tog 'n vertaling is, en dit blyk wel so te wees. 'n Woord wat fonologies en semanties met die lid *Ga-* vergelyk kan word, is die /Auni (S4) woord *!ga*, 'sand, earth, dust', ('sand, grond, stof') (Bleek 1929:35). Die wisseling van *g* en *k* kan waargeneem word in verwante woorde vir 'sand', soos die Auen (N1) woord *kxa*, en die Auen (N1) en Kung (N2) woorde *ka*, *k"ã*, 'sand' (Bleek 1956:116 75); die Auen (N1), Kung (N2) en !O !kun (N3) woord *k"ã*; die Auen (N1) woord *k'ã*, die Kung (N2) woord *k"ã*, en die !O !kun (N3) woord *k'ã*, 'sand' (Bleek 1929:35, 71). Soos opgemerk, het Hartmann !Gu opgeteken as die Sandveld-Boesmans se naam vir die Sandveld. Met inagneming van die verwisselbaarheid van *g*, *k* en *x*, en as aanvaar word dat die

tongslae kan afwissel, is die lid *!Gu* vergelykbaar met die /Nu//en (S6) woord *_#gum*, die Sesarwa (S5) woord *//khu:m*, die Naron (C2) woord *xumʃa*, die “Hottentot” woord *_xūb*, ‘sand’ (Bleek 1929:42), en die Namawoord *!hub*, ‘Erde’, (‘aarde’) (Rust 1960:18). Die slotelemente *-m*, *-b* en *-ʃa* is die manlike en vroulike genusuitange in die betrokke tale, sodat die stamwoord in die verskillende tale *_#gu*, *//khu:*, *xum*, *_xū* en *!hu* is.

Soutrivier, Ukhaib

Dr KFR Budack het in die verslag van veldwerk (in Nienaber & Raper 1980:743) geskryf: “/U-//khaeb, Namanaam vir Soutrivier. /U = ‘brak’, //khaeb = ‘riviersand’, dus letterlik: ‘Brak riviersand’.” Nienaber en Raper het bygevoeg: “By riviername word gewoonlik die *-b* van die ml. ekv. aangeheg, soos hier.” Dis opmerklik dat die rivier se naam ‘Soutrivier’ is, nie ‘Soutsand(rivier)’ of iets dergeliks nie. Ook word die inlandse naam deur Budack volgens die moderne ortografie weergegee. Die komponent *U-* van die naam stem ook ooreen met die /Xam (S1) woord */u:*, ‘sout, bitter, brak’ (Raper 2021:83), */u:* ‘salt, also used for brackish, bitter’, (‘sout, ook vir brak, bitter, gebruik’) (Bleek 1956:662, 358). Indien die tweede lid van die naam wel die generiese term ‘rivier’ vertaal, is dit vergelykbaar met die //N !ke (S2) woorde */k:eī*, */k”i*, en die /Xam (S1) en /Auni (S4) woord *#ei*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:339, 643), waar die tweeklank *ai* met *ei* afwisselbaar is (Raper 2020:461). Die slot *-b* is die bygevoegde Khoi-khoi manlike enkelvoud wat dikwels by riviername voorkom.

Soutrivier, Cisiqua

Volgens Molsbergen (II 1916:9) het Hartogh in 1707 opgeteken: “... en aan een zoute rivier Cisiqua genaamd vond men de Kapteine Wildschut ...”; (“... en aan ’n sout rivier Cisiqua genoem vind mens die kaptein Wildschut.”). In Hartogh se handgeskrewe dagboek staan egter: “met den dag gingen weeder aan ’t marcheeren, na omtrent 3 uren weg spoedend quamen aan de Soute Rivier bij de hottentots Cisiqua gent, vonden daar 4 Cralen ...”; (“... met die dag gaan ons weer aan die masjeer, na omtrent 3 ure verder spoedend kom ons aan by die Soutrivier, deur die Hottentotte Cisiqua genoem; vind daar 4 krale ...”). Hierdie Soutrivier is blykbaar nie

die Soutrivier by Kaapstad nie, maar, soos DG van Reenen in 1803 uitwys: “Die Zoutrivier, die Cisiqua uit J Hartogh se joernaal, vloei in die Hoopvlei, ongeveer halfweg tussen die teenswoordige Bredasdorp en die Breederivier ...” (Blommaert & Wiid 1937:19). Dit lyk vir Nienaber (1963:464) asof “die *-qua* waarskynlik te lees [is] as *-ka*, ’n ou spelwyse vir *!a-b*, ‘rivier’ ... Of die woord *cisi* as ’n gevelariseerde vorm van Na. /*u-sa*, ‘brak’, te beoordeel is, is o.a. vanweë die groot klinkerverskil onseker.”. Hoewel Wuras vir Koranna /*usa* gee vir ‘salty’, (‘souterig’), en Engelbrecht dieselfde woord gee vir ‘sout (bw.)’ (in Nienaber 1963:464), klop dié woord nog nie fonologies met *Cisi* nie. ’n Oplossing is moontlik te vind in Boesmanwoorde wat met die komponent *Cisi* vergelyk kan word. Die fotostaat van die handgeskrewe teks van Hartogh se joernaal is dof en moeilik leesbaar, en dis moeilik om te sien of the eerste letter ’n C of ’n G is. Die letter C kom nie in Boesmans voor nie. Indien die naam wel *Gisiqua* is, is die lid *Gi-* wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die Kung (N2) en !O !kunj (N3) woord *ḡwi*, ‘salt’, en die lid *si* met die /Auni (S4) infinitief *si*, ‘to be’ (Bleek 1956:53, 168). Die lid *-qua* van *Cisiqua* is soos die woorde *!ko:a*, *!ko-ā*, *!kwa:*, *!khwa:*, *!khoa:* en *!koa*, ‘running water’, (‘lopende water’), d.w.s. ‘rivier’, wat in /Xam (S1), /Nusan (S6a) en //Kxau (S2b) voorkom (Bleek 1956:437). Dan is *Soutrivier* die regstreekse vertaling van *Cisiqua*.

Soutkloof, Addo

Addo is die naam van ’n streek ten ooste van die Sondagsrivier, ongeveer 72 km noordoos van Port Elizabeth, ook die naam van ’n spoorwegstasie, ’n poskantoor en ’n brug. Ongeveer 680 ha is in 1931 omhein om die Addo Nasionale Olifantpark te vorm, en die Addohoogte is ’n heuwel ongeveer 42 km noordoos van Uitenhage. Vroeë spellings van die naam sluit in *Kadouw*, *Kaddo* en *K’adouw* (Raper *et al* 2014:5). Bulpin 1978 gee die betekenis van *Kadouw* aan as ‘river passage’, (‘rivier-deurgang’); Kirby (in Meiring 1959) verklaar die betekenis as ‘river path’, (‘rivierpad’) of ‘drift’, (‘drif’). ’n Ou-Kaapse woord vir ‘rivier’ is *k’â* (Witzen 1691 I in Molsbergen I 1916:220), wat wel ooreenstem met die komponent *K’a-* of *Ka-* van die naam *Kadouw*, en die lid *-douw* stem ooreen met die Ou-Kaapse woord *dau*, ‘kloof, poort’ (Schrijver 1689 in

Mossop 1931:227), Nama *dáo-s*, ‘die Pforte (Eingang in’s Gebirge)’; (‘poort (ingang in die gebergte)’). (Kroenlein 1889:57). Nienaber en Raper (1977:170) wys egter daarop dat die samestelling ‘rivier + poort’ teenstrydig is met die strukturele reëls van Nama. Hulle meen dat die lid *A-* of *K’a-* soos die Namawoord *!Ga(b)*, ‘Gift’, (‘gif’) (Rust 1960:27) kan wees, en dat *Addo* of *Kadouw* ‘Noorsboompoort’, kan beteken, van die gif wat van hierdie boomsoort (*Euphorbia* spp.) verkry word. Argumente teen hierdie verklaring is dat *Euphoria* en ‘gif’ nie noodwendig sinoniem is nie, en dat die Namawoord *!ga-b* konsekwent met ’n *g-* gespel word, nie met ’n *k* nie, terwyl die pleknaam nooit met ’n *G-* as bv, *Gadouw* opgeteken is nie. ’n Verklaring wat op meer as bloot klankooreenkoms berus, word deur Skead (2005 brief van 22 Junie) verstrekk: “Soutkloof, 8 km SE of the Addo shopping centre, is the only kloof or pass in the ‘singularly poortless’ Addo Valley, which is flat ground between low, widely-separated scarps. This Soutkloof carries the main roads from Port Elizabeth and Uitenhage through the otherwise steep escarpment, and would also have been the route traversed by wagoners in olden times.”; (“Soutkloof, 8 km suidoos van die Addo-winkelsentrum, is die enigste kloof of bergpas in die ‘uitsonderlik poortlose’ Addovallei, wat uit plat grond tussen lae steiltes bestaan wat ver uitmekaar is.. Hierdie Soutkloof dra die hoofpaaie van Port Elizabeth en Uitenhage deur die andersins steil skuinste of helling, en sou ook die roete gewees het wat in die ou dae deur wadrywers deurkruis is.”). Afgesien daarvan dat hierdie verklaring, dat *Addo* en *Soutkloof* topografies met mekaar korreleer, is die name ook taalkundig met mekaar vereenselwigbaar. ’n Kaapse dialektiese woord vir ‘sout’ is *kxa* (Schrijver 1689 in Mossop 1931:227), soortgelyk aan die //Xegwi (S5) woord *!xa:*, ‘salt’, (‘sout’) (Bleek 1929:71). Die lid *K’a-*, *Ka-* van *Kadouw* word gedevelariseer as *Addo*, terwyl die woord *dau* met die lid *-do* van *Addo* ooreenstem (Nienaber & Raper 1977:169). *Soutkloof* is ’n vertaling van *Addo*.

Soutkloof, Koedoma, Koeranna

Die naam “*Koedoma* (of *Koeranna*)” kom voor op die Topografiese reeks 1965 vel 3420 Riversdal. (Nienaber & Raper 1980:533-4) wys daarop dat *Koedoma* die naam is van plaas nr. Sw. Q. 7-4,

distrik Bredasdorp, noord van en aangrensend aan die plaas *Zout Kloof*, en noordoos van en aangrensend aan plaas Sw. Q 7-5., *Nooitgedacht Gelegen aan de Zoute Kloof*. Oor hierdie twee plase *Nooitgedacht* en *Zout Kloof* vloei die *Soutkloof*, 'n sytak van die Karsrivier; hierdie stroom vloei ook oor die plaas *Sout Kloof* nr. Sw. Q 10-38. Die plaas *Brakke Kloof*, nr. Sw10-36. Q 14-47, is ten noorde van en aangrensend aan dié plaas, en ten ooste van hom is *Zoutkuil*, nr. Sw. Q. Ten suidweste en aangrensend aan die plaas *Koedoma* is *Groot Zoutkloof*. Aan die hand van talle gevalle waar 'n inheemse pleknaam as komponent van 'n naamkerngroep voorkom, meen Nienaber en Raper dat dieselfde verskynsel hier voorkom, m.a.w. dat *Zoute Kloof*, *Zout Kloof*, *Sout Kloof* en *Soutkloof* almal vertalings van *Koedoma* is. Die komponent *Koe-* is dan soos Nama $\#\bar{o}$ -, 'Salz', ('sout') (Rust 1960:51), waar die aanvang -K- die palatale klapklank \neq verteenwoordig, en ook vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde $\#k^{\prime}o$, 'salt' en /u:, 'salt, also used for brackish, bitter', ('sout, ook vir brak, bitter gebruik') (Bleek 1956:662, 358). Die lid -*doma* is soos die Nama woord *dommi*, 'Kehle', ('keel') (Rust 1960:34), wat in vele plekname voorkom as antropomorfe siening van 'n kloof, of keel om water af te voer. Soos opgemerk, kom die naam "Koedoma (of Koeranna)" op die Topokadastrale landkaartreeks 1965, vel 3420 Riversdal, voor, en op die Topografiese reeks 1973 vel 3420 Riversdal kom net die naam *Koranna* vir hierdie plek voor, volgens Nienaber en Raper "duidelik 'n volksetimologiese aanpassing wat in die naam 'n verwysing na die stamgroep sien", vermoedelik met die gedagte aan 'Koranna'. Die komponent *Koe* van die pleknaam is eintlik vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde $\#k^{\prime}o$, 'salt' en /u:, 'salt, also used for brackish, bitter' (Bleek 1956:662, 358). Die komponent *doma* van die wisselvorm *Koedoma* is moontlik wel soos die /Nu //en (S6) woord *dom*, *dum*, *dumba*, 'neck, throat, hole, river' en die Auen (N1) woord *dum*, 'river' (Bleek 1956:29). Die komponent *ranna* in die variant *Koeranna* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /*kanna*, 'kloof' (Bleek 1956:301). *Koeranna* is dan die inheemse naam vir *Zout Kloof*, *Zoute Kloof*, *Soutkloof*, sinoniem met *Koedoma*.

3.2.6 Gemoedstoestand

Blijdeverwacht, Haiais

Haiais is die ou naam van *Blijdeverwacht*, nou die plaas nr. 72 in die distrik Karasburg in Namibië (Nienaber & Raper 1977:507-508). Fenchel T (1885 in Quellen 18 1930:108) deel mee: “*Die übrigen ... liesen sich auf //Hai-/ais nieder ... und nannten den Ort Blydeverwachtung (Frohe Erfüllung).*”; (“Die ander ... het hulle by //Hai-/ais gevestig ... en die plek *Blydeverwachtung (Frohe Erfüllung)* genoem ...”). ’n Ander verklaring word in 1973 per vraelys deur H Boonzaaier (in Nienaber & Raper 1977:507) aangegee, naamlik: “//Hai-/ais is ‘Wegloopbrand’ in die veld”. Nienaber en Raper meen “*Haiais* vertaal nie die ou naam [*Blijdeverwacht*] nie, dit is ’n vervangende naam met idealistiese strekking, nou van die plaas nr. 72, dist. Karasburg, aan die Gaiab geleë”, en aanvaar mnr. Boonzaaier se verklaring van die naam; hulle verbind die lid //Hai van die naam met die Namawoord //hei [//hai], ‘fortlaufen, wegrennen’, (‘voortgaan, weghardloop’), en die lid /ais met die Namawoord /ai [ae], ‘Feuer’, (‘vuur’) (Kroenlein-Rust 1969:77, 10). Indien die ouer verklaring, naamlik dié van Fenchel, inderdaad die juiste is, en *Blydeverwachtung* die inlandse naam wel vertaal, stem die komponent *Hai* van die naam ooreen met die //ŋ !ke (S2) woord *hāija*, ‘good’, met die Kung (N2) woorde *!kāi*, *kaiä*, die Naron (C2) woorde *kāi*, ‘good’, (‘goed,’); *gāi*, ‘happy’, (‘gelukkig’), en die //ŋ !ke (S2) woorde *!kāi*, *!kē:i*, ‘good, happy’, (‘goed, gelukkig’) (Bleek 1929:43; 1956:405). Daar is minder sekerheid of waarskynlikheid met die lid *-ais* van die naam *Haiais*; moontlik is dit ’n aanpassing van ’n woord soortgelyk aan die Sesarwa woord /ka /ki, ‘satisfaction’, (‘bevrediging’) (Bleek 1929:71), *Hie* (C1) *kaho*, ‘satisfaction’, (‘bevrediging’), *kaha*, ‘to be satisfied’, (‘om tevrede te wees’) (Bleek 1956:76). In die geval van die riviernaam *Gaiab*, waaraan die plaas *Haiais* geleë is, is die komponent *Gai* tog fonologies soos die /ŋ !ke (S2) woord *hāija*, ‘good’, (‘goed,’), en die Kung (N2) woord *kaiä*, ‘happy’, (‘gelukkig’). Fenchel verduidelik die Hollandse naam *Blydeverwachtung* as *Frohe Erfüllung*, (‘blye vervulling’), waarvan die betekenis (en die komponent *Hai*-) nader is aan die /Xam (S1)

3. Khoi-khoi

woorde *!kai*, *!kai:ja*, ‘to complete, used as adv.’, (‘om te volbring, te vervul, as *bw. gebruik*’) (Bleek 1956:77).

Goeiehoop, Kaiagab

Die plaas *Goedehoop* nr. 463, geleë oos van Aranos in die distrik Mariental, is ook bekend as *Goeiehoop*. Nienaber en Raper (1980:445) deel mee dat die Namanaam blykbaar vroeër gehoor is as *Gaiagab*, later as *Kaiagab*, of, volgens die segsman H Arndt (veldwerk 1974), as *Keiraxāb*. Die Afrikaanse en Nederlandse name is blykbaar vertalings van die inheemse naam; die komponent *Gaia-* of *Kaia-* stem ooreen met die Kung (N2) woord *kaiä*, ‘good, nice’, (‘goed, aangenaam’) (Bleek 1956:42), verwant aan die Naron (C2) woorde *kāi*, ‘good’, (‘goed’), en *gāi*, ‘happy’, (‘gelukkig’), en die //ŋ *!ke* (S2) woorde *!kāi*, *!kē:i*, ‘good, happy’, (‘goed, gelukkig’) (Bleek 1929:43; 1956:405). Die komponent *-gab* van die naam is vergelykbaar met die Hie (C1) woord **gawa*, ‘to expect’, (‘om te verwag’) (Bleek 1956:642), waar die wisseling van *b* en *w* sigbaar is, en die slot *-a* van die woord geëlideer is om die naam te laat uitgaan op die Nama manlike enkelvoud, wel by die hervertolking van die naam as synde van Nama-oorsprong, of onder Nama-aanpassing.

Genadeberg, Toorberg, Toorkop, Towerberg

Skead (1973:63) gee *Genadeberg* aan as ’n alternatiewe naam vir *Toorkop* in die Ceres-distrik, en vir *Toorkop* gee hy die sinoniem *Towerberg*. Walton (1984:88 1A) gee die naam as *Toorberg* aan. Die vraag ontstaan waarom *Genadeberg* as alloniem vir *Toorberg*, *Toorkop* en *Towerberg* aangegee word. In hierdie geval is die lid *toor-* ’n volksetimologiese vertolking van die Hie (C1) woord *thoo*, ‘mercy’, (‘genade’) (Bleek 1956:200), die eerste lid van die naam *Genadeberg*. *Genadeberg* is dus die letterlike vertaling van *Thoo(berg)*, wat volksetimologies as *Toorberg*, *Toor(kop)*, en *Towerberg* vertolk is.

Goedgevind, Anigame

Rektor A Zaby (1979::51) deel mee: “Goedgevind, nr. 500 [Von altersher unter den Dama bekannt als] Ani-//game. ‘Vogelwasser’.”; (“Goedgevind, nr. 500. Van oudsher onder die Dama as Ani-

//game, ‘Voëlwater’ bekend.”). Nienaber en Raper (1980:170) merk op dat die naam nie op beskikbare ou kaarte voorkom nie, en aanvaar die verklaring van *Anigame* as “soos Nama *ani* = ‘Vogel’, plus //gami = ‘Wasser’ (Rust 1960 DNW resp. 70 en 72).” Benewens klankooreenkoms tussen die naam *Anigame* en die verklaring as “*Vogelwasser*”, van *ani* + //gami, is daar geen regstreekse verbinding tussen die name nie. Gesien die feit dat die inlandse naam nie op beskikbare landkaarte voorkom nie, soos Nienaber en Raper uitwys, bestaan die moontlikheid van aanpassing en klankharmonie, wat gelei het na die verklaring van *Anigame* as ‘Voëlwater’. Daarenteen is daar die alternatiewe naam, of alloniem, *Goedgevind*, wat volgens die veelvoorkomende patroon die vertaling van *Anigame* sou kon wees. Die komponent *Ani-* vertoon geen klapklank nie, maar wat die klinker-opvolging *a-i* en die nasalering *n* en die tilde \tilde betref, stem dit ooreen met die //N !ke (S2) en Naron (C2) woorde !kãi, !kẽ:i, !kẽ:ĩ, ‘good, happy; to be good, goodness’, (‘goed, gelukkig; om goed te wees, goedheid’); met die/Auni (S4) woord $_#ka\tilde{}$, ‘beautiful, pleasant’, (‘pragtig, aangenaam’), en met die /Xam (S1) woord *a:kən*, ‘good’, (‘goed’) (Bleek 1929:43), die beklemtoonde vorm van *a-* (Bleek 1956: 405,655, 721; 1929:43). Die komponent *-game*, ‘gevind’, is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /kamma, /kamma, ‘to find; to take up’, (‘om te vind, op te neem’) (Bleek 1956:299; 716), waar die verwisselbaarheid van *g* en *k*, en van *a*, *e* en *i*, in werking tree (Raper 2020:453, 457, 458). Taalkundig, d.w.s. fonologies en semanties, is *Goedgevind* herkenbaar as die vertaling van *Anigame*.

Goeiehoop, Nudaob, Gnudaob

Engelbrecht (1925:31) het opgeteken: “In die laaste jare is daar al baie van die plaasname verdoop. *Gnu Daub* (*Gnu* = ‘swaar’ of ‘ver’; *daub* = ‘pad’). Die plaas noem party mense nou ‘Good-Hope’.” Nienaber en Raper (1977:923-924) verduidelik: “Engelbrecht se opgawe van *Gnu* is soos Nama !nũ, ‘weit (entfernt)’, (‘ver (afgeleë)’) (Rust 1960:73), en *daub* is soos Nama *doab*, ‘pad’. !*Nudaob* = ‘Verpad’ (sy spelling *Gnudaub*), ‘Langpad’ en ‘Verpad’ inbegrepe. Die nuwe naam Good Hope is nou Goeiehoop, plaas nr. 24 (13235/1954), Gordonia distrik. Goeiehoop vertaal nie *Gnu Daub* nie, maar klaarblyklik is daar ’n noue verband. Ons

sien dit so. Die *Gnu Daub* het vir die oumense geklink soos Good Hope, d.w.s. die Good Hope is 'n volksetimologiese aanpassing uit *Gnu Daub*. Hierdie Good Hope het toe die grondslag geword van die Afrikaanse Goeiehoop.” Tog lyk dit asof ‘Goeiehoop’ die vertaling van *Nudaob* (of *Gnudaub*) kan wees. Die lid *Nu* of *Gnu* stem fonologies ooreen met die Hadza (C3) woord *nube*, *nubeja*, ‘sweet, fine, good’, (‘soet, fyn, goed’) (Bleek 1956:149); die grondwoord is *n̄nu*, en *-be* is 'n nominale agtervoegsel wat soms as voornaamwoord gebruik word (Bleek 1956:157); die woorddeel *n̄nu* beteken dus ‘goed, goeie’. Die lid *daub* is wel vergelykbaar met die Nama woorde *!ôus*, ‘*Erwartung*’, ‘*Hoffnung*’, (‘verwagting, hoop’) (Rust 1960:19, 32), waar die tongslag *!* deur die plofklank *d* weergegee word; en met inagneming van die verwisselbaarheid van *d* en *g* (Nienaber 1963:179) en van *w* en *u* (Bleek 1956:250) is die komponent *daub* ook vergelykbaar met die Hie (C1) woord *#gawa*, ‘to expect’, (‘om te verwag’) (Bleek 1956:642).

Twyfelfontein, Uias, Uiais

Verskillende betekenisse is vir die naam *Uias*, of *Uiais*, teëgekem. Holm E (1969:9) skryf: “... *eine Stelle des Bezirks Outjo, die heute den Namen Twyfelfontein führt, von den Eingeborenen aber Ui-Ais, die ‘einzige Quelle’ genannt wurde ...*”; (“... ’n plek in die distrik Outjo, wat tans die naam *Twyfelfontein* dra, maar deur die ingeborenes *Ui-Ais*, ‘enkelfontein’ genoem word.”). Hierdie verklaring kom ook voor in die publikasie *Woes en swygsaam: ’n tydlose land* 6 (1976), aangehaal deur Nienaber en Raper (1977:1079), waar die skrywer nie geïdentifiseer is nie: “Twyfelfontein of Uias, soos die Damaras sê, d.w.s. een fontein.”. ’n Ander verklaring word voorgestel deur Krenz (1974 aantekening): “*Twyfelfontein, von Alters her ist der Name der Wasserstelle /U-eis (Bergdama) /u = ‘brak’, eis = ‘Lokalität’*”; (“Twyfelfontein, van oudsher is die naam van die waterplek *U-eis* (Bergdama) /u = ‘brak’, eis = ‘plek, lokaliteit’.”). Dan is die verklaring van Zaby (1979:52): “*Twyfelfontein nr. 534. ... unter den Dama bekannt als /Ui-//ais. ‘Von Bergen umgeben’, /uiti //aigu*.”; (“Twyfelfontein nr. 534. ... onder die Dama bekend as */Ui-//ais*, ‘deur berge omring’, */uiti //aigu*.”). Nienaber en Raper (1980:738) wys daarop dat die klem hier op die berge val, in teenstelling met die verklarings van ander, waar die hoofklem

op die fontein val. Die fontein is op die plaas Twyfelfontein nr. 534 in Damaraland geleë, beroemd as “die woonplek en ateljee van die Boesmans”, en “waarskynlik die grootste skouspel van rotsgravures in Afrika.”. Nienaber en Raper (1977:1079) kom tot die gevolgtrekking dat Twyfelfontein nie die inlandse naam vertaal nie. Krenz se lettergreepindeling as /U-eis, as dit so begryp kan word, open die moontlikheid dat daar wel sprake van vertaling kan wees. Wat die komponent -as van die naam betref, meen Nienaber en Raper (1977:1079): “Die tweede komponent is, as dit die begrip ‘fontein’ vertaal, wel soos Nama -a- = ‘gat, opening’, om ooreen te kom met die ongenoemde segsman. Anders soos by Krenz.”. Boesman-ekwivalente vir hierdie komponent is die //Xegwi (S3) woord //ʔa, ‘waterpool or pit’, (‘waterpoel of put’) (Bleek 1956:514), en die Auen (N1) woord #ha, ‘spring, fountain’, (‘waterbron, fontein’) (Bleek 1956:650). Met die komponent U- is die /Xam (S1) woord /nu, ‘twyfel uitspreek’ (Raper 2021:91) vergelykbaar. *Twyfelfontein* is dus wel die vertaling van *Uias*.

3.2.7 Menslike interaksie

Gezelschapsbank, Aisib

Op die Sensuskaart 1891 is die naam “N^oAisib” by “Gezelschapsbank”, noordwes van Steinkopf, opgeteken. Nienaber en Raper (1977:179) wys daarop dat die naam ook as *T’auseb* opgeteken is, dit wil sê met die tweede letter van die tweeklank as *u*, en hulle stel die naam gelyk met *Tauseep*, “lees *Tauseb*, met die eerste lid van *Ausib* soos Nama #ō = ‘sout’, of /ū = ‘brak’, die -*si-b* (-*se-b*) as plekbenoemer. ‘Brakplek’ of ‘Soutplek.’” *Gezelschapsbank* is die alternatiewe naam vir die plek, en heel waarskynlik is die Hollandse naam ’n vertaling. In die opgetekende name verteenwoordig die *N^o* en *T* in die komponente *N^oAu*, *Tau*, en *Tou* ’n klapklank. *N^oAu-*, *Tau-* en *Tou-* is dus vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde /au:, ̄/au: en /ou:, ‘talk’ ‘speak’, (‘praat, gesels, spreek’) (Bleek 1956:270, 357). Die lid -*bank* van die naam verwys natuurlik na ’n klipbank, en die komponent -*si-* stem fonologies ooreen met die woord ̄si, ‘klip’ soos in die samestelling \#kii ̄si, ‘rooiklip, a red stone’, (‘rooi klip’) (Bleek 1956:662), waar die lid \#kii soos die /Xam (S1) woorde ̄!ki:, en !ki:, en die

≠Khomani (S2a) woord $\text{ʔ}i$, ‘red’, (‘rooi’) is (Bleek 1929: 69, 427, 652). By die variant N^hAisib wat as alternatief vir *Gezelschapsbank* opgeteken is, is die lid Ai- fonologies en semanties vergelykbaar met die /Auni (S4) woorde $\text{ʔ}haija$, $\text{ʔ}haije$, *ije*, ‘to talk, speak’, (‘praat, spreek’) (Bleek 1956:56), sodat ook hierdie optekening van die naam as N^hAisib die vertaling van die inlandse naam as ‘Geselskapsbank’ ondersteun.

Stampriet, Onas

Onas is hier die plaas Stampriet nr. 38 oos van Keetmanshoop op die pad na Aroab en Rietfontein, en nie die dorp Stampriet nie. Die naam word op Kiepert se kaart van 1893 geskryf as ‘!On-!as’; Sprigade en Moisel (Kriegskarte 1904) dui ‘Stampriet (*Onas*)’ aan, en Hahn (1901:119) deel mee: “!On-#as, Stampriet; #ab ist der Rietanz, nach #ab, Riet, so benannt. Die Rietbläser stampfen mit dem rechten Fusse dem Tract bei Blasen. !On-#as heisst also der Platz des Rietanzes.”; (“!On-#as, Stampriet; #ab is die Rietdans; van #ab, ‘riet’, so benoem. Die rietblaser stamp met die regtervoet die maat by die geblaas. !On-#as beteken dus die ‘plek van die rietdans.’”). Dieselfde klapklanke word deur Schultze (1907:167) aangegee: “!On-#as, Stampriet.”. Nienaber en Raper (1977:963) bevestig dat ‘Stampriet’ die ou naam *Onas* vertaal. “Die lettergreepverdeling is On- en -as (nie O- en -nas nie), die #as soos by Hahn, ‘rietdans, en die !on vir die stamp ... korreleer met die Nama !(h)û = ‘stampfen’, (‘stamp’) (Kr.-R. 1969 NW 202), d.w.s. die -n- is die realisasie van wat tans die voorafgaande genasaleerde vokaal -o- is.” As gekyk word na vergelykbare Boesmanwoorde, blyk dit dat die lettergreepverdeling wel O- nas kon gewees het. Die lid O- is dan te vergelyke met die //ŋ !ke (S2) /o, ‘to stamp, pound’, (‘stamp, maal’) (Bleek 1956:355). Die komponent -nas van die naam *Onas* is soos die Naron (C2), Tsaukwe (C2a), Auen (N1) and Kung (N2) woord #ã:, ‘reed’, (‘riet’) (Bleek 1929:69); die nasaliteit wat in die Boesmanwoord met ’n tilde aangedui word, is in die pleknaam pertinent met die palatale klapklank en nasale neweklank, #n, gerealiseer. En hoewel die Schnalz verskil, is die //ŋ !ke (S2) woord /ã, ‘reed’, (‘riet’) (Bleek 1929:69), ook in berekening te bring. Die slot-s van die naam *Onas* is die vr. ekv. wat hier die bron as primêre generiese term aandui.

Kinderzit, Awachaaibes

Weber het in 1869 (Quellen 8 1929:33) meegedeel dat “In *!Awachaaibes und /Homis fand ich viele leute.*”; (“In *!Awachaaibes* en */Homis* het ek baie mense gevind.”). Nienaber en Raper (1977:255) het bepaal dat die plek *!Awachaaibes* in die omgewing van Kinderzit 132 aan die Houmsrivier in die distrik Karasburg is. Hulle erken daar is “Geen hulp van buite nie, behalwe die aanduiding van die suigklap, en dan moontlik vas te knoop aan Nama *!awaxa* = ‘*kletterlustig*’, (‘lus om te klouter’) (Kr.-R. 1969 NW 30), by *!awa* = ‘*hinaufsteigen*’, (‘opstyg, opstaan’), en *ai-s*, *ei-s* = ‘gesig, vlakke, oppervlakte’, met lokatief *-bes*, die *-s* meer bepaaldelik vir fontein. ‘Opklouter-vlaktefontein?’”. Dit kom voor dat ‘Kinderzit’ tog ’n vertaling van die inheemse naam kan wees. ’n //Khou (S2b) woord for ‘kind’ is */kava* (*/kaba*), wat Meinhof sonder die velêre konsonant as */ava* (*/aba*) opgeteken het (Bleek 1956:304), wat met die lid *Awa-* van die naam korreleer. Die afwisselbaarheid van *v* en *b* en *w* toon dus dat die komponent *Awa-* van die naam *Awachaaibes* met die //Khou (S2b) woord */ava*, */aba*, ‘child’, (‘kind’) ooreenstem (Bleek 1956:304). Die tweede lid, *-cha*, is moontlik soos die Sesarwa (S5) woord *//hā*, ‘to sit’, (‘om te sit’); die Auen (N1), Kung (N2) en Naron (C2) woord *//ga*, *//gā*, ‘to sit’, (‘om te sit’), en die /Xam (S1) woord *//gaua*, ‘sit in the shade’, (‘in die skaduwee sit’) (Bleek 1956: 539,522, 528), met die slotkomponent *-aibes* soos die Nama woord *eis*, *eib*, ‘*Oberfläche*, (in *Ortsnamen wie xam-eis* = ‘*Löwenfläche*’ u.a.)’, (‘Oppervlakte, (in plekname soos *xam-eis* = ‘Leeuvlakte’, e.a.’) (Rust 1960:46), die Hie (C1) woord *#kaie*, ‘place’, (‘plek’) (Bleek 1956:655), en die komponent *-bes* die Khoi-khoi lokatiewe agtervoegsel.

Menslike verhoudings en verwantskappe

Grootvadersbos. Cainsheneuj

Cainsheneuj is in 1778 deur kolonel Robert Jacob Gordon opgeteken as “*grootvaders bos, in het Hottentots ’cainshe neuj of blinde vliegen bos genaamd*”; (“Grootvaders bos, in Hottentots *’cainshe neuj* of ‘blindevlieëbos’ genoem,”) (Gordon Ms 1 1777:34). Die komponent *cainshe* is deur Nienaber en Raper (1977:269) klankmatig vergelyk met die Namawoord */geina*, */gena*, en

die Korawoord *gâine*, ‘huisvlieg’ (Nienaber 1963:504). Raper (2004:45) het die komponent *-neuj* vergelyk met die lid *-ney* as ‘forest, bush’, (‘woud, bos’). soos in die naam *Coerney*, ‘narrow forest’, (‘smal bos’). Die huidige siening is dat *Grootvadersbos* die inheemse naam *Cainsheneuj* vertaal. Die komponent *Cainshe*, deur Gordon met die klapklank as *’cainshe* geskryf, is fonologies met die //Xegwi (S3) woord *!xeinja*, *!xe:na*, ‘grandfather’, (‘grootvader, oupa’) vergelykbaar (Bleek 1956:499). Die komponent *neuj* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!xū:i*, ‘great thornbush’, (‘groot doringbos’) (Bleek 1956:502), waar die nasalering wat in die woord *!xū:i* met die tilde~ aangedui word, in die woord *neuj* as *n* gerealiseer is. Die komponent *neuj* is ook met die Kung (N2) woord */kūi*, ‘bush, a certain bush’, (‘bos, ’n sekere bos’) vergelykbaar, waar die alveolêre of nasale *n* met die dentale of alveolêre klapklank / ooreenstem (Bleek 1956:324, 701).

Brandvlei, Naroogna

Brandvlei is die naam van ’n gehug aan die wesoewer van die Brandvleidam, omtrent 10 km suidsuidwes van Worcester en 10 km suidoos van Rawsonville. Die inlandse naam daarvan is *Naroogna*, waarvan *Brandvlei* glo ’n vertaling is. Die naam *Brandvlei* is afkomstig van die grootste warmwaterbron in Suid-Afrika, aan die suidelike grens of rand van die oorspronklike pan (Raper *et al* 2014:360). Nienaber en Raper (1980:620–621) meen dat die naam *Naroogna* afgelei is van die Namawoorde //naru, ‘Korn oder Kaffee brennen’, (‘koring of koffie brand’), en *ga*, ‘vlei’. Die komponente van die naam *Naroogna* het ook Boesmanwoorde waarmee hulle klankmatig ooreenstem. Die lid *Naroo* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die Naron (C2) onwederkerige werkwoord *_karu*, ‘to burn’, (‘om te brand’) (Bleek 1929:25), ook geskryf as *!k”auro* en *!ka:ru* (Bleek 1956:82, 701), waar die verwisselbaarheid van *k* en *n* voorkom. Die komponent *gna* is vergelykbaar met die //N !ke (S2) woord */kâ:ɛ*, ‘vallei, vlei’ (Bleek 1956:295), waar die tilde in die woord */kâ:ɛ* met die nasale *n* in die woord *gna* gerealiseer is. Möller (2017:281) merk dat Nienaber en Raper (1980:620–621) die onsekerheid oor die oorsprong van die naam *Naroogna* uitwys as nog oop vir verbetering, en meen: “... it may be reanalysed again from another onymic root formative to find a confirmation of the

earlier explanation of it as a reference to a type of *koggelmander* ... It is proposed that the place name derived from Khoikhoi, but already as adapted from Bushman languages, e.g. from words for the agama such as *!khaεu* in /Xam (S1) and ... for lizard *taεrrugu*, *taεrru-gu*, (Bleek 1956:193, 242) [*t'urugukən*, ['akkedis, koggelmander' in /Xam (S1) (Raper 2021:130)] ... Claudius (1685:100) stated: '... #k-arou x n-arrou ... 'Dit schynt een slag can Chamelion te wezen ... door daar [die Namakwas] Narrou genaamt.'. This reptile was ... described by Branch (1998:288) as living '... in some of the hottest, most desolate regions', which describes the location of Naroogna in the Northern Cape, Namaqualand, as its natural, specific habitat.'; ("... dit kan weer herontleed word vanuit nog 'n ander pleknaamkundige stamformatief om 'n bevestiging te vind vir die vroeëre verklaring daarvan as 'n verwysing na 'n soort *koggelmander* ... Daar word voorgestel dat die pleknaam van Khoikhoi afgelei is, maar reeds soos van Boesmantale aangepas, bv. van woorde vir die agama, soos *!khaεu* in /Xam (S1) en vir *koggelmander taεrru-gu* (Bleek 1956:193) in /Xam (S1) ... Claudius (1685 in Waterhouse *et al* 1979:157) het verklaar: '... #k-arou x n-arrou ... 'Dit schynt een slag can Chamelion te wezen ... door daar [die Namakwas] Narrou genaamt.'; (Dit skyn 'n soort verkleurmannelietjie te wees, deur hulle [die Namakwas] Narrou genoem'. Hierdie reptiel is deur Branch (1998:288) beskryf as wonende in sommige van die warmste, mees verlate gebiede, wat die ligging van Naroogna in die Noord-Kaap, Namakwaland, as sy natuurlike, spesieëke habitat beskryf.").

Vuurdoed, Aeos, Aios

Hoewel daar blykbaar eenstemmigheid is dat *Vuurdoed* die vertaling van die inlandse naam *Aeos* of *Aios* is, word die naam op verskillende wyses uitgelê. Schultze (1907:169) verklaar: “/Ae-//os, *Vuurdoed*. *Regenwasserstelle südlich von Ramansdrift*. ‘Wo das Feuer (/aes) erlosch (//o = ‘vergehen’)’.”; (“/Ae-//os, ‘Vuurdoed’. Reënwaterplek suid van Ramansdrift. ‘Waar die vuur (/aes) doodgaan (//o = ‘vergaan, doodgaan’)’.”. Laidler (1927:149) skryf die naam *D/aie L/oas*, [lees /Aie-//oas], en verklaar dit as “Dead Fire. The Bushmen lived on the top of this long black mountain. The Namas found them and the little men at once put out their

fires. All these names in the Richtersveld refer to fights, some of which may go back to the time of the original migration south.”; (“Dooie vuur. Die Boesmans het bo-op hierdie lang swart berg gewoon. Die Namas het hulle gevind en die klein mannetjies het dadelik hulle vure geblus. Al hierdie name in die Richtersveld verwys na veldslae, sommige waarvan mag terugdateer tot die tyd van die oorspronklike migrasie suidwaarts.”). ’n Ander verklaring word deur Mossop (1935:3 VRV 15) voorgestel: “... and the winds beside the mysterious Vuurdoed, a pyramidical peak on which there rests, owing to some peculiar composition of this rock, an eternal shadow though the skies be ever cloudless.”; (“... en die winde langs die geheimsinnige Vuurdoed, ’n piramied-vormige spits waarop daar, as gevolg van een of ander besondere samestelling van die rots, ’n ewigdurende skadu rus, al is die hemel altyd sonder wolke”). Van die verklarings meen Nienaber en Raper (1977:170): “By Laidler kom ’n moontlike rede vir die benaming voor. Oor die afleiding is die nodige deur Schultze gesê.” Rust (1960:21, 61) gee die betrokke Nama woorde /ais; /aib, ‘Feuer’, (‘vuur’), en //ob, ‘Tod’, (‘dood’) aan. Die lid Ai- of Ae- is ook vergelykbaar met die Naron (C2) woord /ai en die Seroa (S2d) woord /ei, ‘fire’, (‘vuur’), waar die uitruilbaarheid van ai en ei te bespeur is; en die komponent -os is vergelykbaar met die Hie (C1) woord oo, ‘death, to die’, (‘die dood, om te sterwe’) (Bleek 1956:268, 272, 154), plus die vroulike enkelvoud s.

Hexrivier, Cobeeb

Cobeeb is die ou naam vir die *Hexrivier*: Gordon het die naam in 1791 opgeteken (Ms. 3 1779:115), “‘cobeeb hexe rivier.” Hoewel daar etlike teorieë oor die oorsprong van die naam is (Raper 1972:34) word dit meesal in verband gebring met ’n towenaar of medisyneman of -vrou. Nienaber en Raper (1977:289-290) wys uit dat die Namawoord !*gei* vir ‘towenaar, townares’, ensovoorts, nie goed versoenbaar met die lid Co- van Gordon se *Cobeeb* is nie; “Ons moet liever dink aan Gordon se ’aw kai owb ... vir ‘een geprepareerde gift suiger man’, (’n voorbereide gif-suigende man’), ook ‘giftsuiger of toenaar’, (‘giftsuiger of towenaar’). Die ’aw kai owb, letterlik ‘slang-gif-man’ (Nama /ao-!ga-aob) kon, so lyk dit vir ons, in sy dele kai-ow saamgetrek het

tot *co-*.” As na Boesmanwoorde gekyk word wat as gonslag tot die naam gedien het, is die komponent *Co-* vergelykbaar met die Auen (N1) woord *!kau:*, ‘medicine’, (‘medisyne, geneesmiddel’) (Bleek 1929:57); die Mohissa (C1b) woord *gjo*, ‘doctor, sorcerer’, (‘dokter, towenaar’) (Bleek 1956:47), die !O !kun (N3) woord *tʃo*, ‘medicine’, (‘medisyne, geneesmiddel’) (Bleek 1929:57); en die Naron (C2) woord *tʃo*, ‘to bewitch’, (‘om te betower’), met sy sinoniem *tʃo-k’au* (Bleek 1956:232). Hierdie woord kom ook voor in samestellings soos die Naron (C2) en Kung (N2) woord *tʃo-kau*, *tʃo-k’au*, en die Auen (N1) en !O !kun (N3) woord *tʃo: k’au*, ‘medicine man’, (‘medisyneman, dokter, geneesheer, towenaar’) (Bleek 1929:57; 1956:232). Die lid *-bee* van die woord *Cobeep* is moontlik soos die /Auni (S4) woord *be*, *bε*, ‘man, male’, (‘man, manlike’) (Bleek 1956:15), en die slot *-b* die fluviale aanduiding wat meermale by riviernaam voorkom, bv. Auob, Nossob, Gamob, ensovoorts. Gordon (ms. 2 1779:28) gee in sy lys woorde uit die “Namaqua hottentot taal” onder andere “*man tovenaar ... guy ‘kauw’*” en “*vrouw tovenaar ... guy kaws*”. Die woord *guy* is vergelykbaar met die Namawoord *!gei*, ‘toormiddel, medisyne’ (Kr.-R 1969:107), en met die woord /*Ui* wat voorkom in die verklaring wat Krenz (1974 in Nienaber & Raper 1977:294) gee as “/Uixa-//gam = ‘betowerde water’.” vir die naam *Cuighakamma*, ‘Toorwater’, soos hierna bespreek. Die woorde *kauw* en *kauws* van Gordon stem ooreen met die woord *k’au*, ‘man, manlike’, wat voorkom in Naron (C2), Auen (N1), Kung (N2), !O !kun, en Hadza (C3), en met die Naron (C2) woord /*k’au*, ‘man’. ’n Heks kan natuurlik ’n man of ’n vrou wees, en die slot-*s* by die woord *kauws* is die vroulike enkelvoudsuitgang.

Toorwater, Cuighakamma

Soms is dit ’n gebeurtenis wat tot ’n pleknaam aanleiding gegee het. Gordon (Ms. 1 1778:43) vertel: “... *ten noorden van ons was een lange cloof door het zwarte gebergte waar door een groote tak in de oliphants loopt synde het tover water geheten, in hottentots ‘cuigha ‘camma genaamt omdat hier toen de hottentotten dit land besaten er een moet verdrongen syn in een draaykolk door een waterval veroorsaakt.*”; (“... *ten noorde van ons was ’n lang kloof deur die Swartberge waardeur ’n groot tak in die Olifantsrivier loop, wat*

3. Khoi-khoi

Toorwater genoem is, in Hottentots 'cuigha 'camma omdat hier, toe die Hottentotte die land beset het, daar een moes verdrink het in 'n draaikolk wat deur 'n waterval veroorsaak is.”). In 1790 het die geselskap van Jacob van Reenen by Toverwater Poort aangekom waar die Olifantsrivier deur die Swartberge sny (Forbes 1965:149), en die sylyn Toorwater is net suid van die poort geleë, albei Nederlandse en Afrikaanse name synde vertalings van die inheemse naam. Nienaber en Raper (1977:294) verduidelik dat die tweede lid van die naam, 'camma, soos Nama //gami = 'water, loop, rivier' is; die eerste komponent, 'cuigha, verklaar Krenz (1974 in Nienaber & Raper 1977:294) as “/Uixa-//gam = 'betowerde water'”. Die lid Cui is baie soos Gordon (ms. 2 1779:28) se *guy* in die optekeninge “*man tovenaar ... guy 'kauw*” en “*vrouw tovenaar ... guy kaws*”. Die komponent 'cuigha is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde !gi:xa, 'magic, to do magic', ('towerkuns, towerkuns beoefen') (Bleek 1929:56); !gi:xa, 'towerkuns, toordery, towerkrag', en -!geixa, !ge:xa, 'towaenaar' (Raper 2021:145). Die lid 'camma is soos die Ou-Kaapse ekwivalente *kamma* en *camma*, 'water', 'aqua vel fluvius' (Witsen 1691:217, 219; Hartogh 1707 in Nienaber 1963:522).

Towerberg, Terewa

Enkele kilometer noordwes van die dorp Colesberg is die heuwel tans bekend as Cole's Kop (Walton 1984:121). Skead (1973:226) gee vir Cole's Kop onder andere die alternatiewe name *Toorberg* en *Toverberg* aan. Hierdie heuwel is die mees opvallende natuurlike entiteit in die omgewing. Die dorp Colesberg, wat in 1830 gestig is, was inderdaad eers bekend as *Toverberg*, en eers later herdoop ter ere van sir Galbraith Lowry Cole (1772-1842), Kaapse goewerneur van 1828 tot 1833 (Raper *et al* 2020:129). Op die grens tussen Colesberg en Hanover is 'n plaas langs die Seekoeirivier met die naam Terewa, volgens *Colesberg-Plaaskronieke*, bladsy 170, soos meegedeel in 'n e-pos van prof. Wannie Carstens van Noordwes-Universiteit gedateer 29 November 2021. Volgens hierdie bron wat deur mnr. Simon du Plooy voorsien is, is die naam *Terewa* van Maori-afkoms en beteken dit 'langs die rivier'. Dit is moontlik, want daar was Nieu-Seelanders en Australiërs naby die Towerberg gedurende die Anglo-Boere-oorlog gestasioneer. 'n Soektog op

Google na die naam Terewa, Nieu-Seeland, lewer egter die naam Tarawa op vir 'n kop ('atoll') en vir die hoofstad van the Republiek van Kiribati, met die verklaring 'the passage (of the Lagoon)' (<https://en.m.wikipedia.org>). "In the popular etymology based on Kiribati mythology, Nareau, the God-spider, distinguished Karawa, the sky, from Marawa, the Sea, from Tarawa, the land"; ("In die volksetimologie wat op Kiribati-mitologie berus, het Nareau, die God-spinnekop, Karawa, die Hemel, van Marawa, die See, van Tarawa, die Land, onderskei" (www.https://en.m.wikipedia.org/wiki). Dit wil voorkom asof die plaas *Terewa* sy naam kon geneem het van die prominente kop by Colesberg, en dat die naam *Terewa* 'n aanpassing van 'n inlandse naam is waarvan *Toverberg* of *Towerberg* die vertaling is. Die komponent *Tere-* is oënskynlik 'n aanpassing van die /Xam (S1) woord *ts'erre*, 'to bewitch', ('om te betower'), en die lid *-wa* is soos die /Auni (S4) woord //wa, 'hill', ('heuvel, kop') (Bleek 1956:215, 629).

Moordkuilrivier, Conna

Conna is die naam wat in 1752 opgeteken is vir die huidige *Moordkuilrivier*, 'n sytak van die Klein-Brakrivier. Beutler (1752 in Molsbergen III 1933:335) stel dit so: "*Den 10 dito ... sijn op deese marsch de Kleyne Brakkerivier, nevens nog een ander die daar instroomt Conna genaamt gepasseert.*"; ("Die 10e ditto .. het ons op hierdie reis die Klein-Brakrivier, benewens nog 'n ander een wat daar instroom, met die naam *Conna*, verbygegaan."). Dit word soos Forbes (1965:22) gelokaliseer: "On the 10th they crossed the Klein Brak and their Conna, east bank tributary of the former as their map shows, and hence probably now the Moordkuil."; ("Op die 10e het hulle die Klein-Brak en hulle *Conna*, oos-oewer sytak van eersgenoemde soos hulle kaart aantoon, en derhalwe waarskynlik nou die Moordkuil, oorgegaan."). Nienaber en Raper (1977:291) merk op dat daar in Ou-Kaaps geen woord vir 'moord' opgeteken is nie, maar "In Nama is /gâ!gon 'om te verwurg, dood te slaan', en die s.nw. 'ook sluipmoord' (Rust 1969:74), en !gon is ongeveer (oordragtelik) 'in die stof byt', (letterlik) 'in die stof neergooi', (vgl. Kr.-R. 127). Hierdie !gon lyk na die *Con-* van die riviernaam. Oor die *-na* is ons ook maar onseker, miskien soos Nama !na = 'in (die stof?)'." Die Afrikaanse naam *Moordkuil* is tog

3. Khoi-khoi

waarskynlik 'n vertaling van *Conna*. Die lid *Con-* stem ooreen met die !O !kuŋ (N3) woord !kō, 'murder', ('moord'), waar die tilde in die !O !kuŋ-woord !kō as *n* in die lid *Con-* gerealiseer is, en dalk die Hie (C1) woord /goo, 'kill, murder', ('doodmaak, vermoor') (Bleek 1929:50; 1956:281), en die lid *-na* is soos die //Xegwi (S3) woorde //na, ook //a, 'waterhole, pool', ('watergat, kuil') (Bleek 1929:90; 1956:744). !kō/na word aangepas as *Conna* en as *Moordkuil* vertaal.

Keerom, Koboos

Laidler (1927:149) doen verslag oor "C/koboos, a very dry place. The word means turn around. It is equivalent to the Keeroms, or 'Turn arounds', of the Dutch that mark the points reached by the early explorers, where a drought or desert prevented further advance."; ("C/koboos, 'n baie droë plek. Die woord beteken omdraai. Dit is dieselfde as die Keeroms, of 'Omdraai-plekke' van die Hollanders wat die plekke wat die vroeë ontdekkingsreisigers bereik het, waar 'n droogte of woestyn verdere vordering verhinder het."). Hierop verduidelik Nienaber en Raper (1977:728) dat *C/kooboos* te lees is as !*Kooboos*, dat dit die ou naam was van die plaas Keerom nr. Clw. Q. 7-20, en dat die inlandse naam soos Nama !*kuwu* of !*kuwu-ei* is, 'umdrehen, umkehren, wiederkehren', ('omdraai, omkeer, terugkeer') (Rust 1969:258). Daar kan bygevoeg word dat ook die Naron (C2) woord /*kwobbo*, 'to turn around', ('om om te draai') (Bleek 1956:335), semanties en fonologies ooreenstem met die naam *Koboos*, hier egter met die dentale suigklank /.

Keerom, Kaaimansrivier

Die *Kaaimansrivier* ontspring in die Outeniekwaberge noord van George en vloei suidwaarts om naby die Wildernis, sowat 15 km suidoos van George, in die Indiese Oseaan uit te mond. Die naam is volgens sommiges afgelei van die Nederlandse of Afrikaanse *kaaiman*, of likkewaan, 'n spesie van die monitor-akkedis, die *Varanus niloticus*. Daar word ook beweer dat die naam afkomstig is van die blou waterlelies, of kaaimansblon (*Nymphaea capensis*), wat langs die rivier groei. (Raper *et al* 2020:215, 229). In 1752 was die rivier bekend as die *Keeromsrivier*, so genoem omdat die diep vallei veroorsaak het dat waens nie verder kon reis nie en

maar moes omdraai (Raper *et al* 2014:229). In sy bespreking van die *Kaaimansrivier* bevestig Barker (2005:36): “Beutler called it the Keeromsrivier – the river of turnaround.”; (“Beutler het dit die Keeromsrivier genoem – die rivier van omdraai.”). Dit blyk dat die naam *Keerom* ’n vertaling van ’n vroeëre naam is waarvan *Kaaimans* ’n aanpassing is. Die lid *Kaai-* is vergelykbaar met die Naron (C2) werkwoorde *-//kai*, ‘to turn back’, (‘om om te draai’) (Bleek 1956:551), en *//kei*, ‘to turn’, (‘om te draai’) (Bleek 1929:87); ook met die Hie (C1) woorde *//gaihe* en *//gaiehe*, ‘to be bent’, (‘om gebuig te wees’), en *//gaitše*, ‘to bend’, (‘om te buig’) (Bleek 1956:697, 525; 1929:21). Die komponent *-mans* is soos die Hadza (C3) partikel *-ma* wat voltooide handeling aandui (Bleek 1956:132). Die wisseling van *k* en *g* wat in die woorde vir ‘omdraai, keerom’ te bespeur is, kom ook voor in die komponent *Gai-* van die naam *Gaidip* wat deur Sprigade en Moisel (Kriegskarte 1904) aangegee word vir ’n bron aan die noordoewer van die Oranjerivier. AE Potgieter (Vraelys in Nienaber & Raper 1977:343) verduidelik: “Gaidip, naaste dorp Warmbad SWA. Beteken ‘Elmboog’, die Oranjerivier maak ’n elmboogdraai.” Die lid *Gai-* van die naam *Gaidip* is fonologies en semanties soos die Hie (C1) woorde *//gaihe*, *//gaiehe*, ‘to be bent’, (‘om gebuig te wees’), en *//gaitše*, ‘to bend’, (‘om te buig’) (Bleek 1956:697, 525; 1929:21).

3.2.8 Meteorologie

Môreskadu, Koumoesknaap

Op die SA-reeks 1:50,000 vel 2918 CA Kaip is “*K’oumoesk’naap se Berg*” op die plaas “*Smorgenschaduwee*” aangegee, en op vel 2918 CB Kangnas van dieselfde reeks is “*Koumoesknaap*”, en ten ooste daarvan “*Moreskadu se Berg*”. Die eienaar van die plaas *’s Morgen Schaduwe*, mnr. JJ Kennedy, het in ’n onderhoud meegedeel: “*’s Morgen Schaduwe* is my plaas. Sy Hottentotnaam was *!Omus#kab*.” Nienaber en Raper (1980:565) sien ook die lid *moe-s* is moontlik “soos Nama *-mû-s* = ‘oog’, bv. vir die son, of dit moet geïdentifiseer word soos by mnr. Kennedy, as *!om* = ‘*ergrauen*’, (‘grys word’) (Kr.-R. 1969 NW 327), verbindbaar met die skaduwee-element. Die *#kab* van mnr. Kennedy en die *k’naap* van die kartograaf is wel te normaliseer as *#kâ-b* (ook as *#gâ-b*)

= ‘krans, hang, vlakke, vallei’. Hoe ook al ‘Moreskaduwee’ vertaal die ou naam ...”. Die generiese term ‘berg’ verskyn nie in die vertaalde name in Nederlands en Afrikaans nie, en dis waarskynlik dat dit ook nie in die inlandse naam figureer nie. Die Hollandse naam en sy Afrikaanse eweknie is lid vir lid ’n vertaling van die inlandse naam. Die lid *Kou-* van *Koumoesknaap* sluit direk aan by Nama //goas, ‘Morgen’, //goa, ‘Morgen werden, tagen’, (‘môre word, dag word’) (Rust 1960:43), ook by /Xam (S1) woord //gau, ‘dag, dagbreek, sonsopkoms’ (Raper 2021:17); die komponent *-moe-s* is soos die Ukuambi dialektiese (N2b) woord *mu*, ‘eye’, (‘oog’), en die Naron (C2) woord *mu*, ‘to see, look’, (‘om te sien, te kyk’) (Bleek 1956:139), //gau-*mu-* dan denkbaar ‘die dag se oog’, m.a.w. ‘dagbreek, sonsopkoms, môre’. Die lid *k’naa-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!kana*, ‘skadu, skaduwee’ (Raper 2021:77), waar die intervokaliëse *n* die nasalering van *k’n* aandui, en die slot *-p* van *k’naap* is die ml. ekv.-genusuitgang vir die (lang) skaduwee wat die berg smôrens werp.

Windberg, Duiwelspiek

Duiwelspiek, so genoem na die hewige winde wat van die kruin af waai, in Engels bekend as *Devil’s Peak*, het vroeër die Nederlandse naam *Duyvels Bergh* gehad, ook *Duivels Berg*, later *Duivels Kop*, en die Duitse *Teufelsberg* (Raper 2004:70). Dit het ook voorheen die naam *Duivenberg* gedra, en die Engelse eweknie *Dove’s Mountain*. Die oudste opgetekende name vir die piek is egter *De Wind* en *Windberg* (Skead 1973:45), so genoem na die hewige winde wat teen die hange af waai. Taalkundige ontleding toon dat hierdie twee name vertalings van ’n Boesmannaam is waarvan *Duiven* en *Duiwel* volksetimologiese aanpassings is. Die //Xegwi (S3) woord vir ‘wind’ is *ɬuivi*, *ɬuwi*, ‘wind’ (Bleek 1956:771, 183). Die simbool *ɬ* word hier gebruik as die geflapte retroflekse klinker wat onder sekere omstandighede soos ‘d’ uitgespreek word; die stembande vibreer terwyl hierdie klank uitgespreek word en dit is dus stemhebbend (Doke 1936:141 in Bleek 1956:159, 771), sodat *ɬuivi* as *duiwi* gehoor is en as ‘duiwel’ of ‘duiwe’ vertolk is, en in ander tale vertaal is.

3.2.9 Kentekenbenaming

Sommige name is bloot die verwysing na die soort benoemde entiteit, m.a.w. die soortnaam word as plekbenoemer gebruik, en neem mettertyd die funksie daarvan aan, bv. *De Aar*, *Die Oog*, en so meer. Wanneer na natuurlike entiteite verwys word, sou mens in sommige gevalle na die betrokke entiteit verwys, of na 'n opvallende kenmerk van die entiteit. bv. 'daardie heuwel daar', of 'die grot'. In die volgende gevalle was die verwysing na die kentekensoort blykbaar tot die status van eienaam verhef. Anders gestel, soortnaam het eienaamstatus bereik.

Aar, Kurub

Vir 'n rivierbedding ten ooste van Kubub verstrek Schultze (1907:166) die naam “*#kxurub, Aar, 'die Ader', ein Rivierbett östlich von Kubub.*”; (“*#kxurub, 'die Aar', 'n rivierbedding oostelik van Kubub.*”). Nienaber en Raper (1977:807-8) beaam dat *#kxurub* ook die Namawoord vir 'n wateraar is, in Duits '*Wasserader*', ('wateraar') (Rust 1960:72), en dat die huidige naam *Aar* 'n vertaling is van die ou inlandse naam *Kurub* vir plaas nr. 16, distrik Lüderitz, ook die naam van die droë lopies wat in 'n suidoostelike rigting na Aukama koers kry. Die Namawoord *#kxurub* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *#xuru*, 'veins', ('are'). (Bleek 1956:681), waar die affrikate neweklank *x* met die stemlose velêre neweklank *k* afwissel.

Die Oog, Littakoo, Lithako, Lithakun, Takoon, Lattakoo, Dithakong

Die Oog, ook opgeteken as *Kuruman se Oog*, 'n standhoudende waterbron wat uit die barre dolomietgesteente aan die voet van die Kuruman-heuwels ontspring, is die mees prominente landmerk in die gebied. Omstreeks 1802 het Kuruman as *Lattakoo* bekend gestaan, (Forbes in SESA 6 1972:488, 554). Hierdie naam, wat ook as *Lithako*, *Lithakun* en *Takoon* opgeteken is, is die Tlhaping aanpassing van die inlandse naam wat 'Die Oog' beteken. Die komponent *Li-* is die Tswana klasprefiks, die stam *-takoo*, *-thako*, *-thaku*, *-Takoo*, is soos die /Xam (S1) woord *tsaxu*, *tsaxu*, 'eye', ('oog') (Bleek 1956:213), in hierdie geval 'n antropomorfiese siening van die fontein of bronoo, wat ook weerspieël word in die

3. Khoi-khoi

/Xamwoord *!khwa tsaxau*, ‘fontein’, letterlik ‘wateroog’ (Raper 2021:34).

Kookfontein, Gutas, Goudas, Gungdas

Gutas is opgeteken as die inlandse naam vir Kookfontein, die huidige Steinkopf. So het Schultz (1907:168) die naam verklaar: “/Gutas, Steinkopf, Kookfontein, wo das Wasser wie beim Kochen (/gû) sprudelnd quillt.”; (“/Gutas, Steinkopf, Kookfontein, waar die water soos by die kook (/gû) borrelend opkook.”). Die nasaliteit wat deur Schultz met die kappie op die *û* geskryf word, word deur Knudsen (1845:16) pertinent met die nasale tweeklank *ng* weergee: “/Gungdas – Kookfontein.” Kroenlein-Rust (1969:139–140) gee: “/Gûdas: Steinkopf, früher Kookfontein (Warmbrunn).”; (“/Gûdas: Steinkopf, vroeër Kookfontein (Warmbron).”). Nienaber en Raper (1977:489) wys uit dat die eerste lid, soos Nama /gû, ‘sieden, kochen’ beteken, en verder: “Die *-das* of *-tas* is by die woord vir ‘fontein’ te dink met lokatiewe uitgang *-s*, in Nama /au.” Met die normale wisseling van die velêre *g* en *k* is die lid /Gu ook in verband te bring met die /Xam (S1) woord /kû ~kû:, ‘kook’ (Raper 2021:44); die komponent *-da-s* of *-ta-s* is nader aan die Auen (N1) woord *#ha*, ‘spring, fountain’, (‘bron, fontein’) (Bleek 1956:650) as aan die Namawoord /au; die alveolêre klapklank *#* is in die onderhawige woorde met die alveolêre of dentale medeklinkers *d* en *t* weergegee. Die slot *-s* is wel die Khoi-khoi vroulike enkelvoud.

Springklip, Kubukams, Qubuukams

Laidler (1927:148) gee die naam “C/qubuu P/kams, olive Waters. A spring at the top of Springklip. Probably once surrounded by trees.”; (“C/qubuu P/kams, olyf-waters. ’n Fontein bo-op Springklip. Waarskynlik eens deur bome omring.”). Die inlandse naam word deur Nienaber en Raper (1977:793) getranskribeer as *!Qubuu-#kams*, waarby die komponent *#kams* gelykgestel word aan die Namawoord //gam-s, ‘water’. Vir die eerste komponent *!Qubuu*, wat volgens Laidler se verklaring ‘olyf’ moet beteken, vind hulle geen korrelerende taalkundige bande nie, en voeg by: “Sonder Laidler se aanwysings sou ons dit wou vertaal het met ‘Rondefontein’ byvoorbeeld, juis omdat hy die naam gehoor het

met 'n serebrale suigkonsonant.” In baie gevalle waar 'n inlandse naam in verband gebring word met 'n Afrikaanse (of ander) naam, blyk dit dat die ou naam vertaal is. Moontlik is dit ook hier die geval. Hoewel Laidler die betekenis van die inlandse naam aangee as “olive Waters”, noem hy dat die fontein bo-op *Springklip* is, wat die moontlikheid bied dat hierdie naam die vertaling van die inlandse naam is. Die lid *!Qubuu* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *!kabbu*, *!kaɛbbu*, ‘spring, uitspring’ (Raper 2021:84), verwant aan die Auen (N1) woord *-ku:* en die Kung (N2) woord *khu:*, ‘to jump’, (‘om te spring’) en die Kung (N2) en Naron (C2) woorde *!kū*, *-!ku*, ‘to run, jump, go, come’, (‘om te hardloop, spring, gaan, kom’) (Bleek 1956:103, 90, 446). In hierdie woorde vir ‘spring’ is die wisseling van *a* en *u* sigbaar, wat die spelling van Laidler verhelder. Die lid *#kams* van die naam is vergelykbaar met die Nama woord *//khami*, ‘*der Felsförsprung*’, (‘rotslys, rotsrif’) (Kroenlein 1889:195), en met die Nogau (N1a) en //N *!ke* (S2) woord *//khami*, ‘mountain’, (‘berg’) (Bleek 1956:573). In talle gevalle word dieselfde woord vir ‘berg’ sowel as ‘klip’ gebruik, byvoorbeeld die Koranna woord */uib* wat deur Engelbrecht vertaal word as ‘n rots, ’n berg’, die Namawoord wat met verskillende genus-uitgange vertaal word as */ui-s* ‘*der Stein, der Felsen*’, (‘klip, rots’) en */ui-b*, ‘*der Berg*’, (‘berg’) (Nienaber 1963:340); ook die woord *#gnoa*, ‘mountain, stone, rock’, (‘berg, klip, rots’), wat in Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b) voorkom (Raper 2020:236, 426). Dit blyk dan dat *Springklip* lid vir lid die ou naam *Kubukams* of *Qubuukams* vertaal.

Stuiweoog, Tcaiamoes

Tcaiamoes is die naam van 'n eiland in die Oranjerivier, geleë net noord van De Hoop en ten suide van die punt waar die Groot-Visrivier in die Oranjerivier invloei. Die landkaart van Opmeting (s.j. vel Alexander Bay) gee “*Tcaiamoes CP 2817 Island*”, en die naam verskyn as *Gaimus* op die Topografiese kaart 1974 vel 2816 Alexander Bay, en daarby verskyn ook die Afrikaanse naam *Stuiweoog*. Nienaber en Raper (1977:1021) meen dat *Gaimus* 'n modernisering van die spelling is, dat die aanvangs-*T* van *Tcaiamoes* 'n klapklank verteenwoordig, en dat die komponente *-moes* en *-mus* duidelik soos Nama *mûs*, ‘*Auge*’, (‘oog’) (Rust

1960:6) is, ook die oog van 'n fontein. Indien *Stuiwe* die werkwoord is soos 'opwel, opswel, opstuiwe', is die komponent *gai* soos die /Auni (S4) woorde *ˀkai, xāi*, 'to be swollen', ('om opgeswel te wees'), waar die verwisselbaarheid van *g, k* en *x* te bespeur is, en kan die komponent *-tcaia* in verband gebring word met die Hie (C1) woord *haie, haio*, 'swell, swelling', ('swel, swelsel') (Bleek 1956:76, 56), en is *Stuiweoog* letterlik die vertaling van *Gaimus, Tcaiamoes*.

Warmbad, Abees

Die dorp Warmbad in Namibië was vroeër bekend as *Abees*, soos opgeteken deur Gordon (Ms 4 1780:18): "... 't bad hiet abees, hiet baden."; ("... die bad heet abees, heet bad.". Nienaber en Raper (1977:161) verbind die komponent A- met die Namawoord //a, 'waschen', ('om te was') (Rust 1960:71), en *-bes, -bis*, "om te sê dat dit 'n plek is, letterlik 'Badplaas, Wasplek'." Hulle voeg by: "Die naam kan ook begryp word as //Ābēs, met ā = 'was', en -bē- = 'af, weg', met lokatiewe -s vir bronnaam, dus 'Afwasplek', 'Wegwasplek', teenoor //Ābees = 'Badplaas'.". 'n Ander naam vir dieselfde dorp Warmbad is *Eibees*, waarvan Gordon (ms. 2 1779:83) opgeteken het: "Owbeep ... legt digt by het warme bad, dat sy eibees hieten, en de leeuwe rivier."; ("Oubeep ... lê naby die warmbad, wat hulle eibees noem, en die Leeurivier."). Nienaber en Raper (1977:328) verduidelik: "Hier is sprake van die inboorlingnaam vir die Warmbad 2818 [28°S, 18°O.], 'n rukkie ook Nesbitt's Bath genoem, of gewoonweg net die Bad, en daarmee het ons drie Namaname, die bekendste is *Aigams* of *Eik(h)ams* (ook vir Windhoek), 'n ander is *Nabis*, die derde *Abees* ... Hierdie *Eibees* is waarskynlik te begryp as /Aibis, d.w.s. /ai- [/ae-] = 'vuur', en die lokatief *-bi*, met *-s* vir die bronnaam, dus 'Vuur(warm)bron'. Die *Eibees* is in elk geval nie 'n wisseluitspraak vir *Abees* nie." Wat die alternatiewe naam *Nabis* betref, verwys Nienaber en Raper (1977:834) na die landkaart van Alexander (1836) waar ingeteken staan: "Nabis or Nesbitt's Bath.", en verklaar die naam *Nabis* as synde afgelei van die Nama *ʒnâ*, 'uitgiet' en 'uitskink' ('uit die ketel giet,') "*Nabis* dus 'Uitgietplek' of 'Inskinkplek', 'Bewateringsplek'." By die bespreking van die name *Eibees* vir Warmbad, en ook

Aigams, *Eikhams* vir Windhoek, word die aanvangskomponent telkens in verband gebring met die Namawoord /*ais*, ‘Feuer’; /*aib* ‘*grosses F.*’; (/ais, ‘vuur’; /aib, ‘groot vuur’) (Rust 1960:31). So skryf Kroenlein (1870 in Quellen 13 1929:597): “... erreichten wir Windhoek, oder richtiger /Ai-//gams (Feuerwasser) ... Wasser war genug ... vorhanden, fast siedend heisses Wasser. Daher der Name ...”; (“... bereik ons Windhoek, of meer korrek /Ai-//gams, (Vuurwater) ... water was genoeg voorhande, amper-kokende warm water, vandaar die naam ...”). Dove (*Mittheilungen* 1900:60) deel ook mee: “/Ai-//gams – Hottentottischer Name für Windhoek, /aib, /ais = ‘Feuer’; //gami = ‘Wasser.’”; (“Ai-//gams – Hottentotse naam vir Windhoek, /aib, /ais = ‘vuur’, //gami = ‘water.’”). Ook woorde uit Boesmantale stem ooreen met die lid *Ai* en *Ei* vir ‘vuur’, soos die Naron (C2) woord /*ai* en die Seroa (S2d) woord /*ei*, ‘fire’, Nama /*ais* (Bleek 1956:268, 272). Vergelyking van Boesmanwoorde wat fonologies en semanties met die allonieme *Abees* en *Nabis* ooreenstem, toon ook dat wanvertolkinge in die verklarings van hierdie name kon plaasgevind het. Die komponent *Na-* van *Nabis* is vergelykbaar met die die !Gā !ne (S2e), Sesarwa (S5) en /Nu//en (S6) woorde /*ā*, /*a*., ‘fire, to burn’, en die Naron (C2) woord /*ā*, ‘fire’ (Bleek 1956:267, 268). ‘Feuerwasser’, ‘Vuurwater’, bly egter ’n *contradictio in terminis*, terwyl ‘Warm water’ logieser sou gewees het vir ’n naam wat ’n warm bron beskryf. Dit blyk dat die semantiese oorvleueling van die begrippe ‘warm’, ‘vuur’, ‘brand’ ensovoorts tot die onduidelikhede kon gelei het. So is dit moontlik dat die komponente *A-* by *Abees*, *Ai-* by *Aigams* en so meer ook verband hou met woorde soos die /Xam (S1) woord *hai:i*, ‘hot’, (‘warm’), en die //N lke (S2) en ≠Khomani (S2a) woorde *ḥaa:i*, *hā:i* en *hai:i*, ‘to be warm, hot’, (‘om loutwarm te wees, warm’) (Bleek 1956:56).

Warmbad, Disporecamma

In sy dagboekinskrywing vir 18 November 1707 skryf Hartogh (in Molsbergen II 1916:8): “... aan het warm water daar wij ons wasten, ’t geen door de Hottentots Disporecamma werd gent.”; (“... by die warm water waar ons gewas het, wat deur die Hottentotte *Disporecamma* genoem is”). Mossop (1927:81 fn.) meld: “the hot spring at Caledon is called Disporecamma”, (“die warmwaterbron

3. Khoi-khoi

by Caledon word *Disporecamma* genoem”), en Nienaber en Raper (1977:317) verduidelik dat *Warmbad* ’n vorige naam vir Caledon was. Die komponent *Di-* van die naam *Disporecamma* beteken ‘aan’, gelyk te stel met die Sesarwa (S5) voornaamwoord *ti*, ‘at’, Hollands *aan*, soos in Hartogh se “*aan het warm water*” hierbo. Die letter *-s-* in die komponent *spore* is onduidelik in die manuskrip, en is moontlik ’n poging om ’n klapklank aan te dui. Die komponent (*s?*)*pore* is vergelykbaar met die /Nu //en (S6) woord *ɔpwarre*, ‘fire’; ‘fire, firewood’, (‘vuur’, ‘vuur, vuurmaakhout’) (Bleek 1956:685, 717), waar die tweeklank *sp* ’n skryfpoging is om die lipklank met stemlose neweklank *ɔp* weer te gee; dus ‘warm’. Die komponent *-camma* is soos die Ou-Kaapse woord *kamma*, ‘rivier of water’, deur Witsen in 1691 opgeteken (Molsbergen I 1916:217). *Disporecamma* beteken dus lid vir lid ‘aan die warm water’, ‘by die warm water’).

Warmbad, Khóâgams, Khoagams

Vir die huidige *Warmbad* in Namibië het Knudsen (1845:16) opteken: “//*Khóâ-//gams*: Nesbitt’s Bath.” Nienaber en Raper (1977:703) stel die eerste lid gelyk met Nama //*khóá-*, “bv. by //*khóása* = ‘hitzig, heiss, fiebrig’, (‘hittig, warm, koorsig’) (Kr.-R. 1969 NW 243)”, en die tweede lid met Nama //*gam(s)*, ‘water’. Hulle verduidelik verder dat die eerste lid //*Khóá* gelees moet word met nasalering op die *-o-* en met aksent. In hierdie opsig is die komponent //*Khóá* ook te vergelyk met die //N !ke (S2) woord //*ko:na*; //*koɛnaɛ*, ‘hot’, (‘warm’) (Bleek 1929:48, 1956:725), waar die nasaliteit wat met ’n kappie in die woord //*Khóá* aangedui word, spesifiek in die woorde //*ko:na*: en //*koɛnaɛ* met die nasale *n* gerealiseer word.

Waterkloof, Candouw, Candauw, Gantouw

Candauw, ook as *Candouw* and *Gantouw* opgeteken, is ’n ou naam van *Waterkloof*, ’n bergpas omtrent 9 km oos van Worcester, tussen Hexrivier en Queek Valley, en vir die plaas Water Kloof Q. 22-1. Van Plettenberg (1778 in Nienaber & Raper 1977:270-271) skryf: “*Wy trocken kort daar aan langs een weg de Candauw genaamt; dewelke tusschen de Hexe rivier bergen doorlopende, door haare verscheidene draayen en steyltens vier uren lang ...*”; (“Ons

het kort daarna langs 'n pad getrek met die naam *Candauw*, wat tussen die Hexrivierberge deur loop, met sy verskeie draaie en steiltes vier uur lank ...”). Skead (1973:27) stel vas dat *Candauw* presies met die ligging van die huidige plaas Water Kloof nr. Wor Q 22-1 korreleer. Die naam *Waterkloof* is 'n vertaling van die naam *Candauw*. Nienaber en Raper (1977:271) skryf: “Ons meen dat *Waterkloof* die vertaling is van hierdie *Candauw* (vgl. o.a. CANGO, waar die *Can-* soos Ou-Kaaps *Kam-* = ‘water’ is). Die *dauw* is Ou-Kaaps vir ‘kloof’ ... Nama *dao-*.” Die lid *Ca(n)* is ook vergelykbaar met die //N !ke (S2) woord *!kha:*, die //Xegwi (S3) woord *//kha:*, die /Auni (S4) woord *//kha:*, die Sesarwa (S5) woord *~!kha:*, en die /Nu //en (S6) woord *!kha:*, ‘water’ (Bleek 1929: 90), en dalk met die Sesarwa (S5) woord *//k”anna*, ‘waterpits’, (‘watergate’) (Bleek 1956:603). Die lid *-douw*, *-dauw* of *-touw*, kom ooreen met die Ou-Kaapse woord *dau* ‘kloof’ (Schrijver 1689 in Mossop 1931:227), en die Nama woord *daos* ‘die *Pforte* (*Eingang in’s Gebirge*)’, (‘poort (ingang in die berg)’) (Kroenlein 1889:57), sowel as met die Sesarwa (S5) woord *dau*, *dau*ː ‘spoor, path, road’, (‘spoor, paadjie, pad’) (Bleek 1956:22), waarvan laasgenoemde ook ooreenstem met Van Plettenberg se melding van “*een weg de Candauw genaamt.*”

Waterkloof, Kwadouw

Die *Kwadouwsberg*, ten suide van De Doorns geleë, is blykbaar genoem na die stroompie wat daar ontspring en noordwaarts vloei, in Afrikaans bekend as die *Waterkloof* (Walton 1984: 81 3C; Raper *et al* 2014:258). Die Afrikaanse naam is kennelik 'n vertaling van die inlandse naam. Die komponent *Kwa-* is soos die /Xam (S1) woord *!kwa*, ‘water’ (Bleek 1956:457); die komponent *-douw* soos die Sesarwa (S5) woord *dau*, ‘spoor, path, road’, (‘spoor, paadjie, pad’) (Bleek 1956:22). Die slot *-s-* van die naam *Kwadouwsberg* is moontlik die Afrikaanse genitiefsaanduiding, of die toegevoegde Nama vroulike enkelvoud.

Draairivier, Gourits

Dit lyk asof die vroegste optekening van die naam van die Gouritsrivier dié was van Van der Schelling, wat in 1689 saam met 'n aantal strandelinge van Mosselbaai af in 'n westelike rigting

gestrompel en by die 'Cauwersrivier' uitgekom het, geïdentifiseer as die Gouritsrivier (Nienaber 1989:426). Van der Schelling (in Molsbergen III 1922:170) deel mee: "[Wij] raakten nog dienselven avond in een coral van de Cauwers Hottentots ..."; ("[Ons] beland nog dieselfde aand in 'n kraal van die Couwers Hottentotte ..."). Ook in 1689 rapporteer Schrijver (in Godée Molsbergen II 1916:102-3): "... 's namiddags kwamen wij over de Gauris rivier ... een kloov ..., die ons van een Gauris Hottentot aangewezen wierd."; (".. in die namiddag kom ons oor die Gourisrivier ... 'n kloof ... wat vir ons deur 'n Gouris Hottentot uitgewys word."). Die spelling van die riviernaam as *Gouritz* kom voor in Forbes (1965:78-9) wat meedeel: "Swellingrebel had recorded earlier [in 1776] that the Gamtoos and Gouritz rivers were named after Hottentot captains."; ("Swellingrebel het vroeër in 1776] opgeteken dat die Gamtoos en Gouritz riviere na Hottentot-kapteins vernoem is."). Wallmann (1858:50) is blykbaar die enigste wat die naam met 'n klapklank opgeteken het, naamlik die serebrale !: "*Von da ab* [van die //Gonakwas af] *gegen Westen lagerten die !Gouriqua, Sonqua, Attaqua, //Haissequa, Susequa und um das Kap her die Guncha.*"; ("Daarvandaan {van die //Gonakwas af} na die weste lê die !Gouriqua, Sonqua, Attaqua, //Haissequa, Susequa, en om die Kaap rond die Guncha."). Nienaber wys daarop: "dit is die besondere verdienstelikheid van hierdie bydrae dat Wallmann deurgaans die suigkonsonante noem (geskryf volgens Knudsen se stelsel), dat die maklik kontroleerbare optekeninge bewysbaar korrek is in hierdie opsig, sodat hy goeie segsliede moes geraadpleeg het wat oor goeie kennis beskik het, en dat sy opgawe met *!Gauriga* waarskynlik betroubaar sal wees. ... Maar watter betekenis dit toepasbaar insluit, dit weet ons nie; dit kry ons nie." Soos deur Nienaber (1989:426) opgeteken, was die vroegste optekeninge van die naam *Cauwers*, *Gauris* en *!Gauriga* vir die mense wat aan dié rivier gewoon het; die uitgang *-ers* ensovoorts is vir 'mense', en die lid *Cauw* en *Gau* is dan die naam van die rivier waaraan die mense hulle naam te danke het. Die metamorfose van *Cauwers* ens. na *Gourits* is verklaarbaar: die medeklinker *c* word in Nederlands as *k* uitgespreek, en *g* wissel af met *k*; *au* wissel af met *ou*, en met inagneming van die klapklank *!* wat die naam voorafgaan, kan *!Gau*, *Cauw* en *Gau* gesien word as vereenselwigbaar met *Gou-*. In vele gevalle is gevind dat waar 'n plek meer as een naam het,

een inlands en een van latere datum, die jonger naam dikwels die vertaling van die inheemse naam is, en dit blyk ook hier die geval te kan wees. Die naam Gouritz is deesdae net van toepassing op die benedeloop van die rivier, van sy monding sowat 129 km landinwaarts, en drie hoofare dra ander name, naamlik die *Groot-*, die *Gamka-* en die *Olifantsrivier* (Nienaber 1989:427). Twee van die name van bolope van die Gouritsrivier is dan moontlik vertalings, naamlik *Olifants-* en *Grootrivier*. Die lid *Gou*, *Gau*, *Cauw* ensovoorts, met die vokaal-opvolging *o – u* en *a – u*, is vergelykbaar met die Ou-Kaapse woord *caho*, ‘elephant’, (‘olifant’) (De Flacourt 1658:55), die //Kxau (S2b) woord /*hau*, en die Hadza (C3) woord *bek”au*, ‘elephant’, (‘olifant’) (Bleek 1956:287, 16), waar die vokaal-opvolging *a – o* ooreenstem met dié in die toponiem. Aan die ander kant kom die vokaal-opvolging *o – a* in woorde vir ‘olifant’ in veertien ander Boesman- en Khoi-khoi-tale voor. Indien die kanser geringer is dat ‘Olifantsrivier’ die vertaling is van *Cauw*, *Cau*, *Gou* ens., is die moontlikheid te ondersoek dat die inheemse naam as ‘Grootrivier’ vertaal is. Taalkundig is dit moontlik, die lid *Gou*, *Gau*, *Cauw* ens. is wel fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!kau*, *!kaɛu*, ‘big’, (‘groot’) (Bleek 1956:412); die serebrale klapklank soos deur Wallmann opgeteken is, korreleer hiermee, sowel as die vokaal-sekwensie *a – u*, en die wisselbaarheid van *g* en *k*. Wat die naam van die derde hoofaar betref, het Gordon (1777 in Raper & Boucher 1 1988:61) opgeteken: “From where we crossed it from the Rodeberg to the large mountain range, this Gourits River is called ‘Cunny’camma or the ‘twisting river’ in Hottentot.”; (“Van waar ons dit oorgesteek het van die Rodeberg tot die groot bergreeks, word hierdie Gouritsrivier die ‘Cunny’camma of die Draairivier in Hottentots genoem.”). Hiervolgens is *Gourits* en ‘*Cunny’camma* twee name vir dieselfde rivier, en indien albei hierdie name dieselfde betekenis het, is ‘twisting river’ of ‘Draairivier’ ook die vertaling van *Gourits*. Die lid *Gou* en variante *Cauw*, *Cau*, *Gau*, *!Gau* is soos die /Xam (S1) woord *!gou*, ‘to twist’, (‘om te draai’) (Bleek 1956:387). Die serebrale klapklank *!* korreleer ook met die opgawe *!Gouriqua* van Wallmann, soos hierbo aangedui. Die oudste optekening van die naam van die rivier is deur Schrijver in 1689 opgeteken as *Gouris*: “... ’s namiddags kwamen wij over de Gauris rivier...”; (“... in die middag het ons oor die Gaurisrivier

gekom ...”) (Godée Molsbergen II 1916:102-3); die tweede lid van die naam dus as *-ris*. Wat hierdie komponent betref, word uitgewys dat *r* slegs as anlaut by tweede lettergrepe voorkom, soos hier, en dat dit op verskillende maniere uitgespreek word. In haar verduideliking van die letters *r* en variante *ɾ* en *ɽ* haal Bleek (1956:159) vir Doke (:141) aan. Doke noem *ɽ* die 'flapped retroflex consonant'. “[It] is one of the most difficult sounds ... to acquire. Under certain circumstances it ‘sounds like’ *d*, under others like *r* or *l*.”; (“Doke noem *ɽ* ‘die geflapte retrofleksiewe medeklinker. [Dit] is een van die moeilikste klanke ... om aan te leer. Onder sekere omstandighede ‘klink dit soos’ *d*, onder ander soos *r* of *l*.”). Dit is denkbaar dat die letter *r* in die lid *-ri* geskryf kon gewees het om ’n tongslag weer te gee, en dat *-ri* vergelykbaar is met die /Xam (S1) woord *ˈri*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:292), wat soms ook vir ‘rivier’ gebruik word, ook met die /Xam (S1) en /Auni (S4) woord *ʔei*, ‘rivier’, en die //N !ke (S2) woorde /kʰi en /kʰeĩ, ‘river, riverbed’, (‘rivier, rivierbedding’) (Bleek 1956:643, 339, 749).

4. Zoeloe

4.1 Aspekte van die Zoeloetaal

4.1.1 Klasmerkers

In Zoeloe, soos in ander tale, is plekname selfstandige naamwoorde. Elke selfstandige naamwoord in Zoeloe bestaan uit 'n stam en 'n voorvoegsel. Koopman (2002:267) verduidelik: “In every noun it is the stem which carries the ‘real’ meaning of the noun (the lexical meaning), while the prefix tells one whether the noun is a singular or a plural, or whether the noun is an abstract noun. The prefix has another function in Zulu. It also tells one which set of concordial agreements should be used so that the noun agrees with the adjectives, pronouns, verbs and other parts of speech in a sentence.”; (“In elke selfstandige naamwoord is dit die stam wat die ‘regte’ betekenis van die selfstandige naamwoord dra (die leksikale of woordeboek-betekenis), terwyl die voorvoegsel mens vertel of die selfstandige naamwoord die enkelvoud of meervoud is, en of die selfstandige naamwoord 'n abstrakte selfstandige naamwoord is. Die voorvoegsel het nóg 'n funksie in Zoeloe. Dit vertel mens ook watter stel konkordiale ooreenkomstes gebruik behoort te word sodat die selfstandige naamwoord met die byvoeglike naamwoorde, voornaamwoorde, werkwoorde en ander rededele in 'n sin ooreenstem.”). Die voorvoegsels (prefikse, klasmerkers) is volgens Meinhof se stelsel die volgende (Koopman 2002:268; Doke & Vilakazi 2005:xviii):

<i>Enkelvoud</i>		<i>Meervoud</i>	
klas 1:	um-, umu-	klas 2:	aba-
klas 1a:	u-	klas 2a:	o-
klas 3:	umu-, um-	klas 4:	imi-
klas 5:	i(li)-	klas 6:	ama-
klas 7:	isi-, is-	klas 8:	izi-
klas 9:	im-, in-, ens.	klas 10;	izim-, izin-, ens.

Enkelvoud		Meervoud	
klas 11:	u(lu)-	klas 14:	ubu-
klas 15:	uku-	klas 16:	pha-
klas 17:	uku-		

Volgens die Zoeloe grammatikale stelsel (Doke & Vilakazi 2005:xviii) is die klasprefikse die volgende:

Klas	Enkelvoud	Meervoud
1.	umu-	aḅa-
1a	u-	o-
2	umu-	imi-
3.	i(li)-	ama-
4.	isi-	izi-
5.	im-, in-	izim-, izin-
6.	ul(u)-	izim-, izin-
7.		uḅu-
8.		uku-

4.1.2 Lokatiewe affikse

Soos in die geval van ander selfstandige naamwoorde in Zoeloe, het plekname ook lokatiewe infleksie, gewoonlik die voorvoegsel *e-* en die agtervoegsels *-ini*, *-eni*, *-wini*, *-weni*, byvoorbeeld *eThekwini*, *eMpangeni*, *eMhlabatini*, *eMangweni*, ensovoorts. Sommige plekname neem die prefiks *u-* in plaas van *e-*, soos *uLangeni*, *uFeni*, en by sommiges word die suffiks weggelaat, bv. *eGoli*. (Koopman 2002:114-5).

4.1.3 Klapklanke

Die letter *c* word in Zoeloe vir die dentale klapklank gebruik, *x* vir die laterale klapklank, en *q* vir die palato-alveolêre klapklank. Die geaspireerde dentale klapklank word voorgestel deur *ch*, die stemhebbende dentale tongslag deur *gc*, en die genasaleerde dentale tongslag deur *nc*. Die velêre nasale medeklinker voor die stemhebbende vorm word as *ngc* geskryf, en die seldsame

voorkoms van die velêre nasaal voor die stemlose vorm as *nkc*. Die radikale vorm, *c*, word *ngc* onder homorganiese nasale invloed. (Doke & Vilakazi 2005:97).

Die radikale vorm van die palato-alveolêre klapklank word as *q* geskryf, die geaspireerde vorm as *qh*, die stemhebbende vorm as *gq* en die nasale vorm as *nq*. Die velêre nasale medeklinker voor die stemhebbende vorm van die palato-alveolêre klapklank word voorgestel as *ngq*, en die velêre nasaal voor die stemlose vorm as *nkq*. Onder homorganiese nasale invloed word die radikale vorm voorgestel as *ngq*. (Doke & Vilakazi 2005:684).

Die radikale vorm van die laterale klapklank word skriftelik voorgestel as *x*, die geaspireerde vorm as *xh*, die stemhebbende as *gx*, en die nasale vorm as *nx*. Die velêre nasale medeklinker voor die stemhebbende vorm van die laterale klapklank word voorgestel as *ngx*, en die velêre nasaal voor die stemlose vorm as *nkx*. Onder homorganiese nasale invloed word die radikale vorm *x* voorgestel as *ngx*. (Doke & Vilakazi 2005:858).

4.1.4 Sintaksis van Zoeloe-plekname

Soos in ander tale, kan plekname òf enkelvoudig òf saamgesteld wees, m.a.w. uit een of meer komponente (elemente) bestaan, bv. *Ulundi*, waar die stam *Ndi* is, of *Thabankulu*, van *thaba*, 'berg', en *nkulu*, 'groot', wat dus bestaan uit 'n generiese term wat die entiteitsoort aandui, en 'n spesifieke term wat die entiteit ondubbelsinnig binne die kommunikasie-konteks identifiseer. Dit blyk dat in die Zoeloetaal die generiese term gewoonlik vóór die spesifieke term geplaas word, bv. *uMzimvubu*, glo 'tuiste van die seekoei'. Dit gebeur egter ook dat die spesifieke term voor die generiese term geplaas word, bv. *Nhlazatshe*, 'groen rots', van *nhlaza*, 'groen', en *tshe*, 'rots' (Raper *et al* 2020:540). In sulke gevalle is die betrokke name dikwels aangepaste Boesman-plekname, of plekname wat Boesmaninvloed toon.

4.2 Zoeloe-aanpassings van Boesman-plekname

4.2.1 Beskrywende plekname

Mpofana is die Zoeloe-naam vir die *Mooirivier*, 'n sytak van die Tugela, en ook vir die dorp *Mooirivier* in KwaZulu-Natal. Volgens Botha (1977:148-49) beteken hierdie Zoeloe-naam òf 'klein eland' (*Oreas canna*) (Doke & Vilakazi 2005:667), òf 'die gryserige rivier'. Die naam is ook deur Dohne (1857:263) as *imPafuna* opgeteken, en deur Colenso (1884:331) as "*Mpafane (Im), n. Mooi-river.*" Daar is al opgemerk dat heelwat inlandse name wat met die komponent *Po-* begin, vertalings is met die komponent *Mooi*, soos *Politsi*, *Pongola* en *Potchefstroom*, waarvan die Afrikaanse ekwivalente (of allonieme) *Mooiwater*, *Mooiplaats* en *Mooirivier(sdorp)* is. Dit dui daarop dat die woord *Po-* die betekenis van 'mooi' kan hê. Wat die tweeklank *Mp-* van *Mpofana* betref, verduidelik Doke en Vilakazi (2005:509) dit is die: "Bilabial nasal preceding the ejected bilabial explosive. This is usually the result of homorganic nasal influence upon *ph ...* , but sometimes on *p. ...* [For words commencing in *imp-* or *izimp-* not listed under *mp* see under *ph* or *p*]."; ("Bilabiale nasale klank wat die bilabiale plofklank voorafgaan. Dit is gewoonlik die gevolg van homorganiese nasale invloed op *ph ...* , maar somtyds op *p. ...* [Vir woorde wat met *imp-* or *izimp-* begin wat nie onder *mp* gelys is nie, kyk onder *ph* of *p*]). Die tweeklank *Mp* stem fonologies ooreen met die lipklapklank Θ , en die lid *Mpo* is vergelykbaar met die woord Θpo of Θo . Daar kan uitgewys word hoe daar tussen die verskillende Boesmantale 'n variabiliteit in klapklanke is. Woorde in die Kung-taal (N2) vir 'mooi, pragtig', is */hom*, $\bar{}/hum$ en */hu*, 'beautiful, pretty', ('beeldskoon, pragtig; mooi') (Bleek 1956:290). Die woord $\bar{}/hum$ stem ooreen met die Sesarwa (S5) woord $\bar{\Theta}p'um$ wat die tweeklank *-um* betref, en die variabiliteit in klapklanke word weerspieël in die lipklank Θ en die dentale */*; in die sinonieme */hom*, $\bar{}/hum$ word die afwisseling van die klinkers *u* en *o* vertoon, en 'n sinoniem */ho* vir die woord */hu* stem ooreen met Θo of *po*. Met ander woorde, die Kung (N2) woorde */hom*, $\bar{}/hum$ en */hu*, 'pretty', ('mooi'), vertoon die variabiliteit van die klinkers *o* and *u*, en is vergelykbaar met die woorde *Op'o(m)*, *Op'um* en *Op'u*; die verwisselbaarheid van die klapklanke Θ en */* toon dat */hom* en

4. Zoeloe

/hum sinoniem is, soos ook */hu* en */ho*, en *Ōpu* en *Ōpo*. Die tweede lid van die naam, *-fana* of *-funa*, is meer problematies. Bleek (1956:40) beduie dat die stemlose denti-labiale frikatief *f* nie 'n Boesmanklank is nie, en slegs voorkom in stamme wat tussen die Bantoes woon, of in leenwoorde; ander Boesmans mag 'n bilabiale stemlose frikatief gebruik word om die klank van wind of vuur na te maak, maar andersins nie. Die moontlikheid bestaan ook dat die *f* soms deur Bantoes gebruik is om 'n suigklank te vervang. Gesien die geaardheid van plekname dat hulle in die eerste plek duidelik onderskeidend en identifiserend moet wees, sodat spreker en hoorder ondubbelsinnig moet weet na watter entiteit verwys word, sou die vroeë inwoners eerder na 'n maklik herkenbare entiteit soos 'n watergat, seekoeigat, drif, versnelling ensovoorts verwys as na die hele rivier self. Dus kan die komponent *fana* vergelyk word met die Sesarwa (S5) woorde *//gāna*, 'waterhole', ('watergat'); *//k"anna*, 'water, waterpits', ('water, waterkuil') (Bleek 1956:603), ook *//gwana*, 'a Masarwa waterpit', ('n Masarwa waterputs') (Bleek 1956:99, 603, 537). Die komponent *funa*, soos deur Dohne aangegee, is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord */uhā*, 'waterpool', ('waterpoel, waterkuil, watergat') (Bleek 1956:358), waar die stemlose dentale frikatiewe suigklank / met die stemlose frikatiewe medeklinker *f* ooreenstem, en die genasaleerde *ā* is in Zoeloe as *na* geskryf, (*/*)*uhā* dus as (*f*)*una* geskryf.

Platberg, eNtabazwe

eNtabazwe, die Zoeloenaam vir Harrismith, ontleen sy naam aan die prominente berg daar naby, in Afrikaans bekend as *Platberg* (Raper 2013:165). Dit blyk dat die Afrikaanse naam die vertaling van die Zoeloenaam is, wat op sy beurt 'n aanpassing van Boesmans is. Die aanvangsvokaal *e-* is die toegevoegde Zoeloe-klasmerker, die komponent *-ntaba* is wat klank en betekenis betref soos die Naron (C2) */ka:ba*, 'flat' en die lid *-zwe* soos die //Xegwi (S3) woord *ze*, 'stone', ('klip') (Bleek 1929:39; 1956:265). Die verband tussen die lid *zwe* en die Kung (N2) woord *kwe*, 'place', ('plek'), en die /Xam (S1) en //Ŋ *!ke* (S2) woord *!xo:e*, 'place, country', ('plek, land') (Bleek 1956:112, 500) is ook nie uit die oog te verloor nie.

Gatberg, Kwa-Ntunja

Kwa-Ntunja, die naam van 'n berg ongeveer 8 km oos van Melmoth, beteken volgens Botha (1977:98) 'Deur/By die Opening', van die Zoeloewoord *tunja* (*intunja*), 'hole, orifice, as through a thicket or between two rocks'; ('gat, opening, soos deur 'n ruigte of tussen twee rotse') (Colenso 1884:590), of volgens Doke en Vilakazi (2005:609) van *ntunja* (*intunja*) 'small aperture, orifice, small hole; tunnel'.; ('klein opening, gaatjie, klein gat, tonnel'). *Ntunja* is ook die naam vir *Gatberg*, 'n piek noordoos van Dragon's Back in die Drakensberg (Raper 2004:109). *Gatberg* blyk 'n vertaling van die naam *Ntunja* te wees; Nienaber en Raper (1977:142-44; 1980:20-25) wys daarop dat in gevalle waar 'n plek of natuurlike entiteit name uit verskillende tale het, die jongste naam dikwels die ander, ouer, naam vertaal. Hier is die naam *Ntunja* die Zoeloe-aanpassing van 'n Boesmannaam waarvan *Gatberg* die Afrikaanse vertaling is. Die komponent *tu* van *intunja* stem fonologies en semanties ooreen met die /Xam (S1) en //ŋ !ke (S2) woord *tu*-, 'hole' (Bleek 1929:47), wat toon dat die Zoeloe-prefiks in die woord *intunja in-* is, en dat die stam *tunja* is, soos deur Colenso (1884:590) aangegee. Die komponent *-nja* van die naam is fonologies en semanties vergelykbaar met die Hie (C1) woord *!goa*, 'berg', en die Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b) woord *#gnoa*, 'mountain, stone, rock', ('berg, klip, rots') (Bleek 1956:384, 647). Die tweeklank *oa* in die Boesmanwoorde is in die Zoeloe-aanpassing saamgesmelt tot *a* in die komponent *-nja* omdat twee klinkers langs mekaar in Zoeloe ontoelaatbaar is. Die nasaliteit van die *n* in *-nja* word ook in die woord *#gnoa* gerealiseer. Indien die naam *Kwa-Ntunja* dieselfde patroon volg as baie ander name met die prefiks *Kwa*, behoort die lid *Kwa* dieselfde betekenis te hê as die stam of ander komponent van die naam, naamlik 'gat'. Die lid *Kwa* beteken inderdaad 'gat'; dit is 'n vervorming van die /Xam (S1) woord *!koa*, 'hole, cave', ('gat, grot, spelonk') (Bleek 1956:437); die tweeklank *oa* is tot *wa* aangepas, wat die verwisselbaarheid van *o* en *w* toon.

Sterkspruit, eMswathi

eMswathi, ook as *Mshwati* geskryf, is die Zoeloenaam vir die *Sterkspruit*, 'n sytak van die Mgeni wat verby New Hanover vloei

4. Zoeloe

en ongeveer 5 km oos van Albert Falls by die hoofstroom aansluit. Daar word gemeen dat die naam ‘*Die Verbergende*’ beteken, of ‘*Die Wegkruiper*’ (Botha 1977:154), van die ideofoon *shwathi*, ‘of slipping in under, concealing’, (‘van onder ingly, verberg; wegsteek’) (Doke & Vilakazi 2005:751), verwysend na die rivier wat deur die plantegroei verberg word (Raper *et al* 2020:687). Dit blyk egter dat *Mshwati* die Zoeloe-aanpassing van ’n ouer inlandse naam is waarvan *Sterkspruit* die vertaling is. Die beginstuk *M-* of *eM-* is die Zoeloe-klasmerker; die komponent *-swa* stem ooreen met die /Xam (S1) woord *swa*, ‘strong’, (‘sterk’) (Bleek 1956:459). Die komponent *-shwa* in die variant *Mshwati* kom fonologies meer ooreen met die /Xam (S1) woord /*xoa*, ‘strength’, (‘krag’), van die werkwoord /*xoa/xoa*, ‘strengthen’, (‘versterk’) (Bleek 1956:365), waar die dentale klapklank met affrikatiewe neweklank /*x* ooreenkom met die Zoeloe prepalatale medeklinker *sh* wat onder homorganiese omstandighede die ejektiewe prepalatale frikatief word. Die tweeklank *oa* word in Zoeloe gekonsonantaliseer as *wa* omdat die Zoeloetaal nie twee klinkers naasmekaar duld nie; die lid *-ti* stem ooreen met die /Xam (S1) woord *ˀi:*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:292), wat dikwels gebruik word vir ‘rivier’, vergelykbaar met die /Auni (S4) woord *ʒei*, ‘river’ (Bleek 1956:643), waar die stemlose alveolêre konsonant *t* met die alveolêre of palatale klapklank *ʒ* ooreenkom.

Wakkerstroom, Mzinyathi

Daar word oor die algemeen aanvaar dat *Mzinyathi* die betekenis het van ‘*Die Tuiste van die Buffel, Buffelskraal*’ (Botha 1977:170), van die Zoeloeoorde ‘*Zinyathi (umZinyathi)* [< *umuzi* + *inyathi*, lit. buffalo village]’ waar dit van toepassing is op die Bloedrivier in noordwes-KwaZulu-Natal (Doke & Vilakazi 1964:895). *Mzinyathi* is ook die Zoeloenaam vir die *Buffelsrivier*, ’n sytak van die Tugelaivier, waarvan die Afrikaanse naam die vertaling is. Die Zoeloenaam vir die *Wakkerstroom* en die dorp met dieselfde naam is ook *Mzinyati* (Raper *et al* 2014:536). In hierdie geval is daar rede om te vermoed dat *Mzinyathi* ’n Zoeloe-aanpassing is van ’n Boesman-naam waarvan *Wakkerstroom* die vertaling is. Die Anlout *M-*, ook *uM-*, (*uM*)*zinyati*, is die Zoeloe-klasmerker; die komponent *zinya* is wat klank en betekenis betref soos die

Xegwi (S3) woord /*he:nja*, 'to be awake', ('om wakker te wees') (Bleek 1956:287), die stemhebbende alveolêre frikatief *z* en die alveolêre frikatiewe klapklank / (Bleek 1929:13) is vergelykbaar; die wisseling van *e* en *i* is ook sigbaar (Bleek 1956:66). Die slot-komponent *t(h)i* stem ooreen met die /Xam (S1) woord *˘i:*, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:292), dikwels vir 'rivier' gebruik; die stemlose geaspireerde dentale medeklinker *t(h)* is soos die stemlose dentale suigklank /. Ook vergelykbaar met die lid *-t(h)i* is die /Auni (S4) woord *ɛei*, 'rivier' (Bleek 1956:643), waar die stemlose alveolêre konsonant *t* met die alveolêre of palatale klapklank *ɛ* ooreenkom en die tweeklank *ei* tot *i* saamsmelt om te voorkom dat twee vokale langs mekaar voorkom.

Wakkerstroom, Utaka, Utago

Utaka, ook *Utago* gespel, is nog 'n Zoeloenaam vir die dorp *Wakkerstroom* op die grens van KwaZulu-Natal, 27 km oos van Volksrust en 56 km suidoos van Amersfoort. Die oorspronklike naam van die dorp was Marthinus-Wesselstroom; daarna is die naam Wesselstroom gebruik, en later *Wakkerstroom*, na die rivier met hierdie naam (Raper *et al* 2014:536). Daar word gemeen dat die Zoeloenaam afgelei is van die woord *utago*, 'dun koperdraad was as versiering gebruik word'. Soos die draad dun maar sterk is, so word die stroom gesien as smal maar snelvloeiend. 'n Ander verklaring is dat die naam, wat ook as *Utaka* voorkom, 'wakker' beteken (Raper *et al* 2014:522), maar Doke *et al* (1958:27) gee vir 'awake', ('wakker'), die woorde *vuka* en *qabuka* aan, en vir 'awakening', ('ontwaking'), die woord *ukuqabuka*. Daar kan dalk bespiegel word dat *Utago* en *Utaka* volksetimologiese vertolkings kan wees van Boesmanwoorde soos die Hie (C1) woorde *uka t'an*, *uka thanj*, 'to awaken', ('om wakker te maak, wakker te word'); *ukathanj*, 'awake' (Bleek 1929:18; 1956:248, 695), vergelykbaar met die Naron (C2) woord /*u:* en die Hie (C1) woord *t'an*, 'to awake', ('om te ontwaak, om wakker te word') (Bleek 1929:18). Die verskil tussen die segmente *taka* en *katha* is aan metatesis toe te skryf.

Beskrywing Kleur

Bloukransrivier, Msuluzi

Die *Bloukransrivier* staan in Zoeloe bekend as die *Msuluzi*. Volgens Botha (1977:155-6} beteken die Zoeloenaam “*Die Slingerende – suluza* = ‘slinger, waggel’ (D & V 769). – *Msuluze* word beskou as ’n personifikasie: die rivier word gesien as iemand wat waggelend, heen en weer beweeg, waarskynlik n.a.v. sy kronkelende stroombeweging. Bulpin *To the shores of Natal* s.j. 87 noem die rivier ‘The Disappearing One’, (‘Die een wat verdwyn, die verdwynende’). Blykbaar word uitgegaan van die grondvorm *súlu* = ‘vir ’n oomblik verdwyn’ (Doke & Vilakazi 2005:769). (*Suluza* is ’n afleiding van *súlu*).”. Volgens Doke en Vilakazi (2005:769) is die woord afgelei van die ideofoon *sulu*, ‘of slipping away momentarily; of sudden disappearance’, (‘van vlugtige weggly, van skielike verdwyning’). Indien hierdie verklaring korrek is, kan die komponent *sulu* vergelyk word met die /Xam (S1) woord *tʃuʀu*, *tʃuʀu*, ‘to vanish’, (‘om te verdwyn’) (Bleek 1956:237), waar die Zoeloe glyklank *s* met die /Xam affrikaat *tʃ* ooreenstem, en die /Xam *r* deur die Zoeloe *l* vervang is; die lid *-zi* is dan soos die /Xam (S1) woord *ʔi:*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:292), wat dikwels vir ‘rivier’ gebruik word, en die //ŋ *!ke* (S2) woord */kʻi*, ‘rivier’ (Bleek 1956:339). Hoewel die pleknaamkomponente redelik goed met mekaar ooreenstem, kan geredeneer word dat ‘die een wat verdwyn’ dalk nie ’n toponimies onderskeidende naam is nie. Die moontlikheid dat die Afrikaanse naam *Bloukransrivier* die Zoeloenaam vertaal, is verdedigbaar. Die lid *-su* is vergelykbaar met die Kung (N2) wwoord *ʒo:*, ‘blue’, (‘blou’) (Bleek 1929:22), waar *ʒ* die stemhebbende vorm van die alveolêre glyklank *s* is, en die klinkers *o* en *u* afwisselend is, of, volgens Doke (in Bleek 1956:246), “The *u* phoneme ... is variously heard as *u* (back close) or as *o* (back half-close).”; (“Die *u*-foneem word verskillend gehoor as *u* (agter geslote) of as *o* (agter half-geslote).”). Die verwisselbaarheid van *o* en *u*, en die verdere bepaling dat *o* “is often a dialectal variation of *a* or *au*”, (“dikwels ’n dialektiese variasie van *a* of *au* is”) (Bleek 1956:151), toon dat die komponent *lu* vergelykbaar is met die /Xam (S1) woord *ʔ/kou:*, ‘ridge, krantz, overhanging cliffs’, (‘rif, krans, orhangende

kranse') (Bleek 1956:321), waar die tweeklank *ou* saamgesmelt het tot *u* by die aanpassing in Zoeloe. Die komponent *-zi* van die naam is dan soos die /Xam (S1) woord $\bar{/}i:$, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:292), wat ook dikwels vir 'rivier' gebruik word, waar die Zoeloe alveolêre glyklank *z* met die Boesman dentale of alveolêre glyklank / ooreenstem, verwant aan die //ŋ !ke (S2) woord /k'i, 'rivier' (Bleek 1956:339),

Groenkop, Gedlana

Groenkop is die Afrikaanse naam van *Gedlana*, 'n heuwel ongeveer 17 km suidsuidoos van Greytown, en van 'n stroom wat daar ontspring en ooswaarts vloei om ongeveer 15 km suidsuidwes van Mapumulo by die Mvotirivier aan te sluit (Botha 1977:78). Die naam *Gedlana* verwys glo na die vorm van die heuwel, afgelei van die Zoeloewoord *ugedla*, 'cockscomb, crest', ('hanekam, kuif, kam'), of van *isigedla*, 'ox with horns pointing downwards', ('os met horings wat afwaarts wys') (Doke & Vilakazi 2005:240). Die verskillende verklarings van die betekenis van die naam in Zoeloe en in Afrikaans dui in hierdie geval moontlik volksetimologiese vertolkings aan, eerder as op die betroubaarheid van mondelinge oorleweringe. Die ouderdom van die naam *Gedlana* suggereer 'n Boemanoorsprong. Indien *Gedlana* die aanpassing van 'n oorspronklike Boesmannaam is waarvan *Groenkop* die vertaling is, is die komponent *Ge* vergelykbaar met die (N2) woord $\bar{/}#ke$, 'green', ('groen') (Bleek 1929:44). In hierdie geval is die Zoeloe stemhebbende velêre plofkonsonant *g* in die afsluiting wat stemloos is (behalwe as dit voorafgegaan word deur die homorganiese nasaal) (Doke & Vilakazi 2005:223), dus identies met die stemlose velêre neweklank *k* van die Boesmanwoord $\bar{/}#ke$. Die komponent *-dlana* is vergelykbaar met die Hadza (C3) woord *han-a*, *han-!a*, 'stone, hill', ('klip, kop') (Bleek 1956:57, 724), of met die Namawoord *dana*, *danna-*, '*Kopf*', ('kop') (Ebner 1811:340 in Nienaber 1963:350), waar die Zoeloe stemhebbende alveolêre laterale frikatief *dl* in die naam *Gedlana* met die Nama stemhebbende alveolêre (palatale) konsonant *d* ooreenkom ($\bar{/}#kedana > Gedlana$).

Potspruit, Gedlana

Botha (1977:78) maak 'n interessante stelling: “Onder Blankes staan die spruit *Gedlana* bekend as *Potspruit*”, wat die moontlikheid van 'n alternatiewe verklaring van die naam *Gedlana* openbaar, in hierdie geval die naam van die spruit. Die kop en die rivier het verskillende Afrikaanse name wat afgelei is van inlanderse woorde wat eenders klink. Indien *Potspruit* die Afrikaanse vertaling van 'n oorspronklike Boesmannaam is waarvan *Gedlana* die Zoeloe-aanpassing is, sal die samestellende woorde dalk anders wees, met die onderskeidelike aanpassings. Die Boesmans het aanvanklik nie die begrip van 'n 'pot' geken nie, maar hulle het in 'n gat in die grond gekook of gebraai. Die komponent *Ge-* van die naam *Gedlana* toon 'n ooreenkoms met die /Xam (S1) woorde //ke:, 'om te kook, bak, braai', en /xe, 'kook' (Raper 2021:44). 'n Ander moontlikheid is dat die woord *Pot* in die naam *Potspruit* na gate of kuile in die rivier verwys, en dat die lid *Ge-* vergelyk kan word met die /Auni (S4) woord //k?e:, 'hole', ('gat'), die Hie (C1) woord je, 'hole', ('gat'), en die /Xam (S1) woord ˀ//e, 'hole in rock', ('gat in klip') (Bleek 1929:47; 1956:519). Die komponent *-dlana* in die riviernaam stem fonologies ooreen met die Sesarwa (S5) woorde //k"anna, 'waterpits', ('watergate, waterputs'), //gāna, 'waterpit', ('watergat'), en //gwana, 'a Masarwa waterpit', ('n Masarwa waterkuil') (Bleek 1956:603, 526, 537). Die rivier en die kop het dus verskillende name, maar as gevolg van die eendersheid in uitspraak, word hulle as dieselfde beskou.

Rooipoort, Babanango

Babanango is die naam van 'n dorp ongeveer 58 km noordwes van Melmoth; van 'n rivier daar naby, en van 'n berg 38 km noordwes van Melmoth, waarna die stroom en dorp genoem is (Botha 1977:6). Verskeie verklarings aangaande die oorsprong en betekenis van die naam is opgeteken. Daar word onder andere gemeen dat dit vernoem is na 'n soort boom of struik, die *ibabanango*, maar beskikbare woordeboeke skyn nie so 'n plant in te sluit nie. 'n Ander verklaring lui dat die riviernaam primêr is, en dat die naam 'bitter stroom', 'brakkerige stroom', beteken, naamlik by sy bron. Die mees gewilde verklaring lui dat die naam *Babanango* sy oorsprong het in 'n voorval waarby die kind van 'n

Zoeloekaptein in die newel op die berg vermis geraak het, en dat hy uiteindelik deur sy broer gevind is wat uitgeroep het: “*Baba, nangol!*” – “Vader, daar is hy!” (Botha 1977:6). Nie een van die verklarings is heeltemal oortuigend nie, omdat hulle morfologies onaanvaarbaar is, nie al die komponente verduidelik word nie, of van te onlangse datum is. ’n Leidraad tot ’n geloofwaardige Boesman-oorsprong word deur Botha (1977:63) verskaf. Terwyl hy die naam *Bomvini*, ‘plek van rooi grond’, bespreek, lig hy ons in: “Naby Babanango is ’n gelyknamige koppie (soms ook Bomvini genoem)”. Die feit dat *Babanango* ook *Bomvini* genoem word, en dat *Bomvini* verklaar word as ‘plek van rooi grond’, dui daarop dat *Babanango* ook dieselfde betekenis kan hê. In die omgewing ten suidweste van Babanango is *Rooipoort* geleë. Die pleknaamtros *Babanango*, *Bomvini* en *Rooipoort* open die moontlikheid van ’n proses van aanpassings, vertalings, en volksetimologiese hervertolkings, naamlik dat *Babanango* die Zoeloe-aanpassing is van ’n ouer Boesmannaam waarvan *Rooipoort* die vertaling is. As in aanmerking geneem word dat ongeveer 70 persent van Boesmanwoorde met klapklanke begin, en gedagtig daaraan dat die aantal Zoeloe-woorde met klapklanke as anlaut baie kleiner is, sal besef word dat talle oorspronklike Boesmanklapklanke deur ander medeklinkers vervang is toe die onderhawige woorde in Zoeloe aangepas is. Klapklanke en neweklanke is ook in die verskillende Boesman- en Khoi-khoitale afwisselbaar, soos elders opgemerk. Die anlaut *B-* van die komponent *Baba* is in hierdie geval ’n versagting van die Zoeloe “bilabial implosive consonant ɓ, phonemically distinct from *b*”, (“bilabiaale implosiewe medeklinker ɓ wat fonemies onderskeibaar is van *b*.” (Doke & Vilakazi 1958:57). Die komponent *ɓaba* is dus fonologies vergelykbaar met die //Kxau (S2b) woorde *ɲ/kxaba*, ‘red’, *ɲ/kxɔaba*, ‘red-white (of horse)’, (‘rooi-wit (van perd)’) (Bleek 1956:150, 748), sowel as met die N/uu woord */x’aba*, ‘red’, (‘rooi’) (Shah & Brenzinger 2016:140), met die Korannawoorde *!aba*, ‘rooi’ en *kx’awa*, ‘roth’, (‘rooi’) (Wuras 1920:42 in Nienaber 1963:432), en die Namawoorde */awa*, ‘roth’, (‘rooi’) (Kroenlein 1889:19a25) en */aba*, ‘rot’, (‘rooi’) (Rust 1960:50). Die Boesman- en Khoi-khoi-klapklanke word deur die Zoeloe bilabiaale implosiewe konsonant ɓ vervang, terwyl die afwisselbaarheid van *b* en *w* in die vergelykbare woorde merkbaar is. Die komponent

4. Zoeloe

-*nang*- stem ooreen met die /Xam (S1) woord *!noan*, ‘spoor, path’, (‘spoor, paadjie’) (Bleek 1956:487), woorde wat deur Nienaber (1963:241) gelyk gestel word met ‘*kloof*’ en ‘*poort*’. Die Boesmanwoord *!noan* verskuif tot *nang* omdat twee klinkers langs mekaar in die Zoeloetaal ontoelaatbaar is, en die slot -*o* van die lid -*nango* is bygevoeg omdat Zoeloe selfstandige naamwoorde op ’n vokaal moet uitgaan, en ook omdat die woord *nango* in Zoeloe betekenisdraend is.

Rooispruit, Kamanzi

Kamanzi, ook as *eKamanzi* opgeteken, is die naam van ’n sytak van die Mvotirivier. Dit ontspring naby Fawn Lees en vloei noordwaarts om ongeveer 14 km oos van Seven Oaks by die hoofstroom aan te sluit (Raper *et al* 2020:329). Die naam is deur Botha (1977:87) verklaar as ‘Die watersamelaar’, van -*khamanzi* (*ikhamanzi*), ‘water-ladle, water-dipper’, (‘water-lepel, waterskeplepel’); van *kha*, ‘dip up, draw (water)’, ‘opskep, uitskep’, en *nzi* (*amanzi*), ‘water’ (Doke & Vilakazi 2005:277, 372, 632). Soos in ander gevalle word hierdie verklaring in twyfel getrek omdat ‘watersamelaar’ van toepassing kan wees op elke rivier en verwys nie ondubbelsinnig na die benoemde entiteit nie. Die Afrikaanse naam vir *Kamanzi* is *Rooispruit* (Botha 1977:87), wat die moontlikheid van vertaling open. ’n //Xegwi woord vir ‘rooi’ is /*kamse* (Bleek 1929:69), wat sowel fonologies en semanties met die komponent *Kham*- ooreenstem, vergelykbaar ook met die Ou-Kaapse woord *kaba*, ‘rode’, (‘rooi’) wat in 1660 deur Van Riebeeck opgeteken is (Nienaber 1963:432), waar die stemhebbende bilabiale medeklinkers *m* en *b* afwisselbaar is. Die komponent -*zi* van die naam *Kamanzi* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /*i:*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:292), ’n woord wat dikwels vir ‘rivier’ gebruik word, ook met die //ŋ !ke (S2) woord /*k’i* en die /Auni (S4) woord *ʒei*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:339, 643).

Bloedrivier, Ncome

Botha (1977:172) deel mee dat *Ncome* die Zoeloenaam van die *Bloedrivier* is, en dat hierdie naam afgelei is van die woord *ncoma*, ‘give a favourable report on; praise, admire, recommend’, (‘n

gunstige verslag lewer oor, prys, bewonder, aanbeveel’) (Doke & Vilakazi 2005:533), en dus beteken ‘The Praiseworthy One ... from its pleasant water and green banks’, (‘die Bewonderenswaardige ... van sy smaaklike water en groen oewers’), of ‘The Pleasant One’, (‘die Aangename’) (Bulpin s.j.:199; 1952:84), wat Botha self beskryf as spekulasie of raaiery. Daar word algemeen aanvaar dat die Bloedrivier sy naam gekry het van die hoeveelheid bloed wat daar gevloei het tydens die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838. Soos reeds elders gemeld, wys Nicolaisen (1976:173) daarop dat die eerste plekname wat gegee word, gewoonlik dié is van riviere en strome, en dat sulke name aandui dat sulke name na die vroegste stratum van nedersetting terugdateer, en dus na die vroegste gesproke taal. Die naam van die rivier onder bespreking is dus waarskynlik ouer as die Slag van Bloedrivier. Soos Nienaber en Raper (1977:132-34; 1980:127-29) uitwys, is dit dikwels die geval dat ’n Europese naam die vertaling van ’n ouer Boesman- of Khoi-khoi-naam is. Dit blyk ook hier die geval te wees, met ander woorde dat ‘Bloedrivier’ ’n vertaling van *Ncome* is, of minstens ’n onregstreekse vertaling. Geen Boesmanwoorde vir ‘bloed’ is onmiddellik gevind wat met *Ncome* of ’n soortgelyke woord ooreenstem nie, maar Boesmanwoorde vir ‘rooi’ sluit die Kung (N2) woord /*num* en die Naron (C2) woorde /*nuɛa* en /*noa*, ‘red’, (‘rooi’) in (Bleek 1956:351). Gesien die toelaatbare uitruilbaarheid van die klinkers *o* en *u* is die Kung woord /*num* en sy variant */*nom* wel met die woordstam *ncom* van die naam *Ncome* vergelykbaar: die Zoeloe nasale vorm van die dentale klapklank, *nc*, korreleer met die Boesman dentale klapklank met nasale neweklank /*n*, en die slot *-e* van die naam *Ncome* is ’n aanpassing van die Hadza (C3) woord *ɬe*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:642), wat ook vir ‘rivier’ gebruik word. *Ncome* beteken dan ‘rooirivier’, in Afrikaans en Engels hervoortolk as *Bloedrivier* en *Blood River*.

Witteberge, uKhahlamba

uKhahlamba, ook opgeteken as *Kwahlamba*, *Kwathlamba*, *Qahlamba* en *Quahlamba*, is die Zoeloe-naam vir die Drakensberg, en die Sotho-naam is *Quatlhamba*. Die naam beteken volgens oorlewering ‘enigiets wat op ’n hoop gegooi word’, ‘’n versperring, soos van gepunte spiese’, ‘die rasende bergversperring’, ensovoorts (Raper

et al 2020:162). Die *Witteberge*, uitlope van die Drakensberg, dra ook hierdie naam, wat die vertaling blyk te wees van 'n inlandse naam waarvan die Zoeloe- en Sotho-name aanpassings is. Die lid *Kwa-*, *Qua-*, ensovoorts, stem ooreen met die Sesarwa (S5) woord $\sim//xwa$ en die /Xam (S1) woord $//xwa$, 'white', ('wit'), met sy sinoniem $//w\tilde{a}/w\tilde{a}$, 'beautifully white', ('pragtig wit') (Bleek 1956:630), en ook met die homofoniese /Xam (S1) woord $/k'o:wa$ en die //N !ke (S2) woord $/o:wa$, 'white', ('wit') (Bleek 1929:91). Die komponent *hlamba*, *tlhamba* en variante is vergelykbaar met die Ou-Kaapse woord *quamma*, 'berg', soos deur Sparrman opgeteken (Nienaber 1963:218), waar die tweeklank *mm* van die woord *quamma* met die tweeklank *mb* van die lid *hlamba*, *tlhamba* korreleer; ook met die Nogau (N1a) woord $//khami$, 'mountain', ('berg'), met sy sinoniem $//khawi$, wat die wisseling van *b* en *w* vertoon, en met die //N !ke (S2) woorde $//khami$, 'mountain', ('berg'), en $//khamsi$, 'a certain chain of mountains', ('n sekere bergketting') (Bleek 1956:573).

4.2.2 Plekke genoem na diersoorte

Buffelsrivier, Mzinyathi

Die *Buffelsrivier*, 'n sytak van die Tugela, is in Zoeloe bekend as die *Mzinyathi*. Die naam *Mzinyathi* beteken glo 'tuiste ven die buffel', van die Zoeloewoord *umuzi*, 'huis, tuiste', en *inyathi*, 'buffel' (Botha 1977:170). In hierdie geval is die oorspronklike leksikale betekenis in die Afrikaanse vertaling bewaar. In 'n ander voorkoms van die naam blyk die naam *Mzinyathi* 'n ander betekenis te hê. Doke en Vilakazi (2005:895) gee die naam *Zinyathi* (*umZinyathi*) aan vir die "*Blood River* in North-west Natal". In hierdie geval is die Engelse naam *Blood River*, en sy Afrikaanse ekwivalent *Bloedrivier*, vertalings van 'n Boesmannaam waarvan (*um*)*Zinyathi* 'n aanpassing is. Die komponent *um* is die Zoeloe-voorvoegsel of klasmerker; die komponent *zin* is vergelykbaar met die Auen (N1) woord $/\tilde{i}$, $/i\eta$, 'bloed' (Bleek 1929:22; 1956:292); die Zoeloe stemhebbende alveolêre frikatiewe medeklinker *z* stem ooreen met die Auen alveolêre frikatiewe klapklank $/$, die nasalering van die klinker \tilde{i} word in die Zoeloe-skrifstelsel as *n* aangedui, soos ook blyk uit die Auen (N1) woord $/i\eta$, 'bloed', waar

die *ŋ* die velêre nasaal verteenwoordig. Die lid (*y*)*ati* van die naam *Mzinyati* is verwant aan die Hadza (C3) woord *ati*, ‘water’ (Bleek 1956:2). Hierdie allonieme vir die rivier weerspieël dan taalinvloed tussen Auen, Hadza, Zoeloe, Nederlands, Afrikaans en Engels, betekenisverlies en hervertolking.

Daskrans, Ngoje

Ngoje is die naam van ’n berg 5 km wes van Eshowe en 30 km suid van Melmoth in KwaZulu-Natal. Volgens Doke en Vilakazi (2005:254) is die naam afgelei van die Zoeloewoord *goje* (*ingoje*), ‘precipice, cliff’, (‘afgrond, krans’). Die Zoeloewoord (*in*)*goje* is in hierdie geval dalk vergelykbaar met die /Nu //en (S6) woord *#oje*, ‘stone’, (‘klip’) (Bleek 1929:81). Die heuwel *Ngoje* is op die plaas *Daas Krantz* of *Daskrans*, en waarskynlik het die plaas sy naam ontvang van die heuwel wat in Zoeloe as *Ngoje* en in Afrikaans as *Daskrans* bekend is, *Daas Krantz*, genoem na die das of klipdas, *Procavia capensis*. Dit blyk dat *Daskrans* (*Daas Krantz*) die vertaling is van ’n ou-Kaapse dialektiese naam waarvan *Ngoje* ’n aanpassing is, van die woord *kgoyes*, ‘een das’ (Valentyn 1726:107b in Nienaber 1963:243). Die slot-*s* van die woord *kgoyes* is geëlideer en die Zoeloe-prefiks of klasmerker (*i*)*N* bygevoeg om die Zoeloe-ekwivalent *Ngoje* te vorm.

Duikerhoek, KwaNzimela

KwaNzimela is die Zoeloenaam vir *Duikerhoek*, omtrent 20 km suidwes van Melmoth geleë (Walton 1984:153 3B). Soos in talle soortgelyke gevalle is die Afrikaanse naam ’n vertaling van ’n Boesmannaam waarvan die Zoeloenaam ’n aanpassing is. Die komponent *Kwa-* stem ooreen met die Hie (C1) woorde *kxo*, ‘duiker’, *khoa*, ‘duiker buck’, (‘duikerbok’) (Bleek 1929:35; 1956:287). In hierdie geval is die lid *Kwa* dus nie die Zoeloe bywoordelike plekaanduidende formans wat Doke en Vilakazi (2005:441) beskryf as “At the place of, joined to a personal noun or pronoun, e.g. *kwaMkhonto* (at Mkhonto’s place).”; (“By die plek van, bygevoeg by ’n persoonlike selfstandige naamwoord of voornaamwoord, bv. *kwaMkhonto*, (by Mkhonto se plek)”) nie. Dit is ’n reduplikasie van die betekenis in die eerste twee komponente van die naam. Die tweede komponent, *Nzi*, is vergelykbaar met

die //N !ke (S2) woorde !he: !ke:, die #Khomani (S2a) woorde #khe: en #khei, en die /Auni woord #khei, ‘duiker’ (Bleek 1929:35; 1956:287, 661; Raper 2013:88). Oor die lid *-mela* is daar minder sekerheid; dalk is die lid *-me* die Naron (C2) manlike enkelvoud, dus ‘duikerbok’, en die lid *-la* soos die Naron (C2) !a, ‘plek’ (Bleek 1956:369), verafrikaans tot *-hoek*. Anders is *-mela* dalk ’n aanpassing van die !O !kuŋ (N3) woord /ke:a, ‘hut, home’, (‘hut, tuiste’) (Bleek1929:35), waar die tussen-vokaliese *l* ingevoeg is om die jukstaposisie van twee klinkers te vermy.

Elandsrivier, Ncwadi

Ncwadi is die naam van ’n nedersetting aan die Elandsrivier, ongeveer 30 km suidwes van Pietermaritzburg, ook die naam van *Elandskop* en van die *Elandsrivier* self, wat wes van *Elandskop* ontspring en suidwaarts vloei om by die Mkhomazi aan te sluit. Daar word verklaar dat die naam afgelei is van die Zoeloewoord *ncwadi* (*incwadi*), ‘mark, indication, sign, evidence’, (‘merk, aanduiding, teken, getuienis’) (Doke & Vilakazi 2005:535), en dat dit ‘die prominente een, die opmerklike een’ beteken, verwysende na *Elandskop*, of soos Lugg (1968:9 in Botha 1977:172) dit stel, ‘... a conspicuous mark, i.e. the hill of the same name’, (‘’n opvallende kenteken, d.i. die heuwel met dieselfde naam.’). Botha (1977:172) meen dat die topografiese eienskappe van die omgewing teen daardie standpunt pleit. Dis waarskynliker dat die Afrikaanse naam *Elandskop* en die Zoeloenaam *Ncwadi* dieselfde betekenis het, en dat *Ncwadi* die aanpassing van ’n ouer inlandse naam is. Die komponent *-ncwa* is fonologies vergelykbaar met die Kung (N2) woord !!nā, ‘eland’ (Bleek 1956:511); die tongslag !! is “the Bushman retroflex click !!, lying between the palato-alveolar and lateral clicks and more hollow than //.”; (“die Boemanse retroflekse tongslag !! wat tussen die palato-alveolêre en laterale tongslae lê en holler as // is.”). (Bleek 1956:505). Die tongslag word gevorm deur die tongpunt agtertoe te trek, wat tot ’n uitspraak lei wat met die Zoeloewoord (*i*)-*ncwa*-(*di*) ooreenstem. The component *-di* van die riviernaam is miskien soos die /Auni (S4) woord #ei, ‘rivier’, waar die alveolêre medeklinker *d* met die alveolêre klapklank # ooreenstem, en die tweeklank *ei* tot *i* saamgetrek is.

Plante

Dronkvlei, KwaCekwane

KwaCekwane is die Zoeloenaam vir *Dronkvlei*, 'n gebied naby Creighton in die distrik Ixopo. Daar word beweer dat *KwaCekwane*, 'plek van Cekwane' genoem is na 'n Nyasane-hoofman wat vroeër daar gewoon het (Raper *et al* 2020:381). 'n Ander verklaring van die naam is dat dit ontleen is aan 'n soort gras, *dronkgras* (*Melica* spp.), wat duiseligheid veroorsaak in diere wat dit vreet (vgl. Smith 1966:204). Die komponent *Kwa-* stem fonologies ooreen met die Kung (N2) woord /k"owa, 'to be drunk', ('om dronk te wees'), en die lid *kwane* met die Sesarwa (S5) woorde //gāna, 'waterhole', ('watergat'); //k"anna, 'water', 'waterputs' (Bleek 1956:603), ook //gwana, 'waterput' (Bleek 1956:99, 603, 537), wat die generiese term 'vlei' in 'n mate omskryf; die lid *kwane* stem veral fonologies ooreen met die Sesarwa (S5) woord //xanne, 'gras' (Bleek 1956:337, 632).

4.2.3 Bodemgesteldheid as naamgewingsmorief

Kliprivier, Mnambithi

Die *Kliprivier*, 'n sytak van die Tugelarivier, ontspring naby Van Reenenspas en vloei suidwaarts na sy samevloeiing met die hoofstroom omtrent 19 km suidoos van Ladysmith. Die Zoeloenaam vir die *Kliprivier*, en vir Ladysmith, is *Mnambithi* (Raper *et al* 2014:240). Indien aanvaar word dat die tweede komponent, *thi*, soos die /Xam (S1) woord ̄/i:, 'om te vloei' is (Bleek 1956:292), wat meermale as fluviale suffiks voorkom (die geaspireerde dentale tweeklank *th-* kom ooreen met die dentale suigklank /), dan sou die eerste lid *Mnambi* 'klip' moet beteken. In etlike tale is daar woorde wat sowel 'klip' as 'berg' beteken, soos die woord #gnoa, 'mountain, stone, rock', ('berg, klip, rots'), wat in Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b) voorkom (Bleek 1956:384, 647), die Naron (C2) en Kung (N2) woord //nāa, 'stone, hill', ('klip, heuwel') (Bleek 1956:620); ook die Koranna woorde //eu-b of #eub wat Lichtenstein (1805:471) "aangee vir 'berg' en 'klip' a.w., albei uitgaande op suff. masc., sodat daar geen twyfel bestaan nie dat dit gelyk te stel is met die Namawoord /ui-b. 'berg',

4. Zoeloe

naas /ui-s, 'Stein, Felsen', ('klip, rots').” (Nienaber 1963:218). Dit blyk dan dat *Mnambithi* 'n aanpassing van 'n ouer inlandse naam is waarvan *Kliprivier* die vertaling is: die komponent *Mnambi* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die Nogau (N1a) en //N!ke (S2) woord //khami, 'mountain', ('berg') (Bleek 1956:573), en die komponent *thi* is soos die /Xam (S1) woord $\bar{t}i$: 'om te vloei' (Bleek 1956:292), wat meermale as fluviale suffiks voorkom; die geaspireerde dentale tweeklank *th-* kom ooreen met die dentale suigklank /, soos hierbo genoem.

5. Xhosa

5.1 Aspekte van die Xhosa-taal

5.1.1 Klasmerkers of -voorvoegsels

In Xhosa, soos in Zoeloe, bestaan elke selfstandige naamwoord uit 'n stam en 'n voorvoegsel. Die stam dra die betekenis van die woord, en die voorvoegsel dui getal (enkelvoud of meervoud) aan, en, soos Koopman (2002:267) dit stel, “which set of concordial agreement should be employed for agreement with other parts of speech in a sentence”; (“watter stel konkordiale ooreenkomstes gebruik behoort te word sodat die selfstandige naamwoord met ander rededele in 'n sin ooreenstem.”). McLaren (1926:13) verduidelik: “Every noun consists of a root and a prefix, and every word in the sentence which depends upon the noun, or agrees with it, assumes the same prefix, or some inflected form of it, while all the pronouns are forms of the same prefixes of the nouns for which they stand.”; (“Elke selfstandige naamwoord bestaan uit 'n stam en 'n voorvoegsel, en elke woord in die sin wat van die selfstandige naamwoord afhang, of daarmee ooreenstem, neem dieselfde voorvoegsel aan, of 'n verbuigde vorm daarvan, terwyl al die voornaamwoorde vorms van dieselfde voorvoegsels is van die selfstandige naamwoorde waarvoor hulle staan.”).

Die klasprefikse in Xhosa is die volgende, met minder gewone vorme tussen hakies aangedui (McLaren 1926:24):

<i>Klas</i>	<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
1.	um-, u-.	aba-, (abe-, ab-), o-.
2.	ili-, (il-), i-.	ama- (am-).
3.	im-, in-, i-.	izim-, izin-, (izi-), im-, in-, i-.
4.	isi-, (is-).	izi-, (iz-).
5.	ulu-, (ulw-, ul-)	izim-, izin-, (izi-, iz-), im-, in-, i-.
6.	um-, u-.	imi-.
7.	ubu-, (ub-, uty-).	
8.	uku-, (ukw-, uk-).	

5.1.2 Lokatiewe affikse:

Soos in die geval van selfstandige naamwoorde het plekname in Xhosa ook lokatiewe infleksie, gewoonlik die voorvoegsel *e-* en die agtervoegsels *-ini*, *-eni*, *-wini* en *-weni*. McLaren (1926:29-31) stel dit so: “The locative case is formed by changing the initial vowel or article of the prefix into *e* and by adding to the root the suffix *-ni*. as *e-Dikeni*, ‘at Alice’ (lit. ‘at the lake’), *e-Taleni*, ‘at Taleni’ (lit. ‘at the flat rock’).”; (“Die lokatiewe of plekaanduidende naamval word gevorm deur die aanvangsvokaal van die voorvoegsel in *e* te verander, en deur die agtervoegsel *-ni* aan die stam te voeg, bv. *e-Dikeni*, ‘by Alice’ (let. ‘by die meer’), *e-Taleni*, ‘by Taleni’ (let. ‘by die plat klip’).”

5.1.3 Klapklanke

Die letter *c* word in Xhosa vir die dentale klapklank gebruik, *x* vir die laterale klapklank, en *q* vir die palato-alveolêre klapklank. Die geaspireerde dentale klapklank word voorgestel deur *ch*, die stemhebbende dentale klapklank deur *gc*, en die genasaleerde dentale klapklank deur *nc*. Die velêre nasale medeklinker voor die stemhebbende vorm word geskryf as *ngc*, en die seldsame voorkoms van die velêre nasaal voor die stemlose vorm as *nkc*. Die radikale vorm, *c*, word *ngc* onder homorganiese nasale invloed.

Die radikale vorm van die palato-alveolêre klapklank word as *q* geskryf, die geaspireerde vorm as *qh*, die stemhebbende vorm as *gq* en die nasale vorm as *nq*. Die velêre nasale medeklinker voor die stemhebbende vorm van die palato-alveolêre klapklank word voorgestel as *ngq*, en die velêre nasaal voor die stemlose vorm as *nkq*. Onder homorganiese nasale invloed word die radikale vorm as *ngq* voorgestel. (Doke & Vilakazi 2005:684; McLaren 1926:7-8).

Die radikale vorm van die laterale klapklank word skriftelik as *x* voorgestel, die geaspireerde vorm as *xh*, die stemhebbende vorm as *gx*, en die nasale vorm as *nx*. Die velêre nasale medeklinker voor die stemhebbende vorm van die laterale klapklank word as *ngx* voorgestel, en die velêre nasaal voor die stemlose vorm as *nkx*. Onder homorganiese nasale invloed word die radikale vorm *x* as *ngx* voorgestel (Doke & Vilakazi 2005:858; McLaren 1926:7-8).

5.1.4 Sintaksis van Xhosa-plekname

Soos in ander tale, kan plekname òf enkelvoudig òf saamgestel wees, m.a.w. uit een of meer komponente (elemente) bestaan, bv. *Thabankulu*, van *thaba*, ‘berg’, en *kulu*, ‘groot’, wat dus saamgestel is uit ’n generiese term wat die entiteitsoort aandui, en ’n spesifieke term wat die entiteit ondubbelsinnig binne die kommunikasie-konteks identifiseer, naamlik die *groot* berg. Dit blyk dat in die Xhosa-taal die generiese term gewoonlik vóór die spesifieke term geplaas word, bv. *uMzimkhulu*, glo ‘tuiste groot’ i.p.v. ‘groot tuiste’. Dit gebeur egter ook dat die spesifieke term voor die generiese term geplaas word, in welke gevalle die betrokke name dikwels aangepaste Boesman-name is, of name wat Boesman-invloed toon.

5.2 Xhosa-plekname wat Boesman-invloed toon

5.2.1 Beskrywende plekname

Blink

Blinkwater, eMtocwa

eMtocwa is die Xhosanaam vir die bolope van die *Blinkwater*rivier (Skead 2001:458). Vroeë opgetekende vorme van die naam sluit in *Umtoka* (Pringle 1834 in Skead 2001:458) en *iMtoka* (Hall se kaart 1856). Pahl (1981 in Skead 2001:458) meen die naam is van Khoi-khoi-oorsprong. Dit blyk dat *Blinkwater*(rivier) die vertaling van ’n ouer inlandse naam is waarvan *Umtoka*, *iMtoka* en *eMtocwa* aanpassings in Xhosa is. Die voorvoegsels *Um-*, *iM-* en *eM-* is die Xhosa klasmerkers. Gedagtig daaraan dat twee vokale langs mekaar nie in Xhosa geduld word nie, stem die komponent *-to-* ooreen met die Hie (C1) woord */khao*, ‘to shine’, (‘om te blink’) (Bleek 1956:311), waar die Hie (C1) dentale of alveolêre klapklank met velêre neweklank */k* deur die Xhosa ejektiewe dentale of alveolêre medeklinker *t* vervang is. In die variante *Umtoka* en *iMtoka* is die slotlid *-ka* vergelykbaar met die */Xam* (S1) woord */k’a*, die Auen (N1) woord *#ka:*, die Kung (N2) woord *ᵀlkã* en die */Nusan* (S6a) woord */a:*, ‘rivier’ (Bleek 1929:70; 1956:268); in

die variant *eMtocwa* is die lid *-cwa* vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!ko:a* en sy sinoniem *!kwa:*, ‘running water’, (‘lopende water’) (Bleek 1956:437; Raper 2021:159). Die verskuiwing van die serebrale klapklank *!* in Boesmans na die dentale tongslag *c* in die Xhosanaam *eMtocwa* word uitgewys.

Mooi

Mooirivier, iNqanqarhu

iNqanqarhu is die Xhosanaam vir die *Mooirivier* wat by Maclear verbyvloei en 13 km noordoos daarvan by die Tsitsarivier aansluit, en ook die Xhosanaam vir Maclear. Die naam is ook opgeteken as *Qanqaru*, *Qangaru*, *iQanqaru*, *iQkanqarhu* en *Nganparu* (Skead 2001:570). Die Afrikaanse naam *Mooirivier* is ’n vertaling van ’n Boesmannaam waarvan *Qanqaru* en variante die aanpassings is. Die komponent *i-* is die klasprefiks; die komponent *Qan-* is vergelykbaar met die /Nu//en (S6) woorde *!kãŋ*, ‘beautiful’, (‘pragtig’), *!k?ãŋ*, ‘pretty’, (‘mooi’), en aan die /Auni (S4) woord *_#kaĩ*, ‘pretty, pleasant’, (‘mooi, aangenaam’) (Bleek 1929:20; 1956:407, 655). In hierdie gevalle stem die Boesmanse serebrale en palato-alveolêre klapklanke met ejektiewe nasale effluks *!k̃* en *#k̃* ooreen met die Xhosa genasaleerde palatale klapklank *nq*. Die komponent *-qarhu* is verwant aan die /Xam (S1) woord */kãr̃u*, */kãnnu*, ‘waterhole, pool’, (‘watergat, kuil’); ook aan die woord *#houru*, ‘pond’, (‘poel, kuil’) (Bleek 1956:301, 744). Dit gebeur dikwels dat die inlandse naam vir ’n plaaslike, maklik uitkenbare entiteit (soos ’n watergat) mettertyd oorgedra word op die hoofstroom self. In die woord *#houru* is die tweeklank *ou* saamgetrek deur elisie van die klinker *o* om te voorkom dat twee klinkers naasmekaar in ’n woord staan.

Vorm

Krommerivier, Cowie, iQoyi

iQoyi is die Xhosanaam vir die *Cowierivier*, ’n sytak van die Koonap wat by Adelaide by die hoofstroom aansluit. Vroeëre optekeninge van die naam *iQoyi* sluit in *Thouhie* (1781), *Kowie* (1809), *Cowie* (1834), *Rooe* (1851), *Kowie* (1856), *Qohi* (1860), en

dan *iQoyi* (1915) (Skead 2001:663-4). Daar word beweer dat die naam 'tabakspyp' beteken, maar hierdie verklaring word deur prof. Herbert Pahl verwerp wat meen die naam is nie Xhosa nie (Skead 2001:663-4). 'n Ander verklaring van die naam, naamlik dat die *Cowierivier* vernoem is ter herinnering aan dr. Alexander Cowie, word betwyfel omdat die naam reeds in vroeë rekords voorkom, terwyl dr. Cowie eers in 1829 oorlede is. Aangesien Pahl meen die naam *iQoyi* en wisselvorme is nie Xhosa nie, soos hierbo uitgewys, is daar die moontlikheid van 'n Boesmanoorsprong met Xhosa-aanpassing en Afrikaanse vertaling. Die Hollandse naam *Kromme* verskyn as alternatief vir die naam *Kowie* op Arrowsmith se kaart van 1835. Die kronkelende gang van die rivier was die prikkel tot die Hollandse naam, en was blykbaar ook die rede vir die inheemse naam. Die voorvoegsel *i-* van die naam *iQoyi* is die Xhosa-klasprefiks; die lid *Qoyi* is fonologies en semanties vereenselwigbaar met die //N !ke (S2) woord $\bar{\text{ //kubbi}}$, 'crooked, bent', ('skeef, krom, gebuig') (Bleek 1956:591), waar die klapklank met velêre neweklank //k vergelykbaar is met die Xhosa velêre klapklank *K* of *C* in die variante *Kowie* en *Cowie*, en met die komponent *k"wa:i* van die /Xam (S1) woord *k"wa:i-s₂o*, 'crooked', ('krom') (Bleek 1956:127), waar die wisselbaarheid van *o*, *u* en *w* sigbaar is.

Tafelberg, eMnqwasi, umNqwazi

eMnqwasi is die naam van 'n berg omtrent 56 km noordnoordwes van Seymour in die Oos-Kaap, in 1915 as *umNqwazi* opgeteken (Kropf & Godfrey 1915:504). Die berg is in Afrikaans bekend as *Tafelberg*, en kom as *Loos Tafel Berg* op Wyld se kaart van 1844 voor. Pahl (1982 in Skead 2001:418) deel mee: "*umnqwazi* is a hat", ("*umnqwazi* is 'n hoed"), en voeg by dat die naam na die vorm van die berg verwys. 'n Namawoord vir 'hoed' is /*gawas* (Rust 1960:32), wat klankmatig ooreenstem met die stam *nqwaz* van die woord *umnqwazi*. Pahl se mededeling dat die naam gegee is na aanleiding van die vorm van die berg, en die beskrywende Afrikaanse naam *Tafelberg*, suggereer dat die berg genoem is omdat hy plat is, en dit lyk moontlik dat *Tafelberg* die vertaling is van 'n inlandse naam waarvan *eMnqwasi* of *umNqwazi* die Xhosa-aanpassing is. Die stam *Nqwa-* van die naam is vergelykbaar met

die Naron (C2) en //N !ke (S2) woord /ka:ba, 'flat', ('plat'), en met die /Xam (S1) woorde swa:, tsʔoa, tsʔwa, 'flat', ('plat') (Bleek 1929:39). Die verwisselbaarheid van o en w in die betrokke woorde word uitgewys. Die slotlid -si is soos die //N !ke (S2) suffiks -si, 'hierdie', wat ook voorkom in ≠Khomani (S2a), //Kxau (S2b), Auni (S4), Ki /hazi (S4b), Sesarwa (S5) en /Nu //en (S6) (Bleek 1956:168).

Hangklip, uLukhanji

uLukhanji, ook opgetreken as *Lukanji* (c. 1850), *Ulukanje* (1856), *uluKanji* (1915), *Lukhanzi* (1936) en *eLukhanji* (Skead 2001:275), is die Xhosanaam vir die berg *Hangklip* 15 km noordnoordwes van Queenstown. Skead voeg by dat herhaalde pogings om vas te stel waarom die berg *Hangklip* aan die Xhosa as *Lukhanji* bekend is, vrugtelos was, wat aandui dat die naam *Lukhanji* moontlik nie van Xhosa-oorsprong is nie, maar 'n aanpassing van 'n ouer Khoi-khoi- of Boesmannaam kan wees. Met weglating van die Xhosa-voorvoegsel of klasmerker (u)lu- blyk die stam van die naam *khanji*, *khanje*, of *khanze* te wees. Die komponent *khanji* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord #khaĩ, 'steep, slanting' ('steil, skuins') (Bleek 1956:660). Die segment *kha-i* kom in albei woorde voor; en die nasaliteit wat in die Boesmanwoord met 'n tilde aangedui word, is in die Xhosawoord as *n* gerealiseer. Die klank *j* is brugklank tussen *a* en *i*, ook met die gedagte dat die Boesman-tweeklank *ai* in die Xhosa-aanpassing saamgesmelt het tot *a* omdat twee klinkers langs mekaar nie in die Xhosataal mag voorkom nie. Die komponent -ze in die variant *khanze* stem ooreen met die //Xegwi (S3) woord že 'stone' ('klip') (Bleek 1929:80). Die komponente #khaĩ že word dan in Xhosa as *khanji* aangepas, en die betekenis 'steil klip' of 'skuins klip' word as 'Hangklip' uitgedruk.

Gatberg, Gatbergrivier, iNqu, /Nxu

Die *Gatbergrivier*, 'n sytak van die Tsitsa wat 33 km suidoos van Maclear en 17 km noordnoordwes van Tsolo by die hoofstroom aansluit, staan in Xhosa bekend as die *iNqu*. Die naam is ook opgeteken as *Inxu* (1856), *iNxu or Wildebeest R.* (1858), *inXu* (1880), *inQu* (1931), en *Gatberg Rivier* (Skead 2001:574). In die Xhosa-

ortografie word die laterale klapklank as *x* geskryf, en die palatale en serebrale klapklanke as *q*; in die Khoisantale word die laterale klapklank as // geskryf, die palatale klapklank as *ʃ*. en die serebrale klapklank as *!*. Die Xhosawoord vir ‘wildebees’ is *i-nqu*, dus met die klapklank *q* (McLaren 1926:231, 1936:115). As kommentaar is prof. Herbert Pahl (in Skead 2001:574) van mening: “*iNxu* may be Bushman, *iNqu* is Xhosa”; (“*iNxu* kan Boesmans wees, *iNqu* is Xhosa”). Die optekening *iNxu* or *Wildebeest R.* dui nie noodwendig aan dat *Wildebeest R.* die naam *iNxu* vertaal nie. Daar is twee moontlike verklarings; òf dat “*Inxu*, and also *Nxu*, both are attempts at *Inqu* ...”, (“*Inxu*, en ook *Nxu*, albei is pogings tot *Inqu* ...”) (Kington 1919:775), òf dat *iNxu* ’n ander betekenis het. Kington (1917:612) stel dit so: “*Inxu* It may be ... that the naming was quite independent ... and so ... the ... name does not refer to the gnu at all.”; (“*Inxu* Dit mag wees ... dat die benaming heeltemal onafhanklik was, ... en so ... verwys die naam glad nie na die gnu nie.”). Benewens die enkele optekening van *iNxu* or *Wildebeest R.* is daar nie ’n ander aanduiding dat die rivier *Wildebeesrivier* genoem is nie. Die alternatiewe naam vir die rivier is *Gatberg Rivier* (Skead 2001:574). Die *Gatberg*, waarna die rivier genoem is, het ook sy naam gegee aan die dorp *Maclear* (Skead 1973:129), aan die distrik *Gatberg* (Stanford, in Macquarrie 1958 1:132), en aan die rivier, *Nxu*. Dit blyk dat *Gatberg* en (*i*)*Nxu* (en variante) sinonieme is. Die letter *x* word in die Xhosataal gebruik om die laterale klapklank in skrif weer te gee, en in Khoisantale word hierdie klapklank met die simbool // geskryf, soos hierbo genoem. ’n Woord wat dus met die lid *Nxu* ooreenstem, is die Namawoord //hu-(s), ‘Loch’, (‘gat’) (Kroenlein 1889:180a15). Die vorm *iNqu* dui aan dat die klapklank in dié naam nie noodwendig verkeerd opgeteken is as die palatale of serebrale klapklank *q* nie, maar dat die vertaling in Afrikaans as *Gatberg*rivier tog korrek is. Die aanvangs *i-* is die Xhosa-klasprefiks; die lid *nqu* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *-!ku*, *-!ku:*, ook *-!khu* en *!kou*, ‘hole, cave, cleft’, (gat, grot, spleet’) (Bleek 1956:448). Daar is dus variabiliteit in klapklanke vir dieselfde woord of woorde in verskillende Boesman- en Khoi-khoitale, die palatale tongslag // in Nama, die serebrale tongslag ! in /Xam.

Kleur

Blourivier, iGqorha

Die naam *Blue River* word op sommige landkaarte aangegee vir die rivier *iGqorha* wat 13 km wessuidwes van Peddie by die iNgqushwa aansluit. Vroeë spelvorme vir die naam *iGqorha* sluit *Gqorha*, *Gqora*, *Gqola*, *Gorha*, *Quora*, *Goxa*, *Gora*, ens. in (Skead 2001:161). Die slotlid wat in die variantvorme voorkom as *-ra*, *-rha*, *-xa*, *-la*, is verwant aan die elemente *-ga* en *-xa* wat ook in ander riviername voorkom; die *r*, *rh* en *x* word as velêre frikatiewe uitgespreek, en *r* word reëlmatig deur *l* vervang. Indien die gewone patroon waar 'n Europese naam 'n inlandse naam vertaal, ook hier voorkom, is die eerste komponent *Gqo*, waar die serebrale klapklank deur *q* aangedui word, soos die Koranna *!noa*, 'blou' (Nienaber 1963: 475) en soos die Namawoord *#hoa*, 'blau', ('blou') (Rust 1960:11); die tweeklank word tot *o* saamgesmelt om te verseker dat geen twee klinkers langs mekaar in 'n Xhosawoord voorkom nie. Die *Gqo*, *Go* of *Quo* is ook vergelykbaar met die //K"au-//en (N1) woorde */gãu*, 'yellow, pale blue, green', ('geel, ligblou, groen') en */kãũ*, 'blue, bright green', ('blou, helder groen'), en met die /Xam (S1) woord *!kol'kóa*, 'blue green', ('blou-groen') (Bleek 1956: 276, 303, 446). In hierdie gevalle stem die Boesman serebrale of palato-alveolêre klapklank met ejektiewe neweklank, *!k*, ooreen met die Xhosa stemhebbende vorm van die palato-alveolêre klapklank, *gq*, wat aantoon dat *!ko-* met *Gqo-* ooreenstem, *g* synde verwisselbaar met *k*. Die Boesmannaam is in Xhosa aangepas deur die byvoeging van die voorsetsel *i-*, die vervanging van die klapklank *!* met die Xhosa *q*, en die *r* met *l* te vervang, soos in die variant *Gqola*.

Blaauwrivier, eMthuqwa

eMthuqwa is die Xhosanaam vir die *Blaauwrivier* 40 km oosnoordoos van Grahamstad. Die naam *eMthuqwa* word ook gebruik vir die *Blaauwrivier*-gebied en vir die plaas *Blaauwdrift* aan die wesoeer van die Groot-Visrivier, 9,5 km suidoos van Committee's Drift (Skead 2001:456). Die blou kleur waarna hierdie plekname verwys en wat tot die name aanleiding gegee het, is van die ontblote blou skalieklipplae van die omgewing. Pahl (1982 in Skead 2001:456) gee die betekenis van *mthuqwa* aan as 'tawny',

(‘donkergeel, taankleur’), en McLaren (1963) as ‘dun, tawny, fox-coloured’, (‘donkerbruin, donkergeel, voskleurig’). Skead (loc cit) se kommentaar hierop is dat “The colour tawny is not particularly appropriate to this area, whereas the name of Blaauwrivier with its ‘Blaauwdrift’ farm is most apt because of the blueish colour of the exposed shales”; (“Die kleur ‘tawny’, donkergeel of taankleurig, is nie juis van toepassing op hierdie gebied nie, terwyl die naam van die Blaauwrivier met sy plaas ‘Blaauwdrift’ besonder toepaslik is weens die blouerige kleur van die blootgestelde leiklip.”). Skead opper dus die vraag van semantiese ooreenkoms. Plekname is in die eerste instansie bedoel om ondubbelsinnige verwysing te bewerkstellig, en om iets wat blou is ‘tawny’, (‘donkergeel’) te noem, sou misleidenend wees, en dis presies wat plekname nie moet wees nie. Die naam *eMthuqwa* is ’n volksetimologiese aanpassing van ’n ander naam of woord wat soos die Xhosawoord *emthuqwa*, ‘tawny’, (‘donkergeel’), klink, sodat dit só vertolk is. Die oorspronklike naam moes egter ‘blou drif’ beteken het, of ‘blourivier’, in Nederlands vertaal as *Blaauw Rivier* of *Blaauwdrift*, ’n gevolgtrekking wat berus op die veelvoorkomende patroon waarvolgens ’n Nederlandse naam uit Boesmans vertaal is. Die komponent *eM-* van die naam *eMthuqwa* is die Xhosa-voorvoegsel of klasmerker; die lid *thu-* is vergelykbaar met die Auen (N1) woord /*kāū*, ‘pale blue’, (‘ligblou’) (Bleek 1956:276). Die geaspireerde alveolêre plofklank *th* stem ooreen met die alveolêre klapklank met stemhebbende of ejektiewe neweklank /*g* of /*k*, en die tweeklank *āu* is tot die sillabepiek *u* saamgesmelt omdat twee klinkers nie in die Xhosataal langs mekaar mag voorkom nie. Die komponent *-qua* van *eMthuqwa* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /*kwa*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:437). Die Xhosa palato-alveolêre klapklank *q* weerspieël die /Xam alveolêre klapklank *!*. *Blaauw Rivier* is dus die vertaling van *eMthuqwa*.

Bloedrivier, uMzimkhulu

Kropf en Godfrey (1915:208) beskryf die *uMzimkhulu* as: “A great river which has its source in the Drakensberg and forms the western boundary of Natal.”; (“’n Groot rivier wat sy bron in die Drakensberg het en die westelike grens van Natal uitmaak”). Daar word gewoonlik aanvaar dat die naam *uMzimkhulu* vir die

rivier wat die grens van die distrik uMzimkhulu in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal vorm, 'groot tuiste' beteken. Skead (2001:470) verskaf die betekenis van die naam soos volg: "The name means large home, viz. *umzi*, home etc., and *mkhulu*, large."; ("Die naam beteken 'groot tuiste', nl. *umzi*, tuiste ens., en *mkhulu*, groot."). Elders teken Skead (2001:861) egter aan: "Holt 1959:21 states that Henry Francis Fynn Diary 98, 130, 'gives it the alternative name of the 'Bloody River' but does not say why' i.e. for the Umzimkhulu River."; ("Holt 1959:21 konstateer dat Henry Francis Fynn (Dagboek 98, 130) dit die alternatiewe naam van 'Bloody River' gee, maar sê nie waarom nie, d.w.s. vir die Umzimkhulurivier."). Die rede vir Fynn se alternatiewe naam 'Bloody River' kan teruggevind word in Boemanwoorde wat met die komponente van die naam uMzimkhulu en die betekenis van 'bloedrivier' ooreenstem. Die aanvangslid *uM-* is die Xhosa-klasprefiks; die lid *-zim* is vergelykbaar met die Auen (N1) woord /ī, /iŋ, 'blood', ('blood') (Bleek 1929:22; 1956:292), waar die dentale of alveolêre suigklank met nasale neweklank (met die tilde ~ en ŋ gerealiseer) deur die Xhosa stemhebbende *z* verteenwoordig word. Gedagtig daaraan dat die primêre oogpunt van 'n pleknaam die geredelike identifisering van die benoemde entiteit is, is dit waarskynlik dat die komponent *-khulu* eerder na 'n maklik uitkenbare stuk van die rivier, soos 'n watergat of drif, sou verwys, eerder as na die hele rivier. Die komponent *-khulu* is dan vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *#hauru*, 'watergat, poel, kuil' (Raper 2021:107), waar die /Xam palatale klapklank ≠ deur die Xhosa velêre medeklinker *k*, en die /Xam *r* deur die Xhosa *l* vervang word, en die tweeklank *au* tot *u* ingekort word.

Roode Wal, eKukawusi

eKukawusi is die Xhosa-aanpassing van die naam *Cookhouse* of *Kookhuis*, 'n dorp ongeveer 170 km noord van Port Elizabeth en 24 km oos van Somerset-Oos, op die westelike oewer van die Groot-Visrivier, wat tot 1819 die oostelike grens van die Kaapkolonie gevorm het. Etlieke verklarings vir die oorsprong van die naam is opgeteken, naamlik dat dit na 'n klein kliphuis verwys wat vir kosvoorbereiding en skuling gebruik is deur troepe wat op die oewer gekampeer het; dat die naam na die warm klimaat

verwys wat die troepe daar moes verduur wat daar gestasioneer was (Raper *et al* 2014:77); en dat dit verwys na 'n ou Hollandse dame wat bekend was vir haar uitsonderlike kookvernuif (Skead 2004:245). Dit blyk egter dat die Engelse naam *Cookhouse* eintlik 'n vertaling van die Afrikaanse naam *Kookhuis* is, wat in 1803 opgeteken is (Skead 2001:245); albei name, *Cookhouse* en *Kookhuis*, is amptelik deur die Nasionale Pleknamekomitee (1978:47) goedgekeur. Dan is daar ook die Xhosanaam *eKukawusi* wat gewoonlik beskou word as die Xhosa-aanpassing van *Cookhouse*; die aanvangsvokaal *e-* is die klasmerker, en die slot *-i* die agtervoegsel. 'n Opmerking deur Skead (2001:245) werp nuwe lig op die saak en verskaf die oplossing, naamlik: “Cookhouse was formerly named *Rood Wal*”, (“Cookhouse is vroeër *Rood Wal* genoem”), en “The early Dutch name was *Roode Wal* (Red Bank).”; (“Die vroeë Hollandse naam was *Roode Wal*.”). In feite blyk dit dat *eKukawusi*, *Cookhouse* en *Kookhuis* almal aanpassings is, laasgenoemde twee volksetimologies, van 'n veel ouer naam, en dieselfde betekenis het, naamlik ‘rooi wal’. Die komponent *Koo-* en *Coo-* van die name *Kookhuis* en *Cookhouse*, is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /*ko:wa*, ‘to be pale, red’, (‘om bleek, rooi te wees’) (Bleek 1956:321), asook met 'n Korannawoord vir ‘rooi’, naamlik *kx'awa* (Wuras in Nienaber 1963:432). Die komponente *-khuis* van *Kookhuis*, *khous* van *Cookhouse* en *kawu* van *eKukawusi* is fonologies vergelykbaar met die Namawoord *!haus*, ‘*Felsbank*’, (‘klipbank, rotsbank’) (Kroenlein 1889:156a42), en die !O !kun (N3) woord *!ku*, ‘bank of river’, (‘oewer van 'n rivier’) (Bleek 1956:448), ook met die //ǀ word *!ke* (S2) woord *ˀ/u*, ‘wall’, (‘muur, wal’) (Bleek 1956:358).

Swarthoogte, kwaKalabhoyi

eKalabhoyi of *kwaKalabhoyi* is die naam van 'n berg 21 km wes van Grahamstad in die distrik Albany; die berg is ook as Highlandsberg bekend. Dit is die tweede hoogste punt in die distrik, en die westelike hang daarvan heet *Swarthoogte*. Hoewel die naam *kwaKalabhoyi* goed bekend is, kon niemand volgens Skead (2001:211) 'n geloofwaardige verklaring van die oorsprong van die naam gee nie. Soos in soveel gevalle waar allonime uit verskillende tale vir dieselfde entiteit bestaan, is hier sprake

van vertaling en aanpassing. *Swarthoogte* is die vertaling van *kwaKalabhoyi*. Die komponent *kwaKa-* is wat klank en betekenis betref soos die /Xam (S1) woorde /*hoaka*, /*hoa:ka*, 'black', ('swart') (Bleek 1929:22; 1956:289). 'n Ander moontlikheid is dat die lid *kwa* soos die /Xam (S1) woord *k"o:a*, 'swart' is (Bleek 1956:124), en die lid *Kalabhoyi* 'n aanpassing is van die Hadza (C3) woord //ullejaba, //ulle-jabe, 'hill', ('heuwel, hoogte') (Bleek 1956:628, 724).

Swartkop, Songa, Zungah

Zungah, ook opgeteken as *Songa* en *KwaZungah*, is 'n inlandse naam vir *Swartkop*, die heuwel wat die Swartkopsrivier sy naam gee. Hierdie heuwel is op die plaas *Zungah* nr. Uit. Q 15-8, waar die Swartkopsrivier ontspring (Afdelingskaart 1890 Uitenhage). Opmetingskaart 1964 gee die riviernaam aan as "*Songa River*". Die Pleknamekomitee besluit om die naam te spel "Kwa-Zunga:", en so is die Swartkopsrivier aangedui tot by sy samevloeiing met die Elandsrivier (Topografiese kaart 1973 vel 3324 Port Elizabeth). Nienaber en Raper (1980:766) wys uit dat, hoewel blykbaar aanvaar is die naam *Zunga* en variante van Xhosa-oorsprong is, dit tog "Khoekhoens" is. Hulle voer aan: "Mens vermoed 'n verband tussen *Zungah* en *Swartkop*/Swartkopsrivier. 'Swart' is in Ou-Kaaps *t'nu*, in Nama *ʔnū*. Die *Zun-* van die naam *Zunga* moet hiermee saamstem indien *Swartkop* 'n vertaling is van *Zungah*, en die *-gah* moet klop met 'kop' of 'piek', maar uit ons voorraad kan ons dit nog nie oortuigend waar maak nie. ... By naampare vir ou plekke is die Afrikaanse (of Engelse) naam gewoonlik 'n vertaling van die ou inlandse naam. In die geval van *Zungah* kan ons dit nie uit Ou-Kaaps of Nama bewys nie, maar reken met die moontlikheid dat dit nieteenstaande nie uitgesluit is dat *Swartkopsrivier* 'n vertaling van *Zungah* is nie.". Die soektog na Boesman-invloed wys uit dat *Zungah* en *Songa* blykbaar variantspellings van dieselfde naam is;. Die klinkers *u* en *o* is verwisselbaar; soos Bleek (1956:246) dit stel: "the back half close vowel phoneme *u* is variously heard as *u* or as *o*"; ("die agter half-geslote klinkerfoneem *u* word verskillend as *u* of as *o* gehoor"), so ook die stemhebbende en stemlose alveolêre frikatiewe *z* en *s*. Die lid *Zu-* van *Zungah* en die *So-* van *Songa* is vergelykbaar met die Auen (N1) woord *ʔžo:*, die Kung (N2) woord *ʔdžo:*, die !O !kun

(N3) woord *_džo:*, die //N !ke (S2) woord */go:*, ‘black’, (‘swart’), sowel as met die Naron (C2) woord */nu* ‘night, dark, black’, (‘nag, donker, swart’) (Bleek 1956:280, 351), en die Hie (C1) woord *džunje*, ‘black’, (‘swart’) (Bleek 1929:22). Die komponent *-ga* of *-gah* van die naam *Zunga(h)* is fonologies en semanties vergelykbaar met die Hadza (C3) woorde *!a*, ‘hill’, (‘keuwel, kop’), en *//a*, ‘stone, hill’, (‘klip, kop’) (Bleek 1956:369, 514). Die naam *Swartkop* is dus ’n regstreekse vertaling van *Zungah* en *Songa*, terwyl in die geXhosaiseerde variant *Kwa-Zungah* die komponent *Kwa-* nie die persoonlike lokatiewe voornaamwoord ‘plek van (Zunga)’ is nie, maar ’n aanpassing van die /Xam (S1) woord *k”o:a*, ‘black’, (‘swart’) (Bleek 1956:124), ’n semantiese reduplikasie van *Zu* wat die leksikale betekenis van die naam behou selfs nadat die oorspronklike Boesmannaam vergete geraak het.

Swartkop, Qhagqiwa

Qhagqiwa is die Xhosanaam vir die *Swartkopsrivier* wat die Indiese Oseaan omtrent 11 km noordnoordoos van Port Elizabeth binnevloei. Die rivier kry sy naam van die kop, *Swartkop*. Die Xhosanaam *Qhagqiwa*, ook opgeteken as *iQuagqiwa* en *Quagquiwe*, is glo uit die Khoi-khoi aangepas en beteken ‘melkhoutboomrivier’, met verwysing na die *Sideroxylon inerme*, waarvoor die Xhosanaam *umqwashu* is. Verdere ontleding van die naam toon egter dat *Qhagqiwa* die Xhosa-aanpassing van ’n ouer inlandse naam is waarvan *Swartkop* die vertaling is. Die lid *Qha-* van die variant *Qhagqiwa* is soos die Sesarwa (S5) woord */k”a*, ‘black’, (‘swart’) (Bleek 1929:22; 1956:337). en die lid *Qua-* of *Qhagqi* van die variante *iQuagqiwa* en *Quagquiwe* soos die Xam (S1) woord */koakən*, */hoa:ka*, ‘black’, (‘swart’) (Bleek 1929:22, 1956:289). Die komponent *-wa* is vergelykbaar met die Auni (S4) woord *//wa*, en die Hie (C1) woord *//gwa*, ‘hill’, (‘heuwel, kop’) (Bleek 1956:536, 629). *Swartkop* is dus lid vir lid die vertaling van die naam *Qhagqiwa*.

Swartwaterrivier, Umnqunyana

Die *Swartwaterrivier* is ’n sytak van die Bushmans-rivier in die Oos-Kaap. Dit ontspring noord van die Swartwatersberg en vloei deur die Swartwaterspoort om onderkant Doringkom by die

hoofstroom aan te sluit. Die Xhosanaam vir die *Swartwatersrivier* in *Umnqunyana*, wat in die verlede verklaar is as synde afgelei van die Xhosanaam vir die wilde-olyfboom *Olea africana* (Raper *et al* 2014:483-484). Dis egter waarskynliker dat die riviernaam die aanpassing is van 'n ouer Boesmannaam wat 'swart water' beteken. So 'n verklaring word ook ondersteun deur die oorwig van die komponente 'swart water' in die name van die rivier, die berg en die poort. Die lid *Um-* van die naam *Umnqunyana* is die Xhosa-voorvoegsel of klasmerker; die lid *nqu*, waar die *q* die Xhosa ortografiese voorstelling van die palatale klapklank \neq is, is fonologies en semanties vergelykbaar met die Namawoord $\neq nu$, 'schwarz', ('swart') (Rust 1960:55), en die /Xam (S1), Kung (N2), Naron (C2) en Tsaukwe (C2a) woord $\neq nu$, 'to be black, dark', ('om swart, donker, te wees') (Bleek 1956:674). Die lid *-nyana* sluit ook duidelik by Boesmanwoorde vir 'water' aan, en kan vergelyk word met die Sesarwa (S5) woorde //gāna, 'waterhole'; //k"anna, 'water', 'waterputs'; en //gwana, 'n Masarwa waterput' (Bleek 1929:99; 1956:537, 603, 537). Die tweeklank *ny* in die lid *nyana* is wat McLaren (1926:9) die "inspired palatal consonant", ("ingeasemde palatale medeklinker") noem, wat sou ooreenstem met die Boesman retrofleks frikatiewe klapklank $!!$, in welke geval die komponent *nyana* ooreenstem met die Kung (N2) woord $!!ka\tilde{a}$, 'riverbed', ('rivierbedding') met sy sinoniem $!!ka\tilde{a}$, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:506), waar die tilde op die tweede \tilde{a} die nasaliteit weerspieël van die *n* in die woord *nyana*, en die glottale \tilde{a} in die woord $!!ka\tilde{a}$ aantoon dat die woord tweelettergrepig is, soos *nyana*.

Vaalrivier, iLigwa

Verskeie name vir die Vaalrivier hou verband met die kleur van die water, soos die Afrikaanse naam Vaalrivier self, wat volgens Nienaber (1963:487) 'n vertaling is van die Koranna *T'ky-gariep* of *Ky-gariep*, van die Korannawoord /*hei* of /*hai*, 'grys, geel'. 'n Artikel in die *Eastern Province Herald Monthly Magazine* (1/8 1857:433) gee: "... the Vaal, or Ky, or Yellow Gariep (Namagare or Likwa)". Hierdie mededeling toon ook dat die begrip van 'geel' deur die lid *Ky* (of *T'ky*) gedek word. Dit blyk dat die komponente wat as *T'ky-* en *Ky* geskryf is, ook ooreenstem met die /Xam

(S1) woord /*kāi*, /*kei*, ‘groen, geel, helder’ (Raper 2021:30), wat eintlik nader aan die pleknaamkomponent is deur die klapklank met velêre neweklank /*k* te vertoon eerder as die geaspireerde neweklank /*h*. Dat woorde soms na meer as een kleur kan verwys, blyk ook uit die /Xam (S1) woorde /*ka:in*, /*ka:inja*, /*keinja*, /*kāi*, /*kei*, ‘groen, geel, helder’ (Raper 2021:30), wat weer die oplossing bied vir die Xhosanaam vir die Vaalrivier, naamlik *iLigwa*, ook *eLigwa* gespel (Skead 2001a:260). Die komponente *Li-*, *iLi* en *eLi* is die Xhosa-klasprekiks, en die stam van die naam is *-kwa* of *-gwa*. Dit sluit klankmatig en wat betekenis betref goed aan by *coua*, waarvan Andrew Smith (1835 in Kirby 2 1940 :283) geskryf het: “The Bushmen called the Vaal River *cuoa*.”; (“Die Boesmans het die Vaalrivier *cuoa* genoem.”). Die stam *-gwa* van *iLigwa* of *eLigwa* stem wat klank, spelling en betekenis betref ooreen met hierdie woord *cuoa*, en met die Kung (N2) en !O !kunj (N3) woord *!gwa*, ‘green’, (‘groen’) (Bleek 1956:390), wat soos hierbo aangedui, ook die woord kan wees vir ‘geel’ en ‘vaal’.

5.2.3 Plekke na plantsoorte vernoem

Bosrivier, KwaKomani

Kropf & Godfrey (1915:501) het opgeteken dat *KwaKomani* die Xhosanaam vir Queenstown is; tans is die amptelike vorm *Komani*. Die naam is afgelei van dié van die *uKomani*, die rivier waaraan die stad geleë is. Vir hierdie rivier is ook die name ‘*Bonkolo*’, ‘*Xomana or Borkolo River*’; ‘*Homana or Bush R.*’; ‘*Bush or Komane River*’, en ‘*Kowana or Bonkolo R.*’ opgeteken (Skead 2001a:237). Stanford (in Macquarie 1 1958:8) deel mee dat *kwaKomani* genoem is na Komani, “a Tembu who before the war of 1850 had his kraal or village where Queenstown now stands.”; (“’n Temboe wat voor die oorlog van 1850 sy kraal of stat gehad het waar Queenstown nou staan.”). Dis egter te betwyfel of ’n welbekende persoonsnaam soos Komani binne dieselfde dekade ook as *Xomana*, *Homana*, *Komani*, *Kowana* en *Bonkolo* opgeteken sou word. Die verskeidenheid van spellings van die naam van die rivier weerspieël eerder pogings om die uitspraak van ’n ouer inlandse naam in skrif weer te gee. Die sleutel tot die verklaring van sy betekenis is die vertaling van dié naam as *Bush River*,

Bosrivier. Namawoorde vir ‘bos’ sluit in /*homa(s)*, ‘*der Busch*’, (‘bos’) (Kroenlein 1889:167b49), wat taalkundig aansluit by die spellings *Homana*, *Xomana* en *Komani*, en /*gowo*, ‘*dickbuschig sein*’, (‘ruig wees’) (Kroenlein 1889: 115b7), wat aansluit by die variant *Kowana*. Die komponent *Koma* is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!ko-a*ɛ, ‘bush, asbos, (also) used by Bushmen for stopping earths’; (‘bos, asbos, (ook) deur Boesmans gebruik om grond te stop’) (Bleek 1956:437); die tweeklank *o-a* word in die lid *Koma* en variante aangepas deur die invoeging van die brugklanke *-m-* en *-w-* om die voorkoms van twee klinkers langs mekaar te voorkom. Aangesien die naam primêr dié van die rivier is, is die komponent *-na* waarskynlik verwant aan die Namawoord *!ab*, ‘*Fluss*’, (‘rivier’) (Rust 1960:22). Die prefiks *Kwa* in die naam *KwaKomani* is nie die Xhosa lokatiewe voorvoegsel wat gewoonlik met persoonsname gebruik word nie, maar ’n aanpassing van die /Xam (S1) woord *!kwa*:ɛ, ‘bush’, (‘bos, ruigte’) (Bleek 1956:437). Die komponent *Bo-* van die naam *Bonkolo* stem moontlik ooreen met die /Xam (S1) en //ǀ *!ke* (S2) woord *ǀbo*, *ǀpo*, *ǀho*, ‘tree, bush, wood’, (‘boom, bos, hout, woud’), en die ≠Khomani (S2a) woord *ǀgo*, ‘wood’, (‘hout, woud’) (Bleek 1956:682). Die lid *-ni* in *Komani* is waarskynlik soos die /Xam (S1) woord *ǀi*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:292; Raper 2021:102), wat meermale as fluviale suffiks voorkom.

Geelhoutsrivier, iNcemerha

Die naam *Cammacha* is in 1752 deur Beutler vir die hedendaagse *Geelhoutsrivier* opgeteken as ‘Yellowwoods River’ (Forbes 1965:20). Arrowsmith se kaart van 1848 gee “Kameka or Yellowwood”, Hall se kaart van 1856 gee “Kamka or Yellowwood River”, ook opgeteken as *Kameka* en *Kamka*, en in Xhosa aangepas as *iNcemerha*. Pettman (1931:37) meen die naam *Kamka* “appears to have reference to the lion, (*xami*, a lion; *!ab*, a river).”; (“blyk om na die leeu (*xami*, leeu; *!ab*, rivier) te verwys.”). Nienaber en Raper (1977:270) is van mening dat dit waarskynliker is dat die Engelse naam *Yellowwoods* ’n vertaling van *Cammacha* is: “van sulke letterlike vertalings het ons oorfloedige voorbeelde, in eerste plek van rivier- en stroomname wanneer hulle redelik oud is”. Hulle beskou die komponent *-cha* as die Nama-agtervoegsel

5. Xhosa

-xa, 'ryk aan, volop van', en voeg by: "Ons moeilikheid is dat die Ou-Kaapse woord vir 'geelhout' nie opgeteken is nie". Die naam *Geelhoutsrivier* bestaan uit drie elemente, 'geel', 'hout' en 'rivier'. Die naam *Cammacha* bestaan uit ook drie dele, naamlik *Ca* (of *Ka*, indien die opgetekende spelling as *Kameka* ook in aanmerking gebring word), *mma* (of *me*), en *cha* (of *ka*). Indien *Geelhoutsrivier* wel die inheemse naam vertaal, is die komponent, *Ca-* of *Ka-* fonologies vergelykbaar met die Hie (C1) woord /a, 'yellow', ('geel') (Bleek 1929:94), sowel as met die Ki /hazi (S4b) woord /a, 'yellow', ('geel') (Bleek 1956:369), en met die Kung (N2) en !O!kung (N3) woord /kaŋ, 'yellow', ('geel') (Bleek 1929:94). Wat die Xhosa-variant *iNcemerha* betref, is die aanvangskomponent -i die klasmerker, die lid -Nce is blykbaar 'n aanpassing van die Kung (N2) woord -te, met sy sinoniem /kaŋ, 'green, yellow', ('groen, geel') (Bleek 1929:44, 94). Dit verduidelik hoe die lid *Ka-* van *Kameke* kan ooreenstem met die lid *Nce-* van *iNcemerha*; albei is afgelei van sinonieme in die Kung-taal. Die komponent -me in *Kameka* en *iNcemerha* is vergelykbaar met die /Auni (S4) woord *omwe*, 'wood, tree', ('hout, boom') (Bleek 1929:87), waar die stemhebbende bilabiale konsonant *m(m)* the bilabiale klapklank met nasale neweklank *omw* verteenwoordig; die komponent -rha is vergelykbaar met die Khatia (S4a) woord /a., die /Xam (S1) woord /ka, 'river', (rivier'), en die Auen (N1) woord #ka., 'riverbed', ('riverbedding') (Bleek 1956:268, 295, 653). Dus lid vir lid 'Geelhoutrivier'.

Rietrivier, iNcasa

iNcasa is die Xhosanaam vir die *Rietrivier* op die plaas Rietfontein, nou Glendower, 9 km wessuidwes van Port Alfred. Skead (2001:478) deel mee dat die naam afkomstig is van die riete (*Phragmites australis*) wat die stroom verstopt. Dit blyk dat *Rietrivier* hier die vertaling van 'n Boesmannaam is waarvan die Xhosanaam *iNcasa* 'n aanpassing is. Die anlaut *i-* is die Xhosa voorvoegsel of klasmerker; die komponent -nca- is vergelykbaar met die //N!ke (S2) woord /ã, 'reed', ('riet') (Bleek 1956:748); die nasale vorm van die dentale klapklank in Xhosa, *nc*, stem ooreen met die Boesman dentale klapklank met nasale effluks, /ñ, sodat /ã en *nca* op dieselfde wyse uitgespreek word. Die lid -sa van die naam

iNcasa stem ooreen met die /Nusan (S6a) woord /a:, 'rivier' (Bleek 1956:268), waar die stemlose alveolêre frikatief *s* van Xhosa die Boesmanse alveolêre frikatiewe suigklank / weerspieël. *iNcasa* stem dus semanties en fonologies ooreen met 'Rietrivier'.

Rietveld, Inyarha, Nyara, Kaga

Kaga, ook opgeteken as *Nyara*, is die Xhosanaam vir die rivier wat Forbes (1965:20a) geïdentifiseer het as die *Rietrivier*, 'n sytak van die Koonaprivier. Beutler (1752 in Godée Molsbergen III 1922:324) het melding gemaak van "een rivier door de Bosjesmans Aga ofte Rietveldt genaamt"; ("n Rivier wat deur die Boesmans Aga of Rietveldt genoem word."). *Kaga* is die gevelariseerde vorm van *Aga*; die Xhosaname *Nyara* en *iNyara* dui onregstreeks 'n klank as anlaut aan; McLaren (1926:9) beskryf die *ny* as die "inspired palatal consonant", ("ingeesemde palatale medeklinker") wat met die palatale klank ≠ ooreenstem. Nienaber en Raper (1977:170-171) stel die aanvangskomponent van die naam, *A-* of *Ka-*, gelyk met die Namawoord *ḫā* = 'riet', en die tweede lid, *-ga*, met Nama *!ab* 'rivier', "anders, en miskien beter, as die vorm van wat in Nama sal wees *ḫAxa-b*, d.w.s. *ḫā* = 'riet', *-xa-* vir 'baie, volop aan', en lokatief *-b*, die 'Plek van baie riete', of 'Rietveldt'." Beutler stel dit duidelik dat *Aga* 'n Boesmannaam is wat 'Rietveldt' beteken. Die lid *A-* is gelyk te stel met die Auen (N1) woorde *ḫa:* en *ḫā:*, 'reed', ('riet') (Bleek 1956:640), en die //N!ke (S2) woord /ā, 'reed', ('riet') (Bleek 1929:69); die lid *-ga* van die naam is vergelykbaar met die //N!ke (S2) woord *!kā* en die Naron (C2) woord *ḫka:*, 'veld', en met die *ḫKhomani* (S2a) woord /gāɛ 'harde veld' (Bleek 1929:89; 1956:273).

5.2.4 Plekke na diere vernoem

Bobbejaan

Baviaansrivier, iNcwama, Quamma

Die *Baviaansrivier* wat die Groot-Visrivier 20 km wes van Bedford binnevloei, staan in Xhosa bekend as *iNcwama*, ook as *Quamma* opgeteken (Skead 2001:54-55). Volgens Pahl (in Skead 2001:54) is hierdie inlandse naam afgelei van die dialektiese woord *ingcwam*,

'bobbejaan', wat aandui dat die Xhosa en Afrikaanse name dieselfde oorsprong of betekenis het. Dit blyk dat die Xhosanaam 'n aanpassing kan wees van, of ooreenstem met, die /Auni (S4) woord //nwaan, 'bobbejaan' (Bleek 1956:623). Die laterale klapklank met neweklank //n van die woord //nwaan is fonologies vergelykbaar met die Xhosa stemhebbende vorm van die dentale klapklank wat deur die nasale *n* voorafgegaan word, *ngc* in die stam *ngcwam*, ook aangepas as *quam*, waar die konsonant *q* die Xhosa palato-alveolêre klapklank verteenwoordig. Die slot *-m(m)a* dui die nasaliteit aan; die Boesman velêre nasaal *ŋ* neem dikwels die vorm *m* aan (Bleek 1956:131), en die slot *-a* is miskien die verpligte vokaal aan die einde van 'n selfstandige naamwoord of eienaam in Xhosa, maar waarskynlik die /Nusan (S6a) woord /a; 'rivier', sodat die Xhosa-aanpassings *iNcwama* en *iQuamma* dieselfde betekenis as *Baviaansrivier* het in beide die spesifieke en generiese komponente terme.

Baviaansrivier, eTyathanga

eTyathanga is die Xhosanaam van 'n drif in die Baaviaansrivier in die distrik Bedford, in Engels bekend as *Chain Drift* en in Afrikaans as *Kettingdrif*. Skead (2001:880) verduidelik: "So called because a farm gate there had a heavy chain stretched across its central line to deter bulls in an adjacent camp from horning it open. The chain on the gate was still there in the 1930's. The Xhosa name reflects a Xhosaisation of the Afrikaans word 'ketting' for a chain."; ("So genoem omdat 'n plaashek daar 'n swaar ketting oor sy middellyn gehad het om te voorkom dat bulle in 'n aangrensende kamp dit met hulle horings oopstoot. Die ketting was in die 1930's nog daar. Die Xhosanaam weerspieël 'n verXhosaisering van die Afrikaanse woord 'ketting'.'). Die waarskynlikheid is uitgewys dat die drif eerder sy naam van die rivier gekry het waar dit gekruis word, naamlik die Baviaansrivier, Hollands vir 'Bobbejaanrivier', Die lid *e-* van die naam *eTyathanga* is die Xhosa-klasmerker; die komponent *Tyathan-* is 'n fonologiese aanpassing van die /Xam (S1) woord //xettən, 'baboon, unusual name', ('bobbejaan, ongewone naam') (Bleek 1956:635), en die slot *-ga* beteken 'drif', 'n woord wat ook in die name *Haragas Drift*, 'Korhaansdrif', *Prieska*, *Presocas-drift*, 'bokdrif' en so meer voorkom. *eTyathanga*

beteken dus letterlik 'Bobbejaandrif', vertaal en aangepas van die /Xam woord //xettən, volksetimologies aangepas as 'ketting' in die naam 'Kettingdrif', en in Engels vertaal as 'Chain Drift'.

Dassieklip, eDontsa

eDontsa is die naam van 'n heuwel op die plaas Woodbury, voorheen Klipgat, 42 km suidwes van Grahamstad, en van "a rocky ridge running towards Dassie Klip. ... Mr Guybon Slater confirmed that the rocky ridge on Woodbury running towards Dassieklip is called Dontsa."; ("n rotsagtige rif wat in die rigting van Dassie Klip loop. Mnr Guybon Slater het bevestig dat die klipperige rant wat na Dassieklip loop, Dontsa genoem word."). (Skead 2001:119). Dit blyk dat Dassieklip die vertaling van *Dontsa* of *eDontsa* is. Die aanvangsvokaal *e-* is die klasprefiks, die lid *Don* stem fonologies ooreen met die /Xam (S1) /on, 'rock rabbit', ('dassie, rooihaas') (Bleek 1956: 356), ook met die Ou-Kaapse woorde *k'on* (1691), i.e., /on; *k~on* (1708) i.e. /kon (Nienaber 1963:243), waar die alveolêre medeklinker *D* die klapklank verteenwoordig. Die //Ku //e woord *d=ɔ*, 'rock hare', ('dassie', rooihaas') (Bleek 1956:26, 749), is ook fonologies na aan die lid *Do(n)*, maar sy sinonieme /āuŋ en /'ōu, 'rock dassie', ('klipdas, klipdassie') (Bleek 1956: 372), vertoon die wisseling tussen *o*, *ou* en *au*, en die tilde wat in die lid *Don-* met die nasale *n* verteenwoordig word. Ander woorde wat hiermee vergelyk kan word, is die Nama woord /ōu-, *Hyrax*, 'dassie'; die /Xam (S1) woord /hun, 'rock rabbit, dassie, *Procavia capensis*', en die //Ku //e (S2c) woord *d'o*, 'rock rabbit', ('dassie, klipdassie') (Bleek 1956: 290, 26). Die Naron (C2) woorde /āuŋ, ook /auŋ, word aangegee vir 'rock dassie', 'rock rabbit, dassie', en 'rock hare', ('klipdas'). Die komponent *-tsa* van die naam *Dontsa* toon fonologiese ooreenkomste met die //N !ke (S2) woord #kā: 'ridge of rocks, *krans*', ('rotsrif, *krans*'), wat as 'klip' in die vertaling voorkom (Bleek 1956: 653), in welke geval die alveolêre affrikate tweeklank *ts* die dentale of alveolêre *tongslag* ≠ verteenwoordig.

Hartebeestkop, Hartbeeskop, Nqamakwe

'n Voorbeeld van hoe die naam van een entiteit op 'n ander entiteit oorgedra kan word en in vertaalde vorm die betekenis van die naam bewaar, is *Nqamakwe*. Dit is die naam van 'n gehug omtrent

5. Xhosa

24 km wesnoordwes van Butterworth en 40 km oossuidoos van Cofimvaba. Net noord van Nqamakwe is Hartbeeskop, 'n naam met dieselfde betekenis as Nqamakwe. Die komponent *Nqama*-stem fonologies en semanties ooreen met die Hie (C1), Naron (C2) en Nogau (N1a) woord //kama, die Nama woord //kamab, die Naron (C2) woord //xama, //xamaba, en die Sehura (C1a) woord #kama, 'hartbees' (Bleek 1956:555, 632, 656). Die letter *x* word in die Xhosataal gebruik om die laterale klapklank in skrif weer te gee, en die *q* vir die serebrale en alveolêre klapklank, sodat die Sehura (C1a) woord #kama, waar die simbool # die palatale of alveolêre klapklank uitdruk, fonologies die naaste aan die Xhosanaam *Nqamakwe* sal wees, tans gestandaardiseer as *Ngqamakwe* en ook as *Ngamakwe* opgeteken. Die lid *-kwe* is soos die Kung (N2) woord *kwe*, 'plek' (Bleek 1956:112).

Katrivier, iNcwenxa, Ngcwe

Die Xhosanaam vir die *Katrivier* is *Ngcwe*, ook as *iNcwenxa* opgeteken, wat na die Kaapse wildekat, *Felis lybica*, verwys. Die komponent *ngcwe*- of *ncwe*- is fonologies en semanties vergelykbaar met die !O !kung (N3) woord #noe, 'wild cat', ('wildekat') (Bleek 1956:673), waar die wisseling van *o* en *w* waargeneem kan word, en die Xhosa genasaleerde klapklank *ngc* of *nc* die !O !kung palatale klapklank met nasale neweklank #n ooreenstem. Die slotkomponent *-ngxa* of *-nxa* van die Xhosariviernaam stem weer ooreen met die die *Khatia* (S4a) woord /a:, die /Xam (S1) woord /ka, 'rivier', en die Auen (N1) woord #ka:, 'rivierbedding' (Bleek 1956:268, 295, 653), sowel as die Kung (N2) woorde ~!kã, 'rivier' (Bleek 1929:70) en !!kaã 'rivierbedding' (Bleek 1956:749).

Olifantskloof, KwaNtlambo

KwaNtlambo is die Xhosanaam van die plaas *Olifantskloof* geleë aan die Visrivier (Fish River Rand), 32 km noordwes van Grahamstad, glo vernoem na 'n Xhosakaptein met die naam *uNtlambo* (F. Bowker in Skead 2001:596); die lid *kwa* is blykbaar vertolk as die plekaanduidende voorvoegsel wat gewoonlik met persoonlike eiename gebruik word, dus 'die plek van (Ntlambo)'. Aangesien plekname gewoonlik onder die oudste name in 'n taal

is, bestaan die moontlikheid dat die naam *KwaNtlambo* ouer is as die Xhosakaptein *uNtlambo*, en 'n wanvertolking kan wees van 'n ouer inlandse pleknaam waarvan *Olifantskloof* die vertaling is. Die komponent *kwa-* stem fonologies en semanties ooreen met die Hukwe (C2b) woord *kwa*, 'elephant', ('olifant') (Bleek 1956:109), en die stam *tlamb* is vergelykbaar met die Namawoord *//hab*, 'Kluft', ('kloof') (Rust 1960:35), waar die foneem (*n)tl* 'n aanpassing van die laterale klapklank // is, en waar die slot-*o* die verpligte klinker by 'n selfsatndige naamwoord in Xhosa is.

Slangrivier, eKhowa

eKhowa, ook opgeteken as *iKhowa*, *Kowa* en *Kowe*, is die Xhosanaam vir die dorp Elliot en vir die *Slangrivier* wat deur die dorp vloei (Skead 2001:227). Kropf & Godfrey (1915:501) gee ook "*iKowa*, the Slang River; the town and district of Elliot in Tembuland."; ("*iKowa*, die Slangrivier; die dorp en distrik van Elliot in Temboeland."). McLaren (1963) teken ook aan: "*i-* or *eKhowa* for the Slang River and for Elliot town."; ("*i-* of *eKhowa* vir die Slangrivier en vir die dorp Elliot."). 'n Vroeë naam vir Elliot was 'Slang River Settlement' (Holt 1972:153), en Pettman (1931:147) gee "*iKhowa*, a river near Elliot, the Slang River."; ("*iKhowa*, 'n rivier naby Elliot, die Slang River."). Die riviernaam is primêr, en die dorp het sy Xhosanaam van die rivier gekry; met ander woorde, *eKhowa*, *iKhowa*, *Kowa*, *Kowe* en ander variante beteken 'slangrivier'. *Kowe*, soos deur Skead aangegee, is foneties en semanties vereenselwigbaar met die *//Ku//e* (S2c) woord *_towe*, 'snake', ('slang') (Bleek 1956:209), waar die Boesman stemlose alveolêre plofkonsonant *t* deur die Xhosa stemlose velêre consonant *k* vervang word. Ou-Kaapse dialektiese woorde vir 'slang' sluit *t*²*kaub*, */kx'ao-b*, ook */xau-b* in, wat in Nama as */au-b* of */ao-b* gedevelariseer is (Nienaber 1963:458); die dentale klapklank / stem ooreen met die *t* van die woord *towe*. Die anlaut *K-* van die naam *Kowe* of *Khowa* verteenwoordig dalk 'n oorspronklike klapklank; die stemlose velêre neweklank *k*, die affrikatiewe velêre neweklank *kx* in die woord */kx'ao-b*, en die frikatiewe velêre neweklank *x* in die Ou-Kaapse variante, word weerspieël in die Xhosa velêre konsonant *K-* en *Kh-*; die tweeklanke *au* of *ao* is as die Xhosa *o* saamgesmelt;

en die stemhebbende bilabiale konsonant *b*, d.i. die Nama manlik enkelvoud, is afwisselbaar met die stemhebbende bilabiale of halfklinker *w*. 'n Ander verklaring van die riviernaam *iKowe* lui dat dit afgelei is van 'n sampioensoort (Pettman 1931:147). die *St George's of Horse Mushroom* (Daniel 1977 in Skead 2001:228), *Termitomyces termitorum* (Pahl 1982 in Skead 2001:228), *ikowa* of *ikhowa* in Xhosa, maar hierdie verklaring word nie algemeen aanvaar nie.

Groot-Visrivier, iNxuba

Die Groot-Visrivier, wat 61 km suidoos van Grahamstad in die see invloei, staan in Xhosa bekend as die *iNxuba*. Gebiede wat in die onmiddellike omgewing van die rivier lê, word *eNxubeni* genoem, d.w.s. 'by die Nxuba' (Skead 2001:616). Dit is deur Kropf & Godfrey (1915:505) as "Nxuba, Great Fish Rvier" opgeteken, en deur Moodie (1888 2:591) as "Great Fish River ... Nxuba". Die voorvoegsels *i-* en *e-* is die Xhosa-klasmerkers; die lid *-Nxu*, waar die letter *x* die laterale klapklank in Xhosa is, is soos die Kung (N2) en !O !kun (N3) woord //au en die Kung (N2) sinoniem //au, 'fish', ('vis') (Bleek 1956:518, 626), waar die simbool // ook die laterale klapklank aandui. In die Xhosanaam is die tweeklank *au* en *ou* tot *u* saamgesmelt om die jukstaposisie van twee klinkers in Xhosa te voorkom. Die Nama woord //oub, 'Fisch', ('vis') (Rust 1960:22), waar die slot *-b* die manlike enkelvoud aandui, stem ooreen met die lid *Nxub* van die Xhosanaam *e/iNxuba*, en die slotlid *-a* waarskynlik die fluviale term wat in Nama voorkom as *lāb*, 'Fluss', ('rivier') (Rust 1960:22), en in /Nusan (S6a) as /a:, 'rivier' (Bleek 1929:70; 1956:268).

Klein-Visrivier, iMandi

Die Klein-Visrivier is 'n sytak van die Groot-Visrivier wat op die grens tussen die distrikte Albany en Somerset-Oos by die hoofstroom aansluit (Skead 2001:314). Kropf en Godfrey (1915:502) gee die Xhosanaam vir die Klein-Visrivier aan as *iMandi*, waaroor Pahl (1978 in Skead 2001:314) skryf: "In moderne Xhosa *-mandi* (alternatiewe *-mnandi*) beteken aangenaam, lekker." Skead self (t.a.p.) verklaar: "So far no local meaning has been advanced by Blacks living along the river. In 1982.12.01

CJ Skead found on 'Stockdale' farm at the source of the river in the Somerset East district mountains, that young Blacks did not know the name iMandi for the stream passing through the farm and within their sight. Only one old pensioner who had worked there for 44 years knew it as iMandi.”; (“Sover is geen plaaslike verklaring van die betekenis deur Swartes aangebied wat langs die rivier woon nie. In 1982.12.01 het CJ Skead op 'Stockdale', die plaas by die oorsprong van die rivier in the berge van die distrik Somerset-Oos, gevind dat jong Swartes nie die naam iMandi vir die stroom geken het wat deur die plaas vloei en binne hulle sig was nie. Slegs een bejaarde pensionaris wat vir 44 jaar daar gewerk het, het dit as iMandi geken.”). Soos in soveel gevalle waar die betekenis van die naam nie bekend is nie, blyk dit dat iMandi die Xhosa-aanpassing van 'n ouer inlandse naam is waarvan die Afrikaanse naam die betekenis as vertaling behou. Die lid *iMa-* is vergelykbaar met die Hadza (C3) woord /*ama*, 'fish', ('vis') (Bleek 1956:269), en die lid *-ndi* met die /Xam (S1) woord /*i*, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:292) wat dikwels vir waterstrome gebruik word.

Voëls

Aasvoëlkrans, iLiwa lamaXhalanga

Aasvoëlkrans is die naam van 'n krans op die oewer van die Nuwejaarsrivier in die Albany-distrik. Die Xhosanaam vir hierdie krans is *iLiwa lamaXhalanga*, 'krans van die aasvoëls', van die Xhosawoorde *ili-wa*, 'a cliff, krantz, precipice, rock', ('krans, afgrond, steilte, rots') (McLaren 1936:182), en *i-xhalanga*, 'the griffon, or Kolbe's, vulture', ('griffioen, of Kolbe se aasvoël') (McLaren 1936:185), d.i. the Kaapse Aasvoël, Cape Vulture, *Gyps corprotheres* (Skead 2001:342). Die lid *ili-* is die Xhosa-prefiks of klasmerker, die stam *-wa* kan dalk vergelyk word met die Namawoord //*hoa-b*, 'überhängender Felsvorsprung', ('oorhangende rotslys') (Kroenlein 1889:170a1); ook vergelykbaar met die //N !*ke* (S2) woord #*kā*, 'krans' (Bleek 1956:653). *Aasvoëlkrans* is eintlik die vertaling van die Xhosanaam *Xhalanga*. Die komponent *Xalang-* van die naam korreleer met die //Khou (S2b) woord //'*aran*, 'aasvoël' (Bleek 1956:517); die

aanvangskonsonant *X* van die naam *Xalang* is die simbool vir die Xhosa laterale klapklank wat met die Boesmansimbool // ooreenstem; die Xhosa *l* varieer in die reël met die Boesman *r*, en *ŋ* is die simbool van die Internasionale Fonetiese Genootskap vir die klank *-ng-*. Die slot-*a* van die naam is die verpligte klinker aan die einde van die selfstandige naamwoord in Xhosa; maar daar is 'n verborge of ingesetelde generiese term in die lid *ga*, naamlik 'n aanpassing van die //N !ke (S2) woord *#kã:*, 'krans' (Bleek 1956:653), waar die velêre konsonante *k* en *g* mekaar geredelik afwissel.

Korhaandrif, KwaNgoxo

KwaNgoxo is die Xhosanaam vir *Korhaandrift*, 7 km wes van Kirkwood, wat in 1789 as *Courhaan* en in 1820 as *Corhaansdrift* opgeteken is (Skead 2001:515). Die drif is genoem na die korhaan (*Eupodotis cafra*) (Roberts 1978:156). Dit blyk dat die Xhosanaam 'n aanpassing van 'n Boesmannaam is waarvan *Korhaansdrif* die vertaling is. Die komponent *Kwa-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die /Auni (S4) woord *ˀ!wa*, 'korhaan (*Eupodotis afra*)' (Bleek 1929:51), waar die serebrale of palato-alveolêre klapklank *!* deur die stemlose velêre medeklinker *k* vervang is. Die lid *-Ngo* is moontlik vervorm van die komponent *!no* van die Namawoorde vir 'korhaan', *!no-eis* en *!noas-!oas* (Kroenlein 1889:150 b 2); die komponent *-xo* is vergelykbaar met die Namawoord *!gôu*, 'Furt', ('drif') (Rust 1960:26). Die reduplikasie van woorde met dieselfde betekenis in plekname, soos *ˀ!wa* en *!no* vir 'korhaan' in hierdie geval, kom dikwels voor.

5.2.5 Bodemgesteldheid as naamgewingsmotief

Modderrivier, Qhaba

Qhaba is die naam van die *Modderrivier* wat naby Jacobsdal by die Rietrivier aansluit. Blykbaar van Xhosa-oorsprong is die naam ook opgeteken as *Gmaap*, *Gumaap* en *Maap* (Skead 2001:651). Burchell (1811 II:272) deel mee "... the stream which we intended to visit, the Gmaap or Maap, translated by Modder River."; ("... die stroom wat ons van plan was om te besoek, die Gmaap of Maap, vertaal as Modderrivier."). Met die veronderstelling dat

die naam *Modderrivier* 'n vertaling van *Gmaap* en variante is, is aanvaar dat *Gmaap* soos die Namawoorde *#gâma*, 'braun', d.w.s. 'modderkleurig', is (Rust 1960:12; Nienaber & Raper 1977:420), of soos *#goa-b*, 'Mörtel', ('modder') (Rust 1960:43), *#koa-b*, 'modder' (Nienaber & Raper 1977:989). Indien juis, is hierdie woorde vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *#gwa*, *#gwâi*, *#gwei* en *#k"wa:ra*, 'modder', waar die wisselbaarheid tussen *o* en *w* sigbaar is, sowel as met die Koranawoord *#koab* en die Oos-Kaapse dialektiese woord *goa*, 'modder', met die wisseling van *g* en *k* (Raper 2020:381). Die naam *Qhaba* en sy Sotho-ekwivalente *Khaba* en *Kaiba* is deur Nienaber en Raper (1977:989) as aanpassings van *#goa-b*, *#koa-b* beskou. 'n Mededeling van Van Vreeden (1961:310) werp egter nuwe lig op die saak. Hy skryf van "Gmaap ... beter bekend as die Rietrivier", en dat die Modderrivier ná 1850 die sytak van die Rietrivier geword het. Met ander woorde, die *Gmaap* was voor 1850 die *Rietrivier*. Die tweeklank *Gm-* is Burchell (1811 II:272) se skryfwyse om die klapklank met stemhebbende of nasale neweklank in skrif weer te gee, sodat die Auen (N1) woorde *#â:*, 'reed, arrow' (Bleek 1956:640) fonologies en semanties goed ooreenstem met die komponent *Gna-* van die naam *Gmaap*; ook vergelykbaar, hoewel die nasaliteit ontbreek, is sie Auen woord *#a:* en die Namawoord *#ab*, 'das Riet', ('riet') (Kroenlein 1889:35a21). Die lid *-ap* van *Gmaap* is soos die Namawoord *!ăb*, 'Fluss', ('rivier') (Rust 1960:22), ook vergelykbaar met die Oos-dialektiese woord *#aap*, die Korannawoord */kahp*, die /Xam (S1) woorde */ka* en */k"â:*; die /Nu //en (S6) woord */a:*; die Auen (N1) woord *#ka:*; en die Ou-Kaaps-dialektiese woord *k'ă*, 'rivier' (Raper 2020:403). Die slot *-p* en *-b* is die manlike enkelvoud. Die lid *Qha(b)-* van die Xhosa-ekwivalent *Qhaba*, waar die *Qh-* die Xhosa geaspireerde alveolêre klapklank is, en die lid *Kha-* van die Sotho-ekwivalent *Khaba*, stem ooreen met die genoemde woorde vir 'riet', en die slot *-a* van hierdie naam is die verpligte vokaal aan die einde van die selfstandige naamwoord. Wat betref die komponent *Kai* van die alloniem *Kaiba*, en die ooreenkoms tussen hierdie komponent en die vergelykbare /Xam (S1) woorde *#gwa*, *#gwâi*, en *#gwei* vir 'modder', wil dit voorkom asof hierdie Sothonaam eerder 'Modderrivier' beteken.

Soutkloof, iNqado, eNqadu

Skead (2001:569) gee die alternatiewe Xhosanaam vir *Addo* aan as *iNqado* en *eNqadu*. Vroeëre opgetekende weergawes is *Ados* (*Drift*) (1819), *Kadouw* (1820), *Ado* (1832), *K`adouw* (1833), *Kadouw* (1843). Die naam beteken 'soutkloof', afkomstig van die *Soutkloofpas* in die Addovallei, 8 km suidoos van die Addo-inkoopentrum, en waardeur die hoofroete van Port Elizabeth na Uitenhage loop. Die voorvoegsel *iN-* en *eN-* is die Xhosa-klasmerker, en die lid *-qa* stem ooreen met die //Xegwi (S5) woord *!xa*, 'salt' en die Kung (N2) woorde *!gaa*, *!gã* 'salt', ('sout') (Bleek 1929:71; 1956:374), waar die Xhosa palato-alveolêre klapklank *q* met die serebrale klapklank *!* in die Boesmanwoorde ooreenstem. Die komponent *-do* of *-du* is ook vergelykbaar met die Sesarwa (S5) en Ou-Kaapse dialektiese woord *dau*, 'kloof, poort' (Schrijver 1689 in Mossop 1931:227), Nama *dáo-s*, 'die Pforte (Eingang in's Gebirge)', ('poort (ingang in die gebergte)') (Kroenlein 1889:57), wat in die Xhosanaam tot *do* of *du* aangepas is om die ontoelaatbare newevoorkoms van twee klinkers te voorkom.

Witteklip, eMduluswa

eMduluswa is die naam van 'n groot rotsagtige verheuenheid naby die piek van die Witteklipberg 34 km wes van Port Elizabeth (Skead 2001:372). Die naam *eMduluswa* is glo afgelei van die Xhosa *dulusa*, 'stick out, project' (McLaren 1963:34). Pahl (1987 in Skead 2001:372) verduidelik: "If you bend & lean forward with your buttocks sticking out in the opposite direction, you *dulusa*. The word also applies to a leaning promontory, e.g. a krans leaning over ... a headland ... etc. The *-wa* is merely the passive extension. I can't imagine why the passive should have been used."; ("As jy buk en vooroor leun met jou boude wat in die teenoorgestelde rigting uitsteek, *dulusa* jy. Die woord is ook van toepassing op 'n skuins vorgebergte, bv. 'n oorhangende krans, ... 'n kaap, ... ens. Die *-wa* is maar net die lydende uitbreiding. Ek kan my nie voorstel waarom die lydende vorm gebruik moes gewees het nie."). Pahl se kommentaar op die grammatikaliteit van die Xhosastrktuur, en die dubbelnamigheid van die entiteit, open die moontlikheid van vertaling. Die lid *eM-* is die klasprefiks; in Xhosa, soos in ander Ngunitale, word die konsonant *r* deur *l*

vervang, en die lid *dulu* sou omgeskryf kan word as *duru*. Indien 'Witteklip' gelykgestel word aan kwarts, is *duru* vergelykbaar met die /Xam (S1) woord //kuru, //kurru, 'quartz; flint (or quartz)', ('kwarts, vuursteen (of kwarts)'); ook soos die ≠Khomani (S2a) woord //ku-řu, //kuřu, 'quartz', ('kwarts') (Bleek 1956:593), en die Nama woord //gurus, 'Quarz, Marmor', ('kwarts, marmer') (Kroenlein 1889:136a43). Gedagtig daaraan dat die Witteklip na 'n uitstaande rotsverhewendheid verwys, kan die lid -swa van die naam in ooreenstemming gebring word met die Nama woord //hoa(b), 'ein überhängender Felsvorsprung', ('oorhangende rotslys') (Kroenlein 1889:170a1), en veral met die Auni (S4) woord //wa, en die Hie (C1) woord //gwa, 'hill', ('heuwel, kop') (Bleek 1956:536, 629), en die woord #gnoa, 'mountain, stone. rock', ('berg, klip, rots'), wat in Naron (C2), Tsaukwe (C2a) en Hukwe (C2b) voorkom (Bleek 1956:384, 647), en die Naron (C2) en Kung (N2) woord //nōa, 'stone, hill', ('klip, kop') (Bleek 1956:620).

Brakrivier, iNgqushwa

iNgqushwa, die Xhosanaam vir die *Brakrivier*, 'n sytak van die Groot-Visrivier, is ook opgeteken as *Hlosi* (1835), *Chusi*, *Clusie* (1848), *Kowsha* en *Engqushwa* (1915) (Skead 2001:523). Hierdie Xhosa riviernaam *eNgqushwa* is oorgedra op die dorp Peddie, waarnaby dit ontspring. Prof H. Pahl 1978 (in Skead 2001:524) verduidelik die naam *eNgqushwa* se betekenis as 'the place where the stamping of mealies was done', ('die plek waar mielies gestamp is'), van *ngqusha*, 'to stamping a mortar', ('om 'n stmpblok te stamp'); *isingqusho*, 'mortar, a stamping block', (vysel, stampblok); *umngqusho*, 'stamped mealies', ('gestampte mielies') (McLaren 1963:110). Hierdie verklaring berus egter op die moderne vorm van die naam, 'n vorm wat alreeds aangepas is en wyd verskil van die vroeëre vorme, naamlik *Chusie* en *Clusie*. Dit is die *Brakrivier* wat deur Skead (2001:867) as 'n sytak van die Groot-Visrivier geïdentifiseer is wat naby Trompetter's Drift daarby aansluit. Die topografiese identifisering van die *Chusie* of *Clusie* word taalkundig bevestig. Die komponent *chu* en *clu* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /u., 'salt, brackish, bitter', ('souterig, brak, bitter') (Bleek 1956:358), soortgelyk aan die Namawoord /u, '*brackig*', ('brak') (Rust 1960:12; Kroenlein

1889:315a20). Die segment *Cl-*, *Ch-* en *Hl-* onderskeidelik is pogings om die dentale suigklap / in skrif weer te gee. Die lid *si*, later aangepas as *sie*, is soos die /Xam (S1) woord $\bar{/i}$, ‘to flow’, (‘om te vloei’), wat meermale voorkom as verwysende na ’n rivier (Bleek 1956:292). Die komponent *-sha* van die variant *Kowsha* is soos die //Xegwi (S3) woorde *ja*, *ja* en *ja*, ‘water’ (Bleek 1956:180); ook soos die Hie (C1) woorde *ttaa*, *tša*, *tša* (Bleek 1956:210); en die Naron (C2) woorde *tša*, *tšafa* (Bleek 1956:224). Die komponent *-shwa* van die variante *iNgqushwa* en *Engqushwa* is soos die //Ku //e (S2c) woorde $\bar{/wa}$, *ja*, ‘water’ (Bleek 1956:182).

Brakrivier, iCquibe

iCquibe is die naam wat op Henry Hall se landkaart van 1856 aangedui word vir die *Brakrivier*, ’n sytak van die *Katrivier*, wat omtrent 20 km wes van Alice en 10 km noordwes van Fort Beaufort daarby aansluit. Die wisselskryfwyses of variante van die naam dui op ’n interessante ontwikkeling in die rigting van Xhosa, naamlik: *Cquibe* → *Tequibe* → *iQuibe* → *Inquibe*, *iNquibe* → *Nxuwebe* → *Nxukwebe* → *iNxukhwebe* (Skead 2001:617). Pahl (1983 in Skead 2001:617) konstateer dat hierdie naam van Khoisan-oorsprong is, in welke geval die slot *-be* ’n partikel kan wees wat in die vorming van sekere byvoeglike naamwoorde en bywoorde gebruik word (Kroenlein 1889:41). Dit blyk dat *Brakrivier* ’n vertaling van die inheemse naam is waarvan *iNxukhwebe* die Xhosa-aanpassing is. Logies is die oudste vorm van ’n naam die naaste aan die oorspronklike naam, en latere variante is vervolgens aangepas. In hierdie geval is *Cquibe* die vorm wat met moontlike Khoi-khoi- en Boesman-woorde vergelyk kan word. Soos genoem, is die onderskeid tussen ‘brak’ en ‘sout’ nie altyd duidelik nie. So word die Namawoord $\bar{/ũ}$, ‘brackig’, (‘brak’) (Rust 1960:120) deur Kroenlein (1889:315a20) aangegee as ‘salzig (holl.: *brak*)’; die /Xam (S1) woord $\bar{/u}$: word deur Bleek (1956:358) aangegee as ‘brackish’, (‘brak’), maar ook as ‘salt’, (‘sout’) (Bleek 1956:750). Die komponent *Cqui-* kan dus vergelyk word met die Kung (N2) en !O !kuŋ (N3) woord $\bar{/gwi}$, ‘sout’ (Bleek 1929:71; 1956:53), in Xhosa as *khwe* en die moderne variant as *iNxukhwe* aangepas. Die vraag ontstaan waar die Xhosa komponent (*inxu*) vandaan kom. ’n Moontlike antwoord is dat toe die woordeboekbetekenis van die

komponent *cqui* vergete geraak het, 'n ander Khoisan-woord vir 'brak' of 'sout' by die naam gevoeg is om die brak geaardheid van die rivier te beskryf, naamlik die /Xam (S1) woord /u:, 'salt, used also as brackish, bitter', ('sout, ook as brak, bitter gebruik') (Bleek 1956:358), later as *nxu* aangepas toe sy betekenis ook vergete geraak het. Die Xhosa laterale klapklank x stem nie presies ooreen met die /Xam dentale klapklank / nie, maar Bleek (1929:13) deel mee; "This click [//] is similar in the manner of its production to the first click /, but made in a different place; occasionally the lateral click of the Zulus is substituted for it by individuals ..."; ("Hierdie tongslag [//] word soortgelyk aan die eerste tongslag / wat sy vorming betref, maar word op 'n ander plek gemaak; af en toe word die laterale suigklank van die Zoeloes daarvoor gebruik ...").

5.2.6 Plekname wat dui op gemoedstemming

Welbedacht, Gqeberha

Gqeberha is die naam wat tans amptelik vir Port Elizabeth gebruik word. Aanvanklik was dit eger die Xhosanaam vir die voorstad Walmer, wat op die leenplaas *Welbedacht* uitgelê is. Teen 2002 het hierdie voorstad aan die Xhosa bekend gestaan as *eWalmer*, terwyl die naam *eQeberha* net vir die township gebruik is (Skead 2001:649). Die moontlikheid bestaan dat *eQeberha* of *Gqeberha* 'n Xhosa-aanpassing is van Boesmanwoorde wat *welbedacht* beteken; die Seroa (S2d) woord *kebese* wat "goed, mooi" beteken (Bleek 1956:45), strook fonologies en ortografies redelik goed met die lid *Qebe* van die Xhosanaam *Qeberha* soos deur Skead opgeteken is en "wel(bedacht)" beteken; die lid *rha* van die naam strook weer met die /Xam (S1) woorde *ka*, 'to wish, intend, think, say', ('om te wens, bedoel, dink, sê'), en //ka, 'to think, feel, intend, take, take effect', ('om te dink, voel, voorneem, neem, in werking tree') (Bleek 1956:73, 545).

Langverwacht, eTyuweni

eTyuweni is die naam vir die *Coega Salt Works* en vir die Swartkop-soutpan. Die naam is afgelei van die Xhosawoord *itywa*, 'sout', plus die prefiks en suffiks *e-eni*, dus 'plek van sout'. Die tweeklank

ty in die stam *tyu* is volgens McLaren (1926:6, 9) 'n stemlose ingeasemde palatale klank, soortgelyk aan die uitspraak van die Engelse woord *nature*. Elders (McLaren 1936:xi) is dit die “simple palatal affricate”, (‘eenvoudige palatale affrikaat’). Die stam *tyu* is dus duidelik vergelykbaar met die /Xam (S1) woord /u/, ‘sout’ (Raper 2021:83), en met die aangepaste komponent *Coe* van die naam *Coega*, waar die *c* die Xhosa simbool vir die dentale klapklank is, in /Xam en ander Boesman- en Khoi-khoitale as / geskryf. *eTyuweni* is ook the Xhosanaam van die plaas *Langverwacht* 16 km noordwes van Cathcart. ’n Mens sou verwag dat die plaasnaam *eTyuweni* dieselfde oorsprong en betekenis sou hê, naamlik ‘plek van sout’. Skead (2001:786) beweer egter dat “there was no evidence of a salt deposit there, nor does any spring or borehole there have brackish water.”; (“daar was geen teken van ’n sout-neerslag hier nie, en geen fontein of boorgat daar het brak water nie.”). In hierdie geval moet *eTyuweni* ’n ander verklaring hê, en aan die hand van analoë gevalle kan ’n vertaling vermoed word, met ander woorde dat *Langverwacht* ’n vertaling kan wees van ’n Khoi-khoi of Boesmannaam waarvan *eTyuweni* ’n aanpassing in die rigting van Xhosa is. Die anlaut *e-* is die Xhosa voorvoegsel of klasmerker, en die *Ty* is ’n skryfwyse om ’n klapklank weer te gee. Met weglating van die plekaanduidende affikse *e – ni* word die stam van die naam as *tyu* ontbloot, of *tyue*, wat vergelykbaar is met die Kung (N2) woord *hoe*, ‘call to come or wait’, (‘roep om te kom of te wag’) (Bleek 1956:63), waar die wisseling van *u* en *o* sigbaar is. McLaren (1926;29–31) stel dit so: “The locative case is formed by changing the initial vowel or article of the prefix into *e* and by adding to the root the suffix *-ni*. Before this suffix *a* becomes *e*, and *o* and *u* become *we* and *wi* respectively.”; (“Die lokatiewe of plekaanduidende naamval word gevorm deur die eerste klinker of lidwoord in *e* te verander en deur die agtervoegsel *-ni* by die stam by te voeg. Voor hierdie agtervoegsel word *a* in *e* verander, en *o* en *u* word onderskeidelik *we* en *wi*.”). Die woord *tyue* met affikse word *eTyuweni*. Rust (1960:19) gee die Namawoorde *!ôu*, ‘erwarten’, (‘verwag’); *!ôus*, ‘Erwartung’, (‘verwagting’); en Kroenlein (1889:281a14) //ou, ‘erwarten’, (‘verwag’), dus met die laterale tongslag teenoor Rust se serebrale klapklank. Met elisie van die klinker *o* om te verseker dat twee vokale nie langs mekaar moet voorkom nie, is die Namawoorde *!(o)u* en *//(o)u* vergelykbaar

met *tyu*. Die !O !kuŋ (N3) woord *tūa*, ‘to wait’ (Bleek 1956:240) vertoon ook ’n fonologiese ooreenkoms met *tyu*.

Kookrivier, kwaStibili

Die *kwaStibili*-rivier is ’n sytak van die Rufane-rivier wat 6 km oosnoordoos van Port Shepstone in die see uitmond. Skead (2001:731) meen die lid *kwa*- “indicates personalization, perhaps as someone’s nickname ... No real reason for the name could be found. ... J. Wyld’s map 1844 shows as ‘Kook R.’, presumably in error for ‘Cock’s R.’ after Cock’s party of 1820 Settlers whose ground surrounded the river.”; (“dui verpersoonliking aan, dalk as iemand se bynaam ... Geen werklike rede vir die naam kon gevind word nie. J. Wyld se kaart 1844 toon dit as ‘Kook R.’ aan, vermoedelik foutief vir ‘Cock’s R.’, na Cock se party van 1820-Settlaars wie se grond die rivier omring het.”). Vergelyking van die komponente van die naam *kwaStibili* met Boesmanwoorde vir ‘kook’ dui egter aan dat die lid *kwa*- fonologies en semanties ooreenstem met die /Xm (S1) woord *!khau-a*, *!kaūa*, ‘to boil’, (‘om te kook’) (Bleek 1956:425); die lid *-sti* met die /Xam (S1) woord *~/i*, ‘to flow’, (‘om te vloei’) (Bleek 1956:292), en die lid *-bili* met die Hie (C1) woord *bila*, ‘to boil’, (‘te kook’) (Bleek 1956:16). Duidelik het die betekenis van die oorspronklike woorde vergete geraak, en die lid *kwa*- wat ook ‘om te kook’ beteken, is as die prefiks hervertolk wat tot die toutologie gelei het.

5.2.7 Kentekenbenaming

Waterkloof, eMnqwala

eMnqwala is die Xhosanaam vir die Waterkloofrivier wat by Adelaide by die Koonaprivier aansluit; die naam is reeds in 1851 as *Gwala* opgeteken (Skead 2001: 418). Dit lyk asof dat *eMnqwala* die Xhosa-aanpassing is van die ouer inlandse naam waarvan *Waterkloof* die vertaling is. Die lid *-eM* van die naam *eMnqwala* is die Xhosa klasmerker; die komponent *nqwa* is taalkundig vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!khwa*; ‘water’ (Raper 2021:107), waar die Xhosa palato-alveolêre klapklank *q* die /Xam serebrale klapklank *!* vervang. Met ander woorde, die letter *q* word in die Xhosa-ortografie gebruik om die serebrale *!* en palatale *#* te

skryf; *!kwa:*, ‘water’ (Bleek 1956:769). Wat die komponent *-(a)la* van die naam betref, is daar twee moontlikhede. Aangesien die stemhebbende alveolêre triller *r* gereeld deur die stemhebbende alveolêre likwied *l* vervang word (soos in ‘Pretoria’ wat ‘ePitoli’ word) en die Ngunitale (waarvan Xhosa een is) geen klinkers naas mekaar duld nie, kon *-la* ontstaan het uit die woord */ara*, ‘kloof’, ‘ravine’ (Bleek 1956:729); dus *!khwa:/ara* > *qwa-la* deur die vervanging van die klapklank, die elisie van een van die *a*’s, en die vervanging van *r* deur *l*. ’n Ander moontlikheid is dat die lid *-la* die generiese term vir ‘rivier’ is wat ook voorkom in riviername soos *Pongola*, *Palala*, *Tugela*, en so meer.

Gebruiksartikel

Wapadsbergpas, eGolokoqo

eGolokoqo is die Xhosanaam vir die *Wapadsbergpas* ongeveer 7 km wesnoordwes van Cradock, tussen Cradock, Middelburg en Graaff-Reinet. Daar word gemeen die naam is afgelei van “the sound a wagon makes when rattling over stony or rough ground”; (“die geluid wat ’n wa maak as dit oor klipperige of ruwe grond rammel”) (Pahl 1980 in Skead 2001:150). Hierdie bergpas kry sy naam van die *Wapadsberg*, vroeër onder die Hollandse naam *Wagenpads Berg* bekend, so opgeteken in 1787 (amptelike permit RLR 35/251 in Skead 2001:150). Dit blyk dat *eGolokoqo* die Xhosa-aanpassing van ’n ouer inlandse naam is waarvan *Wagenpads Berg* die vertaling is. Vir ‘wa’ is die Ou-Kaapse woord *korohi* in 1788 opgeteken, *t¹koro~ing* in 1805, en *korokemp* in 1812 (Nienaber 1963:517), waarvan die eersgenoemde twee taalkundig vergelykbaar is met die /Xam (S1) woord *koro:he*, die //N !ke (S2) woord *koro:ki*, die Sesarwa (S5) woord *kolu:i*, en die Khoi-khoi woord *goro-his*, ‘wagon’, (‘wa’) (Bleek 1929:89). Die aanvangsklinker *-e* van die naam *eGolokoqo* is die Xhosa-voorvoegsel of klasmerker; die stemhebbende en stemlose velêre plosiewe *g* en *k* is verwisselbaar; die *r* word in Xhosa vervang deur *l*, sodat die ooreenkoms tussen die segment *-Golo-* van die naam *eGolokoqo* en die segmente, *goro*, *koro*, duidelik is. Die segment *-ko-* van *eGolokoqo* stem ooreen met die Nama woord *Ꞁgo*, ‘Weg’, (‘pad’), soos in die sin ‘aus dem Wege gehen’, (‘om uit

die pad te gaan, padgee') (Kroenlein 1889:124b4), en die /Nusan (S6a) woord *!gou*, 'road', ('pad) (Bleek 1956:387). Hier kom die verwisselbaarheid van *g* en *k* weer voor, en die tweeklank *ou* in die woord *!gou* tot *o* ingekort om die jukstaposisie van twee klinkers in Xhosa te vermy. *Goloko* beteken dus 'wapad', 'wagenpas'. Die slotkomponent *-qo* van *eGolokoqo* is soos die Ou-Kaapse woorde *cou* (1655), *k'koe* (1691), *ku* (1788), *go* (1788), ens., 'berg' (Nienaber 1963:218), ook soos die Hie (C1) woord *!goa*, 'mountain', ('berg') (Bleek 1929:59), waar die Xhosa palato-alveolêre klapklank *q* van die lid *qo* die serebrale of palato-alveolêre klapklank met stemhebbende neweklank *!g* vervang en die tweeklank *oa* tot *o* verkort is. *eGolokoqo* is dus lid vir lid 'wapadsberg'

6. Suid-Sotho

6.1 Aspekte van die Suid-Sothotaal

6.1.1 Klasmerkers

Soos by ander Bantoetale, bestaan Sotho selfstandige naamwoorde (insluitende plekname) uit 'n stam en 'n klasmerker of -prefiks. Die stam dra die 'werklike' of leksikale betekenis, en die prefiks dui aan of die selfstandige naamwoord in die enkelvoud of meervoud is, of dit 'n abstrakte selfstandige naamwoord is, en watter stel konkordiale ooreenkomstes gebruik behoort te word sodat die selfstandige naamwoord met adjektiewe, voornaamwoorde, werkwoorde en ander rededele in die sin ooreenstem. Sotho selfstandige naamwoorde is volgens hulle prefikse of voorvoegsels geklassifiseer, en die meervoud word gevorm deur die voorvoegsels te wysig. Die volgende is die ses verskillende klasse van Sotho selfstandige naamwoorde (Sharpe 1960:13):

<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
1. motho (man, persoon)	batho (mans, persone)
2. motse (dorp)	metse (dorpe)
3. letsatsi (son, dag)	matsatsi (dae)
4. sefate (boom)	lifate (bome)
5. nku (skaap)	linku (skape)
6. bosiu (nag)	masiu (nagte)

6.2 Suid-Sotho-plekname wat Boesman-invloed toon

6.2.1 Beskrywende plekname

Brandfort, Majwemasweu

Majwemasweu is die Suid-Sotho naam vir *Brandfort* en die ‘township’ daar. Daar is opgeteken dat die naam ‘wit klippe’ beteken, verwysende na witgekalkte klippe om ’n konsentrasiekamp gedurende die Anglo-Boere-oorlog (Gildenhuys 1993:71). Die komponent *Ma-* van die naam *Majwemasweu* sal in daardie geval die meervoudsprefiks wees, die komponent *-jwe* soos die //Xegwi (S3) woord *ʒe*, ‘klip’ (Bleek 1956:265), en die komponent *-sweu* soos die Hie (C1) woord *hwehe*, ‘white’, (‘wit’) (Bleek 1956:66). *Brandfort* is na bewering so genoem ter ere van JH Brand, die vierde president of the Oranje-Vrystaat, maar daar word deur sommige beweer dat die dorp so genoem is omdat ’n fort op die naby-geleë Keeromkoppie deur Boesmans of Basotho afgebrand is. Die laasgenoemde verklaring werp twyfel op die eersgenoemde want dokumentêre bewys sou geen ruimte vir spekulasie of twis gelaat het nie. Dit laat ook die weg oop vir ’n Boesman-oorsprong van die naam *Majwemasweu*, hoe onwaarskynlik dit ookal klink. ’n Hadza (C3) woord vir ‘brand’ is *manje* (Bleek 1956:135), wat fonologies met die komponent *Majwe* van die naam *Majwemasweu* korreleer. In die komponent *masweu* is die element *ma* die Sotho konkordiale ooreenkoms met die voorvoegsel *Ma* van *Majwe*, wat as die meervoudsprefiks vertolk is, sodat die stam van die naam die komponent *swe(u)* is, vergelykbaar met die Kung (N2) woord *kwe*, ‘place’, (‘plek’) (Bleek 1956:112), hoewel *sweu* vergelykbaar is met die Auen (N1), Kung (N2) en !O !kung (N3) woord *tʃu*, ‘house, hut’, (‘huis, hut’). die Hie (C1) woord *dʒu*, en die Sesarwa (S5) woord *tʃu*, *tʃʉu* ‘hut, nest, house, home, place, hole’, (‘hut, nes, huis, tuiste, plek, gat’), wat ook aangetref word as *tschu*, *tchu*, *tsu* (Bleek 1929:48; 1956:236), oordragtelik ‘fort’.

Blesberg, Thaba Nchu

Gewoonlik word aanvaar dat *Thaba Nchu* 'n Sothonaam is wat 'swart berg' beteken (Raper *et al* 2014:482). 'n Interessante moontlikheid word gesuggereer deur die Afrikaanse alloniem *Blesberg*. Indien *Blesberg* 'n vertaling van 'n Boesmannaam is waarvan *Thaba Nchu* 'n Sotho-aanpassing is, kan vir die lid *Thaba* gedink word die Kung (N2) woord /*ʌhā*, 'kaal, bles' is, waar die dentale of alveolêre frikatiewe klapklank / ooreenstem met die Sotho geaspireerde dentale konsonant *th*, en die simbool *ʌ* soos die *u* in die Engelse woord 'bun' uitgespreek word (Bleek 1929:12), /*ʌhā* dus hervertolk en aangepas as *Thaba*, wat 'berg' beteken. Die komponent *Nchu* is dan 'n aanpassing van 'n woord soortgelyk aan die //Xegwi (S3) woord *žu:*, 'stone, mountain', ('klip, berg') (Bleek 1929:80).

Valsrivier, Ntha

Ntha, die Suid-Sothonaam van Lindley en ook vir die Valsrivier, word ook aangetref as 'Nta, Enta en Entaap (Raper 2004:92; Gildenhuys 1993:64). Nienaber en Raper (1977:331) wys uit: "Ons weet dat riviernaam in hierdie ... gebiede in baie gevalle vandag voortlewe in hulle Afrikaanse vertaling, bv. die name Harts-, Modder-, Vaal- en Vetriviere. Dit wek die vermoede dat Valsrivier die vertaling van Enta en Entaap kan wees". Die komponent *t(h)a* is moontlik vergelykbaar met die Kung (N2) woorde *k"an*, *k"an*, *k"ān* en *k"an*'a, 'false, to speak falsely', ('vals, om vals te praat, leuens te vertel') (Bleek 1956:119). Die wisselvorm 'Nta in vergelyking met Enta en Entaap dui aan dat die eerste komponent van die naam met 'n klapklank begin, en dus '(E)N is. Hierdie hoë komma is blykbaar die skryfwyse om 'n klank weer te gee wat moeilik is om uit te spreek, byvoorbeeld die glottale afsluit *k*". Die lid, wat 'vals' beteken, is dus vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *k"en*, 'deceive', ('bedrieg, kul, flous'), waarvan die beklemtoonde vorm *k"enk"en* is, met newebetekenisse 'to evade, get away, tease, deceive', ('om te vermy, wegkom, terg, bedrieg') (Bleek 1956:122). Die komponent *ta(ap)* is vergelykbaar met die Oos-Kaapse dialektiese woord *ʒaap*, 'rivier', wat in 1780-83 opgeteken is; die Korannawoord /*kahp*, 'rivier', in 1805 opgeteken (Nienaber 1963:430); die Namawoord *!ab* 'Fluss', ('rivier') (Rust

1960:22); die /Xam (S1) woord /k'a, die Auen (N1) woord #ka: en die Kung (N2) woord ~!kã, 'rivier' (Bleek 1929:70). Die slot-*b* van die naam is die manlike enkelvoud wat 'n rivier aandui.

Kleinfontein, Tsekoaneng, Tsekuaneng

Tsekoaneng, ook as *Tsekuaneng* gespel, is 'n fontein op die plaas Kleinfontein nr. 375 in die distrik Senekal (Dreyer 2001:95). Die plaasnaam is 'n vertaling van *Tsekoaneng* of *Tsekuaneng*, wat op sy beurt 'n aanpassing is van 'n vroeëre inlandse naam. Die komponent *Tse-* is soortgelyk aan die Hie (C1) woord *tse*, *ts'e*: en die Kung (N2) woord *ts'e*, 'small', ('klein') (Bleek 1956:214). Die komponent *-koa* of *-kua* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!koa*, 'running water', ('lopende water'), wat ook as *!khoa*., *!khwa*: en *!kwa*: geskryf word (Bleek 1956:437), ook met die /Xam (S1) woord */koha*, 'spring, water', ('bron, water') (Bleek 1956:318), en die Naron (C2) woord */gõäsa*, 'fountain, spring', ('fontein, waterbron') (Bleek 1929:79), waar *g* met *k* afwissel en die uitgang *-sa* die vroulike enkelvoud aandui. Die komponent *-neng* is blykbaar soos die Kung (N2) demonstratiewe *ne*., 'this', ('hierdie'), plus die !O !kung (N3) demonstratiewe *η*, 'this one here', ('hierdie een hier') (Bleek 1956:144, 141) en die Sotho plekaanduidende uitgang *-ng*. In die komponente *koa* en *kua* van die name is die wisseling *o* en *u* te bespeur.

Tafelkop, Ntswanatsatsi, Intsuanatsatsi, Ntsoanatsatsi

Ntswanatsatsi, die naam van 'n berg op die plaas Helena, tussen Frankfort en Vrede, word ook as *Intsuanatsatsi* en *Ntsoanatsatsi* aangetref. Die Afrikaanse naam van die berg is *Tafelkop* (Dreyer 2001:86). Dit blyk dat *Tafelkop*, sowel as die die inlandse naam, na die plat voorkoms van die berg verwys (Dreyer 2001:78, Fig. 19). Die Sothonaam is blykbaar 'n aanpassing van 'n ouer Boesmannaam. Die komponent *-(t)swa* is duidelik herkenbaar as die /Xam (S1) selfstandige naamwoord *swa*., *tsʷoa*, *tsʷwa*, 'flat', ('plat') (Bleek 1929:39); en die komponent *-na* is soos die /Xam (S1) woord */na*., 'head', ('kop'), wat ook voorkom in //N (S1a), //N !ke (S2), #Khomani (S2a), //Ku //e (S2c), Seroa (S2d), //Xegwi (S3), Sesarwa (S5), /Nu //en (S6) en /Nusan (S6a), en met die //Kxau (S2b) woord */na-insi*, s. */na*., 'head', ('kop') (Bleek

1956:342, 343). Met die lid *-tsatsi* is daar nog nie klarigheid gevind nie, behalwe dat die slotlid *-tsi* soos die Kung (N2) aanwysende *tsi*, ‘this (one) here’, (hierdie een hier’), (Bleek 1956:227) kan wees, en die lid *natsa* moontlik vergelykbaar met die Naron (C2) woord *!noaʃa*, ‘hill’, (‘heuwel, kop’) (Bleek 1929:47; 1956:620), maar dis onseker.

Vetrivier, Tikwe

Tikwe is volgens Gildenhuis (1993:82) die Suid-Sothonaam vir die *Vetrivier*. Die komponent *Ti-* is soortgelyk aan die Auen (N1) en Kung (N2) woord *tʃi*, ‘to be fat, plump’, (‘om vet, mollig te wees’) (Bleek 1956:229, 225), en aan die !O !kung (N3) woord *tʃeĩ*, ‘to be fat’, (‘om vet te wees’) (Bleek 1929:37). Van die dentale of alveolêre konsonant *t* deel Bleek (1956:184) mee dat “it is often the aspirated *th*”; (“dit dikwels die geaspireerde *th* is.”). Die lid *-kwe* van die naam *Tikwe* stem ooreen met die Hie (C1) woord *kwe*, ‘rivier’ (Bleek 1929:70). Volgens Dreyer (2001:79) is *Tikuane* die Suid-Sothonaam vir die *Vetrivier* ten suide van Winburg. Die lid *Ti-* is weereens vergelykbaar met die Auen (N1) en Kung (N2) woord *tʃi*, en met die !O !kung (N3) woord *tʃeĩ*, ‘to be fat’, (om vet te wees’) (Bleek 1956:229; 1929:37); die komponent *kuane* is vertolk as die Sotho verkleinings-agtervoegsel. Aangesien vroeë inwoners waarskynliker na ’n meer regstreekse entiteit sou verwys om doeltreffende kommunikasie te bewerkstellig, byvoorbeeld eerder na ’n seekoeigat, drif, ensovoorts as na die hele rivier, is die komponent *kuane* waarskynlik vergelykbaar met die Sesarwa (S5) woorde *//gāna*, ‘waterhole’, (‘watergat, kuil’), *//k”anna*, ‘water’, ‘waterputs’, en *//gwana*, ‘a Masarwa waterpit’, (’n Masarwa waterput’) (Bleek 1929:99; 1956:537, 603, 537). ’n Ander naam vir die *Vetrivier* (of *Tikuane*) suid van Winburg is *Kei-cop* (Dreyer 2001:79). Die komponent *Kei* is vergelykbaar met die Auen (N1) en !O !kung (N3) woord *tʃi*, ‘to be fat’, (‘om vet te wees’) (Bleek 1956:229); die komponent *-cop* is soos die slot-element van riviername soos *Auop*, *Nossop* en *Swakop*, ‘rivier’, verwant aan die /Auni (S4) woord *#d*, ‘to run, flow’, (‘om te loop, vloei’) (Bleek 1956:675), en die slot *-p* is die manlike enkelvoud wat dikwels vir riviername voorkom.

Tweespruit, Tulama

Tulama is die Suid-Sotho naam vir die dorp *Tweespruit* in die distrik Excelsior, omtrent 27 km oos van Thaba Nchu en 18 km noord van Hobhouse. Die naam *Tulama* beteken volgens Gildenhuis (1993:81) 'om skuins/skeef te lê', met verwysing na die voorkoms van die stroom waarvan die dorp sy naam gekry het. Dit blyk dat die naam *Tweespruit* 'n vertaling is van 'n inlandse naam waarvan *Tulama* die Suid-Sotho aanpassing is. Die komponent *Tu-* is soos die /Xam (S1) woord !u:, 'two', die /Xam (S1) en //ŋ !ke (S2) woord !ku, 'two', ('twee'); ook soos die //Xegwi (S3) woorde //ku:, //ku en !ku, 'two', ('twee') (Bleek 1929:88, 1956:492, 591). In die onderhawige woorde is die verwisselbaarheid van *k* en *t* te bespeur. Die komponent *-lama* is fonologies en semanties vergelykbaar met die tweelettergrepige Kung (N2) woorde !!kaā, 'riverbed', ('rivierbedding'), en !!kaʔa, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:506), waar die simbool ʔ in die woord !!kaʔa 'n glottale afsluiting verteenwoordig wat die woord tweelettergrepig maak, en waar die konsonant *l* in die lid *-lama* die suigklap vervang.

Groenkloof, Boetsap, Buchap, Lesoaane, Lesowane, Lishuane, Lishuani

Op die plaas *Groenkloof* in die distrik Ladybrand in die Vrystaat is die sendingsentrum *Boetsap*, ook opgeteken as *Buchap*, ook bekend as *Lesoaane, Lesowane, Lishuane* en *Lishuani* (Dreyer 2001:85). Dit blyk dat die oorspronklike inheemse naam in aangepaste vorm vir die lokaliteit behoue gebly het en in vertaalde vorm vir die plaas voortbestaan; beide *Boetsap* en *Lishuane* is Sotho-aanpassings van Boesmanplekname. Die komponente *Bo(e)-* en *Bu-* in die naam *Boetsap* en *Buchap* is die Sotho prefiks; die komponent *-tsap* is vergelykbaar met die Hie (C1) woord tʃabe, en die Naron (C2) woord tʃā, 'green', ('groen') (Bleek 1929:44), laasgenoemde deur Schinz (1891 in Bleek 1956:224) as *tščā* geskryf, hier met die nasale element wat ook in die Korannawoorde !kx'am en !kam, 'groen', voorkom (Nienaber 1963:290), en vergelykbaar is met die Namawoord !am, 'grün', ('groen') (Rust 1960:28). In die name *Lesoaane, Lesowane, Lishuane* en *Lishuani* is die komponente *Le-* en *Li-* die Sotho prefiks of klasmerker (Sharpe 1960:13); die komponent *-shua* of *-sowa* is soos die Kung (N2) woorde _//hwā:

//hoa, //ho_a, 'green, to be green', ('groen, groen wees') (Bleek 1956:543), en die Kung (N2) en !O !kung (N3) woord !gwa, 'green', ('groen) (Bleek 1956:390). Sharpe (1960:1) verduidelik "o before a or e has the same sound as English w, forming only one syllable with the following vowel; e.g. ho oa (*ho wa*), *to fall*, o oele (*wele*), *he has fallen*."; ("o voor a of e het dieselfde klank as die Engelse w, wat net een lettergreep met die daaropvolgende klinker vorm; bv. ho oa (*ho wa*), om te val, o oele (*wele*), hy het geval."). Die komponent *-ne* is soos die Kung (N2) woord *ne*, 'this' (Bleek 1956:144), of die Hadza (C3) uitgang *-ni*, 'in'.

Witteberge, Maluti

Skead (1973:133) verstrek etlike alternatiewe name vir die Malutiberge in die noordwestelike deel van Lesotho, wat die waterskeiding is tussen die bolope van die Caledon- en Oranjerivier, onder andere die naam *Witteberge*. Met 'n gemiddelde hoogte van 2,700 meter bo seespieël is hierdie berge in die winter met sneeu bedek, en die vroeë Hollandse naam daarvoor, *Witteberge* (Raper *et al* 2014:298), is gepas. Die naam *Witteberge* is blykbaar 'n vertaling van *Maluti*; die lid *Ma-* is die klasmerker, en die lid *-luti* is wat betekenis en klank betref gelyk te stel met die ≠Khomani (S2a) woord !*ul'i*, !*ul'i(ja)*, 'white', ('wit'), waar die tongslag ! met glottale afsluiting met die likwied *l* vergelyk word, en die simbool *l'* gebruik word vir die medeklinker wat onder sekere omstandighede soos 'n *d* of *t* klink, in hierdie geval soos 'n *t*. Dit word deur Bleek (1956:160) die "flapped lateral consonant", ("geflapte laterale medeklinker") genoem, en deur Doke (Outline 141 in Bleek 1956:159) die "flapped retroflex consonant"; ("geflapte retroflekse medeklinker". Die partikel *-ja* is die "/Xam (S1) ending, to v. in i & e, prob. formed from v. plus a, s. -wa. Expresses imper. or the past or a state"; ("die /Xam uitgang vir werkwoorde wat eindig op *-i* en *-e*, waarskynlik gevorm van die werkwoord plus *-a*, sinoniem *-wa*. Druk imperatief of die verlede uit, of 'n staat") (Bleek 1956:71). Ook vergelykbaar is die Namawoord !*uri*, 'weiss', ('wit') (Kroenlein 1889:319).

Witbank, KwaGuqa

KwaGuqa is die naam van 'n bewoonde gebied sowat 4 km van Witbank, en ook die plaaslike naam van Witbank. Die naam *KwaGuqa* beteken glo 'place of kneeling', ('plek van gekniel') (Raper 2004:194), van *guqa*, 'kneel, go down on the knee; bend the knee, stoop', ('kniel, op een knie afgaan, knie buig, buk') (Doke & Vilakazi 2005:278). Indien dit wel so is, is die komponent *Kwa-* te vergelyke met die Kung (N2) woord *!kóä*, 'knee', ('knie') (Bleek 1929:50), waar die serebrale klapklank *!* deur die velêre konsonant *K* vervang is, en die tweeklank *óä* as *wa* voorkom, die *o* en *w* synde verwisselbaar. Die komponent *-guqa* 'kneel, bend the knee', ('kniel, knie buig') is moontlik vergelykbaar met die Hadza (C3) woord *//ʔuku//ʔuku*, 'to kneel down', ('om af te kniel') (Bleek 1956:627). 'n Ander moontlikheid is dat die naam *KwaGuqa* 'n aanpassing van 'n ouer inlandse naam is wat 'wit bank' beteken, waaraan Witbank sy naam te danke het. Die komponent *Kwa-* is in daardie geval vergelykbaar met die *//N* *!ke* (S2) woord */ɔ:wa*, 'white', ('wit') (Bleek 1956:357) en die */Xam* (S1) woorde */kɔ:wa*, *//xwa*, 'wit' (Raper 2021:111). 'n 'Bank' is 'n klipbank, en die komponent *-Guqa* is blykbaar 'n volksetimologiese aanpassing van die Kung (N2) woord *u#k"á*, 'stone' (Bleek 1956:250, 759). Dan is 'Witbank' die vertaling van 'kwaGuqa', 'n aanpassing van Boesmans *//xwa u#k"á*.

6.2.2 Plekke na plante vernoem

Bloemfontein, Mangaung

Mangaung, die Suid-Sotho naam vir die stad Bloemfontein en vir 'n township daar naby, word dikwels verklaar as 'plek van jagluiperds', *Acinonyx jubatus* (Gildenhuys 1993:70), van die woord *mangau*, 'cheetahs', ('jagluipaarde, jagluiperds'), met byvoeging van die plekaanduidende agtervoegsel *-ng* (Louwrens 1994:25). Die komponent *-ngau* van die naam word deur sommiges verklaar as vergelykbaar met die Hie (C1) woord *khao*, 'cheetah', 'jagluiperd' (Bleek 1956:88). Die moontlikheid bestaan egter dat, soos in so baie gevalle waar Nederlandse en Afrikaanse name vertalings van Boesmanname is, dit ook hier die geval kan wees. Die naam *Bloemfontein* beteken in daardie geval letterlik

'fontein met blomme', en die Suid-Sothonaam *Mangaung* het blykbaar dieselfde betekenis. Die lid *Ma-* is die Suid-Sothomeervoudsvoorvoegsel; die stam *-ngau* is vergelykbaar met die /Auni (S4) woord *_///au*, 'flower', ('blom', Hollands 'bloem') (Bleek 1956:518); in hierdie geval is die /Auni retroleksiewe laterale klapklank // soos die stemhebbende velêre nasaal *ng*. Die Suid-Sotho plekaanduidende agtervoegsel *-ng* van die naam *Mangaung* is soos die !O !kung (N3) plekaanduidende bywoord *ŋ*, 'this, here', ('hierdie, hier') (Bleek 1956:141). Betekenisverlies en hervertolking, en die bewaring van die oorspronklike betekenis deur middel van vertaling, kan in hierdie geval in die verskillende aangegeewe verklarings van die naam waargeneem word.

Bloemspruit, Entikoa, Ntikoa, Nthikhuoa

Bloemspruit staan in Suid-Sotho bekend as *Entikoa*, ook as *Ntikoa* en *Nthikhuoa* opgeteken (Dreyer 2001:85). Die Nederlandse naam en sy Afrikaanse ekwivalent *Bloemspruit* is vertalings van die Sotho-aanpassing van 'n oorspronklike Boesmannaam. Die lid (E)n- van die naam *Entikoa* is die Sotho enkelvoudsvoorvoegsel van Klas 5 (Sharpe 1960:13), die komponent *-ti* of *-thi* is soos die Ki/hazi (S4b) woord *≠e*, die Nogau (N1a) woord *tsi-gu*, en die Auen (N1) woord *≠xe:≠xe*, 'flower', ('blom') (Bleek 1956:217, 643, 679); die komponent *-koa* of *-khuoa* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *!ko-ā* en sy sinonieme *!kwa:*, *!khwa:* en *!khoa*, 'running water', ('vloeiende water'), wat ooreenstem met die /Nusan (S6a) woord *!koa*, 'river', ('rivier, spruit') (Bleek 1956:437).

Doringberg, Mopororo, Maphororong

Op die plaas *Doringberg* 384 in die distrik Ventersburg is 'n berg met die Engelse naam *Mount Mopororo*. Dreyer (2001:91) verwys na "Maphororong (die waterval) of Doringberg, ... ook as 'ha Mabitle' bekend...". Hiervolgens skyn dit asof die naam *Maphororong* 'die waterval' kan beteken. As egter in aanmerking geneem word dat Nederlandse en Afrikaanse name dikwels die inheemse naam vertaal, blyk dit dat *Doringberg* die naam *Mopororo* en sy variant *Maphororong* dalk vertaal. Die lid *Mo-* and *Ma-* is die Sotho-prefiks; die komponent *-p(h)oro* is verwant aan die //N *!ke* (S2) woord *//goro*, 'thorn bush, hakdoorn', ('doringbos,

haakdoring’) en die /Xam (S1) woord //gorro, //goro, ‘tree, camelthorn’, (‘boom, kameeldoring’) (Bleek 1956:533). Dit blyk dat ’n vroeëre Boesman-lipklank (bilabiale klapklank) *o* wat in die Boesmantale oorgegaan het tot die stemhebbende retrofleks-frikatiewe klapklank //g, oftewel die retrofleksiewe klapklank // met die stemhebbende effluks aangedui met *g* (Traill 1978:138), in die Sothowoord *poro* bewaar gebly het. Die tweede lid *ro* van die naam *Mapororong* beteken ‘berg’, en kom voor in name soos *Goaroes*, ens. Die slot *-ng* is die Sotho lokatief wat ooreenstem met die Boesman-demonstratief *n, ŋ*.

Rietfontein, Monuana

Monuana is die Sothonaam van ’n fontein naby die Klipspruit en oos van Doringkop (*Makhuabane*) op die plaas Rietfontein 164 in die Vrystaat (Dreyer 2001:91). Die naam *Rietfontein* is in hierdie geval ’n vertaling van ’n Boesmannaam waarvan *Monuana* die Sotho-aanpassing is. Die komponent *Mo-* is die Sotho-voorvoegsel; die komponent *-nua* is soos die Kung (N2) woord //nua, ‘riet’ (Bleek 1956:623), en die slotkomponent *-na* van die naam *Monuana* is soos die Auen (N1) woord *ʔha*, ‘fountain, spring’, (‘fontein, waterbron’) (Bleek 1956:650).

Rietspruit, Noka Tlou

Nog ’n voorbeeld van volksetimologiese aanpassing is die Suid-Sotho-pleknaam *Noka Tlou*. Op die oog af sou mens geneig wees om dit te verklaar as ‘olifantsrivier’, *noka* = ‘rivier’, *tlou* = ‘olifant’. Op hulle roete in April 1836 maak die sendeling Arbousset and Daumas egter melding van “three little mountains ... near the Noka Tlou (Rietspruit)”; (“drie klein bergies ... naby die Noka Tlou (Rietspruit).”) (Dreyer 2001:77). Die vermelding van die Afrikaanse naam *Rietspruit* as alternatief vir die inheemse naam *Noka Tlou* dui daarop dat die name sinoniem is, en dat *Rietspruit* ’n Boesmannaam vertaal wat in Sotho vertolk en aangepas is as *Noka Tlou*. Die komponent *Noka* is waarskynlik ’n aanpassing van ’n woord soortgelyk aan die Kung (N2) woord //noa, ‘riet’ (Bleek 1929:69), terwyl die lid *Tlou* dalk vergelyk kan word met die /Nu//en (S6) woord *!nau*, en die Sesarwa (S5) woord *!na:u*, ‘rivier’ (Bleek 1929:70). Dit is alles bespiegeling om die

naasmekaarstelling van *Noka Tlou* en *Rietspruit* te verklaar. 'n Ander moontlikheid is dat taalkontak reeds so ver gevorder het dat *Noka Tlou* 'n hibridiese naam is waar die woord *noka* wel die Suid-Sotho generiese term is, terwyl die lid *Tlou* die spesifieke term is, naamlik 'n aanpassing van die Kung (N2) woord //kau, 'riet'. In hierdie geval is die Boesman-struktuur van spesifieke term + generiese term reeds vervang deur die Sotho-struktuur van generiese term + spesifieke term. *Noka Tlou* dus 'n hibridiese naam met die Sotho generiese term *noka*, 'rivier' + die Boesmanse spesifieke term //kau, 'riet', in Afrikaans vertaal as *Rietspruit*.

6.2.3 Plekke na diere vernoem

Oskop, Koba

Die naam *Koba* word deur Dreyer (2001:86) in samehang met die name *Oskop* en *Osberg* gebruik, en daar word gemeen *Koba* is 'n Sotho-aanpassing van die //Xegwi (S3) woord !khoa, 'cow, ox', ('koei, os'), verwant aan of vergelykbaar met die !Gã !ne (S2e) woorde //hóá, //owa, 'ox', ('os') (Bleek 1956:437, 541, 543). Die Sotho stemlose velêre konsonant *K* stem in die relevante Boesmanwoorde ooreen met die serebrale klapklank met stemlose velêre neweklank, !k, en die stemlose retroflekse klapklank //, en die bilabiale konsonant *b* in die tweede lettergreep wissel dikwels af met *w* (Bleek 1956:13), of is geëlideer.

Renosterrivier, Kwakwatsi

Kwakwatsi is die Suid-Sothnaam vir die dorp Koppies in die Vrystaat, en vir die 'township' daar. Die naam *Kwakwatsi* is volgens Gildenhuis (1993:76) moontlik afgelei van die woord *kwatsi*, 'milt siekte'. Ellenberger (1962:68 aangehaal in Gildenhuis 1993:76) gee *Kwakwatsi* aan as die naam van die *Renosterrivier* wat by die dorp verbyvloei. Hierdie twee name het dieselfde betekenis; die komponent *Kwakwa-* van die naam *Kwakwatsi* is fonologies versoenbaar met die /Xam (S1) woorde //xwa-ka, //xoa:kən, 'rhinoceros', ('renoster') (Bleek 1956:638, 1929:70), die komponent *tsi* is soos die /Xam (S1) woord ʔ/i:, 'om te vloei' (Raper 2021:102), wat meermale as fluviale suffiks voorkom vir 'rivier'.

Aasvoëlberg, Aasvoëlkop, Matlakeng

Aasvoëlberg, ook as *Aasvoëlkop* aangetref, is die naam van 'n berg van 2,208 meter hoog ten weste van Zastron geleë. Hoewel meer as een berg in die Vrystaat hierdie naam dra, is die een onder bespreking die enigste in hierdie provinsie waar aasvoëls permanent in hulle natuurlike staat voorkom. Die Suid-Sothonaam vir hierdie berg is *Matlakeng*, wat ook die naam is wat gebruik word vir Zastron en sy township (Gildenhuys 1993:83). *Matlakeng* beteken ook 'plek van aasvoëls', en is sinoniem met *Aasvoëlberg*. Die komponent *Ma* van die naam *Matlakeng* is die Sotho-klasprefiks, die komponent *tla* is vergelykbaar met die Oos-Kaapse dialektiese woord *V-gha ip* wat deur Le Vaillant (1790:367) vir 'aasvoël' opgeteken is, en as *#ghai-p* getransliterereer is (Nienaber 1963:204), en met die Korannawoord *kx'aop*, 'common vulture, *Vultur kolbii*' (Nienaber 1963:205). Die tweeklank *tl* van die lid *-tla-* stem ooreen met die palatale tongslag *#* en die skuurklank *kx'*. Die komponent *-ke-* is soos die /Xam (S1) en Ki/hazi (S4) aanwysende bywoord *ke:*, 'that, there', ('daardie, daar') (Bleek 1956:85), of vergelykbaar met die Ou-Kaapse woorde *koe*, *khoe*, *k'koe*, 'berg' (Nienaber 1963:217), en die slot-lid *-ng* is 'n plekaanduidende agtervoegsel vergelykbaar die !O !kung (N3) aanwysende bywoord *-ŋ*, 'this, here', ('hierdie, hier') (Bleek 1956:141).

6.2.4 Geomorfologie as benamingsmotief

Klipfontein, Sisque

Sisque is die naam van 'n rivier tussen Kroonstad en Lindley, in die Vrystaat. Dreyer (2001:94) meen die naam verwys ook na die plaas Klipfontein 684 wat aan Doornkloof 25 grens. Indien die patroon dat 'n Afrikaanse of Hollandse naam die vertaling van die inlandse naam vir dieselfde entiteit kan wees, sou *Sisque*, wat ook as *Sisiu* en *Sisque* aangetref word, 'klipfontein' kon beteken. Indien daar wel sprake was van vertaling, sou mens die lid *sisi* kon vergelyk met die Boesmanwoord *ʌkiīsi* 'rooiklip, a red stone', ('rooi klip'), waarvoor Doke die spelling *ʌkiīsi* gee (Bleek 1956:662), maar waarvoor die spesifieke taal nie vermeld word nie. Die simbool ** in die woord *ʌkiīsi* dui 'n dalende toon aan, en

die komponent *-u* van die wisselvorm *Sisiu* is vergelykbaar met die /Nu //en (S6) woord *#ũ*, ‘spring’, (‘fontein’) (Bleek 1929:79). Gedagtig daaraan dat die naam primêr dié van ’n rivier is, sou die komponent *-que* van die wisselvorm *Sisique* ooreenstem met die Hie (C1) woord *kwe*, ‘rivier’ en die //N !ke (S2) woord *!kwe*, ‘rivier’ (Bleek 1929:30, 80). Die mees ooglopende ooreenkoms tussen die naam *Sisique* of *Sisikwe* sou wees met die Kung (N2) woorde *sisi*, ‘waterhole’, (‘watergat, kuil’), en *kwe*, ‘place’, (‘plek’) (Bleek 1956:112).

Sandrivier, Tikue

Tikue is die Suid-Sothnaam vir die *Sandrivier* (Dreyer 2001:58), en dit lyk asof die twee name dieselfde betekenis kan hê. Die komponent *Ti-* is fonologies vergelykbaar met die Oostelike dialektiese woord *Ij*, wat deur Beutler (1752 in Nienaber 1963:437) verklaar word as “*beteykenende soo veel als Zandrivier*”, (“wat soveel as *Sandrivier* beteken”), verwysende na die huidige Keirivier. Die stemlose dentale medeklinker *T* van die lid *Ti-* stem ooreen met die stemlose laterale klapklank //, wat aanwys dat *Ti* en //!j verwante woorde is wat ‘sand’ beteken. Die kcomponent *kue* van die naam *Tikue* is vergelykbaar met die Hie (C1) woord *kwe*, ‘rivier’ (Bleek 1956:112).

Suringkrans, Thaba Kurutlele

Kurutlele is die Sothonaam vir *Biddulphsberg*, ’n groot, plat berg naby Senekal, aan die noordekant van die pad tussen Senekal en Bethlehem, waar ’n skermutseling in Mei 1900 tussen die Britte en die Boeremagte in die Tweede Vryheidsoorlog plaasgevind het (Watt 1991). Dreyer (2001:87) wys uit dat gemeen word dat die naam afgelei is “from *ho kurutlela* (to throw stones at), indicating the way in which mountain fortresses were generally defended. In reality, *Kurutlele* has never been described as a mountain fortress”; (‘van *ho kurutlela*, ‘om klippe na te gooi’, wat aandui hoe bergvestings gewoonlik verdedig is. In werklikheid is *Kurutlele* nooit as ’n bergvesting beskryf nie.”). Hierdie verklaring van Dreyer dui aan dat hierdie gegewe betekens van *Kurutlele* ’n legendariese of volksetimologiese siening kan wees. Ten ooste van *Kurutlele* is *Suringkrans* (Dreyer 2001:94 fig. 25), waarskynlik

genoem na die surings (*Oxalis* spp.) (Smith 1966:429, 446) wat daar groei, wat die vermoede wek dat die lid *Kuru*- vergelykbaar is met die Nama woord /*kuru*, 'sauer', ('suur') (Rust 1960:51).

Soutkop, Kooaneng, Qooaneng, Qhowaneng,

Thaba Kurutlele is 'n alternatiewe naam vir *Kooaneng*, ook opgeteken as *Qooaneng, Qhowaneng*, en *Khoro-e-betloa*, op die noordelike deel van die plaas *Zoutkop 75* (Dreyer 2001:89). Waar 'n entiteit meer as een naam het, in verskillende tale, is dit dikwels die geval dat daar sprake van oorname, aanpassing en vertaling is. Dit is moontlik ook hier die geval. Gedagtig daaraan dat *Kooaneng (Qooaneng, Qhowaneng)* deur Dreyer aangegee word as 'n alternatiewe naam vir *Kurutlele*, kan vermoed word dat *Khooa*- en variante dieselfde betekenis kan hê as *Kuru*-, naamlik 'suur'. Die lid *Kooa, Qooa*, of *Khooa* is wel semanties en fonologies vergelykbaar met die Hie (C1) woord *khauwe*, 'sour', ook gebruik vir 'sout' (Bleek 1956:89). Die ander Sotho naam vir Suringkrams, naamlik *Khoro-e-betloa*, is ook 'n aangepaste Boesmannaam. Die komponent *Khoro* is soos die Hie (C1) woord *koro*, 'cliff, precipice, krantz', ('krans, afgrond') (Bleek 1956:101); die komponent *tloa* is soos die /Xam (S1) woorde //ka:owa, //k"au:wa, 'bitter' (Raper 2021:12). Soos elders uitgewys, word dieselfde woord soms gebruik om na sake te verwys wat gemeenskaplike eienskappe besit, soos, in hierdie geval, 'sout, 'suur' en 'bitter'.

Gemoedstemming

Jammerberg, Kouwe

Kouwe is die inlandse naam van die *Jammerberg* net noord van die dorp Wepener in die Vrystaat geleë. Stow (1905:103) skryf oor "... the 'Kouwe, i.e. the Mountain, the present Jammerberg."; ("... die 'Kouwe, d.w.s die Berg, die huidige Jammerberg."). Gedagtig daaraan dat name gewoonlik in hulle geheel vertalings is, verwerp Nienaber en Raper (1977:782-3) die gedagte dat 'the Mountain' die naam *Kouwe* vertaal, en die moontlikheid dat die naam gelyk is aan die Kaaps-Saldanha dialektiese woord *cou*, 'montagne' (De Flacourt 1655:61), in Nama later sonder die velaar as /*ui(b)*, 'berg'. Hulle herinner aan die naam *Gouchanub*. 'Jammerdrif',

waar *Gou*, Koranna vir ‘jammer’, gelykgestel kan word met die lid *Kou* van *Kouwe*, soos die Korannawoord *!gou*, ‘jammer’ [en ook die Hie (C1) woord *thoo*, ‘to be sorry’, (‘om jammer te wees’) (Bleek 1956:200)]; en die lid *-we* “dan wel ‘berg’ beteken, d.w.s. dit sal aansluit by wat in Nama /*ui-* = ‘berg’ heet. Die huidige Jammerberg is o.i. vertaal uit ’n Khoekhoense, meer bepaaldelik ’n Sanse naam.” Dit blyk dat die naam *Khouwe* inderdaad van Boesman-oorsprong is, naamlik dat dit ’n skriftelike en fonologiese aanpassing is van die /Xam (S1) woord *k”ō:ē*, ‘pity’, (‘medelye’) (Bleek 1956:124). Die Afrikaanse generiese term ‘berg’ is ’n byvoegsel om die kenteken te identifiseer.

Gebeurtenisse

Moordkop, Notsi

Notsi is die Sothonaam vir *Moordkop*, ’n heuwel op die plaas Heldenmoed nr. 82 in die distrik Ladybrand, suidwes van die huidige Maseru (Dreyer 2001:69). Gesien die verwisselbaarheid van die alveolêre nasale konsonant *n* en die dentale of alveolêre suigklank met stemhebbende neweklank /*g*, oftewel die wisseling *g* en *n* (Nienaber 1963:180), is die lid *No-* van die naam *Notsi* semanties en fonologies vergelykbaar met die Hie (C1) woorde /*goo* ‘to murder, kill; murder’; (‘vernoor, doodmaak; moord’) (Bleek 1956:281). Die komponent *-tsi* van die naam *Notsi* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *˘tsi*, ‘skerp, spits’ (Raper 2021:77), moontlik met verwysing na die vorm van die kop. Die spelling van /*goo* dui aan dat die tweeklank ’n lang klank is.

6.2.6 Kentekenbenaming

Springfontein, Maphodi

Maphodi, die Suid-Sothonaam vir Springfontein en die dorpsgebied daarnaby, beteken glo ‘koelheid’ (Gildenhuys 1993:80). Die naam *Springfontein* verwys letterlik na ’n artesiese bron, ’n fontein wat ‘spring’, en dié naam is blykbaar ’n vertaling van ’n ouer naam waarvan *Maphodi* ’n aanpassing is. Die lid *Ma-* is die Sothoprefiks of klasmerker; die komponent *-pho* is fonologies vergelykbaar met die /Xam (S1) woord *˘po:*, ‘to arise,

jump up', (om op te kom, om op te spring') (Bleek 1956:158), en die komponent *-di* met die Hadza (C3) woord *ate, ati* 'water' (Bleek 1956:2), waar die alveolêre *d* en *t* uitruilbaar is; en met die /Xam (S1) woord $\bar{/i}$, 'to flow', ('om te vloei') (Bleek 1956:292). Die Afrikaanse vertaling het gedien om die Boesmaninhoud van die naam te bewaar, terwyl verlies aan leksikale betekenis gelei het tot Sotho hervertolking en volksetimologisering as 'koelheid'.

7. Noord-Sotho

7.1 Aspekte van die Noord-Sotho-taal

7.1.1 Noord-Sotho klasmerkers

Klas	Enkelvoud
1 (ekv.)	mo-
2 (mv.)	ba-
1a (ekv.)	∅
2b (mv.)	bo-
3 (ekv.)	mo-
4 (mv.)	me-
7 (ekv.)	se-
8 (mv.)	di-
14	bo-

7.1.2 Bepaling van Boesman-invloed

Soos in die gevalle van ander Bantoetale, word die klasmerker by die betragting van plekname verontagsaam en die stam van die naam word vergelyk met Boesmanwoorde wat in klank en betekenis met die komponent(e) van die pleknaam ooreenstem, met inagneming van klankverskuiwings en ortografiese verskille tussen die tale. In Noord-Sotho, in teenstelling met die Ngunitale, word die jukstaposisie van klinkers geduld, en name soos *Mookgopong* en *Mookana* kom voor.

7.2 Noord-Sotho-plekname wat Boesman-invloed toon

7.2.1 Beskrywing as naamgewingsmotief

Mooiwater, Politsi, Mphudutshi, Mphudutsi, Mphodutsi

Die *Mooiwater*(rivier) in die Letabadistrik is ook bekend onder die name *Politsi*- en *Mphudutshi*-rivier. Daar word gemeen dat *Politsi* 'n aanpassing is van die naam *Mphudutsi* of *Mphodutsi*, wat 'die een wat deur die woud uitgespoeg word' beteken, van *dutsi*, 'woud', en *mphu*, 'uitspoeg' (Raper *et al* 2020:604). Op die oog af lyk dit asof *Mooiwater* nie maklik 'n vertaling van *Politsi* kan wees nie, want Boesmanwoorde vir 'mooi', soos die Sesarwa (S5) woord $\text{Ṱ}op'um$, 'beautiful', ('pragtig') en die Kung (N2) woorde */hom*, *~/hum* en */hu*, 'beautiful, pretty', ('pragtig, mooi') (Bleek 1956:290; 1929:61), lyk nie presies soos *po* nie. Maar die aanwesigheid van die komponent *Po*- in name soos *Politsi*, *Pongola*, *Mpofana* en *Potchefstroom*, waarvan die Afrikaanse ekwivalente (of allonieme) *Mooiwater*, *Mooiplaats*, *Mooirivier* en *Mooiriviersdorp* die eerste lid *Po*- as 'Mooi' vertoon, wys daarop dat die woord *Po*- die betekenis van 'mooi' kan hê. Dat dit inderdaad die geval is, blyk uit die verwisselbaarheid van die vokale *o* en *u*, en die allonieme *Mphudutsi* en *Mphodutsi* vir *Politsi*. Al drie hierdie name beteken 'mooi water'; die komponent *Po*- is vergelykbaar met die komponente *Mpho*- en *Mphu*-, en met die Sesarwa (S5) woord $\text{Ṱ}op'um$, 'beautiful', ('pragtig') (Bleek 1929:61). Die tweeklank *Mp*- van die komponent *Mphu*- is soos die lipklapklank Ṱ en die nasale eindkonsonant *-m* van die woord $\text{Ṱ}op'um$, sodat *Mphu* gelykgestel kan word met $\text{Ṱ}op'um$. Daar kan ook uitgewys word hoe ook tussen die verskillende Boesmantale daar 'n variabiliteit in klapklanke is. Woorde in die Kung-taal (N2) vir 'mooi, pragtig', is */hom*, *~/hum* en */hu*, 'beautiful, pretty', ('pragtig, mooi') (Bleek 1956:290). Die woord *~/hum* stem ooreen met die Sesarwa (S5) woord $\text{Ṱ}op'um$ wat die tweeklank *-um* betref, en die variabiliteit in klapklanke word weerspieël in die lipklank Ṱ en die dentale */*; in die sinonieme */hom*, *~/hum* word die afwisseling van die klinkers *u* en *o* vertoon, en 'n sinoniem */ho* vir die woord */hu* stem ooreen met $\text{Ṱ}o$ of *po*. Die komponent *-du*- van die naam *Mphudutsi* stem

ooreen met die //Ku//e (S2c) woord *du*, ‘water’, ‘rain water’, (‘reënwater’) (Bleek 1956:28), en die eindkomponent *-tsi* is soos die /Xam (S1) woorde *ˀ/i*, ‘om te vloei’ (Bleek 1956:292), wat meermale as fluviale suffiks voorkom, sowel as soos die /Xam (S1) en /Auni (S4) woord *#ei*, ‘river’, (‘rivier’) (Bleek 1956:643). Daar is egter opgemerk dat die naam van die *Mpudutsi* ook opgeteken is as *Mphudutshe*. Gedagtig daaraan dat die vroeë inwoners van die land met die oog op doeltreffende kommunikasie eerder na ’n watergat of ander maklik herkenbare eienskap van ’n rivier sou verwys as na die hele rivier, bestaan die waarskynlikheid dat die slot-komponent *-tsh*e van die alternatiewe vorm *Mphudutshe* sou ooreenstem met die Sesarwa (S5) woord *tʃe:*, ‘well’, (‘puts’); die Naron (C2) woord *je*, ‘pit’, ‘hole in the ground’, (‘puts, gat in die grond’); die Hukwe (C2b) woord *tʃebe:*, ‘waterhole’, (‘watergat’), en die Hie (C1) woord *dʒiba, jiba*, ‘pool, lake’, (‘poel, meer’) (Bleek 1956:227, 72, 227, 33).

Kranskop, Modimolle

In 2004 is Nylstroom se naam verander na *Modimolle*, in die eerste plek die naam van die alleenstaande berg ten noordooste van Nylstroom. Hierdie berg dra die Afrikaanse naam *Kranskop*. Daar is opgeteken dat *Modimolle* ‘die Here het geëet’ beteken, van die Tswana-woord *modimo*, ‘voorvader, Skepper’, plus die werkwoord *o-llê*, ‘het geëet’ (Louwrens 1994:17), wat na die gebruik in vroëere tye verwys om mense tereg te stel deur hulle van die kranse af te gooi. ’n Ander verklaring is dat *Modimolle* ’n aanpassing van ’n Boesmannaam is waarvan ‘Kranskop’ die vertaling is. Die komponent *Mo-* is die bygevoegde Noord-Sotho voorvoegsel (Louwrens 1994:17), *-dimo* is ’n variant van die Hie-woord *zimo, njimo*, ‘hoog’ (Bleek 1929:10; 1956:147). Die lid *-le* is vergelykbaar met die Batwa (S3) en Sesarwa (S5) demonstratiewe adverbiale lokatiewe morfeem *le*, ‘that one there’, (‘daardie een daar’) (Bleek 1956:129), dus ‘die hoë een daar’. Daar is die moontlikheid dat die lid *-olle* vergelykbaar is met die lid //ulle van die Hadza-woord //ulle-*jabe*, ‘hill’, (‘heuwel, kop’) (Bleek 1956:628).

Loskop, Rita

Rita is die naam van 'n berg 40 km van Pietersburg (Polokwane) en 15 km van Dendron, volgens 'n segs persoon van die Raad op Suid-Afrikaanse Geografiese Name (vraelys 2005) na 'n aktivis vernoem wat nie nader geïdentifiseer is nie. Hierdie berg staan in Afrikaans as *Loskop* bekend. Dit blyk dat die berg nie na 'n vrou met dié naam *Rita* genoem is nie, maar dat *Rita* 'n volksetimologiese aanpassing van 'n inlandse naam is waarvan *Loskop* die vertaling is. Die komponent *Ri-* is vergelykbaar met die Kung (N2) woord *ʒeri*, 'to loose', ('om los te maak, los'), en die komponent *-ta* met die Hadza (C3) woorde *!a* en *//a*, 'hill', ('kop, heuwel') (Bleek 1929:55; 1956:369, 514). In hierdie geval vervang die stemlose alveolêre medeklinker *t* die klapklanke *!* en *//* in die laaste komponent van die naam.

Kleur

Blouberg, Chanani

In die Bochumdistrik van Limpopo, wes van die Soutpansberg, lê die *Blouberg*. Hierdie berg is in Noord-Sotho bekend as *Chanani*, 'n aangepaste inlandse naam wat ook 'blou berg' beteken. Die komponent *Cha-* is vergelykbaar met die Naron (C2) woord *tʃã*, 'ligt blue', ('ligblou') (Bleek 1929:22), ook as *tschã* geskryf; die komponent *-nani* is soos die Namawoord *!nani(b)*, '*Bergrand, Berghang*', ('bergrand, berghang') (Rust 1960:10). Ook hierdie beskrywende Afrikaanse naam is dus 'n vertaling van 'n aangepaste naam.

7.2.2 Plekke na diersoorte vernoem

Rooibokrivier, Palala, Lephallale

Lephallale is die Sothonaam wat die dorpsnaam Ellisras in 2004 vervang het. *Lephallale* is 'n aanpassing van *Palala*, die naam van die rivier wat verby die dorp vloei. Volgens Louwrens (1994:23) is *Lephallale* 'n deverbatief, gebaseer op die ontwikkeling *lephalala* van die Tswana en Pedi werkwoord *-falala*, 'oorstroom', en beteken 'die een wat oorstroom'. Louwrens wys daarop: "The resulting deverbative can ... not be translated in a sensible

way.”; (“Die gevolglike deverbatief kan ... nie op ’n sinvolle wyse vertaal word nie.”). Hierdie stelling, tesame met die twyfelagtige afleiding van (*le*)*phalala* van *falala*, laat twyfel ontstaan oor die gegewe verklaring van die naam, wat blykbaar gesuggereer is deur die eendersheid van die riviernaam *Palala* en die werkwoord *falala*. ’n Alternatiewe naam vir die rivier is *Rhoebok R.* (Skead 1973:175), ’n poging om die Afrikaanse naam *Rooibok* te skryf (Kritzinger *et al* 1954:403). Die naam *Rooibok* het dieselfde betekenis as *Palala*; die lid *Pala* stem ooreen met die Hukwe (C2b) woord *pala*, ‘roibok’ (sic) (Bleek 1956:156), waarvan die naam van die impala ook afgelei is. Die agtervoegsel *-la* van die naam *Palala* is moontlik ’n aangepaste generiese term wat ‘rivier’ beteken wat ook voorkom in riviernaam soos *Tugela* en *Pongola*, maar die komponent *-la* van *Palala* en *le-* van *Lephalale* is ook vergelykbaar met die //Xegwi (S3) en Sesarwa (S5) demonstratiewe adverbiale lokatiewe morfeem *la* en sy sinoniem *le*, ‘daardie een, daar’ (Bleek 1956:129).

7.2.3 Bodemgesteldheid as benamingsmotief

Klip Poort, Chuniespoort

Chuniespoort is die naam van ’n kloof of deurgang deur die voetheuwels van die Strydpoortberge, omtrent 35 km suid van Pietersburg (Polokwane) op die pad na Lydenburg, waardeur die Chuniesrivier vloei. Die naam is deur die Raad op Suid-Afrikaanse Geografiese Name verander na *Chuenespoort*. Daar is in *Louis Trichardt se Dagboek* na die poort verwys as *Klip Poort* (Raper 2004:55), wat blykbaar ’n vertaling van die inheemse naam is, wat op sy beurt met ’n vroeëre inheemse naam vergelykbaar is. Die komponent *Chu-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die //Xegwi (S3) woord *žu*, ‘stone’, (‘klip’) (Bleek 1956:266), en die Kung (N2) en Hukwe (C2b) woord *#u*, ‘bored, holed stone’, (‘geboorde klip, klip met ’n gat’) (Bleek 1956:676). en die component *Chue-* is wat klank en betekenis betref vergelykbaar met die //N !ke (S2) woord *xui*, ‘grinding stone’, (‘maalklip’) (Bleek 1956:261), die /Xam (S1) woord //o:e, ‘stone’, (‘klip’) (Bleek 1956:625), die Ki /hazi (S4b) woord !oe, ‘stone’, (‘klip’) (Bleek 1956:490), die Sehura (C1a) woord *ui, _!oe* ‘stone’, (‘klip’),

die /Xam (S1) woord *!kwe*, ‘perforated stone on digging stick’, (‘geperforeerde klip op ’n grawestok’) en die (S2) //N *!ke* woord *!kwe* ‘perforated stone’, (‘geperforeerde klip’) (Bleek 1929:80). Die slotkomponent wat as *-nies* en *-nes* voorkom, is moontlik te vergelyk met die /Xam (S1) woorde //xē: en //xĩ:, ‘to pass’, (‘verbygaan’ of ‘deurgaan’) (Bleek 1956:634); moontlik soos the (N2) demonstratiewe *ne* ‘this’, (‘hierdie’), of die Hadza (C3) lokativerende *ni*, ‘in’ (Bleek 1956:144, 146),

Klip Poort, Neushek

Forbes (1965:106-107) skryf oor Gordon se reis van September 1779 tot Februarie 1780: “Shortly after his crossing [die Oranjerivier], he passed through his Klip Poort which is likely to have been the gap now used by the railway, and in which Neushek station is now situated.”; (“Kort nadat hy [die Oranjerivier] oorgegaan het, het hy deur sy Klip Poort deurgegaan, wat waarskynlik die gaping was wat nou deur die spoorweg gebruik word, en waarin Neushek-stasie nou geleë is.”). Forbes gee die ligging aan as in die omgewing van Moebees of Keimoes. Die topografiese ooreenstemming van die stasie *Neushek* en die poort waar die geleë is, *Klip Poort*, en die feit dat ‘hek’ en ‘poort’ dieselfde betekenis het, dui aan dat die komponent *Neus-* ’n aangepaste inlandse woord kan wees wat ‘klip’ beteken, en dat ‘Klip Poort’ sinoniem is met ‘Neushek’. Die lid *Neus-* is fonologies en semanties vergelykbaar met die Namawoord /*uis*, ‘*der Stein*’, /*uib*, en die Koranna woord /*uib*, ‘*Stein*’, ‘rots’, en ‘berg’ (Nienaber 1963:340), ook die Koranna //*eu-b* of *#eub* wat Lichtenstein (1805:471) “aangee vir ‘berg’ en ‘klip’ a.w., albei uitgaande op suff. masc., sodat daar geen twyfel bestaan nie dat dit gelyk te stel is met Na. Nama /*ui-b*. naas /*ui-s*, ‘*Stein, Felsen*’, (‘klip, rots’).” (Nienaber 1963:218). Die //Khau (S2b) woord *goe*, ‘round grinding stone’, (‘ronde maalklip’), die Ki /*hazi* (S4b) woord *!oe*, ‘stone’, (‘klip’) en die /Xam (S1) woord //*o:e*, ‘round stone for grinding’, (‘ronde klip vir maal’) (Bleek 1956:48, 490, 625) is ook met die lid *Neu-* vergelykbaar, veral as die Duitse uitspraak van die tweeklank *eu* ingedagte gehou word. Die slot *-s* is moontlik die fem, sing. wat op die poort dui, maar ook moontlik ’n volksetimologiese

byvoeging om die inlandse woord as die Afrikaanse 'neus' te vertolk. Of die naam verwys bloot na 'n klip wat soos 'n neus lyk

Sandrivier, Polokwane

Die naam van Pietersburg, die dorp 275 km noordoos van Pretoria en 58 km noordoos van Potgietersrus, is in Februarie 2002 verander na *Polokwane*, wat verklaar is as Noord-Sotho vir 'plek van veiligheid', 'beskernde plek', wat verwys na 'n holte in die middel van 'n oop, grasbedekte plato (Raper *et al* 2014:418). 'n Ander verduideliking, gebaseer op topografiese konfigurasie, is dat die naam *Polokwane* geneem is van dié van die plaas *Sandrivier* waarop dit uitgelê is, en wat sy naam verkry het van die rivier met dieselfde naam. *Polokwane* skyn 'n aanpassing te wees van 'n Boesmannaam waarvan *Sandrivier* 'n vertaling is. Die komponent *polo* kom min of meer ooreen met die //Xegwi (S3) //kwa:lo, ɔpwa:lo, 'sand, grond'; en die komponent *kwane* is vergelykbaar met die //Xegwi (S3) woord /kana, 'rivier'.

7.2.4 Gemoedstoetoestand

Vredenburg, Mokopane

Vredenburg is die voormalige naam van *Potgietersrus*, nou *Mokopane*, 'n dorp 220 km noordoos van Pretoria, 58 km suidwes van Polokwane (Pietersburg) en 93 km noordoos van Modimolle (Nylstroom). Die dorp is oorspronklik in 1852 gestig, maar is as gevolg van koors en vyandige plaaslike inwoners is dit in 1870 verlaat. Dit is in 1890 hervestig, is vanaf 1904 deur 'n dorpsraad bestuur, en het in 1935 munisipale status verkry. Aanvanklik het dit die naam *Vredenburg* gedra, maar op 25 September 1858 is dit hernoem as *Pietpotgietersrust* ter nagedagtenis aan Pieter Johannes, seun van die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter. Die naam is later verkort na *Potgietersrust* en in 1939 is die slot-*t* weggelaat. In 2002 is die naam verander na die Noord-Sothonaam *Mokopane*, glo vernoem na die opperhoof Mokopane, ook bekend as Makapan. Hierdie naam beteken glo 'samehorigheid'. (Raper *et al* 2020:491, 607). Daar word ook verklaar dat *Mokopane* dieselfde betekenis het as die oorspronklike naam van die dorp, naamlik 'Vredenburg', wat na

die versoening tussen die Voortrekkerleiers Andries Pretorius en Hendrik Potgieter verwys (Raper *et al* 2020:763). Die lid *Mo-* van die naam *Mokopane* is die Noord-Sotho-voorvoegsel; die lid *-ko* is vergelykbaar met die /Xam (S1) woorde *ˀkau*. ‘stil’; *ˀgou*, *ˀgau*, ‘vreedsaam, vrede’ (Raper 2021:86, 105); en die lid *-ane* soos die /Xam (S1) *//an*, *//ann*, ‘to live in, dwell, inhabit’, (‘om in te woon, bewoon, te beset’) (Bleek 1956:517), wat goed aansluit by die gegewe betekenis van ‘smehorigheid’.

7.2.5 Plekname wat op menslike interaksie dui

Maagdeberg, Maleoskop

Maleoskop, ook opgeteken as *Maleeuwskop*, is die naam van ’n heuwel 20 km suidoos van Groblersdal en 32 km noordwes van Stoffberg; dit is in Afrikaans bekend as *Maagdeberg*. Daar word gemeen die naam *Maleoskop* is van Noord-Sotho-oorsprong, genoem ter ere van die Bakopakaptein Maleo (Boshoff WS, repository.up.ac.za 22 November 2012), wat die Swazi’s in 1864 daar aangeval het. ’n Ander verklaring van die naam word egter gesuggereer deur die feit dat die naam van die berg tog sekerlik ouer is as die leeftyd van Maleo en die alloniem wat deur vroeë sendelinge aan die berg gegee het, naamlik *Maagdeberg*. Indien *Maagdeberg* die vertaling van *Maleo*, of *Maleeuw*, is, kan ’n fonologiese en semantiese verband gesoek word met die Sesarwa (S5) woord *Opwa:lu*, ‘girls, maidens’, (‘meisies, maagde’) (Bleek 1956:685). Die Sotho bilabiale medeklinker *M* van *Maleo* of *Maleeuw* stem ooreen met die bilabiale klapklank *Op*, en behou die meervoudsvorm ‘maidens’ in die Afrikaanse en Hollandse naam *Maagdeberg*.

8. Tswana

8.1 Tswana klasmerkers of prefikse

<i>Klas</i>	<i>Enkelvoud</i>	<i>Meervoud</i>
1.	mo-	ba-
1a.	---	bô-
2.	mo-	me-, ma-
3.	le-	ma-
4.	se-	di-
5.	n-	din-
	m-	dim-
	ny-	diny-
	ng-	diny-
		ding-
6.	lo-	din-
		dim-
		diny-
		ding-
7.	bo-	ma-
8.	go-	go-
9.	fa-	fa-
	go-	go-
	mo-	mo-

8.2 Tswana-plekname wat Boesman-invloed toon

8.2.1 Beskrywende plekname

Schoonspruit, Tshing

Tshing is die Tswananaam vir die *Schoonspruit* wat by die dorp Ventersdorp verbyvloei, vir die dorp self, en vir die township ongeveer 2 km van die dorp geleë. Daar word gemeen dat *Schoonspruit* die vertaling van 'n Boesmanwoord is waarvan *Tshing* 'n aanpassing is, soos die /Nu //en (S6) woord *t'him*, 'to clean', ('om skoon te maak') (Bleek 1956:200).

Witpoortjie, Kurrichane

Kurrichane ook opgeteken as *Kurreechane*, *Kurrichaine*, en *Karrecahne*, is volgens Boeyens en Cole (1995:3-7) pogings om die naam van die vroeg-negentiende hoofstad van die Bahurutshe op skrif te stel. Hiedie skrywers meen die eintlike naam van die hoofstad was *Kaditshwêne*, en dat *Kurrichane* en variant-spellings van die naam "corruptions or distortions of *Kaditshwêne*"; ("verwringings of verdraaiings van *Kaditshwêne*") is; dat "the various corruptions or distortions of *Kaditshwêne* emphasise the orthographic problems faced by the earliest recorders of the place name, who had little or no knowledge of the language."; ("die verskeie verwringings of verdraaiings van [die naam] *Kaditshwêne* beklemtoon die ortografiese probleme wat die vroegste optekenaars van die pleknaam in die gesig gestaar het, wat min of geen kennis van die taal gehad het nie.") (Boeyens & Cole 1995:25), en dat "the name *Kaditshwêne* was most probably derived by ellipsis from the idiomatic expression '*Ga se ka ditshwêne*' '(What an incredible number of baboons!)'."; ("die naam *Kaditshwêne* heel waarskynlik afgelei is van 'n inkorting van die ideomatiese uitdrukking '*Ga se ka ditshwêne*', ('wat 'n ongelooflike aantal bobbejane!')") (Boeyens & Cole 1995:21; 2005:32). Hierdie skrywers erken egter dat die naam *Kaditshwêne* eers in 1937 verskyn het in 'n artikel van Vivien Ellenberger (1937:59), waar "*Kurreechane*" in 'n voetnoot tot *Kaditshwêne* 'verbeter' is. Die vorm *Kaditshwêne* is dus eers 117 jaar later opgeteken nadat die naam *Kurrichane* deur sendelinge,

'n direkteur van die Londense Sendinggenootskap en ander opgeteken is. Die teenoorgetelde is eintlik die geval; *Kaditshwêne* is 'n poging om die naam wat aanvanklik as *Kurrichane* en variante opgeteken is, in moderne Twana-ortografie weer te gee; *Kurrichane* is die skryfwyse wat aanvanklik aangewend is om 'n ou inlandse naam neer te pen. Die ruïnes van die voormalige dorp Kurrichane is glo op die plaas Mezeg geleë. Aan die suidekant grens Mezeg aan die plase *Wit Poortje* en *Karre Poort*. Die grens loop oor twee prominente wit heuwels op die Enzelsberg met die naam *Witkoppies*. En ten suide van Witkoppies lê die bergpas *Witpoortjie*. Daar bestaan dus 'n topografiese skakel tussen Kurrichane en die poort waar dit geleë is, *Wit Poortje*. *Witpoortjie* en *Karre Poort* is almal name vir dieselfde entiteit, en het dieselfde betekenis, 'wit poort'. *Karre* beteken 'wit'; dit is soos die /Nu//en (S6) woord *!kari*, 'white', ('wit') (Bleek 1929:91). Daar is ook 'n taalkundige skakel tussen die name *Kurrichane* en *Wit Poortje*. Die woord *Kurri* is deur die Britse optekenaars bedoel met die uitspraak soos die Engelse woord 'curry'. Die komponent *Kurri-* van *Kurrichane*, en *Karre* van *Karre Poort*, stem ooreen met die /Nu//en (S6) woord *!kari*, 'white', ('wit') (Bleek 1929:91), terwyl die komponent *-chane* semanties en fonologies vergelykbaar is met die /Auni (S4) woord *!ane*, 'path', ('pad, poort') (Bleek 1929:64). In eersgenoemde geval is die serebrale klapklank ! nie in die Tswana-aanpassing bewaar nie; in laasgenoemde is die klapklank ! as *ch* weergegee. *Wit Poortje* is dus 'n vertaling van *Kurrichane*, en *Kurrichane* is seer sekerlik nie 'n aanpassing van *Kaditshwêne* nie, wat eers in 1937 te voorskyn getree het. Dit sou dus onvanpas wees om die name van die *Kurrichane Thrush* en *Kurrichane Button-Quail* te verander soos deur Boeyens en Cole (1995:25) voorgestel is, aangesien dit onder andere wysigings in boeke, ornitologiese lysste en ander brone sou genoodsaak, en bowendien die outentieke bydrae van die inlandse naamgewers sou misken.

8.2.2 Plekke na diere vernoem

Apiesrivier, Tshwane

Tshwane is die Tswananaam vir die Apiesriver wat in die Fonteinedal suid van Pretoria ontspring en noordwaarts by

Makapaanstad verbyvloei om daarna as die *Tshwane* bekend te staan (Walton 1984:164). Vir baie jare is die naam *Tshwane* ook deur Tswanasprekers gebruik om na die middestad van Pretoria te verwys wat aan die oewers van die Apiesrivier aangelê is, so genoem na die hoeveelheid blou-apies wat in die bome aan die oewers tussen die Fonteinedal en Daspoort voorkom (Raper 2004:12). Boeyens en Cole (2005:54) wys daarop dat die algemeen aanvaarde verklaring van die naam *Tshwane* as ‘ons is dieselfde’ taalkundig onhoudbaar is omdat die toonhoogte op die naam *Tshwane* op elkeen van die lettergrepe laag is, terwyl die stemtone op die werkwoordstam *-tshwane*, ‘om dieselfde te wees, na mekaar te lyk’ hoog-laag is. Boeyens en Cole (2005:60–61) wys verder daarop dat hoewel Van Warmelo (1944:24) opgeteken het dat die Tshwanerivier volgens Hwaduba mondelinge oorlewering vernoem is na *Tshwane*, die seun van die Ndelebehoof Musi, na bewering die stigter van die Suidelike Transvaalse Ndebele, Van Warmelo skepties is oor die geskiedkundige betroubaarheid van hierdie genealogie, en voeg by: “Aangesien ‘Tshwane’ ’n Tswanawoord is (en NIE van Nguni-oorsprong nie), en die Magaliesbergstreek lank voor die aankoms van die eerste Ndebele deur Tswanasprekers beset is, lyk dit baie waarskynliker dat die vroeë Ndebeleleier na die rivier vernoem is, eerder as andersom. Die naam *Aapjes* het in die negentiende eeu verskyn.” Dit blyk dat *Apies* ’n vertaling van *Tshwane* is, en dat *Tshwane* ’n aanpassing is van //k”warre, die /Xam (S1) woord vir ‘aap of bobbejaan met ’n lang stert’ (Raper 2021:180), in Tswana aangepas as *Tshwane*. Die geëspireerde stemlose alveolêre affrikaat *Tsh-* is vergelykbaar met die /Xam stemlose retroflekse of laterale klapklank met ejektiewe glottale neweklank //k”. Die nasale konsonant *n* in die naam *Tshwane* varieer met die *r* in die woord //k”warre, ’n verskynsel wat ook bespeurbaar is in die /Xam sinonieme *k”arri*, *k”ařri* en */kanni*, ‘voël’, en oor verskeie tale heen ook in die Korannawoord //karinde (Raper 2020:464) en die Namawoord *anib*, *anis*, ‘Vogel’ (‘voël’) (Rust 1960:70).

Bokkraal, Madikwe

Madikwe is die naam van ’n dorp, glo die Tswana vorm van *Marico*, wat genoem is na die Maricorivier (Raper 2004:216). Verskeie

verklarings vir die naam Marico is teëgekrom, onder andere dat dit “daar is bloed”, “weivelde”, “om om en om te beweeg soos ’n alleenlopende kameelperd wat uit die kudde verdryf is” beteken, en dat dit ’n aanpassing van die naam van ’n Hurutshe-hoofman is (Raper 2004:228). Die naam *Marico* is deur Andrew Smith in 1835 in onderskrifte by sy skilderye nrs. 441 en 442 (Kirby II 1940: plate 23, 24) ook as *Marique* en *Marikwe* opgeteken. Die komponent *-que*, ook *-kwe*, is verwant aan die Hie (C1) woord *kwe*, ‘rivier’, en die Kung (N2) woord *kwe*, ‘plek’, waarvoor *koe* ’n sinoniem is (Bleek 1956:112), ’n variant wat ooreenstem met die komponent *-co* van die naam *Marico*. Die riviernaam is waarskynlik ouer as die teenwoordigheid van die Tswana in die gebied, en aangesien die komponent *-kwe* van Boesmanherkoms is, is dit moontlik dat die spesifieke term *Mari* ook Boesmans is. Aan die bron van die Groot-Maricorivier, waaraan die dorp sy naam ontleen, is die plaas *Bok Kraal*, wat aan die ooste aan Rhenoster Hoek grens (Transvaal Automobile Club 1922:39 B3). Ongeveer 25 km suid van Groot-Marico is die poskantoor *Bokkraal* en die *Bokkraalloodmyn* (Walton 1984:162 1B). ’n /Nu //en (S6) woord for ‘bok’ is *mari* (Bleek 1956:135). Dis moontlik dat *Marikwe* afgelei is van die Boesmanwoorde *mari*, ‘bok’, *kwe*, ‘rivier’ of ‘plek’, en dus ‘bokrivier’ of ‘bokplek’ beteken, waarvoor topografiese steun in die toponimiese konfigurasie *Bok Kraal* en *Bokkraal* te vinde is. Indien dit wel die geval is, is die naam *Madikwe* ’n Tswana-aanpassing van *Marikwe*, die komponent *kwe* ’n wisselvorm van *koe*, wat *-ko* of *-co* geword het deur elisie van die onbeklemde klinker *e*.

Jakkalsdraai, Dipodi

Dipodi is die Tswananaam wat die naam *Jakkalsdraai* vervang het vir ’n dorp in die distrik Bophirima, 90 km noord van Vryburg. Daar word beweer dat die naam *Dipodi* afgelei is van die Tswanawoord *podi*, ‘bok’, wat na die veelvuldige voorkoms van bokke in die omgewing sou verwys, met die aanvangskomponent *Di-* die meervoudsprefiks. So ’n verklaring van die naam is moontlik, waar die woord *podi* vergelykbaar is met die Hie (C1) woord *pudi*, ‘goat’, (‘bok’), in welke geval die afwisselbaarheid van die klinkers *o* en *u* bespeurbaar is. Dit is egter ook moontlik dat

Dipodi 'n Tswana-aanpassing van 'n Boesmannaam is waarvan *Jakkalsdraai* die vertaling is. Die voorvoegsel *Di-* van die naam *Dipodi* is, soos genoem, die Tswana klasmerker van die meervoud; die komponent *-po* is vergelykbaar met die Kung (N2) woord *po*, 'side-striped jackal', ('witkwasjakkals') (*Canis adustus*), en met die /Auni (S4) woord *o_{po} sa*, 'jackal', ('jakkals') (Bleek 1929:49); en die slotkomponent *-di* stem ooreen met die Auen (N1) woord /*gĩ*, 'to bend', ('draai') (Bleek 1929:21; Möller 2017:126-129), waar die stemhebbende alveolêre medeklinker *d* ooreenstem met die Boesman dentale klapklank met stemhebbende neweklank /*g*.

Varkensriver, Inkolube

Inkolube is die Tswana-aanpassing van 'n Boesmannaam vir die *Varkensriver* in die distrik Rustenburg. Die aanvangskomponent *I(n)-* is die Tswana prefiks; die komponent (*n*)*kolube* stem ooreen met die Hie (C1) woord *kolobe* en die !O !*ku_j* (N3) woord *ngulu*, 'pig', ('vark') (Bleek 1956:99, 146).; die afwisselbaarheid van die klinkers *o* en *u* is waar te neem in die woorde (*n*)*kolube*, *kolobe* and *ngulu*.

8.2.3 Verwysing na bodemgesteldheid

Soutpan, Ikgomotseng

Ikgomotseng, die Tswananaam van die bewoonde gebied ook bekend as *Soutpan*, beteken glo 'moedig julleself aan' (Gildenhuys 1993:80). Met die veronderstelling dat *Soutpan* die vertaling van 'n vroeë inlandse naam kan wees waarvan *Ikgomotseng* 'n aanpassing is, doen die moontlikheid hom voor om die segment *-kgom* as fonologies en semanties te vereenselwig met die /Xam (S1) woord *-#ko:*, 'sout' (Raper 2021:83), ook /*o_εm*, 'saltpan', ('soutpan') (Bleek 1956:750). waar die simbool *ε* aandui dat die voorafgaande klinker 'n geperste klinker is, die komponent *-o-* 'n plekaanduidende agtervoegsel, die woord *-tse* vergelykbaar met die Auen (N1) demonstratiewe *tʃe*, 'this here' ('hierdie een hier') (Bleek 1956:227).

8.2.4 Entiteitverwysing

Die Oog, Littakoo, Takoon, Dithakong

Omstreeks 1802 was die plek waar Kuruman tans staan bekend as *Littakoo*, ook opgeteken as *Lithako*, *Lithakun*, *Lattako* en *Takoon*. Dit was ook die naam van die hoofstad van die Tlhaping of Batlapin (Forbes in SESA 6 1972:554). Die mees opvallende en bekende kenmerk van Kuruman is *Die Oog*, in Engels bekend as *The Eye of Kuruman*. Forbes (SESA 6:488) deel mee: “The Eye of Kuruman bubbles forth from a barren dolomite rock at the foot of the Kuruman Hills.”; (“Die Oog van Kuruman borrel uit ’n barre dolomietrots aan die voet van die Kuruman-heuwels.”). Dit blyk dat *Littakoo* en variante aanpassings is van die inlandse naam waarvan *Die Oog* die vertaling is, die komponent *Li-* is die Tswana voorvoegsel, en die lid *-takoo*, *-thako* ensovoorts is vereenselwigbaar met die /Xam (S1) woord *tsaxu*, *ts₂axu*, ook *tsag_{ən}*, *tsaxe*, ‘eye’, (‘oog’) (Bleek 1956:213). *Die Oog* is dus ’n regstreekse vertaling van die /Xam-naam. Die verwysing na ’n fontein of bronoog word ook weerspieël in die /Xamwoord *!khwa ts₂axau*, ‘fontein’, letterlik ‘wateroog’ (Raper 2021:34). Die naam *Dithakong* is die Tswana-aanpassing van *Littako*; die alveolêre *d* en *l* is in Tswana uitruilbaar, want albei word op dieselfde wyse uitgespreek, ’n klank tussen die twee. Die lid *-thako* is duidelik herkenbaar as *thako* en *takoo*, en die slot-*ng* is die Tswana plekaanduidende agtervoegsel vergelykbaar met die !O !kung (N3) demonstratiewe *ŋ*, ‘this one here’, (‘hierdie een hier’) (Bleek 1956:144, 141)

De Putten, Seabe

’n Nedersetting met die naam *De Putte*, ongeveer 37 km noordwes van Siyabuswa in Limpopo, is herbenoem as *Seabe*, wat glo ‘erfporsie, erfplating’ sou beteken (Raper *et al* 2014:88-89). Dit is te betwyfel of daar ’n fonologiese ooreenkoms is tussen die naam *Seabe* en die Hie (C1) woord */gaa tʃware*, ‘an inheritance’, (‘’n nalatenskap, erfporsie’) (Bleek 1956:274). Dit lyk eerder asof *Seabe* ’n aangepaste inlandse naam is waarvan *De Putten* ’n vertaling is, soortgelyk aan die Hukwe (C2b) woord *tʃebe*, ‘waterhole’, (‘watergat’) (Bleek 1956:227), wat as *putte* gesien is.

Ander tale

Waterpoort, Kamkusi

Kamkusi, die naam van 'n spoorwegsylyn op die roete Waterpoort – Messina (Musina), is glo van Venda-herkoms, en beteken 'vervuil met leeus', of is afgelei van 'n boomsoort wat daar voorkom (Raper *et al* 2020:331). Indien eersgenoemde verklaring korrek sou wees, sou die lid *Kam* vergelykbaar wees met die /Nu //en (S6), Auen (N1) en Kung (N2) woord *xam*, die Hie (C1) woord *kxam*, die Naron (C2) woord *xamba*, en die Nama woord *xami*, 'lion', ('leeu') (Bleek 1929:54). Aangesien *Waterpoort* en *Kamkusi* albei name vir dieselfde entiteit is, is die moontlikheid van vertaling groot. Die komponent *Kam-* van *Kamkusi* stem ooreen met die Oos-Kaapse dialektiese woord *kam*, 'water' (Barrow 1797 I:219), en met die //N !ke (S2) en /Nu //en (S6) woord *!kha:*, en die //Xegwi (S3) woord *//kha:*, 'water'; die komponent *kusi* is soos die Hie (C1) woord *!kuu*, 'pass, poort' (Bleek 1929:90; 1956:455). *Waterpoort* is letterlik die vertaling van *Kamkusi*.

Witvlei, Omataura

Omataura is die Hereronaam vir *Witvlei*, 'n dorp aan die Wit-Nossobrivier, 50 km wes van Gobabis en 178 km noordoos van Windhoek (Raper 2004:408). Die Namanaam vir *Witvlei* is *!Uri!khuwis*, wat dieselfde betekenis as die Afrikaanse naam het. Dit blyk dat die Hereronaam *Omataura* ook 'wit vlei' beteken; die voorvoegsel *Oma-* is die Herero-klasmerker; die komponent *tau* is fonologies en semanties vergelykbaar met die Auen (N1) en !O !kung (N3) woorde *!kau*, *!kao*, en met die Kung (N2) woord *!k'ao*, *!k"ao*, 'white', ('wit') (Bleek 1929:91), waar die serebrale of alveolêre klapklank *!* tot die alveolêre konsonant *t* oorgegaan het, m.a.w. *t* en *k* afwissel, en die tweeklank *au* en *ao* mekaar afwissel, m.a.w. die vokale *u* en *o* uitruilbaar is. Die komponent *ra* van die naam *Omataura* stem ooreen met die //N !ke (S2) woord */kã:*, 'valley (vlei)' (Bleek 1929:89).

9. Bevindings en gevolgtrekkings

'n Ontleding van die bespreekte plekname toon dat talle òf aangepaste Boesmanwoorde is, òf van Boeman-leenwoorde afgelei is, en dat hulle woordeboek-betekenis dikwels as Hollandse of Afrikaanse vertalings bewaar is. 'n Substansiële korpus van Boesmanwoorde en -pleknaam-komponente is in hierdie name as gefossileerde reste in hierdie toponieme byeengebring wat nuwe lig kan werp op knaende probleme in die Afrikatale, soos die gebruik van nominale agtervoegsels in die forming van plekname en die presiese semantiese faktore wat die implementering van die plekaanduidenede en verkleinende agtervoegsels beïnvloed. Vergelyking van 'n groot aantal foneme in leenwoorde en pleknaam-komponente mag ook reëlmatige klankverskuiwings openbaar.

'n Treffende bevinding wat uit hierdie ondersoek gemaak is, is dat die Boesman toponimiese erfenis oorleef het waar die tale en selfs die mense uitgesterf het. Die mees antieke plekname het deur konstante aanpassing en metamorfose daarin geslaag om tot in die jongste taal in die land voort te bestaan. Soos Möller (2020 persoonlike mededeling) dit stel: “The Bushmen, as well as Griquas and other Khoi-khoi peoples, learnt and adopted Dutch, and later Afrikaans, as their language of preference, and translated *their own* place-names into Dutch and Afrikaans. In this way they ensured the survival of these names, so that they could be retained in the language of the conquerors. They probably did the same with Nguni and other languages as well. It was a natural process. A very shrewd move, the shrewdest onomastic move ever.”; (“Die Boesmans, sowel as die Griekwas en ander Khoi-khoi-mense, het Hollands en later Afrikaans geleer en as hulle taal van voorkeur aangeneem, en *hulle eie* plekname in Hollands en Afrikaans vertaal. Op hierdie manier het hulle die oorlewing van hierdie name verseker, sodat hulle in die taal van die oorwinnaars behoue kon bly. Hulle het waarskynlik dieselfde met Nguni en ander tale gedoen. Dit was 'n natuurlike proses. 'n Uiters slim skuif, die slimste skuif ooit.”). In verband met die verwantskap of andersins van Boesman- en Khoi-khoi-tale,

het Traill (1978:145) opgemerk dat omvangryke hoeveelhede data oor 'n aantal Boemantale dit moontlik gemaak het om meer uitgebreide vergelykings te kan maak, "that hold the promise of exciting new directions for an issue that has remained unsolved for the past century."; ("wat die belofte van opwindende nuwe rigtings inhou vir 'n strydvraag wat vir die afgelope eeu onopgelos gebly het."). Westphal (1963:239) bevraagteken die indeling van party Afrikatale op grond van hulle grammatika en fonologie, want "it is not known whether this classification will be upheld by a comparison of their vocabularies. Some dialects suggest that a study of the lexical sources of the general vocabulary would be most rewarding."; ("dit is nie bekend of hierdie indeling deur 'n vergelyking van hulle woordeskatte gehandhaaf sal word nie. Sommige dialekte suggereer dat 'n studie van die leksikale bronne van die algemene woordeskat uiters lonend sou wees."). Die uitgebreide korpus Boesman-plekname en leenwoorde wat as relikte in die plekname van Afrikatale ingebed is, mag inderdaad onverwagte items van die woordeskat openbaar. In die lig van wat soms beskryf is as die beperkte kennis van nie-Afrika-tale van suider-Afrika, en die fragmentariese aard van gepubliseerde materiaal wat volgens Westphal (1963:239, 242) betroubare vergelykende studies verhinder het, kan die ontluikende korpus ook van betekenisvolle waarde in hierdie opsig wees.

Daar word vertrou dat hierdie publikasie sal meedoen om die ontasbare taal- en kulturele erfenis van die vroegste inwoners van ons land te bewaar en toeganklik te maak, onder ander deur daarop te wys dat juis hierdie tale ten grondslag lê aan 'n groot deel van ons pleknaamkorpus. Dit is ook in ooreenstemming met die bepaling van die Grondwet van die RSA dat voorsiening gemaak moet word vir die ontwikkeling en gebruik van die Khoi-, Nama- en San-tale. Hierdie werk bied 'n geredelik toeganklike bron wat vir die Raad op Suid-Afrikaanse Geografiese Name nuttig kan wees vir die bepaling van die korrekte skryfwyses en standaardisering van plekname met elemente uit die Boesmantale. Die bewaring en bekendstelling van plekname in minderheidstale is ook in ooreenstemming met resolusies van die Verenigde Nasies se Groep Deskundiges oor Geografiese Name, en belangrik vir die beeld van Suid-Afrika.

10. Bibliografie

- Alexander JE. 1838. *Expedition of discovery into the interior of Africa*. 2 Volumes. London: Henry Colburn.
- Argyle WJ. 1986. The extent and nature of Khoisan influence on Zulu. *Sprache und Geschichte in Afrika* 7(2):43-71.
- Barker BJ. 2005. Crocodiles, leguans or turnaround. *South African Country Life* January 2005:36-39.
- Barrow J. 1801, 1804. *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*. 2 Volumes. London: Cadell & Davies.
- Beutler AF. 1752. *kyk Godée Molsbergen III*.
- Bill MC. 1974. The influence of the Hottentot languages on the Bantu languages. *Limi* 2(2):63-77.
- Bleek DF. 1929. *Comparative Vocabularies of Bushman Languages*. Cambridge: University Press.
- Bleek DF. 1956. *A Bushman Dictionary*. New Haven: American Oriental Society.
- Blommaert W. & Wiid JA. (reds) 1937. *Die joernaal van Dirk Gysbert van Reenen 1803*. Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging.
- Boeyens JCA. & Cole DT. 1995. Kaditshwêne: what's in a name? *Nomina Africana* 9(1):1-40.
- Borcherds PB. 1861. *An auto-biographical memoir of Petrus Borchardus Borchers*. Cape Town: AS Robertson.
- Boshoff SPE. & Nienaber GS. 1967. *Afrikaanse Etimologieë*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Boshoff WS. 2012. Repository.up.ac.za 22 November 2012. <https://doi.org/10.59139/ws.2012.11.3>
- Bosman DB. & Thom HB. (eds). 1952-1957. *Dagregister gehouden by de oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck*. 3 Dele. Kaapstad: Balkema.
- Botha TJR. 1977. *Watename in Natal: 'n inleiding tot die studie van Zoelooplekname*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

- Branch B. 1998. *Field guide to snakes and other reptiles of Southern Africa*. Cape Town: Struik.
- Brenzinger M. 2013. The twelve modern Khoisan languages. In: Witzlack-Makarech & Ernszt (eds). *Khoisan languages and linguistics: proceedings of the 3rd International Symposium*. Riezlern/Kleinwalsertal. (Research in Khoisan Studies 29). Köln: Rüdiger Köppe Verlag.
- Budack KFR. 1965. 'n Volkekundige studie van die Tses-reservaat, distrik Keetmanshoop, Suidwes-Afrika. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Bulpin TV. s.j. *To the shores of Natal*. Cape Town: Howard B Timmins.
- Bulpin TV. 1952. *Shaka's country: a book of Zululand*. Cape Town: Howard B Timmins.
- Bulpin TV. 1978. *Reader's Digest illustrated guide to Southern Africa*. Cape Town: Reader's Digest Association South Africa.
- Burchell WJ. 1812. *Travels in the interior of Southern Africa*. 2 vols. London: Batchworth Press.
- Campbell J. 1815. *Travels in South Africa*. London: Black and Parry.
- Claudius kyk Waterhouse *et al*.
- Colenso JW. 1884. *Zulu-English dictionary*. Pietermaritzburg & Durban; P Davis & Sons.
- De Flacourt E. 1658. *Language des sauages de la Baye de Saldagne au Cap de Bonne Esperance*. Paris: Petit Recueil.
- Dohne JL. 1857. *A Zulu-Kafir dictionary*. Cape Town: GJ Pike.
- Doke CM. 1925. An outline of the phonetics of the language of the (hũ) Bushmen of the North-west Kalahari. *Bantu Studies* II(3):141.
- Doke CM. 1936. An outline of ǀkhomani Bushman phonetics. *Bantu Studies* 10(4):433-460. <https://doi.org/10.1080/02561751.1936.9676037>
- Doke CM. & Vilakazi BW. (comp). 1958. *Zulu-English Dictioany*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Doke CM., Malcolm DM., Sikakana JMA. & Vilakazi BW. (comp). 2005. *English-Zulu Dictionary*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

10. Bibliografie

- Dove K. 1900. Geographische Bezeichnungen in der Namasprache. *Mittheilungen der Seminar für Orientalische Sprachen, Afrikanische Studien* 1900(3):57–65.
- Dreyer J. 2001. Thomas Arbousset and Francois Daumas in the Free State: tracing the exploration tour of 1836. *Southern African Humanities* 13:61–96. December.
- Ellenberger V. 1937. History of the Ba-ga-Maletse of Ramoutsa (Bechuanaland Protectorate). *Transactions of the Royal Society of South Africa* 25(1):1–72. <https://doi.org/10.1080/00359193709519745>
- Engelbrecht JA. 1925. Die Hottentotsinvloed op Afrikaans in die distrik Gordonia. *Huisgenoot* 30–31. Mei 29.
- Engelbrecht JA. 1936. *The Korana*. Cape Town: Maskew Miller.
- Engelbrecht JA. 1956. Introduction. In Bleek DF. *A Bushman Dictionary*. New Haven: American Oriental Society, [iv].
- Forbes VS. 1965. *Pioneer travellers of South Africa*. Cape Town: A.A. Balkema.
- Forbes VS. (ed). 1975, 1977. *Anders Sparrman: a voyage to the Cape of Good Hope, etc.* 2 Volumes. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Gildenhuis JG. 1993. 'n Etimologie van die name vir Vrystaatse dorpe en Swart woonbuurtes in die Afrikatale. *Nomina Africana* 7 (1&2):60–84.
- Glenn I., Du Plessis CL. & Farlam I. (eds). 2007. *Francois le Vaillant Travels into the Interior of Africa via the Cape of Good Hope*. Cape Town: Van Riebeeck Society Second Series, No. 38.
- Godée Molsbergen EC. 1916. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd*, Volume I. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Godée Molsbergen EC. 1916. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd*, Volume II. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Godée Molsbergen EC. 1922. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd*, Volume III. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Godée Molsbergen EC. 1932. *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd*, Volume IV. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

- Gordon RJ. 1778. Manuscript 1. A journey to the Sneeuberg and the Eastern Frontier and north to the Orange River and returning along the coast between the mouths of the Great Fish and Gourits rivers, initially in the company of William Paterson, October 1777 to March 1778. Johannesburg: Brenthurst Library.
- Gordon RJ. 1779. Manuscript 2. A journey with Governor Van Plettenberg to the Eastern Frontier and towards the Orange River, September to October 1778. Johannesburg: Brenthurst Library.
- Gordon RJ. 1779. Manuscript 3. A Journey through the Roggeveld to the Hantam District, October 1778 to 25 January 1779. Johannesburg: Brenthurst Library.
- Gordon RJ. 1780. Manuscript 4. A journey with William Paterson to the mouth of the Orange River and a further expedition to that river and the lands to the north, June 1779 to January 1780. Johannesburg: Brenthurst Library.
- Gordon RJ. 1786. Manuscript 5. A journey to the Jakkals River across the Karoo to the mouth of the Bushmans River and back by way of Algoa Bay, Krom Bay and the Langkloof, November 1785 to March 1786. Johannesburg: Brenthurst Library.
- Hahn Th. 1881. *Tsun-i-//Goam, the Supreme Being of the Khoi-Khoi*. London: Trübner & Co.
- Hahn Th. 1901. *Collectanea Hottentotica*. 2 Dele. Onuitgegeve manuskrip.
- Hartogh J. 1707. Dagregister gehouden op de landtocht en vee ruijling door den Baas Thuijnier Jan Hartog Ao. 1707. Manuskrip, Kaapse Argiefbewaarplek.
- Hewitt JA. 1876. The topographical nomenclature of South Africa. *Cape Monthly Magazine* 13:169-175.
- Hewitt JA. 1877. The names of our rivers. *Cape Monthly Magazine* 15:380-381. <https://doi.org/10.1038/015380a0>
- Holm E. 1969. *Die Felsbilder Südafrikas*. Tübingen: Wasmuth.
- Holt B. 1959. *Place names in the Transkeian territories*. Johannesburg: Africana Museum.
- Kadmon N. 2000. *Toponymy: the lore, laws and language of geographical names*. New York: Vantage Press.
- Kilian-Hatz C. 2003. *Khwe dictionary*. Köln: Rüdiger Köppe Verlag.

10. Bibliografie

- Kington JRL. 1919. *A survey of aboriginal place names*. Cape Town: South African Association for the Advancement of Science.
- Kirby PR. (ed). 1939, 1940. *The diary of Dr Andrew Smith*. 2 Volumes. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Knudsen HC. 1845. *Nama-ABZ: #Kannis*. Cape Town: Pike & Philip.
- Knudsen HC. 1842. *Die Reisen Knudsens*. kyk Moritz E. 1915.
- Köhler O. 1959. *A study of Omaruru district*. Pretoria: Government Printers.
- Kolbe P. 1727. *Naaukeurige en uitvoerige beschrijving van de Kaap de Goede Hoop*. 2 Dele. Amsterdam: B Lakeman.
- Koopman A. 2002 *Zulu names*. Pietermaritzburg: University of Kwa-Zulu Natal Press.
- Krige EJ. 1975. Zulu. In: DJ Potgieter *et al* (eds). *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, Volume 11. Cape Town: Nasou. 595-601.
- Kritzinger MSB. *et al*. 1954. *Groot Woordeboek Afrikaans-Engels, Engels-Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.
- Kroenlein JG. 1889. *Wortschatz der Khoi-Khoin*. Berlin: Deutsche Kolonialgesellschaft.
- Kroenlein-Rust kyk Rust 1969.
- Kropf A. & Godfrey R. 1915. *A Kafir-English dictionary*. Lovedale: Mission Press.
- Laidler PW. 1927. The place-names of the Nama Hottentots, gathered in the Richterveld and Kamiesberg districts of Little Namaqualand. *Man, Journal of the Royal Anthropological Institute of Great Britain*. August 1927:147-150. <https://doi.org/10.2307/2788992>
- Le Vaillant F. 1790. *Travels into the Interior of Africa via the Cape of Good Hope*. London: GGJ & J Robinson.
- Lichtenstein H. 1928, 1930. *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1905 and 1806*. 2 volumes. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Louw JA. 1974. The influence of Khoe on the Xhosa language. *Limi* 2(2):45-62. June.
- Louwrens LJ. 1994. A Linguistic Analysis of Sotho Geographical Names. *Nomina Africana* 8(1):1-42.
- Macquarrie JW. 1960, 1962. *The reminiscences of Sir Walter Stanford*. 2 Volumes. Cape Town: Van Riebeeck Society.

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

- Maingard LF. (ed) 1932. Korana names of animals and plants, collected by Dr. Lucy Lloyd. *Bantu Studies* 6(4):309-321. <https://doi.org/10.1080/02561751.1932.9676290>
- McLaren J. 1926. *A grammar of the Xhosa language*. London: Longmans, Green and Co.
- McLaren J. 1936. *A Concise Xhosa-English Dictionary*. London: Longmans, Green and Co.
- Mandelbrote HJ. (ed). 1944. *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope by O.F. Mentzel*. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Meissner HO. 1968. *Traumland Südwest*. Stuttgart: Cotta Verlag.
- Möller LA. 2017. *Of the same breath: indigenous animal and place names*. Bloemfontein: Sun Media. <https://doi.org/10.18820/9781928424031>
- Moodie D. 1838. *The Record: a series of official papers relative to the condition and treatment of the Native tribes of South Africa*. Part 1: 1649-1720. Cape Town: AS Robertson.
- Moritz E. 1915. Die ältesten Reiseberichte über Deutsch-Südwestafrika. *Mitteilungen aus den deutschen Schutzgebieten* Band 28, Heft 4.
- Moritz W. 1972. Die Ansiedlungen der Topnaars am unteren Kuiseb. Ongepubliseerde manuskrip.
- Mossop EE. 1927. *Old Cape highways*. Cape Town: Maskew Miller.
- Mossop EE (ed). 1931. *Journals of the expeditions of the Honourable Ensign Olof Bergh [1682 and 1683] and Isaq Schrijver [1689]*. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Mossop EE. (ed). 1935. *The journals of Hendrik Jacob Wikar (1779), and the journals of Jacobus Coetsé Jansz; (1760) and Willem van Reenen (1791)*. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Mossop EE. (ed). 1947. *The journal of Carel Frederik Brink of the journey into Great Namaqualand (1761-2) made by Captain Hendrik Hop and The journal of the journey of Ensign Johannes Tobias Rhenius (1724)*. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- Mountain A. 2003. *The first people of the Cape*. Cape Town: David Philip.
- Nasionale Pleknamekomitee (samest.) 1978. *Amptelike plekname in die Republiek van Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.

10. Bibliografie

- Nicolaisen WFH. 1976. *Scottish Place-Names; Their Study and Significance*. London: BJ Batsford.
- Nienaber GS. 1963. *Hottentots*. Pretoria: Van Schaik.
- Nienaber GS. 1989. *Khoekhoense stamname: 'n voorlopige ondersoek*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Nienaber GS. & Raper PE. 1977. *Toponymica Hottentotica A*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Nienaber GS. & Raper PE. 1980. *Toponymica Hottentotica B*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Opperman PA. 1945. Betekenisse van plekname in Noordwes-Kaapland. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 4(1):108-109.
- Paterson W. 1790. *Narrative of four journeys into the country of the Hottentots and Caffraria in the years 1777, 1778, 1779*. London: J Johnson.
- Parkington J. 2007. //Kabbo's sentence. In: P Skotnes (ed). 2007. *Claim to the Country: the Archive of Lucy Lloyd and Wilhelm Bleek*. Johannesburg: Jacana, 76-89.
- Pettman C. 1931. *South African place names past and present*. Queenstown: Daily Representative.
- Potgieter DJ. et al (eds). 1972. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, 12 Volumes. Cape Town: Nasou.
- Quellen zur Geschichte von Suedwest-Afrika*. 30 dele kyk Vedder H (samest). 1928-1932.
- Raper PE. 2004. *New Dictionary of South African Place Names*. Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball.
- Raper PE. 2013. *Bushman (San) influence on Zulu place names*. Acta Academica Supplementum 2012/2.
- Raper PE. 2020. *Voices past and present: a comparison of Old Cape dialectal, Bushman and Khoi-khoi words*. Bloemfontein: Sun Media. <https://doi.org/10.18820/9781928424499>
- Raper PE. 2021. *Woordeboek Afrikaans-/Xam - /Xam-Afrikaans*. Bloemfontein: Sun Media. <https://doi.org/10.18820/9781928424796>
- Raper PE. 2022. */Xam grammatika: woordeskat, voorbeeldsinne en grammatika van die /Xam-taal*. Bloemfontein: Sunmedia. <https://doi.org/10.18820/9781928424918>

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

- Raper PE. & Boucher M. (eds). 1988. *Robert Jacob Gordon Cape Travels 1777 to 1786*. Johannesburg: Brenthurst Press.
- Raper PE., Möller LA. & Du Plessis LT. 2014. *Dictionary of Southern African Place Names*, 4th Edition. Johannesburg & Cape Town: Jonathan Ball.
- Raper PE., Möller LA. & Du Plessis LT. 2020. *Plekname van Suider-Afrika*. Pretoria: Protea.
- Rust, Fr. 1960. *Deutsch-Nama Wörterbuch*. Windhoek: Rheinischen Mission in Südwest-Afrika.
- Rust Fr. 1969. *Nama-Wörterbuch (Kroenlein redivivus)*. Pietermaritzburg: Natal University Press.
- Schultze L. 1907. *Aus Namaland und Kalahari*. Jena: Gustav Fischer.
- Schrijver I. 1689 *kyk Mossop EE* (red). 1931.
- Schwabe K. 1904. *Mit Schwert und Pflug in Deutsch-Südwestafrika*. Berlin: Ernst Siegfried Mittler und Sohn.
- Serton P. 1954. *The narrative and journal of Gerald McKiernan 1874-1879*. Cape Town: Van Riebeeck Society.
- SESA *kyk Potgieter DJ et al* (reds).
- Shah S. & Brenzinger M. 2016. *Ouma Geelmeid teaches N/uu*. Cape Town: University of Cape Town.
- Sharpe MRL. 1960. *Everyday Sotho grammar*. Morija: Morija Sesuto Book Depot.
- Skead CJ. 1973. *Zoo-Historical Gazetteer*. Grahamstown: Cape Provincial Museums.
- Skead CJ. 2001. *Pilot gazetteer of Xhosa placenames*. Port Elizabeth: Port Elizabeth Museum.
- Smith A. 1835. *kyk Kirby PR* (ed). 1939.
- Smith CA. 1966. *Common names of South African plants*. Pretoria: Government Printer.
- Sparman A. 1785. *A voyage to the Cape of Good Hope*. 2 vols. London: Robinson.
- Stanford W. *kyk Macquarrie JW*
- Stow G. 1905. *The native races of South Africa*. S Sonnenschein. Reprinted. Cape Town: Struik.

10. Bibliografie

- Thompson G. 1823. *Travels and adventures in Southern Africa*. London: Colburn.
- Traill A. 1978. The languages of the Bushmen. In: Tobias PV (ed). 1978. *The Bushmen*. Cape Town: Human and Rousseau, 137-147.
- Traill A. 2007. !khwa-ka hhouiten hhouiten 'The rush of the storm': the linguistic death of /xam. In: Skotnes P (ed). 2007. *Claim to the Country: the Archive of Lucy Lloyd and Wilhelm Bleek*. Johannesburg: Jacana, 130-147.
- Transvaal Automobile Club. 1922. *Road Maps*. Johannesburg: Argus Printing and Publishing.
- Valentyn F. 1726. *Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoop*, 2 dele. Dordrecht/Amsterdam: Joannes van Braam, Gerard Onder De Linden.
- Valentyn F. 1971. *Beschrijvinge van de Kaap de Goede Hoop*, 2 dele, Raidt EH (red). Kaapstad: Van Riebeeck Vereniging. 2/2
- Van Langendonck W. 2010. Is name formation a sort of grammaticalization? Paper presented at the 2010 Annual Meeting of the American Name Society, Baltimore, 6-8 January.
- Van Vreeden BF. 1958. Interessante plekname langs die Oranjerivier. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 14(4):26-29. Mei.
- Van Vreeden BF. 1961. Die oorsprong en geskiedenis van plekname in Noord-Kaapland en aangrensende gebiede. Verhandeling vir die graad Ph.D. aan die Universiteit van die Witwatersrand.
- Van Vreeden BF. 1965. Die bydrae van die Basterbevolkingsgroep tot die naamgewing van Boesmanland en Gordononia. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 21(3):1-12 Jul.
- Van Vreeden BF. 1970. Aantekeninge oor plekname. *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* 26(1):15-20.
- Van Warmelo NJ. 1944. *The Bahwaduba*. Ethnological Publication No. 20. Pretoria: Government Printer.
- Vedder H. (samest.). 1928-1932. *Quellen zur Geschichte von Suedwest-Afrika*. 30 dele. Getikte manuskrip.
- Vedder H. 1937. *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika*. Windhoek: John Meinert.
- Von Winkelmann Fr. 1788. *Historische Nachrichten der östlichen Kaffern*. Manuskrip. 's Gravenhage: Algemeen Rijksargief.

Boesman-Invloed op Afrikaanse Plekname

- Wallmann JC. 1858. *Die Hottentotten-Stämme und ihre geographische Verbreitung*. In: Petermann A. *Mitteilungen aus Justus Perthes' Geographischer Anstalt*. Gotha: Justus Perthes Verlag.
- Walton C. (ed). 1984. *Reader's Digest Atlas of Southern Africa*. Cape Town: Reader's Digest Association.
- Wangemann HT. 1873. *Die Berliner Mission im Koranna-Lande*. Berlin: Ev. Missionshaus.
- Waterhouse G., De Wet GC. & Pfeiffer RH. (eds). 1979. *Simon van der Stel's journey to Namaqualand in 1685*. Cape Town & Pretoria: Human & Rousseau.
- Watt SA. 1991. The skirmish at Senekal: the Battle of Biddulphsberg, May 1900. *Military History Journal* 8(6) December.
- Weich F. 2004. *San Dictionary, San-Woordboek*. Braamfontein: Macmillan.
- Westphal EOJ. 1963. The linguistic prehistory of Southern Africa: Bush, Kwadi, Hottentot and Bantu linguistic relationships. *Africa* 33(3):237-265. Jul. <https://doi.org/10.2307/1157418>
- Witbooi H. 1929. *Die dagboek van Hendrik Witbooi, kaptein van die Witbooi-Hottentotte, 1884-1906*. Kaapstad: Van Riebeeck-Vereniging.
- Witzen 1691 kyk Godée Molsbergen I 1916
- Zaby A. 1979. Ortsnamen aus dem Damaraland. *Namibiana* 1(1):51-52.

Landkaart

- Arrowsmith J. 1848. Map of the Eastern Frontier of the Colony of the Cape of Good Hope (and part of Kafirland) from Algoa Bay to Great Kei River. London: J Arrowsmith.
- DSWA-reeks: Deutsch-Südwestafrikareeks.
- Hahn, Th. 1879. *Original map of Great Namaqualand and Damaraland*. 1:742,016. Cape Town: Saul Solomon.
- Kiepert, R. 1893. *Hauptmann C. von Francois' Routen im deutsch-britischen Grenzgebiete in Südwest-Afrika 1890-1892*. Massstab 1:2,000,000. Berlin.
- Sprigade, P. and Moisel, M. 1904. *Kriegskarte von Deutsch-Südwestafrika* 1:800,000. Berlin: Dietrich Reimer.
- Suid-Afrika Topo-kadastrale reeks 1967 vel 3018 Loeriesfontein, skaal 1:250,000.

10. Bibliografie

Suid-Afrika Topografiese reeks 1970 vel 2917BB, skaal 1:50,000.

Voorman PH. 1805. *Generale kaart van de Colonie Kaap de Goede Hoop in Zuid Afrika*. Ms. van PJ Trüter se reis, 1801-1802 in Nienaber 1989:991.

Internetbronne

Census 2011: *Census in brief*. Pretoria: Statistics South Africa. 2012. pp. 23–25. ISBN 9780621413885

Kids.Net.Au-Encyclopedia>Kalahari Desert

www.diversitysouthafrica.co.za/khoi.html

www.jstor.org/sici

www.southafrica.com/forums/open-board/5901-whats-name.html

en.wikipedia.org/wiki/Khoi-khoi

en.wikipedia.org/wiki/Languages_of_South_Africa

www.southafrica.info/about/people/language.htm

Indeks

A

Aakaap 99, 100
Aar 184
Aascoe 92
Aasvoëlberg 105, 260
Aasvoëlkop 260
Aasvoëlkrans 238
Abaharas 65
Abansuip 62
Abbakwap 59
Abeep 40, 147, 148
Abees 187, 188
Addo 165, 166, 241
Aeos 176
Aga 232
Agab 88
Agabees 157
Aisib 172
Amabiep 120
Ameib 110, 111
Amikoob 108
Anas 151
Anenus 58, 134
Anigame 169, 170
Anuchamis 37, 38
Aos 146, 147
Apiesrivier 275, 276
Arebe Eijs 35, 36
Arna 55, 56
Artjesvlei 45
Atchasvlei 45
Aunas 116
Awachaaibes 174

B

Babanango 205, 206
Bakoven 144
Baviaansrivier 232, 233
Beenbreek 143, 144
Beeren Valleij 109
Beervlei 79, 109
Biervallei 109
Biervlei 109
Biesiepoort 88
Bietou 83
Bikamma 87
Biritigous 111, 112

Bitterheuningberge 14,9
Blaauwdrift 222, 223
Blaauwpoort 57
Blaauwrvier 222, 223
Blesberg 251
Bleskop 21
Blijdeverwacht 168
Blinkklip 22, 23
Blinkoog 23
Blinkwaterrivier 217
Bloedrivier 201, 207, 208, 209, 223
Bloeme Clooft 89
Bloemfontein 256, 288, 289
Bloemspruit 257
Blouberg 268
Bloukransrivier 203
Blouwpoort 57
Bobbejaankrans 109, 110
Boetsap 254
Bokberg 110, 111
Bokkiesfontein 111, 112
Bokkraal 276, 277
Bomvini 206
Bonkolo 229, 230
Bontoor 58
Bosrivier 229, 230
Brackwasser 52
Brakkevallei 48, 49, 50
Brakrivier 51, 180, 242, 243
Brakwater 52, 53
Brandberg 24, 25
Brandfort 250
Brandvlei 175
Buchap 254
Buffelsdrif 112
Buffelskop 114
Buffelslandrivier 43, 114
Buffelsrivier 53, 161, 162, 201, 209

C

Cainsheneuj 174, 175
Cammacha 93, 94, 230, 231
Cammagaqua 120
Canaga 117
Candauw 189, 190

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

Cango 69, 70, 71
Caniga 107, 108
Canniga 107
Cariega 45
Chaihommi 128
Chamika 145
Chammago 97
Chanani 268
Charie 40, 41
Chuenespoort 269
Chuniespoort 269
Cisiqua 164, 165
Cobeeb 177
Compagnies drift 105, 160
Conna 180, 181
Cookhouse 60, 96, 224, 225
Coraas 89, 90
Cowie 218, 219
Cuighakamma 178

D

Daas Daap 94
Dachsquelle 116
Dagkloof 50
Dãores 24
Dasdap 94
Daskrans 210
Dassiefontein 116
Dassieklip 234
Dãunas 24
De Putten 279
De Qua 105
De Wind 183
Die Oog 23, 184, 279
Dieprivier 28, 97
Dipodi 277, 278
Disporecamma 188, 189
Dithakong 184, 279
Dogghakamma 76
Donkermodder 73
Dontsa 234
Doornfontein 90
Doringberg 257
Doringrivier 91
Driekoppe 46, 47
Droërivier 53, 54, 55, 56
Droëvlakte 53
Dronkvlei 212
Drooge Rivier 53, 54, 55, 56
Duikerhoek 210
Duiwelspiek 183
Duruoms 34

Dwarsrivier 28, 29
Dwykarante 155

E

Eendop 151
eGolokoqo 247, 248
Eibees 187
eKhowa 236
eKukawusi 60, 224, 225
Elandsfontein 117
Elandspad 118
eMduluswa 241
eMnqwala 246
eMnqwasi 219
eMswathi 200
eMthuqwa 222, 223
eMtocwa 217, 218
Enta 251
Entaap 251
eNtabazwe 199
Entikoa 257
Ertjiesvlei 45
Eselsrivier 118, 119
eTyathanga 233
eTyuweni 244, 245

G

Gaab 163
Gaarseep 122, 125, 126
Gab 163
Gaguis 36
Gaikou 82
Gamdousberg 63
Gamka 28, 192
Gamkana 121
Gamoep 51, 52
Gantouw 118, 189
Gaobgariep 39
Gaogob 136
Garabis 147
Garagasdrif 105
Gariep 41, 228
Garies 101
Garub 62, 63
Garunaob 152
Garunoab 152
Gatberg 200, 220, 221
Gatkoppie 22
Gattikamma 83, 84
Gaykoup 38, 39
Gedlana 204, 205
Geelhoutboom 92

Geelhoutsrivier 93, 230, 231
Geikaub 148
Geikhoub 148
Geinab 30, 31, 32, 57
Gemsbok Horn 119
Genadeberg 169
Gezelschapsbank 172, 173
Gifkop 102, 103
Girichas 124, 125
Gmaap 51, 239, 240
Gnudaob 170
Gnudaub 170, 171
Gnutuais 75
Goadar 158, 159
Goaroes 63, 153, 258
Goaseb 127
Goaypa 22
Goedehoop 169
Goedgevind 169, 170
Goegamma 32, 33
Goeiehoop 169, 170, 171
Goubogab 130, 131
Goudas 185
Goukou 95
Gouna 159
Gouna se Laagte 159
Gouw 73, 74
Gqeberha 244
Granietkop 153
Graslaagte 94
Groene Rivier 58
Groenkloof 118, 119, 254
Groenkop 204
Grootberg 40, 147, 148
Grootderm 38
Groot Kau 21
Grootrivier 30, 31, 40, 41, 42, 43,
101, 114, 115, 142, 192
Grootvadersbos 174, 175
Groot-Visrivier 60, 127, 141, 186,
222, 224, 232, 237, 242
Gu 26, 134, 137, 163, 164, 185
Guanib 157, 158
Guchas 137, 138
Guhes 26
Guibegaos 52
Guigabiseb 151
Guigams 124
Gumaap 239
Gungdas 185
Gutas 185
Gutsiob 134

H

Haiais 168
Hangklip 220
Hartbeeskop 234, 235
Hartbeesrivier 120, 121, 122
Hartebeestrivier 120
Hartsrivier 38, 39
Haubes 100, 101
Hexrivier 177, 189
Hoerecaap 87, 88
Holrivier 30
Homana 229, 230
Hoogoor 36
Horingkransvlakke 37
Houtema 98
Hunca 127

I

iCquibe 243
Ikgomotseng 278
iKhowa 236
Ikunsaij 156, 157
iLigwa 228, 229
iLiwa lamaXhalanga 238
iMandi 237, 238
iMtoka 217
iNcasa 231, 232
iNcemerha 93, 230, 231
iNcwama 232, 233
iNcwenxa 235
iNgqushwa 222, 242, 243
Inkolube 278
iNqanqarhu 218
iNxuba 237
Inyarha 232
iQanqaru 218
iQkanqarhu 218
iQoyi 218, 219
iQuagqiwa 227

J

Jakalsfontein 124, 125
Jakkalsdraai 277, 278
Jakkalsputs 122, 123
Jakkalswater 122, 124, 125, 126
Jammerberg 262, 263

K

Kaaimansrivier 181, 182
Kaalspruit 23, 24
Kadiesberg 102, 103
Kaga 232

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

- Kaggakoe 99
Kaigab 169
Kaiemoes 25
Kaimus 23
Kaip 21, 22, 182
Kakuis 36
Kalkrand 151
Kamanzi 207
Kameelhaar 126
Kameelpoort 127
Kameka 93, 94, 230, 231
Kamgams 47
Kamka 93, 230
Kamkusi 280
Kamrivier 85
Kango 69, 70, 71
Kaniga 107
Kannakamkanna 56, 57
Karahas 105, 106
Karakhois 153
Karatara 86, 129, 130
Kareedouw 142
Karkakob 101, 102
Katjiesberg 102, 103
Katrivier 127, 235, 243
Kaukai 141
Kaukou 91
Keerom 181, 182
Keeromsrivier 181, 182
Kenhardt 121, 122
Kettingdrif 233, 234
Kgabiokies 36, 37
Khamrivier 85
Khoaeib 128
Khoagams 189
Khomuis 142
Khonus 143, 144
Khoroe-betloa 262
Khoromus 125, 126
Kinderzit 174
Kinkelbos 95, 96
Klaarwater 83, 84
Kleinfontein 252
Klein Kliphuis 44
Klein Naauwte 35, 36
Kleinplaas 45
Kleinrivierberge 45
Klein-Visrivier 237
Klipfontein 152, 260
Klip Poort 269, 270
Kliprivier 212, 213
Koeaib 128, 129
Koangaap 30
Koba 259
Koedoeberg 128
Koedoma 166, 167
Koegas 90
Koekauw 133
Koekauw 133
Koekauw 133
Koekenaap 144, 145
Koeranna 166, 167
Koerietjiekwas 72, 73
Koeroegab 48
Koesaas 122, 123
Kohakoeka 118, 119
Koignas 28
Konga 119
Konkaib 150
Kooboos 181
Kookfontein 89, 185
Kookhuis 60, 224, 225
Koradaob 106, 107
Korhaandrift 239
Korhaansdrif 105, 113, 233, 239
Kouberg 46, 47
Kougaas 133
Koumoesknaap 182, 183
Koungama 29
Kourkam 107
Kourkamma 107
Kousas 114
Koussie 161, 162
Koutema 98
Kouwe 262, 263
Kowa 236
Kowana 229, 230
Kowe 236
Kowie 218, 219
Kraaifontein 107
Kraaiport 106
Krakeelrivier 58
Kranskop 267
Kransneus 36
Kriegavallei 109
Krommerivier 218
Kruisrivier 32, 33
Kubaub 134
Kubukams 185, 186
Kumchuchanub 137
Kurrichane 274, 275
Kurub 184
Kurutlele 261, 262
Kuwis 38
KwaCekwane 212

Kwadouw 190
KwaGuqa 256
KwaKomani 229, 230
Kwakwatsi 259
KwaNgoxo 239
KwaNtlambo 235, 236
Kwa-Ntunja 200
KwaNzimela 210
KwaZunga 226

L

Langbeen 37, 38
Langverwacht 244, 245
Lattakoo 23, 184
Leeubosrivier 97
Lephalale 268, 269
Lesoaane 254
Lesowane 254
Lewater 124
Liefdood 146, 147
Lishuane 254
Lishuani 254
Lithako 184, 279
Lithakun 184, 279
Littakoo 184, 279
Loskop 268
Lydenburg 269

M

Maagdeberg 26, 272
Maap 239
Madikwe 276, 277
Majwemasweu 250
Maleeuwskop 26, 272
Maleoskop 26, 272
Maluti 255
Mangaung 256, 257
Maphodi 263
Maphorong 257
Marico 276, 277
Matlakeng 260
Melck Rivier 87
Melkboomrivier 74
Mnambithi 212, 213
Modderfontein 76, 157, 160, 161
Modderrivier 158, 161, 239, 240
Modimolle 267, 271
Moerasrivier 158
Mokopane 271, 272
Monuana 258
Mooirivier 26, 27, 198, 218, 266
Mooiwater 198, 266

Moordkop 263
Moordkuil 180, 181
Mopororo 257
Môreskadu 182
Mphudutshe 267
Mpofana 198, 266
Mshwati 200, 201
Msuluzi 203
Mzinyathi 201, 209

N

Naab se Berg 149
Nabaghakou 131, 132
Nabahi 131
Nabbe 79
Nabe 79
Nabee 79
Naiub 126
Nakaeis 37
Nakeuis 80, 81
Nanaga 95, 96
Naob 143
Napkei 33, 34
Narguab 109, 110
Naroogna 175, 176
Naudau 67, 79, 80, 81
Naukoti 61, 62, 67
Nawaptana 132
Ncome 207, 208
Neushek 270
Nganparu 218
Ngcwe 235
Ngoje 210
Noea 77, 78
Noegareb 72
Noka Tlou 258, 259
Norap 64
Notsi 263
Noudonsies 66, 67
Nougab 140
Nounka 78, 79
Nousies 23, 24
Nous se Poort 21
Nqamakwe 234, 235
Nta 251
Ntha 251
Nthikhuoa 257
Ntikoa 257
Ntsoanatsatsi 252
Ntswanatsatsi 252
Nuahoes 158
Nudwab 75

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

- Nugoaes 76
Nuhoas 68, 69
Nuyrivier 92
Nyara 232
- O**
- Olifantskloof 235, 236
Olifantsrivier 28, 30, 61, 64, 128,
129, 178, 179, 192
Omataura 280
Onas 173
Oranjerivier 13, 32, 38, 39, 40,
41, 59, 67, 106, 120, 132,
143, 147, 160, 182, 186, 255,
270, 291
Orokap 53
Osberg 259
Oskop 259
Ouka 54
Oukamma 54
Ou Naab 149
Ouxas 116
- P**
- Packriemrivier 148
Pakhuis 44, 45
Pakriemrivier 148
Palala 247, 268, 269
Palmietrivier 98
Pauga 112, 113
Perdekop 129, 130
Platberg 147, 199
Plat Berg 40, 147, 148
Platrug 33, 34
Plattbeen 146, 147
Plattfontein 34
Politsi 198, 266
Polokwane 268, 269, 271
Potchefstroom 27, 198, 266
Potjiesrivier 145
- Q**
- Qanqaru 218
Qhaba 239, 240
Qohi 218
Quaecoma 42, 43
Quagquiwe 227
Quamma 232
Quanti 50, 51
Qubuukams 185, 186
- R**
- Ramansdrift 106, 176
Randberge 109, 110
Ratel Kraal 130
Renosterkop 131, 132
Renosterrivier 259
Rhinoster Hoek 131
Riemvasmaak 88, 150
Rietberg 99
Rietfontein 99, 100, 173, 231, 258
Rietkuil 100, 101
Rietrivier 231, 232, 239, 240
Rietspruit 258, 259
Rietvallei 104
Rietveld 232
Rita 268
Riviersonderend 56, 57
Roode Kop 59
Roode Wal 60, 224, 225
Roodsand 61, 67
Rooe 218
Rooiberg 24, 62, 63, 64
Rooibokrivier 268
Rooidrif 23
Rooifontein 64, 65
Rooikraal 65
Rooilepel 59, 60
Rooi Pan 65, 66
Rooipoort 51, 66, 67, 205, 206
Rooispruit 207
- S**
- Sandrivier 42, 161, 162, 163, 261,
271
Sandveld 163
Schafffluss 134
Schlangenkopf 135, 136
Schoonspruit 274
Schuitdrif 143
Seabe 279
Seahre Valley 109
Seekoeirivier 42, 133, 179
Seekoeisteek 133
Sisique 260, 261
Skaaprivier 134
Slangkop 135, 136
Slangrivier 98, 236
Snyklip 142
Sondagsrivier 107, 165
Songa 226, 227
Soutkloof 165, 166, 167, 241
Soutpan 278
Soutrivier 164, 165

Spitskoppies 34, 35
Springbokfontein 136
Springboktrek 137
Springbokvlei 137
Springfontein 263
Springklip 185, 186
Stampriet 144, 173
Steenbokrivier 138, 139
Steenrivier 156
Steinkopf 25, 58, 122, 125, 149,
153, 154, 155, 172, 185

Sterkspruit 200, 201
Stuiweoog 186, 187
Suringkrans 261
Suurbergpoort 50
Swabies 65, 66
Swartbank 68, 69
Swartberg 69, 70, 71, 72, 79
Swartduine 72, 73
Swarte Rivier 76, 78
Swarteruggens 131
Swartkop 226, 227, 244
Swartkopsrivier 73, 74, 226, 227
Swartmodder 73, 75, 76, 158
Swartmodderrivier 157, 158
Swartrivier 76, 77, 78
Swartvlei 78
Swartwaterrivier 227

T

Tafelberg 1, 219
Tafelkop 252
Takoon 23, 184, 279
Tarakhois 153, 154, 155
Tarup 62, 63
Tcaiamoes 186, 187
Terewa 179, 180
Thaba Nchu 251, 254
Theima Koethama 139, 140
Thouhie 218
Tiaob 52
Tikwe 253
Tkautkai 103, 113
Toorberg 169, 179
Toorkop 169
Toorwater 178, 179
Touse 161, 162, 163
Tousi 162
Toverberg 179, 180
Towerberg 169, 179, 180
Tsao 86
Tsekoaneng 252

Tshing 274
Tshwane 275, 276
Tsongna 119
Tulama 254
Tweerriviere 47
Tweespruit 254
Twyfelfontein 171, 172
Tythouw 48, 49, 50

U

Udigauga 109
Uiais 171
Uias 171, 172
Ukhaib 164
uLukhanji 220
Umnqunyana 227, 228
umNqwazi 219
Umtoka 217
uMzimbkhulu 217, 223, 224
umZinyathi 201, 209
Utago 202
Utaka 202

V

Vaalrivier 38, 39, 228, 229
Valsrivier 55, 56, 251
Varkensriver 278
Verlorevlei 42
Vetrivier 55, 253
Voëlrivier 107
Volstruisleegte 108
Vredenburg 271
Vuurdoed 176, 177
Vuursteenkop 155, 156
Vyf Sisters 48

W

Wakkerstroom 201, 202
Wapadsbergpas 247
Warmbad 37, 106, 146, 147, 160,
182, 187, 188, 189
Waterkloof 189, 190, 246
Waterkloofrivier 246
Waterpoort 280
Welbedacht 244
Windberg 183
Witbank 256
Witberg 82
Wit Klip 67
Witkloof 80, 81
Witpoortjie 274, 275
Witteberge 82, 208, 209, 255

Boesman-invloed op Afrikaanse plekname

Wittedrift 83
Witteklip 241, 242
Witte Kloof 79
Witte Rivier 86
Wittewater 83, 84, 87, 88
Witvlei 65, 87, 280
Witwater 83, 84
Wolfberg 139
Wortel 101

X

Xaihommi 128
Xauga 112
Xomana 229, 230

Y

Ystervarkvlei 140
Yzerdoorn 101, 102

Z

Zinyathi 201, 209
Zungah 226, 227
Zuurbergpoort 50

